# DIE PSIGOPAAT AS KLIËNT IN DIE MAATSKAPLIKE WERK

DEUR P.V. VENTER

VOORGELÊ TEN VERVULLING VAN

DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD

MAGISTER IN DIE SOSIALE WETENSKAPPE

(MAATSKAPLIKE WERK) AAN DIE UNIVERSITEIT

VAN RHODES, GRAHAMSTAD,

SUID-AFRIKA.

JANUARIE, 1977.

HIERDIE VERHANDELING DRA EK MET DANK OP AAN MY OUERS. OOK 'N WOORD VAN DANK AAN MY VROU EN MY VRIENDE WAT OP SOVEEL VERSKILLENDE MANIERE TOT HIERDIE POGING BYGEDRA HET. EK WIL MY PROMOTOR PROFESSOR F.H. FRANSISCO LA GRANGE GRAAG UITSONDER EN BEDANK AANGESIEN HIERDIE TAAK, SONDER HAAR INSPIRASIE EN LEIDING NIE MOONTLIK WAS NIE.

I N H O U D S O P G A W E


| Hoofstuk | | Bladsy Nommer: |
|---|---|---|
| I | BESONDERHEDE OOR DIE ONDERSOEK | 1 |
| | Aanbieding | 1 |
| | Keuse van onderwerp | 2 |
| | Doel en aard van ondersoek | 3 |
| | Probleme wat ondervind is | 7 |
| | Woordomskrywing | 8 |
| II | PSIGOPATIE SOOS VERANTWOORD IN DIE LITERATUUR | 10 |
| | Die ontwikkeling van die begrip | 10 |
| | Huidige begrip | 15 |
| | Bespreking van Eienskappe van die psigopaat | 22 |
| | Etiologie | 43 |
| | Neurologiese veroorsaking | 47 |
| | Omgewings- en psigodinamiese faktore | 50 |
| | Behandeling | 58 |
| | Handleiding vir identifikasie | 64 |
| III | GEVALLEWERKSTUDIES | 69 |
| | Samevattende kenmerke van groep uit gevangenissituasie | 97 |
| | Samevatterne kenmerke soos blyk uit gevallewerksituasies | 160 |
| | Gevolgtrekking | 165 |
| IV | BEVINDINGE EN AANBEVELINGS | 172 |
| | Gevalleladings | 173 |
| | Gebrek aan kennis | 174 |
| | Probleme met identifisering | 175 |
| | Gebrek aan diagnostiese kriteria | 178 |
| | Gebrekkige fasiliteite | 179 |
| | Aanbevelings | 179 |
| | AANHANGSEL "A" | 185 |
| | AANHANGSEL "B" | 195 |

## HOOFSTUK I.

## BESONDERHEDE OOR ONDERSOEK.

### AANBIEDING.

Hoofstuk Twee word gewy aan 'n oorsig van die beskikbare literatuur oor psigopatie met die doel om eienskappe kenmerkend van die psigopatiese persoonlikheid te identifiseer en sodoende die probleme in verband met psigopatie soos hul maatskaplike werkers konfronteer, toe te lig. Die ontwikkeling van die begrip psigopatie word nagegaan en die huidige gebruik van die begrip word aangedui. Persoonlikheidseienskappe van die psigopaat soos hul gereflekteer word in gedrag word uiteengesit. Die etiologie van psigopatie geniet aandag by wyse van 'n bespreking van oorerwings, konstitusionele, neurologiese, omgewings- en psigodinamiese faktore. Aandag word ook gegee aan aspekte vervat in die behandeling van psigopatie, met spesiale verwysings na psigoterapie, aanhouding en milieu-terapie.

Die hoofstuk word afgesluit met 'n samevatting uit die literatuur van die identifiserende kenmerke van die psigopaat met die uiteindelike doel om hierdie kenmerke aan te vul deur die wat uit die gevallestudie in Hoofstuk 111 na vore kom. Hierdie werkswyse lei tot 'n toepassing van kennis oor die psigopaat op die maatskaplikewerksituasie in die sin dat die identifiserende kenmerke as diagnostiese kriteria aan maatskaplike werkers voorgehou word.

Hoofstuk Drie bevat gevallewerkstudies van twee groepe psigopate, een in die gevangenissituasie en een in die maatskaplikewerk-veld. Identifiserende kenmerke soos uitgelig uit hierdie gevallestudies word op so 'n wyse ingevoeg met die uit Hoofstuk Twee dat seleksie lei tot diagnostiese kriteria vir die gebruik van maatskaplike werkers.

Hoofstuk Vier word bevindings genoteer en aanbevelings gedoen.

KEUSE VAN ONDERWERP

Die ondervinding van die ondersoeker as observateur in die gevangenis en kanalisasiebeampte en supervisor van velddienste by die Departement van Volkswelsyn en Pensioene, het hom tot die gevolgtrekking gelei dat psigopate as sodanig dikwels kliënte van maatskaplike werkers is, dat die kennis en insig van die maatskaplike werker m.b.t. psigopatiese gedrag 'n integrale doel van hul beroepsvoorbereiding behoort uit te maak.
Wat maatskaplike werk betrek was dit vir die ondersoeker in die loop van sy werksaamhede veral opvallend dat psigopatiese kliënte in die algemeen oor 'n tydperk van jare aandag van maatskaplike werkers ontvang terwyl hierdie aandag eintlik as vrugteloos geëvalueer is.
By die afwesigheid van statistiek wil die ondersoeker op grond van sy ervaring met die waarskynlikheid daarvan rekening hou dat die sogenaamde "probleem kliënte", 'n beduidende deel van gevalleladings van maatskaplike werkers, persone insluit wat van psigopatiese inslag is. Een van die frustrerende aspekte van hierdie deel van gevalleladings is dat diagnostiese en behandelingstegnieke óf in die akademiese óf professionele toerusting van maatskaplike werkers ontbreek, of nie in genoegsaam doelmatige deel daarin vervat is nie.
Dit was veral in sy rol as supervisor dat die ondersoeker moes toesien dat maatskaplike werkers met psigopate en hul gesinslede gemoeid is sonder om van die aard en die implikasies van psigopatiese gedrag bewus te wees. Die onvermoë van die maatskaplike werker om met slegs die eerste universiteitsgraad of diploma die psigopatiese kliënt, wat geen ongewone kliënt is nie, te identifiseer, moet as die <u>eerste</u> rede vir hierdie ondersoek genoem word.
<u>Tweedens</u> het dit die ondersoeker opgeval dat maatskaplike werkers ná verwysing deur 'n psigiater van 'n gediagnoseerde psigopaat vir maatskaplike behandeling, groot moeite ondervind om 'n plan vir sodanige behandeling op te stel en uit

/3...

te voer. Die gevallewerkmetode met sy eise aan tyd, energie en geld, word konvensioneel toegepas en weinig word bereik. Die ontwrigting wat deur psigopatiese gedrag veroorsaak word b.v. bedrog en omgewingsmanipulasie (wat weer tot verdere ontwrigting lei), moet voorkeur geniet. Die ondersoeker het psigopate leer ken as veeleisende en tydrowende kliënte wat een krisis-situasie na die ander skep vir hulle gesinslede, persone in hulle maatskaplike omgewing en vir die diensprofessies waaronder maatskaplike werk resorteer.

Derdens het die ondersoeker die teoretiese korrelasie tussen psigopatie en die soort emosionele deprivasie wat in kinderinrigtings aangetref kan word as kanalisasiebeampte en supervisor in die praktyd beleef. Kennis is geneem van die belofte wat navorsing in verband met die behandeling van kinders wat psigopatiese kenmerke openbaar, inhou. Weereens gaan dit hier om die identifisering van psigopate en weereens vind die ondersoeker die motivering vir sy studie in die rol wat die maatskaplike werker ten opsigte van psigopatie te vervul het.

Hierdie rol is uitgewys deur die kommitee van ondersoek na psigopatie (1976) en in die erkenning van die funksies van die maatskaplike werker in die Wet op Geestesgesondheid. (Wet nr. 18 van 1973). Indien maatskaplike werkers wil voldoen aan die verwagtinge en vereistes wat met hierdie erkenning saamhang, sal meer afdoende kennis en insig in en hanteringsvermoë met betrekking tot psigopatie verkry moet word. Die toegekende plek van die maatskaplike werker as lid van 'n multi-dissiplinêre terapeutiese span vir die diagnosering en behandeling van psigopate, sal inaggeneem moet word. Die ondersoeker is van mening dat die maatskaplike werker in hierdie verband 'n onvervangbare plek en taak het. Hierdie oortuiging het hom gedurende die ondersoek bygebly.

DOEL EN AARD VAN ONDERSOEK

As poging om die onkunde wat daar by maatskaplike werkers

in verband met psigopatie bestaan, het die ondersoek 'n tweeledige doel -

Eerstens is daar deur middel van 'n literatuurstudie gepoog om die algemene probleem van psigopatie en gedragsmanifestasies van die psigopaat toe te lig, ten einde die algemene onkunde te verhelp wat daar veral binne die maatskaplikewerk-beroep met betrekking tot hierdie probleem bestaan.

In die literatuurstudie is daar hoofsaaklik gebruik gemaak van die beskrywende metode. Die literatuur strek oor 'n periode van ongeveer 150 jaar. Gedurende hierdie tydperk het die begrip nie alleen betekenisvolle verandering ondergaan nie maar met tegnologiese vooruitgang (bv. toetsapparaat) en vermeerderde wetenskaplike kennis, het aspekte soos veroorsaking, behandeling en omskrywing van onderskeidende kenmerke en die besondere aard van die psigopaat, belangrike ontwikkeling en verandering meegemaak. Die probleem is hoofsaaklik beskryf en nagevors deur die dissiplines van die sielkunde, die sosiologie en die kriminologie en dit kan dus verwag word dat navorsers die probleem van verskillende uitgangspunte benader het.

Deur gebruik te maak van die beskrywende metode kon die navorser die betekenis van genoemde ontwikkeling en die belangrikste bevindings van navorsers weergee en toepaslike gegewens selekteer vir die opstel van kriteria wat vir die maatskaplike werk van nut kan wees.

Die literatuurstudie is aangevul deur gevallewerkstudies van 14 psigopatiese kliënte, 7 kliënte in die gevangenissituasie en 7 kliënte in die maatskaplikewerk-veld wat vir die doel gebruik is.

Die ondersoek is voorts gedoen deur middel van gevallewerkstudies as aanvulling tot die kenmerke van die psigopaat soos hulle in die literatuur aangedui is. Hierdie metode is nodig geag aangesien die toepassing van kennis oor die psigopaat op die maatskaplike werk as 'n sisteem van dienslewering, een van die hoof-doelstellings van die ondersoeker is. Uit die gevallewerkstudie word psigopatiese kenmerke as kriteria vir die doeleindes van identifisering gebruik. Hierdie kriteria word nie gesien as die somtotaal van 'n

finale diagnose van psigopate nie maar slegs om die maatskaplike werker in staat te stel om 'n tentatiewe diagnostiese waarneming te maak wat hy dan, indien nodig, deur middel van die toepaslike bronne in die gemeenskap kan laat bevestig.
Aangesien die ondersoek nie 'n vergelykende of statistiese beduidende studie ten doel het nie, het die ondersoeker 7 gevalle uit die maatskaplikewerk-veld en 7 gevalle uit 'n gevangenissituasie as genoegsaam beskou om die besondere eienskappe van die psigopaat soos dit in die maatskaplikewerk-situasie manifesteer, uit te beeld. Met die besondere metode van ondersoek wat gevolg is, sou 'n groter aantal gevalle die gevallewerkstudie onnodig lank en lomp maak, sonder dat dit enige betekenisvolle wetenskaplike bydrae lewer.
Die gegewens vir die sewe gevalle uit die gevangenissituasie is hoofsaaklik verkry uit die lêerinhoud, verslae en menings van die betrokke observateurs, toetsresultate soos deur gegradueerde toetsbeamptes in die gevangenis verstrek en persoonlike onderhoude met elk van die betrokkenes. Die psigopatiese gevalle in hierdie groep is hoofsaaklik geselekteer op grond van 'n abnormale hoë P.D. -skaal in die M.M.P.I. - toets (net geldige profiele is gebruik).
Verdere identifikasie is ook gegrond op die diagnostiese bevindings van die betrokke observateurs.
Verskeie ondersoekers het reeds met sukses die M.M.P.I. - toets gebruik om tussen die verskillende geestestoestande te onderskei. (C. Dahlstrom en Welsh, 1960), en alhoewel die toets meer daarop ingestel is om te onderskei tussen die verskillende afwykings en nie so seer die spesifieke persoonlikheidstruktuur van die betrokkene te beskryf nie, is daar tog gevind dat daar deur middel van hierdie toets wel onderskei kan word tussen die psigopaat en ander afwykende groepe (15 Pagina 15).
Individue met byvoorbeeld 'n hoë P.D. - enM.A. - telling, verteenwoordig karaktertrekke soos ooraktiwiteit, impulsiwiteit, onverantwoordelikheid en onbetroubaarheid, oppervlakkige verhoudings met ander, losse morele waardes, gebrekkige gewetes en vinnig veranderende etiese norme.

/6...

Dahlstrom en Welsh (1960) beskryf hierdie persone dan verder-

"In superficial contact and social situations, they are lively conversational, fluent and forthright, and they enter wholeheartedly into games, outings and parties, without being selfconscious or diffident. However, their lack of judgment and control may lead them to excess of drinking, merrymaking or teasing, they may be prone to continue activities so long that they may exceed the proprieties, neglect other obligations and alienate others." (15 Pagina 16)

Uit bogenoemde blyk dit dus dat die toetse wel op grond van kenmerkende eienskappe in 'n breë sin die psigopaat kan diagnoseer. + In hierdie verband is daar egter ook op die ondervinding en kennis van die betrokke observateurs staatgemaak.

Die betrokke sewe gevalle is op 'n willekeurige grondslag geneem uit 50 manlike psigopatiese persone in die afdeling observasie van die Sentrale Gevangenis te Pretoria,

+ Die toets onderskei tussen - Depressie, Manlik-vroulikheid, Paranoia, Psigastenie, Skitzofrenie, Sosiaal maatskaplik, Hipomania, Hipokondria, Histeria en Psigopatie wat die P.D. -skaal verteenwoordig.

Die gegewens in verband met die groep uit die maatskaplike-werk-veld is verkry deur die bestudering van die betrokke lêerinhoud en hofverslae, asook persoonlike onderhoude met al die betrokkenes, hul ouers, familielede en vriende, en inligting soos verstrek vanaf die verskillende aanhouding-sentrums (plekke van veiligheid en rehabilitasiesentrums). Daar is ook van die menings van die betrokke maatskaplike werksters kennis geneem.

Die sewe gevallewerksituasies is op 'n willekeurige grondslag geneem uit 30 beskikbare gevalle. Hierdie gevalle is slegs beperk tot kliënte wat in een of ander stadium van die behandelingsproses deur 'n psigiater of kliniese sielkundige, as psigopaties gediagnoseer is.

Deur gevalle uit die maatskaplikewerk-veld en die gevangenis te neem, is daar gepoog om 'n minder eensydige beeld te verkry. Deur slegs 'n groep uit die gevangenis te neem sou beteken dat slegs persone met kriminele rekords betrek sou word en sou die gegewens slegs betrekking hê op persone wat onder beperkende en onnatuurlike toestande van aanhouding verkeer.

Uit die beeld soos verkry uit die literatuur en uit die gevallewerkstudies, het die ondersoeker dus sekere kenmerke geselekteer en op die maatskaplike-werksituasie toegepas ten einde die maatskaplike werker in staat te stel om deur middel van die toepassing van hierdie kriteria, en voorgestelde werkswyse, die psigopaat te identifiseer.

PROBLEME WAT MET ONDERSOEK ONDERVIND IS

Die ondersoeker het probleme by eie evaluering van die korrektheid van die gegewens wat van die respondente verkry is. Alhoewel die ondersoeker bedag was op hierdie belemmering, was gegewens wat nie kontroleerbaar was nie tog moeilik om te evalueer, aangesien die psigopaat soos blyk uit veral Hoofstuk II en III uit die aard van sy besondere persoonlikheidsamestelling 'n onbetroubare bron van inligting is en by uitstek 'n meester is op die gebied van toneelspel en verbalisering.

Die ondersoeker het ook probleme ondervind om 'n betroubare beeld te verkry van die vroeë kinder- en jeugjare van die betrokkenes. Dit is uit die aard van die saak moeilik om

/8...

'n betroubare weergawe te verkry van gebeure wat tot 30 jaar gelede plaasgevind het en om die emosies, verhoudinge en motiverings wat daar geheers het, werklik te bepaal. Veral in die geval van die gevangenisgroep was onderhoude met die ouers, familielede, ens. feitlik onmoontlik. Daar is egter bevind dat daar wel betroubare feitlike gegewens in verband met spesifieke gebeure verkry kan word, soos byvoorbeeld, vroeë inrigtingsopvoeding, afwesigheid van een of beide die ouerfigure en aanwesigheid van sekere patologieë.
Die ondersoeker was hoofsaaklik aangewese op literatuur uit die sosiologie, kriminologie en die sielkunde.
Die toepassing van kennis uit die vermelde vakgebiede op die maatskaplike werk moes eiehandig gedoen word, aangesien daar in die literatuur slegs by wyse van uitsondering na die psigopaat as kliënte in die maatskaplike werk verwys word.

WOORDOMSKRYWING

Psigopaat -

Vir doeleindes van hierdie studie word 'n psigopaat beskou as 'n persoon wie se emosionele ontwikkeling op 'n vroeë ouderdom gestagneer het, met die gevolg dat sy emosionele evolusie onvolledig is, en gekenmerk word deur 'n gebrek aan meegevoel en liefde, 'n gebrek aan berou, 'n gebrek aan neurotiese angs en 'n opvallende onvermoë om insig in sy eie problematiek te ontwikkel. Hierdie persoonlikheidsagterstand impliseer 'n ontoereikende kunsmatige aanpassing wat hom reeds vanaf 'n vroeë ouderdom in botsing bring met die geordende gemeenskap.

Maatskaplike Werk -

Maatskaplike werk word beskou as 'n diensprofessie gemoeid met realiteite in maatskaplike situasies soos aangetref en beleef word in samehang met, en as deel van die mens se maatskaplike funksionering waarin handelinge, emosies en behoeftes vervat is en geopenbaar word in gedrag wat hoofsaaklik bepaal word deur genetiese en kulturele determinante en onderhewig is aan faktore en gebruike in die groepe, ontwikkeling en sosialisering van die mens, sy verhoudingslewe en sy meer konkrete omgewing.
Maatskaplike werk kan dus gedefiniëer word as 'n sisteem

van dienslewering volgens professionele handelinge, voorafgegaan deur beroepsvoorbereiding en gerig op persone, gesinne, ander groepe en gemeenskappe, met die doel om doeltreffende maatskaplike funksionering te bewerkstellig en te handhaaf en maatskaplike problematiek of wanfunksionering te voorkom of te herstel, deur veral aandag te gee aan die maatskaplike omgewing en die verhoudinge wat daarin voorkom. (39).

## HOOFSTUK II

## PSIGOPATIE SOOS VERANTWOORD IN DIE LITERATUUR

Die beskikbare kennis wat deur die literatuur tot beskikking van die maatskaplike werkers gestel word, word vervolgens weergegee onder die hoofde - Die huidige begrip psigopatie, Eienskappe van die psigopaat, Etiologie en Behandeling.

### Die ontwikkeling van die begrip Psigopatie

Die begrip psigopatie, soos blyk uit die literatuur, was in die verlede aan kritiek en soms hewinge kritiek, onderhewig. Die begrip was, so was geargumenteer, vaag, verwarrend en 'n snippermandjie vir alle toestande wat die psigiatrie nie kon verantwoord nie.

Die toedrag van sake het egter verander en Buss kon in 1946 sy omskrywing van die begrip psigopatie afsluit met die volgende gerusstelling -

"Certainly there is no more disagreement and controversy with this diagnostic label than over others". (6 Pagina 430).

Dit het egter bykans 150 jaar se argumente, debattering, struweling en ook navorsing gekos om bogenoemde stelling te aanvaar. Sutherland en Cressey (1955) gee aanduidings van die kontroversie wat die begrip psigopatie reeds ontlok het en illustreer die vaagheid daarvan deur daarop te wys dat die norme vir diagnosering van die toestand alles behalwe gestandardiseer is. Die subjektiewe mening van 'n psigiater speel by diagnosering 'n deurslaggewende rol. Voorts voer die skrywer aan dat die vaagheid van die beskrywing en identifisering van die begrippe psigopatie en psigopaat daartoe lei dat dit van toepassing gemaak kan word op meeste van die psigiese afwykings. Psigiaters is dan ook geneig om misdadigers wat nie as psigoties of neuroties geklassifiseer kan word nie, as psigopate te bestempel. As bewys van die gebrek aan afdoende betekenis van psigopatie noem dieselfde skrywers dat 98% van die totale inwoners van 'n federale gevangenis in Illinois as psigopate geklassifiseer was. Slega 5% van dieselfde gevangenis is later deur ander

/11...

psigiaters as psigopaties beskryf. Nog 'n aantal studies word as bevestigende voorbeelde aangehaal en die slotsom is -

"The concept pschycopathic personality is as useless an interpretation of criminal behaviour as was the older concept moral imbecile, which has been completely discarded by scholars in this field." (30 Pagina 126).

Pinel het in die jaar 1800 'n geval teëgekom wat hy nie volgens die destydse psigiatriese klassifikasie kon indeel nie. Hy het tot die gevolgtrekking gekom dat sy pasiënt aan manie sans delire lei. Hoewel sy destydse beskrywing waarskynlik baie neurotiese en selfs psigotiese toestande ingesluit het, het die begrip tog opspraak in Europa gewek en kan dit beskou word as die eerste poging om 'n werklike konsep van die probleem daar te stel. (24 Pagina 23). Gedurende 1835 het 'n Pritchard (Brittanje) 'n verbasend volledige beskrywing van hierdie groep gegee. Aan die hand van die etiket Moral Insanity het hy na hierdie mense verwys as defek sover as wat dit hulle emosie en verhoudings aangaan, ten spyte van die feit dat hulle begrip en intellek skynbaar normaal was. Dit was egter Koch wat in 1888 die term psigopaat gebruik het. (45 Pagina 103). Gouster het in 1878 reeds 'n kliniese beskrywing van die begrip Moral Insanity gegee en het aan die hand van Lombroso se sogenaamde gebore misdadigers sy navorsing gedoen. Lombroso het verwys na sy groep misdadigers as "moral imbeciles" en hulle beskryf as mense sonder skuldgevoel, uiters aggresief, vol bravado, impulsief en gevoelloos ten opsigte van sosiale kritiek en fisiese pyn. (24 Pagina 25).

In 1870 reeds het die begrip "Moral Insanity" groot aanhang in die mediese wêreld van die destydse Europa gehad. Kort hierna egter, het die begrip sterk teëkantig gevind by mense soos Ordlonaux, Elwell en Rush op grond van die feit dat die begrip die mens ontneem van alle verantwoordelikheid vir sy dade. Hierdie argumente het 'n sterk godsdienstige kleur gehad. (24 Pagina 25). Na 1888 het navorsers hulle egter aan die hand van die nuwe benaming psigopaat op die mens self toegespits. Voor die Eerste Wêreldoorlog het persone soos Burnbaum (1914) en Meyer (1912), veel daartoe bygedra om die begrip van die psigopatie ook te omskryf en beter te identifiseer. Afwykings soos sekere neuoses is uit hierdie

/12...

katagorie verwyder en daar is aangteoon dat alle kriminele gedrag nie noodwendig psigopaties is nie. Meyer het in 1912 alle neurote uit die katagorie verwyder en in 1913 her Mercier daarin geslaag om psigopatie as 'n spesifieke soort afwyking te beskryf. Teen die einde van die Eerste Wêreldoorlog was navorsers dit min of meer eens dat psigopatie 'n werklike afwyking was, "the strong vicious or criminal propensities on which punishment had little or no deterrent effect." (24 Pagina 26).

Tot en met die Eerste Wêreldoorlog was daar verskeie navorsers wat gepoog het om die begrip klinies beter te omskryf. So byvoorbeeld het Kraft die term <u>psigopatiese minderwaardigheid</u> gebruik om sekere verskynsels van histerie en obsessies te beskryf. Kraepelin weer het die aandag gevestig op die feit dat die verskynsel met 'n groot aantal terme omskryf kan word waarvan die belangrikste die volgende was -

"The excitable, impulsive, eccentric, liars and swindlers, anti-social and quarrelsome."

Hy was verder van mening dat psigopatie inherente elemente bevat van die psigoneurotiese en psigotiese toestande. (42 Pagina 386).

Voor en na die Tweede Wêreldoorlog het die sielkundige samestelling van die psigopaat 'n belangrike onderwerp van navorsing in Engeland, Europa en Amerika geword. Persone soos Burt in Engeland en Scott en Johnson in Amerika het baie tyd en aandag hieraan gewy, maar dit was veral Fisher wat in 1922 na 'n studie van 50 psigopatiese persoonlikhede, 'n baie akkurate beskrywing van die psigopaat gegee het. Hy het verwys na die psigopaat en sy buitegewone impulsiwiteit en gebrek aan konsentrasie, sy uiters egoïstiese benadering en sy abnormale pròjeksie, met sy gebrek aan skuldgevoel en ongeïnhibeerde optredes as die belangrikste kenmerke. (24 Pagina 27).

Gedurende 1930 het die gedagterigtings in twee strominge begin vloei. Daar was die biologies georiënteerde psigiaters wat organiese desfunksie as oorsaak van psigopatie begin propageer het. Aan die ander kant het die psigoanalitiese skool onder invloed van Freud, Adler en Jung die oorsaak in omgewingsfaktore begin soek en die oedipuskonflik as uitgangs-

punt gebruik. Veral Alexander het met die beskrywing van sy Neurotic Character die toon in hierdie rigting aangegee. (24 Pagina 20).

Selfs tot na 1930 was psigopatie nog steeds 'n "puzzling poorly specified diagnostic entity". (24 Pagina 20).

Psigiese afwykings soos histeria, kompulsiewe reaksies, seksafwykings en sekere grens-psigoses het almal as psigopatie deurgegaan. Dit was dan ook juis hierdie verwarring wat sekere navorsers genoop het om die term psigopatie as 'n snippermandjie te beskryf. Ander het egter steeds geglo dat die begrip bestaansreg het en hulle daarop toegelê om helderheid te verkry.

Die klassieke werk van A. Clackley het in 1941 verskyn. In hierdie werk slaag hy daarin om 'n realistiese profiel van hierdie psigopate te teken. Soos die skrywers voor hom het hy ook die egosentriese en emosionele afgestomptheid van die psigopaat beklemtoon, met veral klem op sy totale gebrek aan skuldgevoelens.

Voorts het hy ook die valsheid en die dun vernis van hierdie tipe persoon beskryf en die feit benadruk dat hierdie mense nie uit vorige ondervinding leer nie. Hy het dan ook klem gelê daarop dat die psigopaat nie net in gevangenisse en psigiatriese hospitale aangetref word nie, maar dat hulle dikwels as aanvaarde lede van die gemeenskap fungeer. (4 Pagina 312).

Gedurende die naoorlogse tydperk het sommige wetenskaplikes hul besig gehou met die definiëring van die begrip en die teorie van die probleem terwyl ander spesifieke onderafdelings van die probleem nagevors het. Gedurende die depressiejare het navorsing t.o.v. veroorsaking floreer en aspekte soos die breingolwe van die psigopaat, die funksionering van die cortex, ervarings in kinder- en jeugjare, familie eienskappe en die gevolge van vroeë sosiale isolasie het aandag geniet.

Die Tweede Wêreldoorlog het verder gedien om die probleem van psigopatie pertinent onder die aandag te bring. In die leër het die psigopaat se wangedrag hom al gou onder die aandag van outoriteite gebring en die gevaar dat hierdie tipe persoonlikheid in leiers- en offisiersposte aangestel kon word, was baie pertinent. Teen die einde van die oorlog

was die gevaar en die werklikheid van die psigopaat baie duidelik onder die aandag gebring. Die werk van Karpman, Henderson, Cleckley en Lindner het die grondslag gelê vir verdere navorsing en behandeling.

Nou eers het die ellelange dispuut of the psigopaat werklik bestaan tot ruste gekom. (24 Pagina 33). Gedurende 1951 verklaar die redakteure van die "British Journal of Delinquency" dan ook onomwonde -

"Psychopathy has now emerged as the most important of the great transitional border-line groups of mental disorders, It occupies a fixed intermediate position in a hierarchy of developmental disorders."

Eksperimente t.o.v. die psigopaat het na 1950 floreer. Daar is gebruik gemaak van verdowingsmiddels, skokterapie en breinoperasies. Groepsterapie, psigo-analise, informele voorligting en hipno-analise is metodes waarmee mense soos Aichhorn, Bettelheim, Redi en Papanek hoopvolle resultate behaal het. (24 Pagina 34). So byvoorbeeld het "The Group for the Advancement of Psychiatry" voorgestel dat die term <u>psigopatie</u> nie van toepassing gemaak word op kinders nie, maar dat die term "<u>tension discharge disorder</u>" of "<u>impulse ridden personality</u>" gebruik word, juis a.g.v. die sukses wat daar behaal kan word met die kind wat psigopatiese kenmerke openbaar en is daar gevoel dat die term <u>psigopatie</u> nie buigsaam genoeg is nie. Die "<u>impulse ridden</u> personality" is soos volg beskryf -

"These children show shallow relationships with adults or older children, having very low frustration tolerance. They exhibit great difficulty in control of the impulse, both aggressive and sexual, which are discharged immediately and impulsively without delay or inhibition and often with little regard for the consequences; little anxiety, internal conflict of guilt is experienced by most of these children as the conflict remains largely external between society and their impulses. The basic defect in impulse controls appear to be reinforced by a deficit in conscience and super ego formation with failure to develop the capacity for tension storage and for the postponement of gratification." (15 Pagina 5).

Tappan beskryf psigopatie ook as 'n uiters ontwykende en frustrerende begrip en wys op die uiteenlopendheid wat navorsers veral ten opsigte van die etiologie nahou. Juis as gevolg van die gebrek aan konsensus het die "American Psychiatric

Association" heeltemaal weggedoen met die begrip psigopatie. Nogtans bestaan die begrip steeds in die wetgewing van 'n hele aantal Amerikaanse state en word dit veral in verband met seksmisdade gebruik. Navorsers het daarop gewys dat psigopatiese kenmerke in 'n groot deel van elke bevolking kenbaar is en dat die geskiedenis bewys het dat hierdie kenmerke ook positief kan wees en dikwels determinante van sukses is, "the deviant condition is one of degrees rather than of kind." (35 Pagina 137).

Walker wys egter daarop dat die werklike geskilpunte tans meer gaan oor die aard en die veroorsaking van die toestand as oor die werklike vraag of sekere mense wel aan so 'n toestand ly. (36 Pagina 82).

In aansluiting hierby bevind Cleckley dan ook baie beslis, op grond van sy ondervinding en navorsing, dat die psigopaat aan 'n werklike en baie ernstige afwyking ly. Die term waarvolgens psigopate dikwels beskryf word as slegs afwykendes of perverte dien geen doel om sy werklike gedrag te verklaar nie. (7 Pagina 404). In hierdie verband verwys McCord na twee ondersoekers, Kinberg en Dr. Leo Kanner, wat die term psigopatie onomwonde verwerp het en hy lewer as volg kommentaar -

"Few of those who have dealt with criminals, work in mental hospitals or participated in social case work would agree with Kinberg or Kenner. Indeed, most investigators believe that the concept not only has meaning, but that it is indispensable." (24 Pagina 2).

DIE HUIDIGE BEGRIP PSIGOPATIE

McCord en McCord )1964) wys daarop dat die aanvanklike lang verwarring wat daar bestaan het oor die begrip psigopatie basies teruggevoer moet word na die feit dat ernstige afwykende gedrag dikwels sondermeer aan psigopatie gekoppel was sonder dat daar werklik op die oorsaak van die afwyking ingegaan is. Dit is dan ook belangrik dat daar goed onderskei sal word tussen bv. sekere professionele wetsoortreders, bendelede en die seksuele oortreder, aan die een kant, en die psigopaat met sy unieke persoonlikheidssamestelling aan die ander kant. Aangesien afwykende gedrag, gesien teen die agtergrond van verskillende kulture 'n relatiewe begrip is, is dit duidelik

"What might be called social emotions such as embarrasment, discomfiture, loyalty, contrition and gregarious (group identification) are not experienced by the psychopath." (46 Pagina 27).

Om die uiteenlopenheid van die psigopaat se aard en persoonlikheid verder te beklemtoon, praat Cleckley van die fragmentariese aard van die psigopatiese persoonlikheid en die dikwels irrasionele optrede wat hieruit voortvloei. Hy wys op die uiters bedrieglike aard van die psigopaat, die skynbaar emosionele aanklank wat hy vind en sy rasionele vermoë om homself uit te druk. "We are dealing here not with a complete man at all but with something that suggests a subtly constructed reflex machine which can mimic the human personality perfectly. This smoothly operating psychic apparatus produces consistently, not only specimens of good human reasoning, but also appropriate simulations of normal human emotions in response to merely all the varied stimuli of life." (7 Pagina 406).

Die psigopaat beskik oor 'n kenmerkende onvermoë om enige diep betekenisvolle verhoudings met ander aan te knoop en hy het min beheer oor sy algemene optrede omdat hy nie in staat is om moontlike besware wat ander teen sy gedrag mag hê, in te sien nie. Wanneer hy dan teëgegaan word, is hy dikwels verbaas en voel hy verontreg. Hy sal dan ook sonder huiwering ander mense se begeertes en regte misken omdat hy geen aanvoeling vir hulle ware behoeftes het nie. (7 Pagina 66).

Juis in aansluiting hierby verwys Henserson ook na die argelose optrede van die psigopaat en dat hierdie mense wat ons in alle lae van die samelewing aantref, net nie in staat is om te konformeer en self op 'n verantwoordelike wyse in die samelewing aan te pas nie. (42 Pagina 389). Hiermee word sekerlik nie bedoel dat die psigopaat hom nie oppervlakkig en oënskynlik goed in die gemeenskap - veral op korttermyn basis - kan aanpas nie. So byvoorbeeld wys Hare daarop dat hulle juis oor 'n besondere vermoë beskik om op oppervlakkige wyse kontak te maak en dat hulle oor die algemeen daarin slaag om 'n baie gunstige indruk te skep. Hulle is gewoonlik wel ter tale, gesels vlot en reguit en kan skynbaar met volle oorgawe deelneem aan speletjies,

partytjies, ens. Hulle gebrek aan oordeel en beheer kan wel aanleiding gee tot byvoorbeeld oormatige drankmisbruik, dog hulle gedrag word selde deur geïnhibeerdheid gekenmerk. (15 Pagina 16). In hierdie verband haal Cleckley dan ook die voorbeeld aan van 'n psigiater wat skynbaar met 'n redelike mate van sukses sy beroep beoefen het. Die ondersoeker beweer dat hy veral besondere aansluiting gevind het by minder gekompliseerde mense wat op 'n oppervlakkige emosionele vlak fungeer. Hierdie man het dan ook, ten spyte van sy sterk psigopatiese kenmerke, uiterlik goed daarin geslaag om vir 'n periode van jare skynbaar in die gemeenskap aan te pas. Maar Cleckley gaan voort en sê verder -

"granting that the behaviour just described is fairly typical and is persistent then the conclusion follows that inwardly he is poorly adjusted indeed. The quality of happiness he knows and the degree of reality in which he experiences so much that is major in human relationships are such that in spite of his superficial success, he might fail to participate very richly in life itself." (7 Pagina 231).

Met sy mond huldig die psigopaat gesonde norme en is hy in staat om goed te evalueer en streef hy die doelstellings van die beskawing met ywer na. Cleckley beweer egter dat al sou hy oor die vermoë beskik om te produseer of iets in literêre of kunssin te skep, hierdie skepping, alhoewel miskein tegnies briljant, nogtans van nul en gener waarde sal wees nie aangesien dit slegs 'n vervalsing en na-aping sal wees. (7 Pagina 336).

Selfs nadat hy op herhaalde wyse in die vernederendste omstandighede betrap word op sy valsheid en die herhaalde verbreking van sy woord, sal hy weer by die eerste geleentheid praat van sy eer, sy erewoord en sal hy met groot verbasing gekrenk voel as sy verduideliking nie sonder meer aanvaar word nie. (7 Pagina 372).

Cleckley en ander ondersoekers het egter ook die aard van die psigopaat toegelig aan die hand van die feit dat sy gedrag verbasende ooreenstemming toon met dié van 'n kind. Sy opvallende, uiters onvolwasse optrede en siening en dikwels algemene gebrek aan insig het waarskynlik hiertoe aanleiding

gegee. So byvoorbeeld word die psigopatiese persoonlikheid beskryf as 'n uiters onvolwasse entiteit wat kenbaar word, nie soseer as gevolg van wat in sy gedagtes of gevoelslewe aangaan of skort nie, maar juis as gevolg van sy onvolwasse optrede en besondere kenbare mislukkings wat hy ten opsigte van sy algemene aanpassing maak. (31 Pagina 61). So gebruik Cleckley dan ook die volgende definisie van psigopatie -

"the term refers to chronically antisocial individuals who are always in trouble profiting neither from experience nor punishment and maintain no real loyalties to any person, group or code. They are frequently callous and hedonistic, showing marked emotional immaturity with lack of sense of responsibility, lack of judgment and inability to rationalise their behaviour so that it appears warranted, reasonable and justified." (7 Pagina 253).

Henderson stel dit dat die psigopaat om een of ander onverklaarbare rede net nie daarin kan slaag om "groot" te word nie. Hy bly op die vlak van 'n onbeskaafde barbaar met 'n afkeur aan logika en met kenmerkende emosionele afgestomptheid lei hy 'n geïsoleerde lewe met min gevoel vir sy gesin, sy vriende of sy land. (37 Pagina 371).

Die psigopaat word ook verder in die literatuur toegelig deur wat die praktiese implikasie van sy dikwels vernietigende, vernielsugtige optrede in die sameleweing meebring. McCord en McCord voer in hierdie verband aan dat die psigopaat dikwels in die gevangenis of in psigiatriese hospitale aangetref word as gevolg van die feit dat hy homself skuldig maak aan roof, moord, die handel in verdowingsmiddels, vervalsing, ens. Hy sê dan ook "Society cannot ignore the psychopath, for his behaviour is dangerously disruptive." (24 Pagina 8). In sy optrede in die gemeenskap word die psigopaat gekenmerk deur sy koue gevoelloosheid en die wyse waarop hy mense minag en slegs as voorwerpe aanwend vir sy eie genot en plesier. Hy knoop maklik oppervlakkige verhoudings aan wat 'n uiterste gebrek toon aan emosionele diepte en meelewing en hierdie verhoudings is dikwels kort van duur en kan in aggressiewe uitbarstings eindig. Ook Pennington beweer dat die psigopate 'n minderheidsgroep in die samelewing vorm maar tog 'n swaar finansiële las op die

gemeenskap plaas en groot ongelukkigheid en ontwrigting in die gemeenskap veroorsaak. (26 Pagina 411).
Navorsers het ook onder gevangenes in Amerika gevind dat psigopate verantwoordelik was vir die hoogste mate van residivisme, verslawing aan verdowingsmiddels en ander patalogieë en dat hul antisosiale gedrag reeds op 'n baie vroeë ouderdom 'n aanvang geneem het. (42 Pagina 89).
Harrington is seker die navorser wat die meeste klem laat val het op die ontwrigtende uitwerking wat die psigopaat op die samelewing het. Hy wys op die psigopaat as moeilikheidmaker wat goed bekend is in elke buurt. Hy word geken as die persoon wat dikwels onder die invloed van drank is, wat sy vrou slaan en beskryf hom as "wastrel, swindler, forger, family disgrace, black sheep, the bad seed, Minister"s son, or we may recognise her according to perhaps by-gone standards as the loose man-hungry housewife on the prowl for strangers, or as the girl from a good family unaccountably gone wrong.' (17 Pagina 12).
Sy gedrag word gekenmerk deur dikwels brutale en aggressiewe optrede, hartseer en ontwrigting volg op sy spoor en tog is dit ook die persoon wat benewens al hierdie stormagtigheid om hom, kalm en bedaard kan bly, 'n aangename persoonlikheid na buite kan handhaaf en word dikwels as 'n aantreklike en oulike persoonlikheid beskryf. Sy skaamtelose en ontwrigtende gedrag sal hy dikwels tot vervelens toe herhaal en sy naasbestaandes sal hom steeds vergewe en op onverklaarbare wyse vir hom skerm. (17 Pagina 12-13). Hy sê dan ook 'The classic psychopath leaves a trail of misery, fighting, fraud, running up debts, he may abandon his wife and children, perhaps return now and then if he feels like it or leave his job without notice of suddenly for no reason begin to perform so poorly and dishonestly that the company fires him. If counted by more vicious impulses the psychopath will be arraigned as callists, rapists, or molestors of children'. (17 Pagina 15).
Hy wys daarop dat mense soos Robert Lindner en William en Joan McCord dit onomwonde gestel het dat psigopatie een van die duurste en vernietigendste vorms van gedragsO afwykings is en dat die psigopaat die veiligheid en rus en sekuriteit van die hele Amerikaanse lewenswyse bedreig. Hierdie mense kan as professionele mense suksesvol in die samelewing optree en hul negatiewe invloede in alle sfere van die samelewing laat geld. (17 Pagina 21).

Lindner waarsku dat hierdie "nuwe geslag" selfs die einde van ons beskawing kan beteken, (17 Pagina 21), en sê -

"One of the highest missions of men of our culture can have is this - 'Identify the psychopathic antagonist and struggle against the conditions that produce him." (17 Pagina 22).

Mailer is ook die mening toegedaan dat die psigopaat reeds 'n aansienlike invloed uitoefen op die rigting waarin die westerse kultuur besig is om te beweeg. Sekere elemente van psigopatie is reeds teenwoordig in mense uit alle lae van die samelewing. (17 Pagina 24).

Harrington praat van "the psychopathic style" en beskryf dit as 'n lewenskode wat reeds gangbaar geword het onder veral die jonger geslag, veral die idealisering en identifikasie met psigopatiese sogenaamde helde van die silwerdoek en ontspanningslektuur en dit is 'n ontstellende en ondermynende invloed in die samelewing. Hy haal dan ook 'n geregtelike amptenaar in California aan wat van mening is dat ons reeds aan die begin van die era van die psigopaat staan "the true psychopath is the hero, the idol of the young, the coming generation." (17 Pagina 40).

Hierdie mense wat volgens wet nie sertifiseerbaar is nie, is besig om in groot getalle die samelewing te ondergrawe en teë te werk. Hulle is besig om alle behoudende instansies te infiltreer, hulle leef volgens vreemde lewensnorme en hulle is selfs besig om ons basiese idees van geestesgesondheid te verander. (17 Pagina 192).

Die psigopaat kan dus beskryf word as antisosiaal en sy gedrag bring hom dikwels in konflik met die gemeenskap. Hy is ingestel op onmiddellike behoeftebevrediging en sy primitiewe drange word hiervolgens uitgeleef. Sy impulsiewe gedrag word deur uiterste egoïsme gekenmerk en hy is aan min gebonde. Hy word verder gekenmerk deur die afwesigheid van 'n skuldgevoel, hy leef vir die oomblik, is aggressief en toon 'n gebrek aan langtermynbeplanning. Hy is liefdeloos en sy verhoudings is oppervlakkig, sonder emosie en spyt bestaan in sy woordeskat nie. Die uitstaande kenmerke is egter sy gebrek aan skuldgevoel en liefde. (24 Pagina 16-17).

Dit is egter nodig om daarop te let dat Buss van mening is dat die psigopaat wel in staat is om tussen reg en verkeerd te onderskei en hy is wel deeglik in staat om verbale en abstrakte situasies goed te evalueer. Hy is egter nie

in staat om hierdie kennis positief toe te pas nie, en sy gedrag word oorheers deur impulsiwiteit en onmiddellike behoeftebevrediging. (6 Pagina 432).
Ten spyte van die feit dat die begrip tans volle erkenning geniet en dat die verskynsel deur die meer moderne navorsingsmetodes vanuit alle moontlike benaderingsrigtings nagevors en omskryf word, verg die spesifieke samestelling van die psigopatiese persoonlikheid steeds dieper studie. "There is some but not enough knowledge of what goes on inside the psychopath's mind, how he differs from other deviants, and how he can be correctly diagnosed". (24 Pagina 38).

EIENSKAPPE VAN DIE PSIGOPAAT

As gevolg van die reeds genoemde probleme wat daar ondervind was om die begrip psigopatie, te verken en te aanvaar, is dit vanselfsprekend dat die navorser ook moeite ondervind het om die uiteenlopende eienskappe wat daar deur die jare aan die psigopaat toegedig is, te sistematiseer, te selekteer en uit te lig. In hierdie afdeling van die verhandeling word die eienskappe van die psigopaat waaroor daar in die literatuur 'n mate van ooreenstemming bestaan, gegroepeer en bespreek met die oog op hul latere toepassing as kriteria in die maatskaplike werk.
Die uitstaande eienskappe van die psigopaat soos in die literatuur geëin word hier bespreek sonder om weer 'n historiese oorsig te gee van die ontwikkelingsproses wat die notering van die onderskeie eienskappe deurloop het.

Oppervlakkige Sjarme en Goeie Begripsvermoë;

Cleckley wys daarop dat die gemiddelde psigopaat gewoonlik 'n baie gunstige indruk laat. Hy is wakker en vriendelik, praat geredelik en skyn altyd gesonde belangstellings te hê en 'n mens kry nooit werklik die indruk dat hy besig is om hom aan te stel nie. Daar is dan gewoonlik ook aanduidings van gesonde rasionele redevoering en 'n mens kry die gevoel dat daar werklik iets in hierdie persoon steek. Hy kom selde of ooit ongemaklik, teruggetrokke of emosioneel verward voor. Alles omtrent hom dui op superieure menslike kwaliteite. (7 Pagina 364). Henderson wys ook op hierdie kwaliteite van die psigopaat en praat van sy gematigheid, ontvanklikheid en die aangename persoonlikheid wat altyd bereid is om hom by omstandighede aan te pas en altyd die weg van die minste

weerstand te volg. (42 Pagina 395).
Pitzer en Densim maak melding van die welsprekendheid van die psigopaat en die oortuigende wyse waarop hy ꞑ persoon onder die indruk bring van sy skynbaar goed geïntegreerde en gebalanseerde persoonlikheidsamestelling. Hy is goed in staat om al die sosiale en morele kodes te verbaliseer, dog interpreteer hulle skynbaar totaal anders as die normale mens. (27 Pagina 62).
Die vermoë van die psigopaat om toneel te speel en te verbaliseer is moontlik daarin geleë dat hy van kindsbeen af moes aanpas by die patroon wat hy gedink het mense van hom verwag. Dit wil voorkom asof die spesifieke lewensondervinding gedurende die kinderjare veel te doen het met die vorming van hierdie masker, "it is not surprising that this social individual masquerades to a greater extent and more conscientiously than the normal." (Pagina 125).
Ondersoekers wys voorts daarop dat die psigopaat dikwels hierdie kwaliteite van hom gebruik om misdaad te pleeg. Hulle kom geloofwaardig voor, vol sjarme en selfs kunstig en liefdevol. Hulle praat en beplan, maar voer in werklikheid niks uit nie. Dat hulle dus onder hierdie omstandighede nie juis ꞑ werk kan behou nie is duidelik, en misdaad vloei weer daaruit voort. (20 Pagina 88). T.o.v. die psigopaat se vermoë om te rasionaliseer en te verbaliseer is Cleckley van mening dat hoe goed ꞑ persoon ookal daarin slaag om ꞑ ander na te boots met betrekking tot artikulering en besondere woordgebruik, kan hy nie die fynere gevoelswaarde heg aan dinge en situasies waarvoor hy self geen gevoel het nie. Hy slaag wel daarin om emosies te simuleer en na te boots sonder dat hy self enige gevoel ervaar. (7 Pagina 410).

Harrington haal ꞑ polisieman aan wat hierdie vermoë soos volg beskryf het -

"Go up against him in an emergency unless you are trained for it. He will wipe you out. He may be ignorant compared to you. If you sat down together and took one of those tests you might finish way ahead of him. But how can you measure the animal cunning some of these people have; the way they can calculate the kind of person you are and make a fool of you." (17 Pagina 164).

Die afwesigheid van Delusies en ander Tekens van Nie-Rasionele Denke

Die psigopaat is as ꞑ reël heeltemal rasioneel en vry van enige teken van psigoses. Die realiteit word erken en hy ly nie aan buitengewone depressie of verandering van buie nie en sosiale waardes word mondelings weergegee. Uitstekende logiese beredenering word gedoen en hy is selfs in staat om verbaal te beplan vir die toekoms en om sy eie foute uit te wys.

/24...

Dit kom selfs voor asof hy normale emosies het en hy bespreek sy ambisies en toekomssiening met groot entoesiasme. Sou hy praat van sy vrou, sy kinders, sy ouers, spreek dit van warm emosionele diepte en toon hy gesonde normale reaksies ten opsigte van sy medemens. (7 Pagina 366).

Afwesigheid van Senuweeagtigheid of Psigoneurotiese Manifestasies.

Die gewone kriteria wat by die kliniese diagnosering van neurose geld, byvoorbeeld die van histerie, obsessies, impulsiewe afwykings, vrees en angs, is totaal afwesig by die psigopaat. Dit is dan ook kenmerkend van hom om selfs in abnormale spanningsomstandighede beheersd en in beheer van die situasie voor te kom. Selfs in omstandighede waar 'n normale persoon verneder of verward sal voorkom, lyk dit asof die psigopaat nouliks hierop reageer. (7 Pagina 368). Kisker beweer ook -

"The patient shows none of the symptoms of the neurotic reaction or of phychosis, but at the same time he is not able to make an adequate social adjustment. His intelligence may be average or above average. He may possess wit and charm and may have a facility for making people like him, and trust him. At the same time, he is typically without scruples, without morals, and without a sense of guilt." (18 Pagina 230).

Pennington voer aan dat die psigopaat baie selde by enige kliniek of hospitaal opdaag om hulp te soek vir sy probleme. Indien hy daar sou opdaag, is die gereg kort op sy hakke. Hy bevind dan ook dat die psigopaat nie as 'n psigopaat of neuroot beskryf kan word nie omdat daar geen duidelike tekens van breinbeskadiging is nie. Fisies skort daar weinig en op die oog af vertoon hy geen buitengewone tekens van fisiese, psigiese of neurotiese afwykings nie, en is hy in hierdie opsig eintlik 'n toonbeeld van gesondheid. Uit die literatuur is dit dus duidelik dat die psigopaat by die eerste ontmoeting en op die oog af, klinies 'n gesonde goed geïntegreerde en gebalanseerde persoonlikheid verteenwoordig.

Onbetroubaarheid.

Uit voorafgaande is dit duidelik dat die psigopaat uitmuntend daarin kan slaag om 'n beeld van betroubaarheid te skep. Dog sy vermoë om hierin te volhard oor 'n lang tydperk is uiters beperk en sy uiterse onverantwoordelikheid kom dikwels gou aan die lig.

Sou hierdie eienskap egter net vir kort tydperke geld dan sou die psigopaat makliker hanteerbaar gewees het. Dit is egter ook waar dat hierdie mense soms met die nodige motivering goed daarin kan slaag om vir weke, maande, selfs vir jare byvoorbeeld dieselfde werk te behou of as byvoorbeeld die beste verkoopsman van die jaar aangewys te word en of as voorsitter van een of ander beweging of klub gekies te word. Die psigopaat is nie noodwendig gedurig besig om misdaad te beplan en te pleeg nie. Dit is

juis sy dikwels oënskynlike sukses wat die teleurstelling in sy eventuele val soveel groter maak. Dit is dan ook onmoontlik om te bepaal presies hoe lank hierdie sukses sal voortduur, want dit wil voorkom asof dit nie saamhang met enige vaste siklus of spanningsomstandighede nie. Impulsief soos hy is, kan die psigopaat vir een of ander oënskynlik onverklaarbare rede net eenvoudig nie by die werk opdaag nie, of een of ander klein sinnelose misdaad pleeg sonder oënskynlike motivering. Of hy kan na 'n skynbaar gelukkige aanpassing in sy gesin op impulsiewe wyse aggressief raak, sy vrou uit die huis jaag en sonder meer verdwyn. "The psychopath's unreliability and disregard for consequences are manifested in both trivial and serious matters; are masked by demonstrations of conforming behaviour and cannot be accounted for by ordinary motives or incentive" (7 Pagina 370) Ook Blomberg in sy omskrywing van die karaktereienskappe van 'n psigopaat noem dat die psigopaat vinnig verwissel van mening om aan te pas by sy vinnig veranderde emosies en dat hy dus vir alle praktiese doeleindes as uiters onbetroubaar beskou moet word. (3 Pagina 54). Die basiese onbetroubaarheid van die psigopaat is so 'n integrale deel van sy persoonlikheid dat hierdie element ook duidelik na vore kom in ander eienskappe wat hy openbaar.

Valsheid en Leuenagtigheid.

Die waarheid hou vir die psigopaat weinig morele betekenis in en hy kan net so min vertrou word in sy weergawe van die verlede as in sy beloftes vir die toekoms of sy relaas van sy huidige voornemens. (7 Pagina 370). Cleckley voer aan dat die psigopaat met sy eenvoudige en onopgesmukte manier van omgang dikwels uitmuntend daarin slaag om homself van groot en ernstige of klein beskuldigings te vrywaar en sy eenvoudigste stellings is gewoonlik treffend en aanvaarbaar. Oorbeklemtoning van sekere aspekte en die gewone glibberigheid van die slim leuenaar is nie in die psigopaat se woordgebruik te bespeur nie. Hy kan dikwels sonder 'n voor-die-hand-liggende rede leuens vertel, maar kan ook aan die ander kant op 'n baie manmoedige wyse sy foute erken veral as dit duidelik word dat hy beslis betrap gaan word. Hy kan die gevolge van sy leuentaal met 'n skyn van standvastige manlikheid en eerlikheid in die gesig staar. (7 Pagina 372). Hare wys ook op die eienskap van die psigopaat en sê dat dit juis in sy pogings is om homself te verontskuldig of uit 'n verknorsing te red dat hy dikwels 'n ingewikkelde en teenstrydige spinnerak van blatante leuens weef en met behulp van toneelspel en oortuigende verduidelikings en beloftes hom uit hierdie knelpunt kan lospraat. As hy vasgetrek word, maak die psigopaat dadelik gebruik van leuentaal as 'n metode om blaam en straf vry te spring. Hierdie gedragswyse is nie alleen beperk tot bogenoemde

situasies nie, maar hy maak ook van leuentaal gebruik om sy eie aansien te verhoog en om voor vrinde die aandag te trek. Hy voel geen respek vir die waarheid of vir beloftes nie en alle beloftes is gewoonlik leeg omdat hulle slegs ingestel is op onmiddellike materiële of geestelike voordeel. Hy is dan in staat om met die grootste erns en eerlikheid onder eed die mees fantastiese leuens kwyt te raak. (21 Pagina 431). Dit is dus duidelik dat leuentaal een van die belangrikste meganismes is van die psigopaat, waarmee hy sy omgewing hanteer en mense manipuleer.

Gebrek aan Skuldgevoelens of Skaamte.

Volgens Cleckley aanvaar die psigopaat nie verantwoordelikheid vir sy dade of ongerief waarin hy sy slagoffers geplaas het nie. Hy ontken alle verantwoordelikheid ten sterkste en kan ook by wyse van toneelspel alle blaam op hom neem en skynbaar ernstige diep skuldgevoelens openbaar. Sou hy egter hierdie houding openbaar is dit gou deur sy daaropvolgende dade merkbaar dat hierdie stellings van hom ontbloot was van alle erns en slegs leë, betekenislose woorde was. Na meer noukeurige ondervraging met betrekking tot wat hom nou werklik soveel hinder, en waarom hy homself so blameer, kom 'n mens gou agter dat sy stellings vir homself geen betekenis inhou nie. Hy openbaar nie die minste skuldgevoel, skaamte of spyt nie, en dit is nie net waar ten opsigte van sake wat sy eie persoon of sy selfsugtige trots raak nie, maar dis ook waar ten opsigte van morele en humanitêre aspekte. (7 Pagina 375). Thornton praat ook van 'n defekte superego-ontwikkeling en het in ooreenstemming met Cleckley en die McCords se mening, ook bevind dat die psigopaat 'n algemene gebrek aan ware skuldgevoelens openbaar en slegs in staat is om hierdie sogenaamde gevoel na te boots. (50 Pagina 201). Tappen verwys ook na hierdie kenmerk en noem dit 'n gebrek aan gewete of 'n gebrek aan superego met 'n gevolglike afwesigheid van skuldgevoelens ten opsigte van die mens se foute en gebreke. (33 Pagina 137). Ook William en Joan McCord noem hierdie karaktertrek van die psigopaat as een van sy mees uitstaande eienskappe.

Hulle sê dan ook -

"But the psychopath, and this is a crucial trait, has few internalized feelings of guilt. In the usual sense, the psychopath has no conscience. He can commit any act with hardly a twinge of remorse." (24 Pagina 12).

Hy is dan bykans ook in staat om enige daad te pleeg sonder die geringste mate van skuldgevoel.

Cook, 'n psigopaat, se eie beskrywing van 'n moord wat hy gepleeg het, dien hier as goeie voorbeeld. Nadat hy 'n moeder en haar twee klein kindertjies in 'n motor ontvoer het, het hy sondermeer eers die kinders se dors geles, en hulle daarna koelbloedig doodgeskiet.

Die psigopaat openbaar dieselfde behoefte as ander mense, trek soos hulle aan en praat op dieselfde manier maar een van die belangrikste elemente is afwesig, nl. die gevoel van skuld. (24 Pagina 13).
Nie alleen word hierdie kenmerk van die psigopaat as 'n belangrike onderskeiding tussen hom en die normale mens genoem nie, maar die McCords noem verder dat dit hulle ook onderskei van die nie-psigopatiese misdadiger. Die sogenaamde erekode wat daar selfs in die kriminele onderwêreld heers, geld nie vir die psigopaat nie. En selfs in hierdie sub-kultuurgroep is hy onbetroubaar, sonder gewete en sal hy in sy eie belang teen die belange van die groep handel.
Die meeste persone bereik 'n stadium van ontwikkeling wat gekenmerk word deur 'n eie lewenstyl en emosionele volwassenheid. Dit is juis hier waar die psigopaat, as gevolg van ontwrigte jeugjare, faal en 'n onvermoë openbaar om te leer. Hy slaag nie daarin om 'n gesonde selfbeeld te ontwikkel nie en sy vermoë om langtermyn doelstelling na te streef en 'n volwasse gewete te ontwikkel skyn beperk te wees. Die McCords wys dan ook op talle navorsers soos Weinberg, White, David Henderson en Thornton wat dit almal eens is dat die psigopaat mank gaan aan skuldgevoelens en gewete. (24 Pagina 15).
Capote beskryf ook in sy boek die allesoorheersende kenmerk van twee jong psigopate wat 'n hele gesin om die lewe gebring het, naamlik hulle totale gebrek aan enige skuldgevoelens. Ook sy beskrywing van 'n jong man wat beide sy ouers om die lewe gebring het en sy uiters ongeërgde houding daarna en totale gebrek aan skuldgevoel, oorheers die hele beskrywing. (10 Pagina 314).
Ook Kennedy, 1954, in sy bespreking van die ontwikkeling van die psigopatiese persoonlikheid, noem die psigopaat se gebrek aan angs en skuldgevoel as 'n kenmerkende eienskap en skryf dit toe aan die gebrekkige integrasie van hierdie aspekte in die psigopaat se persoonlikheidsvorming. (44 Pagina 873).

<u>Ongemotiveerde of Impulsiewe Antisosiale gedrag.</u>

Cleckley vestig die aandag daarop dat die psigopaat nie alleen onbetroubaar is nie maar ook op 'n aktiewe manier sy drange sonder meer uitleef. Hy verkul, verlaat, lok aggressie uit, is betrokke in allerhande soorte struwelinge, faal en lieg sonder enige skynbare motief of dryfveer. Hy sal steel, vervals, owerspel pleeg en bedrog pleeg met werklik min aanleiding en selfs al is die beoogde beloning klein en die risiko om gevang te word baie groot. Dit wil voorkom asof hy selfs hierdie dade sonder enige werklike motief sal pleeg. Nogtans vind ons nie hier die gereelde patroon soos byvoorbeeld by dade van kompulsiewe diefstal of antisosiale dade wat onder groot spanning of druk gepleeg word nie.

"Evidence of any vividly felt urge symbolizing a disguise for specifically canalized instinctive drive is not readily available in the psychopath's wide range of appropriate and selfsetting behaviour." (7 Pagina 376).

Craft beklemtoon ook hierdie impulsiewe aspek van die psigopatiese persoonlikheid as 'n ewe belangrike eienskap en voer aan dat dit hoogs waarskynlik is waar die ou wetlike term van "irrestible impulse" vandaan kom. (6 Pagina 5). Ook Lindsay noem hierdie aspek van die psigopatiese persoonlikheid in sy indeling van psigopate en beskryf dit dan onder die sogenaamde "impulsiewe-aggressiewe" groep. In teenstelling met Cleckley heg hy 'n element van emosie aan hierdie kenmerk van die psigopaat. So byvoorbeeld merk hy op, "they may be taciturn, suspicious and unstable in their moods and sometimes depressed to the point of suicide. It is not infrequently, apart from these violent outbursts, that they are otherwise apparently normal people not so often dishonest as inadequate and frequently genuinely contrite with their inability to control themselves". Dit is dus duidelik dat die dikwels ongemotiveerde optredes van die psigopaat dus ook hier kenbaar is. Chornyak, 1940, beklemtoon ook die psigopaat se impulsiwiteit en wys daarop dat hy sy impulse ongekontroleerd uitleef, en dat sy gedrag gekenmerk word deur 'n totale gebrek aan sinvolle beplanning en dat hierdie gedrag slegs op eie en onmiddellike behoeftebevrediging ingestel is. Hy sê dan ook "selfcentredness and absolute selfishness characterises all his social relationships." (38 Pagina 1327). In hierdie verband merk Kraft ook op dat die psigopaat 'n uiters impulsiewe en suspisieuse persoon is wat sonder veel gevoel, selfsugtig, aggressief en eksplosief, onverskillig staan teenoor die materiële en sekere morele begrippe. (9 Pagina 149). Ook Ronald Lloyd en Stanley Williamson in hul beskrywings van Harry noem dan ook sy impulsiewe gedragswyse as een van sy uitstaande kenmerke. (22 Pagina 242). In aansluiting hierby sê Henderson dan ook dat hulle miskien in jare volwasse mag wees maar emosioneel is hulle so vertraag en agterlik en onbeheerd dat hulle soos gevaarlike kinders optree. (14 Pagina 384). Ook Walter Bromberg merk op dat "the defectiveness of the psychopath is however characterised by impulsiveness and the vigour beyond that seen in other clinical groups." (3 Pagina 98). In hierdie verband word die psigopaat se gedrag dus gekoppel aan 'n gebrek aan insig, die gevolge van hulle dade is van weinig betekenis en hulle tree dikwels op son manier op dat dit selfs vir hulle onverklaarbaar is en skyn heeltemal sonder enige motiewe te wees. (45 Pagina 113). Dit is dus duidelik dat ondersoekers oor die algemeen dit eens is dat die psigopaat dikwels sonder motivering op die mees irrasionele wyse tot impulsiewe gedrag kan oorgaan.

'n Onvermoë om te leer uit vorige ondervinding en swak oordeel.

Ten spyte van 'n dikwels bogemiddelde intellektuele vermoë openbaar die psigopaat 'n onverklaarbare gebrek aan gesonde oordeel veral ten opsigte van die bereiking van sy sogenaamde einddoel. Uitmuntende geleenthede om byvoorbeeld geld te maak of 'n versoening met sy vrou te bewerkstellig op sy vrylating uit 'n hospitaal of inrigting te bewerk, gaan heel dikwels by hom verby. So byvoorbeeld het Cleckley gevind dat die aanhouding van psigopate in psigiatriese inrigtings vir hulle 'n uiters onaangename ondervinding is en dat hierdie mense alles in hul vermoë sal doen om aanhouding te voorkom. Hy wys dan ook daarop hoe baie van hulle luidkeels beswaar maak teen hulle aanhouding saam met geestelik versteurde mense en die uiters onaangename omstandighede waaronder hulle dikwels verkeer. Hulle tel behoorlik die dae af tot vrylating net om uit te gaan, dronk te word en weer na die hospitaal teruggebring te word. Straf volgens Cleckley het dus weinig uitwerking op die toekomstige gedragspatroon van die psigopaat. (7 Pagina 377).

Ten spyte van die psigopaat se duidelike onvermoë om gesonde besluite ten opsigte van sy eie lewenssituasie te neem en om 'n gesonde oordeel in die alledaagse praktiese lewe te openbaar, besit hy tog die vermoë om intelligente oordeel te vel in die geval van teoretiese situasies. In uiters ingewikkelde sake, waar oordeel in verband met etiese, emosionele en ander faktore nodig is en waar slegs intellektuele logika vereis word, toon die psigopaat geen gebreke nie. So lank hy net nie regstreeks betrokke is nie, en solank die toets verbaal en abstrak is, vaar hy goed. Hy kan betekenisvolle voorstelle doen, en beslissings vel ten opsigte van ander en ook ten opsigte van homself solank as wat hy dit net nie in die praktiese lewe moet toepas nie. Wanneer die toets van toepassing kom, vind ons hom ontoereikend en word hierdie kenmerk geaksentueer. (7 Pagina 377).

In aansluiting hierby verklaar Harrington dat daar wel stil periodes in die lewe van die psigopaat voorkom met tekens van stabiliteit en voorspellings van 'n nuwe blaadjie wat omgeslaan word en 'n nuwe tipe lewe word dan maklik op besluit, en dit wil voorkom asof die persoon nou sy les geleer het. Maar die psigopaat openbaar 'n sonderlinge onvermoë om uit vorige ondervinding te leer. Straf dien hier nie as afskrikmiddel nie. Die rede hiervoor moet skynbaar gesoek word in die feit dat 'n gebrek aan neurotiese angs kenmerkend is van die psigopaat se persoonlikheid. Dit is dan juis hierdie gebrek aan werklike angs wat volgens Bud verantwoordelik is daarvoor dat die psigopaat nie uit sy vorige foute leer nie al word hy daarvoor gestraf.

/ 0...

"Evidently stimuli that warn of subsequent punishment do not elicit sufficient anxiety to inhibit the tabooed response." (4 Pagina 436.)

Dit is dan ook juis hierdie kenmerke van die psigopatiese persoonlikheid wat tot ꞌn hoër syfer van residivisme kan aanleiding gee en sy verwarde insig verder beklemtoon.

Egosentrisiteit en onvermoë om lief te hê.

Die mate van egosentrisiteit in die psigopaat se algemene gedrag en persoonlikheid is dikwels verstommend. Dat hierdie verskynsel eie is an alle mense, is waar, maar die intensiteit hiervan word goed in die psigopaat se persoonlikheid illustreer deur die feit dat liefde vir ꞌn spesifieke objek buite homself vir die psigopaat skynbaar onmoontlik is. (7 Pagina 378). Cleckley beweer verder dat dit moontlik nie waar is dat ꞌn psigopaat absoluut ontdaan is van hierdie spesifieke emosie nie. Maar hy beweer tog, "he is plainly capable of casual fondness of likes and dislikes and of reactions that one might say cause others to matter to him. His affected reactions are however always strictly limited in degree". (7 Pagina 379). Cleckley glo dus dat die psigopaat selfs ten opsigte van sy kinders en vrou slegs ꞌn baie beperkte gevoel van toegeneentheid kan ontwikkel. Ook Karpman lê klem op die egosentriese ingesteldheid van die psigopaat en sy absolute onvermoë om bindende verhoudings met ander mense aan te knoop. (7 Pagina 250).

Hare verwys na die klem wat daar reeds by navorsers op hierdie aspek van die psigopatiese persoonlikheid geplaas is. Hierdie duidelike gebrek aan empatie en die onvermoë om warm emosionele kontak met ander te maak het daartoe aanleiding gegee dat die psigopaat ander mense slegs as voorwerpe beskou in plaas van persone, en sy onvermoë om skuldgevoelens te ontwikkel word direk aan hierdie kenmerk gekoppel. (15 Pagina 7).

Tappen sien ook hierdie kenmerk as ꞌn gebrek aan gevoel vir ander en wys op die implikasie wat hierdie gebrek het op die algemene kriminele gedrag van die psigopaat, nl. dat sy algemene ongeërgdheid ten opsigte van sy medemens direk daartoe aanleiding gee dat gewetenloosheid en uitbuiting maklik hoogty vier. (35 Pagina 137).

McCord en McCord lê ook sterk klem op die liefdeloosheid van die psigopaat en wys op navorsing van Maslow, wat daarop neerkom dat die psigopaat in werklikheid tot al onmagtig is om enige werklike liefde te ervaar. Die McCords stem dan ook saam dat die psigopaat se oppervlakkige verhoudings en sy afgestompte vermoë tot liefde duidelik is, maar wys daarop dat daar tog blyke is dat hy wel sekere spore van liefde openbaar. So byvoorbeeld

is daar gevalle bekend waar die psigopaat wel met byvoorbeeld sy terapeut identifiseer het. (24 Pagina 16). Hulle kom egter nog tot die gevolgtrekking dat die psigopaat alle warm emosionele kontak vermy, miskien as gevolg van die feit dat hy nooit geleer het om hierdie bande te bind of omdat hy totaal onmagtig is om dit wel te doen.

"In any case his lovelessness sets him apart as a uniquely isolated individual."

Buss beklemtoon weer die psigopaat se egosentrisiteit en sê -

"The psychopath having no empathy, cannot see himself as others do, his own egosentricity prevents him from recognising how childishly selfish, his own demands really are." (4 Pagina 434).

Hy gaan verder en noem ook die liefdeloosheid van die psigopaat en sê dat hierdie kenmerk gepaard gaan met 'n onvermoë om met ander te identifiseer. d.w.s. met individue of met groepe. Daarom is sy verhoudings dan ook oppervlakkig en het hy geen lojaliteit ten opsigte van die individu of die groep nie en hy behoort werklik by geen sosiale groep tuis nie. (4 Pagina 435). Buss kom dan ook tot die gevolgtrekking dat die psigopaat uiters egoïsties is, selfsugtig en skynbaar onbewus van die bestaan van sy medemens. Mense word slegs as voorwerpe gesien en vervul dieselfde funksie as bronne van plesier of een of ander metode van ontvlugting. (4 Pagina 433).

Navorsers is dit dus eens dat egosentrisiteit en liefdeloosheid 'n baie belangrike kenmerk van die psigopaat se persoonlikheid is.

Gebrekkige algemene respons.

Volgens Cleckley toon die psigopaat voorts 'n algemene gebrek aan natuurlike respons. Alhoewel dit somtyds wil voorkom asof hy opgewonde raak en selfs van woede skreeu, entoesiasme aan die dag lê of trane van berou stort of sy berou uitspreek oor dit wat hy moontlik verkeerd gedoen het, kom die noukeurige waarnemer egter gou tot die gevolgtrekking dat ons hier eintlik te maak het met 'n besondere vermoë tot vertoon en nie 'n werklike uitdrukking van emosie nie. (7 Pagina 380). Cleckley voer aan dat -

"the vexation, spite, quick and labile flashes of quasi affection, peevish resentment, shallow moods or self-pity, puerile attitude of vanity and absurd and showy poses of indignation are all within his emotional scale and are freely sounded when circumstances of life play upon him." (7 Pagina 380).

Begrippe soos ware trots, werklike berou, eerlike verontwaardiging en woede en werklike vreugde is begrippe wat nie binne die psigopaat se emosionele

skaal val nie. Hoewel hy rusteloos en opstandig word onder gevangenistoestande of toestande van aanhouding toon hy nooit gewaarwordinge van werklike moedeloosheid, berou of smart nie. Die psigopaat is nie in staat om te treur soos normale mense treur nie. (7 Pagina 381).

Juis as gevolg van Cleckley se siening dat die psigopaat nie oor bogenoemde emosionele gewaarwordinge beskik nie is die gebruik van sekere terme deur navorsers soos byvoorbeeld angs, opgewondenheid, ens. in die bespreking van die psigopatiese persoonlikheid vir hom nie wetenskaplik gegrond nie. (7 Pagina 381).

Buss haal ook 'n paar eksperimente aan van onder andere Hetherington en Klinger wat onderneem is in verband met angs by psigopate. Hy bespreek sommige van hierdie eksperimente en kom tot die gevolgtrekking dat daar by psigopate in werklikheid baie min angs teenwoordig is. Hierdie gebrek aan angs word weereens in verband gebring met sy onvermoë om uit vorige ondervinding te leer en sy besonders lae spanningsdrempel. Ook Harrington beklemtoon hierdie aspek van die psigopaat se persoonlikheid en praat van die psigopaat as "detached and unconcerned the mark of clinically diagnosed psychopaths everywhere except during brief flare-ups of temper". (17 Pagina 32).

Hy wys vervolgens na die Mansonmoorde en beweer dat hier 'n psigopatiese mag losgelaat was en vergelyk Manson self met iemand soos Rasputin wat 'n magiese mag oor sy onderdane uitgeoefen het. (17 Pagina 32). Hy beweer dat dit een van die opvallende kenmerke van psigopate is wat byvoorbeeld gearresteer word vir rusverstoring, vervalsing, ontvoering van kinders of moord, dat hulle met uiterste ongeërgdheid reageer en dat sy woede-uitbarstings en ander emosionele manifestasies slegs slim toneelspel is. (17 Pagina 15).

Dit is opvallend dat hierdie kenmerk van die psigopatiese persoonlikheid veral beklemtoon word deur mense wat uit die aard van hulle beroep baie praktiese ondervinding van die psigopaat en sy manipulasietegnieke het.

Gebrek aan insig.

Cleckley beweer dat die psigopaat se gebrek aan insig van so 'n aard is dat dit vergelykbaar is met die van die psigoot. Oppervlakkig skyn dit asof hy wel 'n goeie insig het wat ruimte, plek en tyd betref, maar "he has absolutely no capacity to see himself as others see him. It is perhaps more accurate to say that he has no ability to know how others feel when they see him or experience subjectively anything comparable about the situation." (7 Pagina 383). Bogenoemde is verbasend as 'n mens die psigopaat se vermoë om na te boots in gedagte hou, sy redenasievermoë

/33...

ken en dit voor oë hou en dat hy van geen delusies of ander tekens van gewone psigose ly nie. In plaas daarvan om die ware feite onder oë te sien en te verwerk is hy gedurig besig om te projekteer en d.m.v. fyn rasionalisasie die oorsaak van sy probleme by ander te soek. Dit mag egter ook gebeur dat hy selfs skuld erken en sy eie posisie amper vanuit 'n psigiatriese oogpunt objektief beskou en ontleed, maar dit is gou duidelik dat sy gevolgtrekkings min of geen betekenis vir homself inhou nie. Die wetenskaplike kennis wat hy mag openbaar in verband met die psigopatiese persoonlikheid, literatuur wat hy kan aanhaal en verbasende diagnostiese stellings wat hy kan maak, beteken skynbaar weinig en is leeg en vals en word nooit sy eie nie. (7 Pagina 384).

Juis a.g.v. hierdie gebrek aan insig vind die psigopaat dit uiters moeilik om te begryp waarom sy familie en belanghebbende persone hom gedurig kritiseer, hulle met sy lewe bemoei of hom teengaan. Sy werkgewer wat tot 'n paar uur tevore slegs geprys is, word nou skielik iemand wat op sy plek gesit moet word en wat vir sy kleinlikheid verag moet word. Die polisieman vir wie hy nog verlede week kaartjies vir die braaivleis voorsien het omdat hy so'n lekker kêrel is, is nou skielik 'n inmengerige, onnosele vent wat nie sy neus in sy eie sake kan hou nie. (7 Pagina 427).
Die psigopaat kan maar net nie begryp dat ander mense nie kan dink en kan redeneer soos wat hy kan doen nie.

Grough, 1947, noem ook die psigopaat se onvermoë om enige insig in sy eie probleem te openbaar. Die gevolge van sy dade hou vir hom geen betekenis in nie en hy is nie in staat om sy eie gedrag in terme van ander se standpunt te interpreteer nie. Emosies soos skaamte, ongemaklikheid, lojaliteit ens. is aan hom vreemd. Die regverdigheid van straf en misnoë met sy eie afkeurenswaardige gedrag, is vir hom onbegryplik en sy onvermoë om met 'n ander persoon of 'n ander se standpunt te identifiseer, word duidelik deur sy gedrag weerspieël. (41 Pagina 364).

Passiewe interpersoonlike verhoudings.

Daar kan nie van die psigopaat verwag word om normaal te reageer op toegeneentheid en vertroue wat daar in hom gestel word of op spesiale inagneming van sy behoeftes nie. Dit maak weinig saak hoe hy behandel word, hoe konsidererend sy vriende, familielede en die polisie teenoor hom optree en hoeveel mense vir sy algemene welsyn opoffer. Hy vertoon weinig blyke van enige waardering behalwe miskien oppervlakkige deursigtige beswaartjies wat hy mag opper en sal net blyke hiervan gee as hy voel dat hy persoonlik munt daaruit kan slaan. Selfs die beginsel dat een goeie daad 'n ander

regverdig, wat selfs onder primitiewe volke aangetref word en wat ook in die onderwêreld van die misdadiger dikwels geld, het vir die psigopaat weinig inhoud of betekenis en hy mag moontlik slegs hiervan gebruik maak as hy besig is om te manipuleer om op parool vrygelaat te word of uit ŉ hospitaal ontslaan te word. Oppervlakkig beskou, spreek sy dade dikwels van gulhartigheid en van groot opofferings. Maar die psigopaat wat byvoorbeeld ŉ duisend rand op ŉ mooi vrou sou spandeer doen dit sonder om ŉ tweede gedagte te gee aan sy eie vrou en kinders tuis wat moontlik honger ly.

"The psychopath who causes his parents hardship and humiliation by repeatedly forging cheques and by causing his wife anguish by sordid relations with the housemaid, may gain a considerable reputation in the community by so often volunteering to cut the grass for the frail old lady across the street, by bringing a bottle of sherry every now and again to the bedridden Mr. X., or by leaving his work to take a neighbour's cat to the veterinary. (7 Pagina 385).

Ook Kisker, 1960, noem hierdie aspek en beweer dat die psigopaat nie in staat is om blywende vriendskapsbande aan te knoop wat op wedersydse vertroue en toegeneentheid berus nie. Vriendskappe word slegs met ŉ narsistiese doel voor oë gesluit en is nooit blywend van aard nie. (18 Pagina 232).

Henderson som hierdie kenmerk van die psigopaat op deur te sê dat die psigopaat totaal faal in sy aanpassing by die werklikheid en dat hy nie die lewe kan aanvaar soos dit is nie. Hy lei ŉ onafhanklike, individuele soort van bestaan, heeltemal blind ten opsigte van sy plig, en ontdoen van medelye vir sy naasbestaandes en vriende. "He suffers from insanity of altruistic feelings". (45 Pagina 109).

<u>Fantastiese of Afkeurenswaardige gedrag met of sonder drank.</u>

Cleckley lê groot klem op die irrasionele en onvoorspelbare, dikwels bizarre gedrag wat die psigopaat openbaar onder die invloed van drank. Hy wys daarop dat die psigopaat se motiewe vir drankmisbruik, sy drinkpatroon en die effek wat drank op die psigopaat se reaksies en handelinge het, dikwels van die van byvoorbeeld die neuroot verskil. (7 Pagina 390).

Die besondere reaksiepatroon van die psigopaat onder hierdie omstandighede word in ŉ latere hoofstuk meer breedvoerig bespreek. Vir doeleindes van hierdie hoofstuk is dit egter belangrik om daarop te let dat die gedragspatroon van die psigopaat dikwels daarop neerkom dat dit skyn asof hy hom doelbewus in ŉ onbenydenswaardige en dikwels skandelike omstandighede laat beland. Hy maak dikwels gebruik van situasies en gebruik dikwels poetse, om ander mense te verkleineer - iets wat die gewone persoon nooit sal doen

/35...

nie hetsy onder invloed van drank of sober. Die waarnemer staan dikwels verstom oor die verbasende genialiteit wat die psigopaat aan die dag lê om dinge te fabriseer en dat hy dikwels met woorde en dade wegkom wat die gemiddelde man homself beswaarlik kan indink. (7 Pagina 291).

Kraft het veral hierdie kenmerke aan sy "Immature Group" toegeskryf. Hy beweer dat hierdie mense uiters impulsief en dikwels aggressief teenoor mense en materiële goed staan en dikwels vernietigend optree, en dat hulle lewe deurspek is van onvoorspelbare en selfs strafbare handelinge.

McCord en McCord beklemtoon hierdie neiging van die psigopaat en beweer dat dit wil voorkom asof die psigopaat, maar as die gewone mens, daarop uit is om opwinding te put uit veranderlikheid. Waar die gemiddelde mens gewoonlik geïnteresseerd is in opwinding en sekuriteit, speel laasgenoemde geen rol by die psigopaat nie. Dit wil voorkom asof hy bereid is om alles op te offer terwille van opwinding en sy eie behoeftebevrediging is al wat sedert sy vroegste kinderjare tel. Verandering word 'n motief en 'n dryfveer in sigself en verskaf aan hom die grootste plesier. (24 Pagina 9) Hierdie kenmerk van die psigopatiese persoonlikheid is dan ook nou gekoppel aan sy drang tot onmiddellike behoeftebevrediging.

Selfmoord wat selde uitgevoer word.

Cleckley voer aan dat die psigopaat in werklikheid selde of ooit selfmoord pleeg. Ten spyte van die tendense in sy persoonlikheid om te vernietig, geleenthede in die lewe weg te gooi, en ander negatiewe optrede, slaan die psigopaat selde sy hand aan sy eie lewe. Hy sê verder dat sekere waarnemers al dikwels hierdie neigings aan psigopate toegeskryf het, maar voer aan dat hierdie gevolgtrekking gemaak is a.g.v. verkeerde klassifikasie en dat mense wat in werklikheid geen psigopaat is nie, verkeerdelik onder hierdie groep gereken is. (7 Pagina 393). Die moontlikheid dat die psigopaat wel selfmoord kan pleeg is 'n rare verskynsels. Die feit word verder meer opvallend as in gedagte gehou word dat psigopate normaalweg nie mense is wat lank in psigiatriese hospitale of ander beskermde omstandighede aangehou word nie; en verder as in gedagte gehou word dat juis die psigopaat, a.g.v. sy verwarde lewe wat hy voer, dikwels in omstandighede beland waar normale mense selfmoord sterk sal oorweeg of sal pleeg. Dat die psigopaat wel selfmoord of poging tot selfmoord as 'n manipulasietegniek gaan aanwend, is voor die hand liggend, veral as die dramatiese effek daarvan in ag geneem word. (7 Pagina 394).

Swak geintegreerde seksuele lewe.

Navorsers het gevind dat die psigopaat se seksuele lewe dikwels verward en sekere eienaardighede toon. Cleckley beweer dat, soos ook by baie ander mense, die psigopaat by uitstek geneig is tot onvolwasse en afwykende seksuele praktyke. Anders as ander het die psigopaat egter slegs die kleinste vorm van stimulasie nodig om tot hierdie afwykende gedrag oor te gaan.

"Even the most faintest or fleeting notion or inclination to forge a cheque, to steal his uncle's watch, to see if he can seduce his best friend's wife, or to have a little fling at Fellatio is by no means unlikely to merge as the deed." (7 Pagina 394).

Gesien in terme van die reeds genoemde feit van sy geaksentueerde onvermoë tot ware liefde vir 'n ander persoon, is sy seksuele lewe ontbloot van enige begrippe soos 'n begeerte om te plesier of om die behoeftes van 'n maat in ag te neem of 'n ondervinding met 'n maat te deel. Die seksuele daad self hou dus min emosionele kleur in en word op baie argelose wyse bejeen. Vir die manlike psigopaat hou die seksdaad dus niks betekenisvol of persoonliks in nie en lewer geen bydrae tot die versterking van enige verhouding nie en is slegs ingestel op onmiddellike behoeftebevrediging. (7 Pagina 395).

Cleckley noem ook die dikwels verbasende houvas wat die psigopaat op sekere vrouens het. Juis as gevolg hiervan het die idee ontstaan dat die psigopaat 'n romantiese viriele vryer is. Maar hierdie mense vaar in werklikheid uiters swak op hierdie terrein en die erotiese sy van die seksuele hou in werklikheid min vir die psigopaat in. (7 Pagina 207). Dit wil dus voorkom asof ook die psigopaat se seksuele lewe soos die res van sy persoonlikheid ontdoen is van enige fynere emosionele nuanses.

Onvermoë om enige langtermyndoel na te streef.

Cleckley het bevind dat dit van die uitstaande kenmerke van die psigopatiese persoonlikheid is dat hy oor 'n duidelike onvermoë beskik om 'n langtermyndoel na te streef. Inteendeel, dit lyk soms asof hy uit sy pad gaan om deur middel van irrasionele en soms geklike optrede enige strewe na 'n langtermyndoel kort te knip. In die praktyk kan die psigopaat selfs in geen gekeurde posisie geplaas word nie, en een of ander tyd sal hy daarin slaag om uiteindelik 'n mislukking te maak en "in spectacular and bizarre splendour" onder te gaan. (7 Pagina 395).

Cleckley beklemtoon ook dat as die lewe van 'n psigopaat oor 'n periode waargeneem word, hierdie neiging dikwels aan absolute gekheid grens. As dit

verder in ag geneem word dat ons hier te doen het met ṇ persoon wat in werklikheid heel gebalanseerd en intelligent voorkom en algemeen as rasioneel en geestelik gesond aanvaar word, dan is dit duidelik dat ons hier met ṇ unieke tipe van kenmerk te doen het. Ons vind dat die psigopaat slegs in naam gebalanseerd is. "We find instead a spectacle that suggests madness in excelsus." (7 Pagina 395).

Ook Bromberg verwys na hierdie kenmerk as een van die uitstaande kenmerke van die psigopatiese persoonlikheid, en sê, "there is a disinclination to seek anything but immediate gain from his visibly sustained efforts." (3 Pagina 54). Ook McCord en McCord lê klem op hierdie aspek en wys daarop dat die psigopaat se lewe slegs gedomineer word deur afwisselende en verbygaande begeertes wat geen ruimte laat vir langtermynbeplanning nie. Lindner en Bender het op dieselfde neiging gewys. (24 Pagina 10). Onvermoë van die psigopaat om ṇ langtermyndoel na te streef is kenmerkend van sy lewenspatroon en soos ons later sal aandui, ṇ belangrike onderskeidingsaspek.

Aggressie.

Hoewel navorsers soos byvoorbeeld Cleckley, hierdie eienskap nie as eie aan die psigopaat beskou nie, is daar tog baie ander navorsers wat meen dat aggressie ṇ inherente deel van die psigopaat se persoonlikheid is. So byvoorbeeld het Bromberg reeds in sy werk melding gemaak van wat hy genoem het, "the paranoid psychopath". Hieronder het hy verstaan psigopate wat dikwels in sake van aanranding en moord betrokke is. (3 Pagina 57). Gekoppel hieraan praat hy dan ook van die werklike aggressiewe misdade soos byvoorbeeld moord en ernstige aanranding wat ontdoen is van alle moontlike simboliek en sterk emosionele dryfvere. Oortreders wat in hierdie tipes misdaad betrokke was, klassifiseer hy as aggressiewe psigopate. (3 Pagina 64)

Ook Henderson en Gillespie klassifiseer psigopate in drie kategorieë, nl. die skeppende, die passiewe en dan die aggressiewe psigopaat. Die uiterste aggressie van hierdie psigopaat is gevolglik nie ṇ volgehoue poging nie, maar kom in korter of langer periodes voor en word dikwels gevolg deur ṇ periode van relatiewe kalmte en heelwat insig in die gebeurtenis. Sy aggressie is nie net na buite gerig nie maar dikwels ook teen homself en manifesteer dikwels in selfmoord, moord, alkoholisme, verslawing aan verdowingsmiddels, epilepsie en seksuele perversiteite. (14 Pagina 391). Karpman het ook ṇ soortgelyke indeling gehad en beskryf sy aggressiewe psigopate as daardie psigopatiese individue wat hulle behoeftes op ṇ uiters aggressiewe wyse vervul en koelbloediglik en aktief neem wat hy wil hê.

Tappan noem weer aggressie by die psigopaat as ŉ algemene kenmerk en nie as ŉ tipologie nie. In teenstelling met Bromberg praat hy dan ook van aggressie wat alleenlik na buite gerig is, d.w.s. teen die omgewing en dat daar nie sprake is van selfgerigte aggressie of van enige onderdrukking van egoïstiese dryfvere nie. (35 Pagina 138).

Kraft praat ook van onvolwasse groepe psigopate, die ontoereikende swerwers en laastens van die uiters aggressiewe psigopate. Hy beskryf dan ook laasgenoemde as meer ontdoen van alle emosies, meer ingestel op onmiddellike behoeftebevrediging en uiters moeilik om te behandel. Hierdie mense word dikwels geassosieer met sterk vyandige onderstrominge in sy huislike agtergrond en is dan dikwels ook daardie psigopate wat in die gevangenis beland en as ernstige residiviste bestempel kan word. (8 Pagina 215). Lindsay praat ook van die impulsiewe aggressiewe groep psigopate en van periodieke woedeuitbarstings wat dikwels deur onbenullige insidente ontketen word. Hy stel dit dan ook baie duidelik dat indien ŉ psigopaat tot woedeuitbarstings kom, hy baie meer aggressief as die normale persoon optree en dat dit hom juis ŉ baie gevaarlike individu maak. (20 Pagina 89). Talle ander ondersoekers maak ook melding van die aggressiewe psigopaat, soos byvoorbeeld Donovan en Bercroft. (2 Pagina 142). En Frankenstein wat die brutale vernietigende psigopaat beskryf as vyandig en aggressief met wreedheid en vernietiging as bronne van bevrediging. Hy koppel hierdie neiging aan ŉ negatiewe identifikasie met die moederfiguur. (21 Pagina 438). Navorsers soos Pennington en Fairweather beskryf ook die kriminele psigopaat as afsydig, koud, vereensaamd met ŉ swak geïntegreerde persoonlikheidsamestelling en sê dan, "he is strongly attention seeking, demanding and overtly aggressive." (26 Pagina 418).

Die belangrikheid wat McCord en McCord ook aan hierdie eienskap van die psigopaat heg kom duidelik na vore in hulle definisie van psigopatie, "the psychopath is an anti-social, aggressive, highly impulsive person, who feels little or no guilt, and is unable to form lasting bonds of affection with other human beings". (24 Pagina 3). Dit is egter belangrik dat hulle ook die aggressie van die psigopaat as deel van sy persoonlikheidsamestelling sien eerder as ŉ tipologie. Hulle sê dan ook dat die psigopaat se antisosiale gedrag dikwels manifesteer in brutale aggressie. Hy is nie ŉ passiewe neuroot wat net daarop ingestel is om homself seer te maak en ook nie ŉ angsvolle psigoot wat hom terugtrek van alle menslike kontak nie.

Die psigopaat se ongeïnhibeerde gesoek na plesier bots dikwels met die beperking van die samelewing en hierdie konflik loop dikwels op aggressie uit. Hulle wys daarop dat die psigopaat se aggressie met weinig stimuli

ontlok kan word en som dit so op -

"The normal man has learned to control aggression. He reacts to frustration with sublimation, with constructive action, with withdrawal, less often with aggression. The psychopath, on the other hand, characteristically reacts to frustration with fury." (24 Pagina 11).

Die McCords het egter ook bevind dat die psigopaat dikwels 'n poging aanwend om beheer oor sy aggressie uit te oefen maar dat ook hierdie begeerte, soos die ander slegs tydelik van aard is en dat enige vorm van beheer, hoe klein ookal, gou die psigopaat irriteer en hy verwerp dit dan sondermeer. (24 Pagina 12).

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die aggressiewe tendens in die psigopaat se persoonlikheid van soveel belang en so opvallend is dat navorsers dikwels in hul indeling van tipologieë die aggressiewe psigopaat as 'n entiteit beskryf het. Latere navorsers was egter meer geneig om aggressie te sien as 'n inherente deel van die psigopaat se persoonlikheid.

Onmiddellike behoeftebevrediging.

Hierdie tendens by die psigopaat word nie altyd so pertinent deur alle navorsers genoem nie, dog volgens die literatuur vorm dit so 'n inherente en belangrike deel van die psigopaat se persoonlikheid dat baie van sy gedrag in terme van hierdie neiging interpreteer kan word. So byvoorbeeld bestaan daar volgens Lindsay 'n baie noue verband tussen die psigopaat se aggressiewe neigings en behoefte aan onmiddellike behoeftebevrediging en hulle praat dan ook van die impulsiewe aggressiewe groep en sê -

"They are cursed by an apparent inability to restrain their impulses". (20 Pagina 89).

Ook Aichorn praat van hierdie neiging by sy afwykende jeugdiges en beweer dat hierdie persone oorheers word deur 'n sterk dominante genotsbeginsel en dat strewe na behoeftebevrediging met min remminge gepaardgaan. Die werklikheid met sy latere onaangename gevolge bestaan vir die huidige glad nie. (1 Pagina 205). White praat ook van hierdie neiging en skryf dit toe aan 'n onderontwikkelde superego en 'n gevolglike onvermoë van die persoon om sy sterk instinktiewe drange te beheer of sy kinderagtige standaarde so te wysig dat dit aanvaarbaar word. (25 Pagina 61). Kisker sluit hierby aan en sê -

"The anti-social personality seems unable to postpone his satisfactions. Like the young child, he insists upon the immediate satisfaction of his needs. He engages in impulsive actions, without thought for the future, without regard for their effect on other people and without concern for damaging implications for himself." (18 Pagina 231).

/40...

Ook Redl en Wineman beskryf hierdie tendens in hulle studie van aggressiewe afwykende kinders. Die oomblik dat hierdie kinders verveeld is gaan hulle oor tot wilde ontwrigtende impulsiewe gedrag, "then too they cannot wait for anything. Whatever they want has to be granted now and if it is not they break down into seething hostility." (27 Pagina 17).

Stafford-Clark verklaar dan ook onomwonde, "psychopaths want what they want immediately whatever the consequences." (31 Pagina 62). Hulle is net nie in staat om terwille van toekomstige stabiliteit en sukses bevrediging van hulle behoeftes uit te stel nie. Hulle tree impulsief op, leef hulle fantasieë uit en 'n toekomsperspektief en wysheid is nie deel van hulle samestelling nie.

"They attempt instead to distort and misinterpret reality to make it fit their own self-centred concepts." (31 Pagina 62).

McCord en McCord wys dan ook daarop dat die gemiddelde kind reeds by die ouderdom van 2 jaar kompromie moet maak met die beperkings van sy omgewing. Hy leer gou om sy behoeftebevrediging uit te stel en konsidererend ten opsigte van sowel sy moeder se behoeftes as sy eie op te tree. Die psigopaat leer egter nooit hierdie les nie. Hy wysig sy behoeftes nie en hy sien die behoeftes van ander sonder meer oor die hoof. Narsisme is kenmerkend van die psigopaat en hy is geheel en al op homself aangewese met slegs een doel voor oë, nl. om sy eie behoeftes te bevredig. (24 Pagina 9). Die McCords voer ook aan dat baie van die psigopaat se antisosiale gedrag na hierdie neiging in sy persoonlikheid teruggevoer kan word. (24 Pagina 9). Aansluitend hierby beweer Buss dat die psigopaat onmiddellike behoeftebevrediging van elke impuls eis. Afgesien van sy kinderagtige neiging om sy behoeftebevrediging te vertraag en bevrediging te ontbeer, soek die psigopaat ook nog aktief na opwinding. Hierdie neiging lei dan weer daartoe dat hy hom vergryp aan alkohol en verdowingsmiddels en enige gevaarlike avonture op sy pad.

"His lack of inhibition is accompanied by a disdain of negative consequences. The psychopath does apparently not anticipate injury or punishment. Such consequences are apparently beyond his comprehension." (21 Pagina 432).

Hy is net nie daartoe in staat om die gaping tussen onmiddellike behoeftebevrediging en plesier, en toekomstige straf te oorbrug nie. Hierdie tipe handeling by die neurot is daarop ingestel om angs vry te spring, maar hierdie tipe optrede by die psigopaat is slegs daaraan toe te skryf dat hy absoluut ingestel is op onmiddellike behoeftebevrediging. (21 Pagina 435). Dit is dus duidelik uit bogenoemde dat hierdie spesifieke kenmerk van 'n psigopaat, nl. dat hy skynbaar nie in staat is om die bevrediging van sy

behoeftes te modifiseer en uit te stel nie, en dat hy in die uitleef daarvan die behoeftes van ander persone nie in ag neem nie, dus baie van sy antisosiale optrede, en dikwelse verval, in patalogie verklaar. In aansluiting hierby, verklaar J.P. Roux ook dat daar by al sy proefpersone 'n swak ontwikkelde waardesisteem en oorheersing deur die impulsiewe was wat op onmiddellike behoeftebevrediging ingestel is. Daarom dan ook is die genotsbeginsel die vernaamste gedragsbepaler en vind ons swak geïntegreerde persoonlikhede met 'n neiging tot impulsiwiteit. Weinig selfaanvaarding en 'n swak sin vir verantwoordelikheid en 'n innerlike gebrek aan kontrole en stabiliteit is teenwoordig. (46 Pagina 72).

SAMEVATTING.

Pitzer en Denzim som min of meer al bostaande kenmerke op en sê dat die psigopatiese persoonlikheid hoofsaaklik gekenmerk word deur sy impulsiewe gedragswyse en 'n onvermoë om betekenisvolle en standhoudende verhoudings met ander persone aan te knoop en om homself in interpersoonlike verhoudings enigsins te identifiseer. Swak insig en 'n gebrek aan langtermynbeplanning is opvallend en die nastreef van langtermyndoelstellings, en die voor die handliggende gebrek aan angs, 'n gebrek aan insig in sy eie probleme, 'n neiging om alles op ander te projekteer en verantwoordelikheid te ontduik, ander vir sy mislukkings te blameer, die opgaan in onbenulligehede en onbenullige situasies, sy onwilligheid om verantwoordelikheid te aanvaar en sy absolute emosionele afgestompheid, is almal kenmerkend.

Uit die literatuur het dit verder ook duidelik geblyk dat die voorkoms van 'n enkele losstaande psigopatiese eienskap nie noodwendig op 'n psigopatiese persoonlikheid dui nie, maar dat indien die uitstaande eienskappe wel in een persoon manifesteer, dit wel 'n sterk aanduiding van 'n psigopatiese persoonlikheid kan wees. Dit is ook duidelik dat 'n persoon nie noodwendig krimineel moet optree of in 'n inrigting opgeneem moet word indien hulle wel psigopaties is nie en dat hierdie mense nie sondermeer uitkenbaar is nie. Dit is egter waar dat die psigopaat uit die aard van sy persoonlikheid meer in botsing sal wees met die aanvaarde norme van die gemeenskap en 'n mens sal verwag dat hy 'n groter bydrae sal lewer tot jeugmisdaad en die gevangenisbevolking. Juis as gevolg van die psigopaat se besondere optrede en gesteldheid is hy an gedurig in botsing met die samelewing. Toekomstige beloning en straf speel geen rol in sy eie toekomsplanne nie en dit affekteer sy huidige gedrag baie min. Hy bots herhaaldelik met outoriteit en is aangewese op die gebruik van slim manipulasie tegnieke, blatante leuens en uitstekende toneelspel om hom uit hierdie moeilike situasies los

te wikkel. Juis as gevolg van sy besondere vermoë om toneel te speel en te simuleer, is hy moeilik identifiseerbaar en 'n noukeurige studie van die psigopaat se verlede, sy handelinge, sy spesifieke ingesteldheid ten opsigte van die realiteit en sy huidige gedragsmanifestasies is noodsaaklik indien hy korrek gediagnoseer moet word. Die praktiese probleme wat egter opduik met die identifisering van die psigopaat word in Hoofstuk 4 breedvoerig bespreek.

ETIOLOGIE

Inleiding

Die pasgebore baba beskik oor geen inhibisies nie. Die baba het ook geen skuldgevoelens nie, en hy gee vryelik teuels aan al sy drange. "In these traits at least all men are born psychopaths." (24 Pagina 56).

Maar al gou begin die baba 'n behoefte aan liefde toon en 'n behoefte om liefde te gee word duidelik. Die kind leer om sy impulse te beheer en om homself aan te pas by die eise wat sy omgewing aan hom stel, met ander woorde, al gou ontwikkel die kind innerlike kontrole en die normale baba verkry wat McCord noem "human nature". (24 Pagina 56). Die vraag ontstaan nou waarom alle kinders nie hierdie suksesvolle oorganstadium bereik nie. Waarom beskik sommige kinders oor som ontoereikende innerlike kontrole? Waarom is hulle nie in staat om warm emosionele verhoudings met ander mense aan te knoop nie, en wat staan in hulle weg dat skuldgevoelens nie ontwikkel word nie, en waarom reageer hulle op frustrasie op som kinderagtige wyse?

Uit die literatuur wil dit voorkom dat navorsers in hul poging om 'n antwoord op hierdie vrae te vind hoofsaaklik die veroorsakende faktore vir die psigopatiese persoonlikheid op drie terreine nagevors het.

Oorerwings- en konstitusionele faktore -

Dit wil voorkom asof daar 'n aansienlike aantal navorsers is wat die psigopaat se besondere persoonlikheidseienskappe toegeskryf het aan biologiese en oorerwingsfaktore. Hulle verwys dan ook gewoonlik na "constitutional psychopaths and constitutional psychopathic inferiority" wat hierdie tipe etiologie uitbeeld. (35 Pagina 137). Die idee van "moral sense" veroorsaak deur "moral insanity" is reeds deur mense soos Pritchard, Pinel en Krapelin voorgestaan. In 1928, het Partridge die oorerwingsfaktore by 50 psigopatiese persoonlikhede nagevors en gevind dat 24 van die gevalle afstammelinge is van mense wat definitiewe psigopatiese kenmerke openbaar het. (25 Pagina 57).

Ander navorsers het ook op dieselfde wyse probeer om 'n verband te trek tussen oorerwing en persoonlikheidsmanifestasies. In 1946 het 'n span Amerikaanse navorsers bevind dat 54% van hulle sogenaamde psigopatiese pasiënte 'n agtergrondsgeskiedenis van epilepsie en "maladjusted personalities" of alkoholisme het.

Newkirk verklaar onomwonde "all psychopathic traits are inheritable." (24 Pagina 58). Kallman het in 1930 egter bevind dat die voorkoms van die

afwyking nie noodwendig die naaste bloedlyn van verwantskap volg nie en dat ander faktore dus 'n rol hier moet speel. Kallman het dan ook geglo dat kinders van psigopate wat in inrigtings verkeer het, dieselfde afwyking begin toon het as gevolg van omgewingsfaktore. (24 Pagina 58).

Gedurende 1930, het mense soos Lange (1931) en Rosanoff (1941) pogings aangewend om deur middel van 'n vergelykende studie met identiese tweelinge en met nie-identiese tweelinge aan te toon dat oorerwing 'n deurslaggewende rol speel. Maar nog Lange nog Rosanoff kon enigsins met oortuiging bewyse van hulle teorie lewer.

Slater (1953) het ook na 'n studie van 300 tweelinge gevind dat slegs agt identiese en 43 nie-identiese tweelinge, 'n tweelingslid gehad het wat ook psigopaties of neuroties was en kom tot die gevolgtrekking dat genetiese faktore wel 'n belangrike rol speel by die ontwikkeling van die persoonlikheid, maar dat die voorkoms van sekere simptome, "and the breakdown of adaptations are largely environmentally determined." In aansluiting hierby het Eysenck (1965) in sy studies van 225 pare, waar een lid van 'n tweeling 'n misdadiger is, bevind dat ongeveer tweekeer soveel identiese as nie-identiese tweelinge ten opsigte van kriminaliteit 'n ooreenkoms toon. Indien een lid dus misdadig is dan is die moontlikheid dat die ander lid ook misdadig sal wees, tweekeer so groot vir identiese tweelinge as vir die ander groep. Hy kom dan tot die gevolgtrekking dat oorerwing wel 'n betekenisvolle rol speel maar beweer nie dat dit 'n absolute determinant is nie. (28 Pagina 28).

Dit wil egter voorkom asof die bronne van hul gegewens nie altyd betroubaar was nie en asof veral Rosanoff se studies daarop neergekom het dat identiese tweelinge wat in verskillende omgewings grootgeword het, se kriminele rekords nie ooreengestem het nie. (24 Pagina 58).

Ook Eysenck (1957) het aangevoer dat die basis van temperament weer uit twee elemente bestaan, nl. "introversion, extroversion en neuroticism". Die posisie van die individu ten opsigte van hierdie twee dimensies (wat skynbaar albei oorerflik is) bepaal dus die basis van die daaropvolgende persoonlikheidsontwikkeling.

Die psigopaat is by uitstek die ekstrovert. As aangeneem word dat die sosialiseringsproses op kondisionering aangewese is, beteken dit dus dat die psigopaat eintlik aan 'n gebrek aan kondisionering ly en dus 'n versteurde sosialiseringsproses sal deurgaan. In terme hiervan verklaar Eysenck dan sy "Primary psychopaths" die gebrek aan angs by die psigopaat en sy "secondary psychopaths" en die antisosiale gedrag van die psigopaat.

Aangesien die basiese temperamentele elemente egter oorerflik is, setel die basis van die psigopaat se probleme ook in oorerflikheid. (21 Pagina 349).

Die feit dat sekere persone slegs swak kondisioneringsresponse vertoon, moet in die biologiese, dus die oorerwingsfaktore, gesoek word. Dit is dan ook juis hier waar die psigopaat tekort skiet. Sy teorie berus egter nie net op die biologiese nie. Hy sê dan ook -

"We will postulate that both social and biological differences are essential to account for the observed phenomena." (40 Pagina 40).

Freed (1967) en Terruwe (1958) verwys na ondersoeke wat gedoen is met betrekking tot die families van psigopate wat daarop dui dat daar twee tot driekeer meer gevalle van sekere geestesafwykings in hierdie families voorkom as in die geval van ander families. Ook 'n hoër persentasie van seniele psigoses was teenwoordig. Hoewel Kraft (1965) ook gevind het dat bykans tweekeer meer psigopate se ouers een of ander tyd tot geestesinrigtings toegelaat is, as die verwagting vir die algemene bevolking, wys hy nogtans op die belangrike moontlikheid dat hierdie tendens ook teweeggebring word deur oordrag en ander omgewingsfaktore. (28 Pagina 29).

Die kwessie van moontlike chromosoomabnormaliteite as veroorsaking van misdadige gedrag, het ook in die afgelope aantal jare aandag geniet. Navorsers soos Griffiths en Zaremba (1967), Brown, Price en Jacobs (1968), Nielson en Tsuboi (1964, 1970), het wel bevind dat 'n groot aantal persone (veral die xyy-kariotipe) in psigiatriese hospitale, gevangenisse en ander subnormale groepe voorkom. Hierdie bevindings dui daarop dat persone met hierdie chromosoomabnormaliteite moontlik gepredestineer is tot kriminele en antisosiale gedrag. Brown (1967) het hierdie bevinding as so belangrik beskou dat hy van mening was dat dit as die belangrikste ontdekking van die menselike sitogenetika beskou moet word. (46 Pagina 30).

Moos en Kessler (1970) het egter na 'n ontleding van bogenoemde navorsing tot die gevolgtrekking gekom dat geen beduidende verskil tussen die normale groep (46 xy) en die sogenaamde xyy-individue bewys is nie. Hulle is dan ook van mening dat om spesifieke gedragsafwykings sonder meer aan een enkele chrosoom toe te dig, die breë spektrum van pertinente omgewingsfaktore buite rekening gelaat word en die resultaat van die belangrike interaksie tussen die mens en sy omgewing nie onder oë gesien word nie. (28 Pagina 31).

Daar bestaan ook die sogenaamde konstitusionele skool wat verteenwoordig word deur Hooton (1939), Kretchmer, (1902), en Sheldon, wat in hoofsaak daarna gestreef het om 'n verband tussen 'n fisiese uiterlike en karakter daar te stel.

In 1902, het Lombroso van Italië reeds aangevoer dat die misdadiger gebore word en dat sy gedragsmanifestasies te wyte is aan ṇ vorm van fisiese degenerasie. Hierdie minderwaardigheid word nou gekoppel aan ṇ primitiewe geestesgesteldheid wat antisosiale gedrag in die hand werk. Ons het dus hier te make met ṇ proses van degenerasie en die produk van sogenaamde verswakte voorvaderlike geslagte. Hooton (1939) sluit hom by hierdie gedagte aan na sy studie van meer as 13,000 misdadigers en verwys na die sogenaamde "deteriorated organism". Die vernaamste oorsaak vir misdaad word gekoppel aan konstitutionele minderwaardigheid en moes dus gesoek word in die biologiese. (28 Pagina 26).

In later jare was dit egter veral Sheldon en Eleanor Gleuck wat werklik ernstige pogings aangewend het om fisiese uiterlike en wetenskaplike in verband te bring met afwykende gedrag. Die Gleucks het bevind dat jeugmisdadigers in die algemeen groter van bou was as niemisdadigers en dat hulle ṇ baie homogene liggaamsbou verteenwoordig het en veral na hul veertiende jaar liggaamlik baie vinnig ontwikkel het. Hulle het dan ook bevind dat ongeveer 60% van hul jeugmisdadigers mesamorfiese eienskappe openbaar het. Die Gleucks het egter slegs liggaamsbou as ṇ enkele faktor in die veroorsakingsdinamika van jeugmisdaad beskou. (24 Pagina 60. Alhoewel bogenoemde navorsing van die Gleucks nie spesifiek betrekking gehad het op die psigopate nie, is daar geen ander navorsing wat werklik ṇ verband bewys het tussen fisiese uiterlike en psigopatiese persoonlikheid nie.

Terruwe (1958) verwys na die verminderde emosionele kontrole by die psigopaat en voer aan dat dié deur konstitusionele faktore bepaal word. Hy gebruik die term "germ plasm" en voer aan dat hierdie kiemplasma as gevolg van defekte by die spermatosoë van die vader en ovum van die moeder ṇ defekte kind tot gevolg kan hê, en sê dan -

"The psychopathic personality is one of the defective or inferior states that can result from the defective germ plasm." (28 Pagina 27).

Ook Henderson (1952) beklemtoon dat afgesien van sekere uitwendige faktore soos gebrek aan voeding en ensefalitis, daar geen grond bestaan om te vermoed dat enige ander faktore behalwe die genetiese, ṇ deurslaggewende rol speel nie. Rumke (1967) sluit hierby aan en wil dat die term psigopatie weer deur die ou Franse term, "Les degeneres" vervang word en praat van "genetische minusvormen" of "genetisch gestoorden" persone. (28 Pagina 27).

Cleckley het ook na sy studie van die voorouers van psigopate tot die gevolgtrekking gekom dat "any consistent or even suggestive history of familial inferiority is notably lacking in the present series." (24 Pagina 61). Ten spyte hiervan is die McCords egter nog steeds van mening dat

oorerwing as versakende faktor nog nie uitgesluit kan word nie. Met beter navorsing, navorsingsmetodes en fasiliteite mag daar nog wel 'n verband tussen oorerwing en die psigopatie bewys word. Die algemene navorsing in hierdie verband het egter heelwat tekortkominge. So byvoorbeeld is die definisie van psigopatie waarvolgens meeste van hierdie mense hulle studies gedoen het, baie vaag en hou baie dikwels nie verband met die werklikheid nie. Heelwat ander afwykings is dikwels met psigopatie verwar. Verder is dit ook duidelik dat die analise dikwels nie voorsiening gemaak het vir vergelykende standaarde nie. Dit wil juis voorkom dat daar net soveel normale mense met oorerflike swakhede is wat daar psigopate is. En in die laaste instansie is dit duidelik dat om 'n onderskeid te tref tussen omgewings- en oorerflikheidsfaktore dikwels geweldig moeilik is. (18 Pagina 58).

Aan die anderkant is Karpman egter oortuig daarvan dat 'n intensiewe studie wel gronde vir 'n psigogenetiese etologie aan die lig kan bring. Hy beweer dan ook dat 'n relatiewe klein persentasie van die persone wat tans as psigopate gediagnoseer word, werklik so geneigd is en sê dat die werklike psigopaat aan aangebore en konstitusionele afwykings ly en noem hierdie mense dan ook "Anethopaths". (3 Pagina 443).

SAMEVATTING:

Dit wil voorkom asof die studies in verband met die oorerwingsteorie oor die algemeen nie altyd op 'n wetenskaplike aanvaarbare wyse uitgevoer is nie en dat baie van die resultate ernstige teenstrydighede bevat. Daar bestaan ook geen aanvaarbare bewys dat psigopatie oorerflik is nie en alhoewel eksperimente met tweelinge daarop dui dat oorerflike faktore wel persoonlikheidstendense kan beïnvloed, is sulke oorgeërfde tendense in die geval van psigopatie, slegs deur gegewe omgewingsomstandighede tot 'n psigopatiese persoonlikheid aanleiding kan gee. Dit wil dus blyk asof die navorsing wat die konstitusionele of genetiese as basis vir die psigopatiese persoonlikheid wil aanvoer, nog op hierdie stadium onvoldoende en dikwels teenstrydig is.

Die Neurologiese veroorsaking -

Dit is lank reeds bekend dat beserings aan die brein aanleiding kan gee tot antisosiale gedrag. Hierdie feit is dikwels deur navorsers gebruik om 'n verband tussen psigopatie en breinbeserings daar te stel. Dit is bekend dat daar deur middel van breinoperasies veranderings in gedrag teweeggebring kan word. So byvoorbeeld het Freeman en Watts bewys dat prefrontale labo-

tomie tot gevolg gehad het dat sekere pasiënte hulle sosiale kontrole, hulle inhibisies en hulle langtermyndoelstellings sonder meer laat vaar het. (24 Pagina 61). Navorsers soos Kennedy het dan ook al aangedui dat psigopatie wel voorkom as gevolg van breinskade. (24 Pagina 61). So bevind Alpers (1944) ook dat sekere letsels van die hypothalamus aggressiewe gedrag by pasiënte tot gevolg gehad het. Hierbenewens het hulle antisosiale neiging getoon en ꞌn algehele gebrek aan insig openbaar. (24 Pagina 62).

In aansluiting hierby is daar ook navorsers wat beweer dat psigopate dikwels minimale breindisfunksie openbaar. Niewoudt beweer egter dat hierdie breinletsels van som aard is dat dit nie deur middel van ꞌn breinoperasie waargeneem kan word nie. Buss wys dan verder daarop dat kinders dikwels geneig is om impulsief-asosiaal en in die algemeen moeilik beheerbaar word as gevolg van sekere siektes of beskadiging van die brein. Dit is slegs ꞌn kort logiese stap om aan te neem dat die psigopaat se impulsiewe en asosiale gedrag ook met breindisfunksie verband hou. (21 Pagina 440). Ook Harrington sê -

"In the form of illness we know, psycopathy may be caused by early brain damage." (17 Pagina 39).

White beweer ook dat die spesifieke hipotese van ꞌn verband tussen breinbeserings en psigopatie nie sonder meer afgeskryf kan word nie. Dit is bekend dat na ꞌn ernstige hoofbesering of na ꞌn aanval van encephalatus die gedrag van ꞌn kind wat normaalweg as goed aangepas beskryf kan word soms skielik in dié van ꞌn jeugmisdadiger kan verander. Die kind word ooraktief en aggressief, het emosionele uitbarstings, is geïrriteerd en is nie in staat om te konsentreer en hom aan dissipline te onderwerp nie. Dit wil voorkom asof hy ꞌn mate van die kontrole wat hy vantevore besit het, verloor het. Skielik is dit duidelik dat sy beheer oor impulse, sy humeur en die uitstel van onmiddellike behoeftebevrediging moeilik geword het. Juis daarom is dit nie so onaanneemlik dat breinbeserings wel met sekere psigopatiese tendense verband kan hou nie. (37 Pagina 373).

Roux (1975) verwys ook na navorsing wat deur veral Quay (1965), Eyzenck (1965), Lykken (1957), en Hare (1970) gedoen is met betrekking tot die verband tussen psigopatie en ꞌn toestand van verlaagde kortikale opwekking wat tot gevolg het dat die psigopaat ꞌn kroniese behoefte aan stimulasie toon. Hare (1970) voer dan aan dat die psigopaat in ꞌn te lae toestand van kortikale opwekking verkeer en gedurig sal poog om dit te verhoog. Quay (1965) het tot dieselfde slotsom geraak en wys daarop dat hierdie behoefte aan stimulasie dikwels tot die verbreking van die wet van morele kodes lei. In aan-

sluiting hierby beskryf Skrzypek (1967) die psigopaat as ꞌn "stimulus hungry person." (28 Pagina 40).

Uit hierdie navorsing lei Roux (1975) dan af dat die psigopaat gekondisioneerde response stadig aanleer en geneig is om dit te veralgemeen. Die moontlikheid dat straf ꞌn respons mag volg het geen inhiberende effek nie met die gevolg dat die persoon sonder die inagneming van die gevolg optree. In sy strewe na verhoogde stimulasie word belangrike sosiale leidrade misgekyk of verontagsaam as gevolg van hul onaangename konotasie en bots hy met gemeenskapsnorme. (28 Pagina 41).

ꞌn Verdere interessante verskynsel in hierdie verband, is eksperimente wat gedoen is deur middel van die elektroenkefalegraaf. (EEG). In hierdie verband sê Buss -

"There is strong evidence of brain abnormality in the deviant electroensephalograms reported in psychopaths,"

en verwys na navorsers soos Silwerman (1943), Gotteleib (1937), Hill (1952), ens. (4 Pagina 440.)

Hill en Watterson was die eerste navorsers wat van hierdie tegniek gebruik gemaak het. In 1942 het hulle 104 pasiënte in ꞌn psigiatriese hospitaal in aggressiewe psigopate en ontoereikende psigopate ingedeel en bevind dat 65% van die aggressiewe psigopate en 32% van die ontoereikende psigopate afwykende EEG-patrone geopenbaar het. (43 Pagina 85). Silwerman het ook ꞌn soortgelyke eksperiment gedoen met 50 psigopate in ꞌn federale gevangenis en bevind dat 75% van sy gevalle abnormale breingolwe geopenbaar het en Hodges verklaar in 1945 dat al sy pasiënte in sy steekproef van 70 EEG-abnormaliteite geopenbaar het. (24 Pagina 63). Stafford-Clark, Tond en Boust, het ook ꞌn deeglike studie van EEG-abnormaliteite by psigopate gemaak en na ꞌn opvolgstudie 4 jaar later onomwonde verklaar -

"As reported before, there is no doubt about the significance of abnormal EEG's in psychopaths." (49 Pagina 126).

Hierdie bevindings en ook bevindings van ander navorsers, byvoorbeeld Rockwell en Simons, Ashley en Knott, is egter getemper deur ꞌn eksperiment wat deur Diethelm (1946) gedoen is met 69 sogenaamde kriminele psigopate. Hy het bevind dat slegs 27% abnormale breingolwe getoon het. (25 Pagina 64). Hierdie selfde tendens is deur navorsers soos Greenplatt (1950) bevestig. (24 Pagina 64). Ostrow en Ostrow (1946) het egter in ꞌn goed beheerde eksperiment waarin hulle kliënte baie noukeurig gekeur is, bevind dat daar ꞌn hoër mate van abnormale breingolwe by psigopate teenwoordig is maar dat hierdie versteurings nie net onder psigopate voorgekom het nie, maar ook

onder homoseksualiste, epileptisie en skisofreniese misdadigers wat ook in die steekproef as vergelykende studie gebruik is. Van die breinabnormaliteite wat daar gevind is, kon hulle nie vasstel watter persoonlikheidsafwykings dit verteenwoordig nie. (24 Pagina 65).

SAMEVATTING.

Uit die gegewens is dit duidelik dat as al die feite in verband met EEG-navorsing inaggeneem word daar min twyfel bestaan dat daar wel hoër breinabnormaliteite voorkom onder psigopate as onder die normale bevolking. Die presiese verhouding is egter nog nie vasgestel nie. EEG-navorsing kan dikwels aan twee aspekte mank gaan. Alhoewel breinversteurings blykbaar in n groot mate by psigopate voorkom, dit waar is dat hierdie afwykings ook by baie normale mense aangetoon word en dat baie psigopate geen EEG-afwykings toon nie. Minimale breindisfunksie kan slegs vir n klein gedeelte van die psigopatiese verskynsels verantwoordelik wees. In die tweede plek i dit ook duidelik dat die EEG-metode nie onfeilbaar is nie en nie altyd minimale breindisfunksie so akkuraat kan aandui nie.

Na n opsomming van beskikbare literatuur is dit duidelik dat hoewel die neurologiese studies baie leemtes het, daar tog n paar algemene feite aan die li gekom het. Eerstens blyk dit dat psigopate dikwels EEG-abnormaliteite registreer en dat hulle in vergelyking met normale mense meer tekens van algemene neurologiese afwykings toon. Die psigopaat is dan ook psigologies meer ingestel op veranderings in sy omgewing en in vergelyking met normale mense en het meer van hulle n geskiedenis van vroeë siektes wat beskadiging van die brein in die hand kon werk.

Omgewings- en psigodinamiese faktore -

Dit wil voorkom asof navorsers in hierdie verband hulle veral toegelê het op die psigopaat se kinder- en jeugondervindings en dat hulle die verwerpte of geïsoleerde kinders in hierdie verband beklemtoon het. Sommige ondersoekers het hulle op die psigopaat self toegelê in n poging om daardie omgewingsfaktore te onderskei wat sy unieke persoonlikheidssamestelling veroorsaak het. Ander weer het hulle meer toegelê op die kind wat alle liefde ontsê is en probeer vasstel of vroeë emosionele deprevasie tot psigopatie kan aanleiding gee. (24 Pagina 71). Partridge was eintlik die eerste persoon wat deur middel van n wetenskaplike studie die invloed van die omgewingsfaktore op die vorming van die psigopatiese persoonlikheid bestudeer het. Van sy 12 psigopatiese jeugdiges het Partridge bevind dat hulle almal hulle ouers haat en dat hulle as jong seuns almal verwerp is. V f jaar later het Knight ook n sterk verwerpingstendens gevind by haar studie van aggressiewe seuns. (24 Pagina 71).

/51...

RHODES UNIVERSITY LIBRARY

Dit wil voorkom asof navorsers veral in die veertigerjare 'n beduidende verband tussen negatiewe identifikasie van die jong kind met sy vader of moeder en psigopatie aangedui het. Hier word gedink aan Zurek (1942) en die werk van Heaver en Greenacre en veral Lindner (1944). (25 Pagina 72). In die algemeen het hulle bevind dat psigopate se vaders gewoonlik streng gerespekteerde en dikwels gesiene mense was maar ook streng dissiplinariërs en die moeders weer oor die algemeen, "frivolous, pleasure loving, and continually seeking adulation from their contemporaroes." (24 Pagina 73).

Lindner (1944), noem ook die belangrike aspek van wan-identifikasie van die manlike psigopaat met veral sy vader. As gevolg van die negatiewe beeld wat hy van die vader het, ontstaan daar 'n haat ten opsigte van die vaderfiguur. Hierdie gevolglike negatiewe identifikasie gee aanleiding tot 'n swak superego-ontwikkeling en dit, tesame met sy labidinale gefikseerdheid gee aanleiding tot sy spesifieke persoonlikheidsamestelling. In skerp teenstelling met die McCords, en Cleckly se menings van emosionele afgestomptheid, voer Lindner egter aan dat die psigopaat sterk skuldgevoelens ten opsigte van sy vader koester en dat hierdie kinders ontneem is van alle ouerlike identifikasie en 'n stabiele ego-ontwikkeling en al hul haat oorgedra het op 'n simbool, nl. die samelewing. (21 Pagina 54). Ook Knight het in haar studies in verband met alkoholiste, waarvan die meeste psigopate was, bevind dat hulle agtergrond gekenmerk was deur 'n wisselvallige ouerlike dissipline wat 'n verwarrende identifikasieproses, by veral die seun meegebring het. 'n Swak oorbeskermende moeder, in kombinasie met 'n dominerende vader, het dikwels in hierdie mense se agtergrondsgeskiedenis voorgekom. (7 Pagina 444). Op die aspek van inkonsekwente-of geen dissipline lê navorsers ook baie klem. So beweer McCord en McCord en Zola dat daar 'n sterk verband gevind is tussen slap of inkonsekwente dissipline en 'n hoër misdaadsyfer. Kinders wat deurgaans konsekwent gedissiplineer is deur straf of deur liefdesgeoriënteerde tegnieke, het almal 'n lae misdaadsyfer verteenwoordig. (23 Pagina 77).

Die uiters belangrike aspek van positiewe identifikasie met 'n moeder- of vaderfiguur word dikwels in die navorsing beklemtoon. Daar is vasgestel dat indien die vader strafgerig en wreed is daar verwag kan word dat die seun aggressiewe neigings sal openbaar. Indien die vader sagbeheersd is en 'n goeie voorbeeld vir sy kind stel, sal hierdie voorbeeld deur die kind nagevolg word. Indien die vader passief is, neig die seun na 'n introvert en onttrek hom meer en meer en as die vader hom teen die algemene sosiale norme sou uitspreek, sal die seun dieselfde rigting inslaan.

"The consistency with which a value is presented to the child, determines the degree to which it becomes a part of his conscience." (23 Pagina 199).

Ingevolge sy "transactional analysis" verklaar Harris dat indien die kind 'n negatiewe ouerbeeld het, ontken hy hierdie beeld heeltemal en identifiseer hom nie eers met die bietjie goed wat daar wel nog in die ouer is nie. Begrippe soos sosiale beheer, die werklike moet en moenies in die lewe, kulturele norme en 'n sogenaamde gewete is dus nie inherent deel van so'n persoon nie.

"His behaviour is dominated by his child, which, through the contaminated adult, manipulates other people to his own ends." (16 Pagina 99).

Sy algemene gedrag is ontdoen van enige werklike empatie met ander mense en die reël dat 'n mens slegs kan liefhê indien hy self liefgehad is, geld dus ook hier. Indien die eerste 5 jaar dan slegs gekenmerk word deur 'n psigiese en 'n fisiese stryd om te bestaan, kan dit aanvaar word dat hierdie persone, die stryd vir die res van hul lewe sal voer. (16 Pagina 99).

Inkonsekwente dissipline of 'n totale afwesigheid daarvan het tot die gevolg dat swak internalisering plaasvind en as dit nog gekoppel word aan strafingesteldheid kan dit slegs aggressiewe neigings aksentueer. Die kind wat in 'n huislike omgewing van gedurige twis groot word, ondervind nie net alleen 'n gebrek aan emosionele sekuriteit nie, maar word deur inkonsekwente voorbeelde gekonfronteer. 'n Kind met 'n anti-sosiale vader word met 'n voorbeeld gekonfronteer wat in sterk teenstelling met die algemene gemeenskap staan. In al hierdie gevalle word 'n vrugbare teelaarde vir die onderontwikkeling van 'n gewete geskep. Die ouerbeeld verskaf die inhoud van die gewete en konsekwentheid verseker die internalisering van die inhoud.

"If affection is missing, the child lacks reward for conformity; if the parent model is anti-social, the child becomes confused with respect to values. If values are inconsistently enforced, he becomes uncertain as to their worth." (23 Pagina 100).

In aansluiting by bogenoemde gebrek aan dissipline is die rol wat die oorbeskermende moeder in hierdie verband speel ook goed deur Levy toegelig. Indien die kind blootgestel word aan 'n oorbeskermende moeder waar daar feitlik geen of inkonsekwente dissipline bestaan, dan kan daar verwag word dat die kind sal ontwikkel in 'n veeleisende, selfsugtige, dominerende persoonlikheid wat gedurig aandag vereis, bediening en liefde sal wil afdwing en indien sy wense gedwarsboom of dissipline toegepas word sal reageer met ongeduldigde uitbarstings van humeur en aggressie. So 'n kind word gekenmerk deur rusteloosheid en eensaamheid en is besonder begaafd in die kuns van verbalisering en kan deur middel van sjarme, manipulasie, aanmoediging en 'n paaitegniek, of deur middel van aggressie en dominering altyd sy sin en

/53...

wil afdwing. (19 Pagina 161).

Bender het ook daarop gewys dat afgesien van organiese letsels elke pre-adolesente psigopaat wat sy nog teëgekom het in die Bellevue Hospitaal, 'n geskiedenis van ernstige emosionele deprevasie gehad het. (21 Pagina 224). Levy praat verder van hierdie aspek en sê -

"Psychopathic personality resulting from the severe emotional deprivation in primary effect, ... is characterized particularly by shallowness of effect."

Hy sê dan ook dat psigopatie veroorsaak kan word juis deur die feit dat daar 'n algemene onvermoë bestaan om sterk emosionele bande met 'n ander persoon aan te knoop, en voer hierdie feit weer terug na gebrekkige identifikasie. (19 Pagina 241).

Ander navorsers in hierdie verband het baie klem gelê om die psigopaat te beskryf in sy vormingsjare, so byvoorbeeld sê Bromberg (1948) dat as daar op die geskiedenis van die psigopaat ingegaan word dit blyk dat hy reeds van kleinsaf onbeheerbaar was en selfs dikwels wreed en gewetenloos ten opsigte van sy maats of broers en susters. As kind was hy aggressief ten opsigte van sy huisgenote, het moeilik op skool aangepas en het dikwels 'n geskiedenis van stokkiesdraaiery en betrokkenheid by kleiner misdade soos inbrake en ongewenste seksuele aktiwiteite. (3 Pagina 55).

Ook Redl en Wineman (1952) beskryf hul aggressiewe kinders waarvan baie ernstige psigopatiese neigings openbaar het, en sê -

"And if one is nice to them, if one surrounds them with affection and toys and good food and adults who want to help them, they seem to feel that whatever shred of reasonableness they may have maintained can now be thrown to the four winds." (27 Pagina 17).

Hulle voel nou vry om enigiets te vra, enigiets wat enige billike grootmens nooit kan toestaan nie. As die volwassene hierdie versoek weier dan kom daar die onvermydelike uitbarstings van haat. 'n Ander opvallende kenmerk by hierdie kinders was hulle absolute onvermoë om enige insig ten opsigte van hul maatskaplike omgewing te openbaar. So byvoorbeeld het hulle nooit geweet wanneer en vir wie om te nader indien hulle werklik dringend hulp nodig het nie. Hierdie kinders was nie te trots om vir die kleinste en geringste dingetjie om hulp te vra nie, byvoorbeeld dat hulle gehelp moet word om hulle skoene en kouse aan te trek nie, dog in situasies waar hulle werklik hulp dringend nodig gehad het, het hulle nie die nodige insig gehad om daarvoor te vra nie.

"Or let us state it more aptly. The selfsame ego so unable to cope with the impulses themselves, suddenly with exasperating and amazing efficiency, performs super-human tasks in defending impulse gratification at all costs." (27 Pagina 18).

Hierdie kinders wend dan ook fantastiese pogings aan om van kleinsaf hul onmiddellike behoeftes te bevredig. Levy wys dan ook verder op die teenstrydighede wat daar by hierdie kinders bestaan deurdat hulle besef van die sosiale werklikheid so afgetakel is en dat hulle sosiaal so absoluut blind voorkom, maar dat hulle nogtans so sensitief ingestel is ten opsigte van die houdings en gevoelens van gesaghebbende mense. Hulle weet byvoorbeeld presies hoe ver om te gaan, hoe ver om nog die volwassene te tart voordat hulle 'n perk bereik het, maar dieselfde kind skyn totaal onbewus te wees wanneer daardie selfde volwassene ware liefde ten opsigte van hom openbaar, of wanneer daardie volwassene regverdig en redelik is. Hulle is kinders wat dikwels ten opsigte van tyd en plek gedisoriënteerd is en wat uiters moeilik leer maar wat terselfdertyd vernuf aan die dag lê om byvoorbeeld uit die moeilikheid te kom. Hierdie navorsers sê dan ook -

"These children are notoriously short of frustration, tolerance, sublimation, capacity or ability to postpone immediate impulse gratification." (27 Pagina 24).

Hulle openbaar dan ook uiters swak insig sover as wat dit verantwoordelikheid aangaan en wat met hulle gebeur en hulle openbaar ook uiters swak weerstand in die lig van enige versoeking. Die psigopatiese kenmerke soos behandel in die vorige hoofstuk is dus reeds vroeg by hierdie kinders kenbaar. Navorsers soos Spitz en Bowlby het die psigopaat in sy kinder- en jeugjare beskryf as rustelose, minder intelligente kinders wat baie vriendelik maar vals voorkom, en 'n onvermoë openbaar om warm emosionele kontak met ander mense te maak. (31 Pagina 244).

Uit voorafgaande is dit duidelik dat navorsers hulle veral toegespits het op noukeurige beskrywing van die ontwikkeling van die potensiële psigopaat in sy kinder- en jeugjare en dat daar ook veral klem gelê is op die aspek van wanidentifikasie met die ouer figure. 'n Ander aspek wat egter ook pertinent aandag geniet het, is die faktore van verwerping. Henderson en Gillespie (1956) gee die agtergrondsgeskiedenis van 'n sogenaamde aggressiewe psigopaat weer en plaas dan die klem veral op die feit dat hy oorbeskerm en bederf was deur veral sy moeder. Met ander woorde, dat daar 'n wan- of ooridentifikasie plaasgevind het en dat die moeder uit die aard van die saak dissipline nie kon handhaaf nie of inkonsekwent was ten opsigte van dissipline. (14 Pagina 392). Sacks en Cowen beklemtoon ook die verwerpingsaspek in die agtergrond van die psigopaat. Hulle voer aan dat verskillende studies van die agtergrondsgeskiedenis van die psigopaat bewyse gelewer het dat daar 'n groot

/55...

mate van ouerlike verwerping aanwesig was. (29 Pagina 315). Hulle wys dan ook op 'n studie wat gedoen is van kinders wat hulle vroeë kinder- en jeugjare in inrigtings deurgebring het en wat uit die aard van die saak dus minder liefde en aanvaarding ervaar het as die normale kind in 'n gesonde gesinsituasie. Daar is bevind dat hierdie inrigtingskinders wreedheid ten opsigte van sowel mense as diere openbaar het, meer geïnhibeerd was en dus meer gedragsprobleme gelewer het. Ander ondersoekers het weer aangetoon dat daar 'n sterk verband bestaan tussen ouerlike verwerping en aggressiewe gedrag by kinders en dit wil voorkom dat hoe groter die verwerping, hoe minder innerlike kontrole hierdie kinders openbaar. Omdat daar juis soveel verband bestaan tussen die kenmerke van 'n volwasse psigopaat en die eienskappe wat hierdie kinders geopenbaar het, wil dit dus voorkom asof 'n verwerping 'n betekenisvolle rol in die etiologie speel. (29 Pagina 315).

McCord en McCord het ook in 1956 in hulle navorsing bevind dat die aspek van verwerping verband hou met psigopatie en sê -

"The research indicated a strong link between early emotional deprivation, (parental conflict, cruelty, irratic punishment, and particularly parental neglect), and the immergence of a psychopathic syndrom." (24 Pagina 74).

Hierdie tendens is bevestig deur ander navorsers soos Bowlby (1952), Kraft (1959), Jenkins (1960), en ook deur 'n uitgebreide ondersoek van Bender. Ook haar studie van honderde psigopatiese kinders wat sy in die Bellevue Hospitaal gesien het, dui daarop dat al die psigopatiese kinders 'n agtergrondsgeskiedenis gehad het van onderbreekte verhoudings met ander mense, verwaarlosing en emosionele verwerping. Bender glo dan ook dat vroeë emosionele verwerping veral gedurende die eerste drie jaar, tot psigopatie aanleiding kan gee. (24 Pagina 75).

Smykel en Thorn praat van 'n abnormale ego-ontwikkeling en lê veral ook klem op die verwerpingsaspek in die veroorsaking van die psigopatiese persoonlikheid. Hierdie aspek, emosionele sekuriteitsloosheid en swak ego-ontwikkeling wat hand aan hand gaan met kondisionering binne 'n onsimpatieke en koue sosiale omgewing, kenmerkend van hierdie persoonlikheidsontwikkeling is. (38 Pagina 294 tot 316).

Studies van navorsers soos Lewis (1954), "The Harvard Laboratory", asook die van Bowlby (1956) het egter aangetoon dat verwerping op sigself nie in elke geval tot psigopatie lei nie. Dit is wel so dat navorsing getoon het dat psigopate in oorweldigende mate verwerping in hulle kinder- en jeugjare vertoon, maar dit is ook duidelik dat 'n gebrek aan liefde nie noodwendig psigopatie in die hand werk nie.

"Psychopaths were rejected as children, but not all rejected children become psychopaths." (24 Pagina 80.)

McCord en McCord is egter van mening dat die "differentia specifica" in die graad van verwerping geleë is aangesien studies ook aangetoon het dat aggressie en gewetenloosheid toeneem namate verwerping toeneem. Hoe erger die graad van verwerping, hoe erger die graad van psigopatie. (24 Pagina 80).

Sacks en Cohen beweer dat ten spyte van die byna oorweldigende getuienis in die verband tussen verwerping en psigopatie die konsep nie sonder meer aanvaar moet word nie. Hulle voer aan dat Cleckley uitdruklik gesê het -

"I have not regularly encountered any specific type of error in parent-child relations in early history of my cases." (29 Pagina 315).

Dit is uiters moeilik om objektiewe en betroubare gegewens in te win oor dit wat mense 20 of 30 jaar gelede gevoel het en die verhouding wat daar toe tussen die kind en sy ouers bestaan het, te bepaal. Dit is dus nie onmoontlik dat ondersoekers dikwels faktore vind net omdat hulle daarvoor soek nie. Verder bestaan daar ook steeds die probleem dat dit moeilik is om n norm daar te stel van wat eintlik met verwerping bedoel word. Verwerping is dikwels n onderliggende en minder opsigtelike faktor en kan dus nie altyd maklik geïdentifiseer word nie. (29 Pagina 316). Hulle sê dan ook "with such a wide spectrum of parental behaviour which can be interpreted as rejection, the researcher who expects to find high incidents or rejection in the backgrounds of psychopaths scarcely fail to do so unless he carefully and operationally delineates how he is using the term, and if he succeeds in defining how rejection is specifically manifested, he still faces the thorny problem of getting a sufficient detailed and reliable description of the life circumstances of the family unit dating back to a period of some fifty to twenty years earlier." (40 Pagina 316). Ook Boyd in sy noukeurige studie van kinders kom tot die gevolgtrekking dat "infant and childhood deprivation is not a simple concept." (5 Pagina 161). Dit kan nie alleen die afwesigheid van n moeder impliseer nie maar ook sosiale isolasie, wreedheid en verwaarlosing, inrigtings, opvoeding en ongewenste opvoedingspraktyke, skeiding en dit wat daarmee saamhang, ernstige ekonomiese en kulturele verwaarlosing en ontoereikende stimulasie beteken. (5 Pagina 161).

Met betrekking tot die antisosiale of wangedrag van kinders beklemtoon Boyd egter ook die ooridentifikasie met die moeder en die afwesigheid van die vader. (5 Pagina 165).

SAMEVATTING:

Uit bogenoemde uiteensetting is dit dus duidelik dat navorsers die veroorsaking van psigopatie hoofsaaklik toegelig het uit die oogpunt van oorerwings-,

omgewings- en neurologiese faktore. Die navorser word genoodsaak om te dink aan 'n kombinasie van oorerflikheids- en persoonlikheidsfaktore in samewerking met 'n groot verskeidenheid van omgewingsfaktore wat 'n invloed op die individu se persoonlikheid het. Sommige mense is te geneig om één of meer van hierdie aspekte te oorbeklemtoon en absolute skeiding in hierdie verband is nie moontlik nie. Die hele situasie moet benader word uit 'n totalitêre oogpunt wat al die omliggende omstandighede in ag neem, dan sal gedrag wat nou sinneloos laf en irrasioneel voorkom miskien beter verstaan word. Dit wil ook voorkom dat daar minstens 'n mate van verwerping in elke agtergrondsgeskiedenis van die psigopaat is, maar dit is ook duidelik dat alle verwerpte kinders nie psigopate is nie. Dit skyn asof 'n spesifieke soort verwerping of 'n ander addisionele faktor teenwoordig moet wees om die skaal te laat oorhel. Navorsing dui daarop dat dit die graad van verwerping is wat die deurslaggewende rol hier speel. Dit is egter ook waar dat navorsing aangedui het dat sekere vorms van breinskade ook psigopatiese tendense in die hand kan werk. Daar word ook verwys na die omstandighede waar daar moontlik slegs 'n mate van verwerping teenwoordig is maar waar die vader- of moederbeeld negatief en psigopaties is en die kind dus deur middel van identifikasie later self psigopatiese neigings kan openbaar.

Dit is duidelik dat daar sekere sosiale en kulturele faktore is wat ook 'n belangrike invloed op die vorming van die psigopatiese persoonlikheid mag hê. Hier word byvoorbeeld gedink aan aspekte soos oorlog en sekere kulturele ingesteldhede. Navorsing op hierdie gebied is egter baie yl en onbeduidend. Dit is egter duidelik dat hierdie faktore, as deel van die invloed van die omgewingsfaktore slegs beduidend kan wees in soverre hulle weer 'n direkte invloed het op die ouer-kinderverhouding. Met ander woorde dit wil voorkom asof die aard van die kontak tussen ouer en kind steeds die essensiële faktor is.

BEHANDELING.

Inleiding -

Uit die literatuur wil dit voorkom asof navorsers hoofsaaklik in twee groepe verdeel is wat die behandelingsmoontlikhede van die psigopaat betref. Die een groep is van mening dat met die huidige kennis tot ons beskikking en met die huidige terapeutiese tegnieke daar weinig vir die psigopaat in hierdie verband gedoen kan word. Die ander groep laat 'n meer optimistiese klank hoor, maar dit is duidelik dat die algemene prentjie maar betreklik donker skyn te wees. Bromberg sê dan ook -

"We know that those who constitute the psychopath's group are people who from an early age have shown conduct disorders. Often out of outrageous nature accompanied by emotional instability which has proved a constant perplexity to all who have strained to help him." (3 Pagina 109).

Levy (1943) het in sy studie van 'n oorbeskermde groep kinders wat sterk psigopatiese neigings openbaar het opgemerk dat hy dit betreklik maklik gevind het om met hierdie kinders in 'n onderhoudsituasie 'n gemaklike oppervlakkige verhouding op te bou en dat hulle vryelik gesels het oor byvoorbeeld die gebeure van die dag en algemene oppervlakkighede. Die oomblik wat daar egter 'n poging aangewend was om die pasiënt met sy probleem te konfronteer, sy moeder gefikseerheid te bespreek of sy onbeheersde humeur en uitbarstings onder sy aandag te bring, word die terapeut onmiddellik gekonfronteer met allerhande ontwykende metodes en antwoorde, ontkennings en die vinnige verandering van die onderwerp. Die pasiënt kom al hoe meer ongereeld die terapeutiese afsprake na en bly later heeltemal weg. (21 Pagina 202). Ook Redl en Wieman (1952) merk op dat gewone metodes van psigoterapie nie by hulle groep probleemkinders inslag gevind het nie en totaal ongeskik bevind is vir behandeling van hierdie kinders. (27 Pagina 22). Navorsers wys dan daarop hoe die psigopaat nie die neuroot se onsekerheid en afhanklikheid het wat dikwels 'n goeie houvas aan die terapeut bied nie en dat hy as gevolg van sy besondere houding en selfbeeld nie daarop ingestel is om self hulp te soek nie.

"The psychopath is not at odds with himself; he is at odds with the group because he is deficient in the capacity to evaluate objectively his own behaviour against the group's standard." (25 Pagina 67).

Stafford-Clark (1970), noem dan ook dat psigopate by uitstek mense is wat nie volgens aanvaarde norme van die gemeenskap kan fungeer nie. Hulle ontoereikendheid is deel van die gebrek waarvoor ons in hierdie stadium geen bevredigende behandeling het nie. (31 Pagina 61).
Hy wys dan op die probleem wat dit skep dat die psigopaat nooit hulp soek

vir sy eie persoonlikheidsafwyking nie maar dikwels aangetref word in situasies waar hy vir een of ander duistere motief of eie motivering, hulp vir 'n ander simptoom soek, soos byvoorbeeld angs of depressie.

"Such work is particularly liable to involve the doctor in disappointment and frustration, because often the psychopath will attempt to exploit the medical relationship in exactly the same way as he attempted to exploit all other relationships throughout his life." (31 Pagina 64).

In hierdie verband is Walker (1968) ook baie pessimisties as hy opmerk dat geen erkende vorm van huidige behandeling wat effektief blyk te wees vir al sy ander geestesafwykings, skynbaar enige effek op die psigopaat se gedragswyse het nie. Waarskynlik juis omdat die psigopaat se probleem geen ongerief of lyding vir hom inhou nie, behalwe miskien die gevolge van sy dade. Hy meld as verdere probleem dat simptome wat die psigopaat openbaar nie so duidelik omlyn en spesifiek is soos byvoorbeeld in ander afwykings nie. Hier word gedink aan kleptomani, delusies van die paranoïdale persoonlikheid of epileptiese aanvalle. Die psigopaat aan die ander kant kan egter weer wreed wees teenoor sy kinders, 'n dief wees, brand stig, of enige ander afwykende gedrag vertoon. (36 Pagina 82). Cleckley is van mening dat dit eintlik die psigopaat se gebrek aan egte emosies en ware motivering is wat dit onmoontlik maak vir die terapeut om betekenisvolle oordrag te bewerkstellig en werklik rapport te verkry. Hy beskou dit dan as 'n belangrike faktor in wat hy noem die "therapeutic failure that in my experience has been universal." (7 Pagina 379). "Hy is totaal onmagtig om homself te sien soos ander hom sien, of anders gestel, hy beskik nie oor die vermoë om te voel soos ander voel as hulle hom sien nie of hy kan niks soortgelyks van die situasie ervaar nie." (7 Pagina 383).

Ook Harrington (1972) sê -

"Even now to label someone a psychopath and try to treat him psychiatrically seldom works. It is hard, almost ridiculously so to treat someone who is laughing at you, and as Dylan sang - 'drawing crazy patterns on your sheets.' 'Medical authority has little or no luck with such an individual and there are so many of them. He does not care what diagnosis we hand down. He simply will have no respect for it." (17 Pagina 192).

Hare (1970) verwys na al die probleme wat daar bestaan om die psigopaat deur middel van psigoterapie te behandel. Hy noem dan in die eerste plek dat die psigopaat doodgelukkig skyn te wees met sy toestand en dat hy as gevolg van die gebrek aan werklike pyn of ongerief selde of ooit self hulp vir sy probleem soek. Juis as gevolg van sy totale gebrek aan insig skep dit alreeds 'n terapeutiese probleem. Hy wys dan ook in die

tweede plek daarop dat daar aanvaar word dat 'n pasiënt se huidige gedrag sterk beïnvloed word deur sy verwagtinge van die toekoms. Aangesien die psigopaat geen toekomsperspektief het nie en slegs ingestel is op onmiddellike behoeftebevrediging word sy gedrag nie beïnvloed deur die moontlikheid van môre nie. Derdens sê hy ook -

"It is recognised that psychotherapy involves a complex inter-personal relationship between therapist and patient and that this relationship is affected as well as cognitive and intellectual in nature." (15 Pagina 111).

Sy algemene gebrek aan empatie en sy onvermoë om warm, eerlike kontak met ander te maak, verhoed dat hy enige betekenisvolle emosionele kontak met die terapeut sluit. Laastens wys hy dan ook op die feit dat nóg die terapeut nóg die pasiënt enigsins positief beïnvloed word deur die negatiewe pessimisme wat daar tans heers oor die behandelingsmoontlikhede van hierdie probleem. (15 Pagina 111).

McCord en McCord stel dit duidelik dat psigopate al skynbaar wel deur middel van psigoterapie suksesvol behandel is en sê -

"The effects of individual counselling have, however, never been more thoroughly analysed and the results have not been as discouraging as many social scientists believe." (7 Pagina 104).

Harris is egter wel van mening dat die psigopaat deur middel van "transactional analysis" suksesvol in die gemeenskap kan fungeer.

"He may never have an operational parent to back up his adult, but his adult can become strong enough to carry him through a successful life, wherein he gains the approval and even esteem of others." (16 Pagina 101).

Positiewe resultate word dikwels in twyfel getrek as gevolg daarvan dat die begrip psigoterapie nie vir almal altyd dieselfde betekenis inhou nie.

CHEMIOTERAPIE.

Navorsing is ook met chemioterapie gedoen en mense soos Hill (1947) en Shavron (1947) en Tong (1959) en andere het deur middel van die toediening van verskeie tipes verdowingsmiddels gepoog om betekenisvolle veranderinge teweeg te bring. (7 Pagina 113). Hierdie navorsing het egter geen dramatiese resultate getoon nie en was in baie opsigte teleurstellend.

Ander navorsers soos Darling, Freeman en Watts (1938), Banay (1942) en Nielson (1949) en andere het deur middel van skokterapie en lobotomie gepoog om ook gedragsveranderinge by psigopate teweeg te bring. (7 Pagina 115). Hierdie metodes het ook weinig positiewe langtermynresultate gelewer. Opsommend is die McCords oortuig dat, alhoewel die vooruitsig vir suksesvolle behandeling nie rooskleurig is nie, dit tog ook nie geheel ontmoedigend

is nie. (7 Pagina 117). Dit wil voorkom asof psigoterapie in hierdie stadium nog die meeste belofte inhou - hier word veral gedink aan die positiewe resultate wat mense soos Lindner, Lipton, Weber, Schniderberg en Bromberg reeds behaal het. (7 Pagina 117). Die McCords is egter van mening dat daar in hierdie stadium meer klem geplaas moet word op die voorkoming as op die behandeling van die psigopaat. (7 Pagina 119).

Aanhouding en rypwording -

Afgesien van bogenoemde algemene negatiewe beskouing is dit ook opvallend dat navorsers dit feitlik eens is dat die strafelement weinig waarde vir die psigopaat inhou. Cleckley se ondervinding is dat ŉ psigopaat net so onwillig en ongeduldig tydens aanhouding in ŉ psigiatriese hospitaal is as enige normale mens en dat hy gedurig daarop uit is om sy vryheid te probeer bewerk en dat hy nie by aanhouding as wyse van straf baat nie. (7 Pagina 376 Cowen (1972) wys dan ook na die algemene duister prentjie wat geskilder word in verband met die rehabilitasie van psigopate. Tot dusver was die reaksie van die gemeenskap op die gedrag van die psigopaat gewoonlik om hom in een of ander inrigting aan te hou. Navorsing het egter reeds getoon dat daarmee werklik baie min bereik word. In die gevangenis byvoorbeeld, is die psigopaat skuldig aan ŉ baie groter aantal oortredings as ander gevangenes, en bring ook meer tyd in eensame opsluiting deur. Deur sommige studies word hierdie aantal gevangenisoortredings op twee maal dié van normale gevangenes gestel en dit wil dus voorkom asof straf en aanhouding werklik min aan die psigopaat se gevestigde gedragswyse verander. (29 Pagina 317). McCord en McCord verklaar dan ook onomwonde dat inrigtingsbehandeling ten opsigte van die psigopaat gefaal het. (12 Pagina 101). ŉ Britse navorsingspan het dan ook in 1951 bevind dat residivisme by psigopate hoër is as by die normale gevangene en in ŉ opvolgstudie het hulle bevind dat 76% van die psigopate reeds weer vir twee of meer oortredings gevonnis is. (7 Pagina 101). Aanhouding mag miskien wel ŉ positiewe doel dien indien ander tegnieke van rehabilitasie gedurende hierdie periode suksesvol toegepas kan word.

Selfs navorsers wat tans meer negatief ingestel is oor die behandeling van die psigopaat maak melding van die interessante verskynsel dat dit wil voorkom asof die psigopaat met tyd groter rypheid en geleidelike insig begin ontwikkel en dat hy ŉ stadium in sy lewe bereik waar dit skyn asof hy ŉ sin van verantwoordelikheid begin ontwikkel en die tipiese manifestasie van die psigopatiese persoonlikheid verdwyn. Henderson en Gillespie (1956) bevestig hierdie sienswyse en beweer dat die psigopaat

dikwels soveel ontstellende onbegryplike en negatiewe gedragspatrone openbaar dat persone wat met sy rehabilitasie gemoeid is, dikwels die gedragswyse aanvaar en nie die moed het om enigiets daaraan te probeer doen nie.

Navorsers is lank reeds onder die indruk van die feit dat die psigopaat van ongeveer sy ses-en-dertigste jaar af onder die gevolge kom van wat die Glucks noem "the ageing factor."

"Many young people commence badly. It would seem as if nothing could save them but then a change may occur in the process of development. A sense of responsibility begins to arise, and readjustment sets in." (14 Pagina 400).

Kraft (1969) -

"There are few institutionalized and child hungry patients with inadequate personalities who need to stay beyond fifty years of age, but in practice our former psychopaths have lost their former flame of desire by forty years, but certainly by sixty years of age." (9 Pagina 92).

Hy stel dit dan dat die psigopatiese gedrag afneem met ouderdom selfs gedurende die laat tienderjare en vroeë twintigerjare en dat dit geleidelik afneem tot en met aftree-ouderdom. (8 Pagina 78). Cason en Peskor (1946) het in hulle ondersoek van 500 aangehoudenes in 'n gevangenis bevind dat dertig persent van die ouderdom vyf-en-twintig jaar was en slegs twee persent oor die ouderdom van vyftig en hulle het tot die gevolgtrekking gekom dat hier 'n faktor van rypwording teenwoordig was en dit wil voorkom asof die gevolgtrekking gemaak kan word dat die psigopaat se afwyking 'n tendens tot afname toon as gevolg van die verloop van tyd of oefening of albei. (8 Pagina 217). Lindsay het ook gevind dat indien 'n psigopaat oor 'n lang tydperk in 'n beskermende omgewing aangehou word, dit wil voorkom asof daar 'n proses van rypwording plaasvind. Baie aggressiewe psigopate het dan ook 'n afname in aggressie getoon en (in hul veertigerjare) na ontslag nie weer na die gevangenis teruggekeer nie. (20 Pagina 54).

Milieu-terapie -

Daar is egter navorsers wat baie meer positief ingestel is ten opsigte van die aspek van behandeling. White (1964) gaan van die standpunt af uit dat ten spyte daarvan dat psigopate in en uit psigiatriese hospitale beweeg so vinnig soos hulle skynbaar van een werk na die ander swerf, daar tog sekere gekontroleerde omstandighede geskep kan word waarbinne psigopate skynbaar veel baat vind. Hy verwys na navorsing van Jones

(1953) in Engeland wat deur middel van 'n groot milieuprojek daarin geslaag het om psigopate by 'n hospitaalprojek te betrek wat positiewe resultate opgelewer het. Werkgeleenthede van vier uur per dag is vir hierdie mense binne die hospitaal geskep en die pasiënte is geleidelik met meer verantwoordelikheid belas. Alhoewel toesig taamlik streng toegepas word en daar wel regulasies bestaan, word die hospitaalpersoneel as geheel in die projek betrek en is hul benadering toegeeflik en tegemoetkomend. Binne hierdie amper klein subkultuur leer die persoon wat gedurig in botsing is met die groter gemeenskap, om eers sy probleme binne 'n beperkte, gekontroleerde ruimte te bowe te kom en sodoende sy aanpassing in die algemene gemeenskap te vergemaklik. (37 Pagina 376).

Pennington (1959) merk dan ook op dat daar min bewyse bestaan dat die psigopaat wel reageer as hy behandel word binne inrigtingsverband, maar dat dit beslis meer ideale omstandighede is as sou sy rehabilitasie binne die gemeenskap aangepak word. Dit wil voorkom asof die psigopaat wel terapeuties behandel kan word indien die huidige metodes ietwat gewysig word. Die psigopatiese kind het wel baat gevind deur middel van milieuterapie en die volwasse psigopaat kan ook in soortgelyke gewysigde omstandighede baat vind. Dit is werklik nie langer nodig om te sê dat daar niks vir die psigopaat gedoen kan word nie. (4 Pagina 430).
Ook Stürup (1969) van Herstedvester het skynbaar bemoedigende resultate behaal met sy besondere milieuprojek en het bevind dat gedurende die tydperk 1942 - 1957 slegs 50 - 43% van die aangehoudenes binne 5 jaar weer in misdaad verval het. (28 Pagina 135). Alhoewel die feit dat genoemde persentasie nie weer vir misdaad gevonnis is nie, nie noodwendig beteken dat hulle genees is van hul psigopatiese neigings nie, is die feit dat hulle nie weer in residivisme verval het nie, tog bemoedigend.

Suksesvolle resultate is ook behaal met die behandeling van die psigopatiese kind. Die vroeë navorsing van Aichorn wat veelal gestalte gevind het in inrigtings soos Pioneer House en die beroemde New York Wiltwyck skole vir psigopatiese kinders, skyn werklik van groot waarde te wees. Hierdie skole pas milieuterapie tot in die fynste besonderhede toe en het skynbaar dramatiese sukses behaal. (7 Pagina 132). In hierdie projekte is die psigiatriese onderhoud as enigste behandelingsmetode oorboord gegooi. Die konvensionele onderwysmetodes moes plek maak vir 'n ander benadering aangesien hierdie kinders nie toegerus was om by hierdie metodes te baat nie. Hul behoeftes aan onmiddellike behoeftebevrediging, hulle lae frustrasiedrempel en ander kenmerkende psigopatiese tendense het hulle hiervan uitgesluit. Selfs die geringste aspek in hierdie inrigting is

slegs op die behoeftes van die kinders ingestel.

"Every ball game, every meal, every temper tantrum was handled with an eye to the child's treatment. Each individual from the Director to the cook participated in the programme. Even the house itself, its design, furnishings and upkeep formed an integral part of the therapey." (12 Pagina 133).

Hierdie beginsels van Pioneer House, gebaseer op baie beginsels van Aichorn, is later in Wiltwyck Skool voortgesit. Die skool se beleid word goed opgesom deur voormalige hoof Ernst Papanek -

"Punishing teaches only how to punish, scolding teaches him how to scold.. By showing him that we understand, we teach him to understand, by helping him, we teach him to help. By co-operating, we teach him how to co-operate." (12 Pagina 138).

Ten tye van McCord se waarneming was dit gou duidelik dat die behandelingsprogram in hierdie skool 'n dramatiese uitwerking op die 15 psigopatiese kinders wat destyds op skool was, gehad het. 'n Statistiese ontleding van die gegewens het getoon dat die graad van skuldgevoel by die psigopate aansienlik versterk is, hulle siening van outoriteit positief beïnvloed, en dat hulle aggressie aansienlik afgeneem het. (12 Pagina 51). McCord som dan op en sê -

"Their attitude towards authority became more friendly and their ego ideals more positive in most important aspects, aggression, guilt, view of authority the psychopathic boys closely approached the scores of the normal suburban children." (12 Pagina 158).

Die resultate wat by hierdie skool behaal is, word deur McCord as uiters belangrik, insiggewend en vol belofte vir die toekoms beskou. (12 Pagina 165).

SAMEVATTING:

Uit die beskikbare literatuur is dit dus duidelik dat die behandeling van die psigopaat deur konvensionele metodes werklik min rede tot optimisme gee. Dit blyk egter dat daar wel 'n mate van sukses deur middel van psigoterapie en veral milieu-terapie behaal is. Veral, ten opsigte van die psigopatiese kind, is die tekens bemoedigend en navorsingsresultate dui op die wenslikheid van vroeë diagnosering. Dit is egter duidelik dat die behandelingsmoontlikhede wat daar tans bestaan, langtermynprojekte is en dat hierdie behandeling nie binne gemeenskapsverband moontlik skyn te wees nie.

EIENSKAPPE VAN DIE PSIGOPAAT AS HANDLEIDING VIR IDENTIFIKASIE.

Dit sal belangrik wees vir die reeds genoemde doel van die studie dat ons deur middel van 'n geselekteerde samevatting van voorafgaande literatuur-

studie poog om 'n beeld van die psigopaat te teken met die oog op moontlike identifikasie.

Vroeëre navorsers het veral klem gelê op die psigopaat se impulsiwiteit, leuenagtigheid, sy anti-sosiale gedrag en botsing met outoriteit. Die kenmerkende emosionele afgestomptheid en uiters egoïstiese lewensbenadering en die psigopaat se vermoë tot toneelspel, tree ook telkens sterk op die voorgrond. Ander navorsers weer, het klem gelê op die ontwrigtende invloed wat die psigopaat op die samelewing uitoefen, sy gebrek aan skuldgevoel, sy liefdeloosheid en gebrek aan langtermynbeplanning.

Sekondêre kenmerke wat voortvloei uit die psigopaat se gebrek aan skuldgevoel, sy afgestompte emosies en kenmerkende impulsiwiteit en sy gebrek aan empatie en liefde soos byvoorbeeld, sy gebrek aan toepaslike motivering en 'n gebrek aan skaamte en skuldgevoel is ook deur navorsers beklemtoon. Groot klem word veral gelê op die psigopaat se gedrag in die samelewing en sy gebrek aan lojaliteit ten opsigte van sy medemens.

Die probleem om werklik die psigopaat te karakteriseer deur middel van 'n enkele omskrywing word byvoorbeeld afdoende geïllustreer deur die omvattende definisie van "The American Psychiatric Association", byvoorbeeld -

"Characterized largely by emotional immaturity or childishness with marked defects of judgment and without evidence of learning by experience; they are prone to impulsive reactions without consideration of others and to emotional instability with rapid swings from elation to depression. Often apparently from trivial causes, intelligence may be normal to superior." (20 Pagina 88).

Hier is dit egter van belang om in gedagte te hou dat navorsers juis die gebrek aan emosionele respons en emosionele diepte by die psigopaat beklemtoon en juis daarom kan begrippe soos "emotional instability with rapid swings from elation to depression" wat in bogenoemde definisie gebruik word, verwarrend wees.

Die probleem van psigopatie is kompleks en sy gedragsmanifestasie so uiteenlopend en dikwels verwarrend dat die beeld van die psigopaat nouliks in 'n enkele definisie vasgevang kan word. Daarom is 'n poging tot identifikasie vanuit die literatuur aangewese op die uiteenlopende karaktereienskappe van die psigopaat. In die literatuur kom 'n mens egter juis voor die probleem te staan dat navorsers reeds tot baie foutiewe gevolgtrekkings aangaande die psigopaat gekom het, juis omdat soveel ander afwykings met psigopate verwar is, soos byvoorbeeld psigose en neurose. Ten spyte hiervan wil dit tog voorkom asof daar veral gedurende

/66...

die sestigerjare 'n groter eenvormigheid in hierdie verband ingetree het. So byvoorbeeld het Grey en Hutchinson in 1964 'n vraelys aan meer as 937 Kanadese psigiaters gestuur ten einde vas te stel in hoe 'n mate hierdie mense se algemene idees omtrent psigopatie ooreenstem. Die vraelys het hoofsaaklik bestaan uit 28 items wat sekere karaktertrekke en eienskappe van die psigopaat weergegee het.

Die mate van ooreenstemming in die mening van hierdie psigiaters was verbasend. (15 Pagina 9). Die meeste navorsers maak dan ook melding van die psigopaat se egosentrisiteit en gebrek aan empatie en sy onvermoë om warm emosionele kontak met ander aan te knoop, wat dikwels meebring dat hy ander slegs as voorwerpe sien en behandel en wat hom sonder enige werklike skuldgevoel laat.

Ook wat die kenmerke van die psigopatiese kind betref, bestaan daar betekenisvolle ooreenstemming en die volgende kenmerke is hoofsaaklik hier van toepassing - aggressie, ontoereikende superegofunksie, onvermoë om met ander te identifiseer, lae egokrag, narcisme, afwesigheid van konflik, angs en skuld, humeuruitbarstings, motore hipersensitiwiteit en 'n algemene afwesigheid van doelgeoriënteerde gedrag. (15 Pagina 10).

Vir identifikasiedoeleindes is ons dus hoofsaaklik aangewese op die psigopaat se gedragsmanifestasies. Uit die literatuur blyk dit dat die volgende vernaamste kenmerke uitkristaliseer -

<u>Oppervlakkige sjarme</u>;
<u>Totale afwesigheid van delusies of enige irrasionele denke</u>;
<u>Die afwesigheid van psigoneurotiese manifestasies</u>;
<u>Onbetroubaarheid</u>;
<u>Leuenagtigheid en oneerlikheid</u>;
<u>Afwesigheid van skuld of skaamte</u>;
<u>Onvoldoende gemotiveerde anti-sosiale gedrag</u>;
<u>Swak oordeel en 'n onvermoë om te leer uit vorige ondervinding</u>;
<u>Egosentrisiteit en 'n onvermoë om lief te hê</u>;
<u>Gebrek aan ware emosionele respons</u>;
<u>Gebrek aan insig</u>;
<u>Gebrekkige interpersoonlike verhoudings</u>;
<u>Fantasie of irrasionele optrede met of sonder sterk drank</u>;
<u>Pleeg selde selfmoord</u>;
<u>Onpersoonlike seksuele lewe, dikwels onbeduidend en swak geïntegreer</u>;

/67...

Onvermoë tot langtermynbeplanning;
Aggressie wat dikwels deur onbenulligheede uitgelok word; en
Ingesteldheid op onmiddellike behoeftebevrediging.

Dit is opvallend dat die eerste drie eienskappe positief van aard is en die feit beklemtoon dat die psigopaat se gedrag nie net 'n manifestasie van versteurde geesteswerking is nie. Die psigopaat ondervind nie die emosionele komponente van persoonlike en inter-persoonlike gedrag en verhoudings nie en hy is dus 'n na-aper van die normale persoon, maar is nie in staat om regtig emosioneel te lewe nie. Dus, al is hy in staat om te verbaliseer, is die verbalisering ontdoen van enige emosionele meelewing of betekenis. Hy manipuleer en gebruik ander om sy behoeftes te bevredig maar is gewoonlik in staat om deur middel van sy oppervlakkige egtheid en gladde leuentaal sy slagoffer te oortuig van sy onskuld of van sy voorneme om in die toekoms te verbeter.

Uit die studie oor die etiologie het dit geblyk dat navorsers veral die probleem op drie gebiede nagevors het nl. oorerwings- en konstitusionele aspekte, omgewings- en psigodinamiese faktore en invloede vanuit die neurologiese oogpunt. Wat laasgenoemde betref blyk dit dat sekere psigopate wel EEG-abnormaliteite registreer en dat hulle in vergelyking met normale mense meer neurologiese afwykings toon en meer van hulle het 'n geskiedenis van vroeë siektes wat beskadiging van die brein in die hand kan werk. In die geval van invloede vanuit die omgewing word die rol van positiewe identifikasie beklemtoon en is dit duidelik dat aspekte soos dissipline en ernstige verwerping in die vroeë kinder- en jeugjare dikwels 'n deurslaggewende rol speel. Wat die konstitusionele veroorsaking betref, het daar in werklikheid geen uitsluitlike bewyse bestaan vir die oorerwingsteorie nie, alhoewel dit duidelik is dat oorerflikheidsfaktore wel persoonlikheidstendense kan beïnvloed.

By die studie van die aspek van behandeling, het daar ook toepaslike en insiggewende faktore aan die lig gekom. Dit het duidelik uit navorsing geblyk dat die metode van psigoterapie, alhoewel op 'n uiters beperkte skaal, tog reeds positiewe resultate gelewer het. Dit blyk egter op hierdie stadium duur en uiters tydrowend te wees aangesien dit baie intensief en oor 'n lang periode toegepas moet word.

Straf dien egter as geen afskrikmiddel vir die psigopaat nie, en hy lewer eindelose probleme in aanhouding. Die tegnieke van chemioterapie en

/68...

frontale labotomie, skyn ook minder suksesvol te wees. Die psigopaat skyn verder 'n natuurlike proses van "rypwording" te ondergaan, en dit wil voorkom asof die simptome gedurende die veertigerjare 'n afname toon, of 'elydelik verdwyn.

Die vorm van behandeling wat skynbaar tans die meeste belofte inhou vir die volwasse psigopaat sowel as die sogenaamde "impulse ridden" kind, is 'n intensiewe vorm van beskermde milieu-terapie. Die bekende Witwyckskool in New York is ingestel op hierdie vorm van terapie en het reeds met sukses, kinders met psigopatiese kenmerke behandel.

# HOOFSTUK III

## GEVALLEWERKSTUDIES

### Inleiding -

In die vorige hoofstuk het die ondersoeker die belangrikste kenmerke van die psigopatiese persoonlikheid, soos blyk uit die literatuur, beskryf en saamgevat. Die gevallewerkstudies wat vervolgens genoteer word lig die belangrikste kenmerke van die psigopaat, soos blyk uit die maatskaplikewerk praktyk, uit. Die gesamentlike kenmerke wat dan op hierdie wyse verkry is, word dan verwerk en so toegepas om te dien as diagnostiese kriteria vir maatskaplike werkers.

Die 14 gevallesituasies is op willekeurige grondslag geneem en bestaan uit sewe gevalle geneem uit die observasieafdeling van die Sentrale Gevangenis in Pretoria en 7 gevalle by 'n streekskantoor van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene.

In die geval van die gevangenisgroep is daar eerstens staatgemaak op die diagnostiese waarneming van die observateur in diens van die Departement van Gevangeniswese. Die verslag wat die observateur ten tye van die gevangene se observasieperiode geskryf het, word in oorspronklike vorm weergegee. Die feite-gegewens soos vervat in die verslag word dan uitgelig en professionele mening van die observateur uiteengesit. In die daaropvolgende bespreking word die geval ontleed en gee die ondersoeker sy eie mening en indrukke weer. Hierdie ontleding word gedoen aan die hand van die betrokke lêerinhoud, toetsresultate, observasieverslag en persoonlike onderhoude wat met elk van die gevangenes gevoer is.

Die gevalle uit die maatskaplikewerk-veld word geïllustreer aan die hand van prosesverslae deur maatskaplike werksters, verslae verstrek aan/of deur instansies soos die hof, rehabilitasiesentrums, psigiatriese hospitale en veiligheidsplekke. Korrespondensie van belang is ook gebruik en die ondersoeker het persoonlike onderhoude met al die betrokkenes en hul naasbestaandes gevoer. Daar is verder ook gebruik gemaak van die menings van maatskaplike werksters, mediese dokters, psigiaters en sielkundiges en die ondersoeker het al die gevalle op een of ander stadium van die maatskaplikewerk-aandag as kliënte gehad. Al 7 van hierdie betrokke kliënte is op een of ander stadium in die behandelingsproses deur 'n bevoegde psigiater of sielkundige as psigopate gediagnoseer.

/70...

Die gevallewerksituasies uit die gevangenis is minder omvattend en van minder besonderhede voorsien as die 7 gevallewerkstudies uit die maatskaplike werkveld. Hierdie opvallende verskil is hoofsaaklik toe te skryf aan die verskil in omstandighede waartydens hierdie studies gedoen is. In die gevangenissituasie was die ondersoeker hoofsaaklik aangewese op bronne van inligting wat byna uitsluitlik handel oor verhoudings, ingesteldhede en gebeure wat betrekking het op die historiese verlede. Nóg die ondersoeker, nóg die gevangenispersoneel was in 'n posisie om die psigopaat waar te neem in sy maatskaplike funksionering binne die geordende gemeenskap. 'n Groot deel van die studie uit die maatskaplike werkveld berus egter op persoonlike waarneming en in die ondersoeker se hoedanigheid as supervisor en veldbeampte is 'n groot deel van die maatskaplike werkkontak met al 7 psigopate persoonlik meegemaak. Die invloed van die psigopaat se optrede op sy familie, vriende, gesin en die gemeenskap as geheel, is persoonlik beleef en sy besondere aard, optrede en kenmerkende eienskappe soos in die praktyk gemanifesteer, self waargeneem.

Die ondersoeker het dit goed gevind om drie van die situasies in die veld aan die hand van prosesverslae te illustreer. Dit gee nie alleen in aktuele beeld van die dilemma waarin die maatskaplike werkster haar dikwels bevind in haar kontak met die psigopatiese kliënt nie, maar dien ook om 'n beter beeld te gee van die psigopaat se moontlike gebrek aan insig, impulsiewe- en irrasionele optrede, manipulerende tegnieke en ander kenmerkende eienskappe soos weergegee en beleef deur die maatskaplike werkster self. Die dikwelse onvermoë van die maatskaplike werkster om enige betekenisvolle en rigtinggewende invloed, op die maatskaplike funksionering van die psigopaat uit te oefen, kom ook op hierdie wyse na vore.

GEVALLEWERKSTUDIE 'A'

DIE GEVANGENISGROEP

OBSERVATEURSVERSLAG

Volgens die OTIS-toets het die gevangene 'n I.K. van 112 wat hom in die bogemiddelde groep plaas.

PREDISPONERENDE TENDENSE

Gevangene is die enigste kind uit 'n huwelik waar die vader en moeder geskei is kort na die kind se geboorte. Hierna het hy en sy moeder by sy ouma gaan inwoon waar hy gebly het tot en met sy tiende jaar. Dit wil voorkom asof sy ouma baie welaf was en hy en sy moeder het slegs die beste geniet. Sy moeder het bedags as bestuurderes in 'n winkel gewerk en op materiële gebied is daar in meer as al die gevangene se behoeftes voorsien.

Moontlike oorsake vir sy misdaadsloopbaan setel in die volgende -

Gevangene het in die sorg van sy moeder en ouma oorbeskermd, bederf en byna verwyfd grootgeword. Hy het van kleinsaf geleer om sy sin en wil in alles te kry, en is selde of ooit deur gesonde tug of dissipline teengegaan. Hy het as 'n uiterste egoïs grootgeword en die basis vir 'n sterk psigopatiese persoonlikheid is hier gelê.

Op materiële gebied is gevangene goed versorg, dog op emosionele vlak is hy byna openlik deur sy moeder verwerp.
"Sir, she is a stranger to me." Sy moeder het skynbaar so opgegaan in haar werk en ook in haar sosiale lewe dat sy feitlik nooit tuis was om aandag aan die kind te gee nie. Al sy liefde en behoefte aan aanvaarding en sekuriteit is aan sy ouma oorgedra.

Dit skyn of dissipline, as gevolg van die afwesigheid van 'n vader en die belangeloosheid van die moeder, vir alle praktiese doeleindes, 'n onbeduidende rol in sy opvoeding gespeel het. Hy het reeds van jongs af ernstige probleme op skool begin lewer en ook daar gemaak en gebreek soos hy wou.

Bogenoemde drie faktore het die volgende invloed op sy misdadigheid gehad -

As gevolg van sy psigopatiese persoonlikheid is hy emosioneel so afgestomp dat hy nie in staat is om uit vorige ondervinding te leer nie, en het suksesvol, dog gewetenloos, gelieg en bedrieg waar hy ook al gegaan het.

/72...

Die verwerping van sy moeder en die verlies van sy vader het geweldige behoeftes om erkenning, sekuriteit en emosionele aanvaarding geskep wat hy op sy volwasse lewe oorgedra het. Hy het nooit oor die aanleg, kwalifikasies en deursettingsvermoë beskik, anders as om op negatiewe wyse vir hierdie behoeftes te kompenseer nie.

Die swak dissipline en onvoldoende beheer en toesig het hom sonder inisiatief en deursettingsvermoë gelaat. Hy beskik oor bykans geen selfdissipline nie en blaas altyd op direkte of indirekte wyse die aftog sodra enige moeilike-of krisis-situasie opduik en het geen voorliefde vir enige vorm van werk nie.

GEVOLGTREKKING EN ALGEMENE INDRUKKE.

Gevangene kom minderwaardig en emosioneel dood voor en dit is duidelik dat hy baie gelukkiger in die gevangenis is. Hier is hy weg van alle konflikte en besluite. Sy psigopatiese tendense is duidelik waarneembaar.

PROGNOSE.

In die lig van psigopatiese ingesteldheid en die afwesigheid van enige sin of doel in sy lewe, moet sy prognose swak wees.

UIT BOGENOEMDE GEVAL BLYK DIE VOLGENDE FEITGEGEWENS -

Vader en moeder geskei net na die kind se geboorte en die kind is in die sorg van die moeder gelaat en hy en sy moeder het skynbaar by die ouma gaan inwoon.

Materieël was hierdie gesin welaf en die moeder het bedags beroepsarbeid beoefen as bestuurderes van 'n winkel.

Geen betekenisvolle emosionele verhouding tussen moeder en seun -

"Sir, she is a stranger to me."

Die huishouding is gekenmerk deur swak dissipline, afwesigheid van die moederfiguur en 'n oorbeskermde houding van die ouma.

Hy het reeds vanaf 'n jeugdige ouderdom ernstige gedragsprobleme gelewer.

Oor die algemeen word die situasie gekenmerk deur 'n totale afwesigheid van die vaderfiguur.

Hy was skynbaar van kleins af op homself aangewese en het deur middel van manipulasietegnieke en weldeurdagte leuens homself gehandhaaf.

INDRUKKE EN GEVOLGTREKKINGS VAN DIE OBSERVATEUR.

Volgens die observateur se mening was hy van kleins af geleer om sy sin en sy wil in alles te kry en is hy selde of ooit deur gesonde tug of dissipline teëgegaan. Hy het uiters egoïsties grootgeword en was skynbaar ingestel op onmiddellike behoeftebevrediging.

Op materiële gebied was hy skynbaar goed versorg, maar op emosionele gebied totaal verwerp. Hy moes na sy ouma omsien vir die bevrediging van sy psigiese en fisiese behoeftes.

Hy is emosioneel afgestomp, nie in staat om uit sy vorige ondervinding te leer nie en manipuleer sy omgewing deur middel van leuens en bedrog.

Hy het skynbaar ŉ behoefte aan erkenning, sekuriteit en emosionele aanvaarding.

Die onvoldoende beheer en toesig het hom sonder inisiatief en deursettingsvermoë gelaat. Hy beskik oor geen selfdissipline nie en hanteer alle krisissituasies deur middel van ontvlugting.

Die persoon kom minderwaardig en emosioneel dood voor en lyk heel gelukkig in die gevangenissituasie. Sterk psigopatiese neigings is waargeneem. Sy lewe skyn ontdoen te wees van alle sin en doel en sy prognose is uiters swak. Die betrokkene het ŉ verwyfde indruk op die observateur gelaat.

EVALUASIE.

Ons het hier te make met ŉ geval waar ŉ kleinkind skynbaar aan ŉ grootmoeder oorgelaat is om sy behoeftes van aanvaarding, erkenning en liefde te vervul. Sy algemene opvoeding het gepaardgegaan met ŉ uiterste gebrek aan dissipline en dit is duidelik dat hy oorbeskermd en bederf was. Hy het gou geleer om sy sin en sy wil op haar af te dwing en deur middel van fyn manipulasietegniek sy behoeftes sonder meer te bevredig. Hy het nooit geleer om vir enigiets moeite te doen of te werk nie. Sy kliniese geskiedenis word verder gekenmerk deur ŉ totale afwesigheid van die vaderfiguur en dit is duidelik dat sy ontwikkeling mank gaan aan ŉ gebrek aan gesonde identifikasie met ŉ manlike figuur. Hy maak dan ook iets van ŉ verwyfde indruk, gesels geweldig vloeiend en dit is duidelik dat hy ŉ meester is op die gebied van verbalisasie. Volgens die OTIS-toets beskik

hy oor 'n hoë gemiddelde I.K. van 'n 112, dog het duidelik sy hele lewe lank onderpresteer. Hy beskik slegs oor 'n standaard 7-skoolkwalifikasie en wat bestendige beroepsarbeid betref het hy swak gevaar. Sy menseverhoudings is van vlugtige, oppervlakkige aard en hy het 'n swerwersbestaan gevoer. Sosiaal is hy grootliks geïsoleer en vertoon 'n totale onvermoë om blywende verhoudings met ander mense aan te knoop. Die betrokkene toon dan ook 'n algemene gebrek aan langtermynbeplanning. Sy huidige gevangesetting beteken dan ook vir hom niks meer as 'n inperking van sy vryhede nie en hy het hom alreeds goed binne die gevangenissituasie aangepas. Hy vertoon dan ook 'n besondere onverskilligheid ten opsigte van die gevolge van die gevangenissetting en mens kry die indruk dat hy die implikasie daarvan nie snap nie. Hy hanteer sy huidige probleme deur middel van rasionalisasie en toon weinig of geen insig in die oorsaak of gevolg van sy misdaad nie.

KENMERKE.

Onvolledige gesinsagtergrond - afwesigheid van vaderfiguur;
Gebrekkige emosionele kontak met moeder - oorbeskerm en bederf deur grootmoeder;
Ontoereikende dissipline en beheer;
Gedragsprobleme op vroeë ouderdom;
Van kleinsaf op manipulasietegnieke aangewese - leuentaal, oormatige verbalisasie en bedrog;
Skolasties onderpresteer;
Totale gebrek aan insig in huidige probleemsituasie en oorsaak en gevolg;
Emosionele afgestomptheid; en
Gebrek aan langtermynbeplanning.

GEVALLESTUDIE 'B'

OBSERVATEURSVERSLAG

INTELLIGENSIE

OTIS-toets - I.K. van 111 - bogemiddelde groep.

PREDISPONERENDE TENDENSE.

Gevangene is die tweede jongste in 'n groot gesin van tien kinders wat 'n dranksugtige vader en moeder gehad het. Hy het op onrype ouderdom reeds

kennis gemaak met soveel onverwerkte spanning, konflik en die gevolge van ernstige armoede dat die beslag van 'n ongebalanseerde geestessamestelling reeds gelê is.

Op jeugdige ouderdom is die kinders sorgbehoewend verklaar en is hy na 'n kinderhuis gestuur. In hierdie inrigting het hy dan ook die res van sy vormingsjare deurgebring. Hy is later na 'n nywerheidskool verwys en het met die verloop van jare alle kontak met sy familie verloor.

Hierdie openlike verwerping en ongunstige ekonomiese- en gesinsomstandighede in sy jeugjare het meegebring dat hy nog steeds geleer was om te neem en in te palm dit waarop hy sy hande kon lê. Hy was ook reeds aangewese op selfstandige optrede en die gebruik van al sy vermoëns om te bekom wat hy wou hê.

Gevangene het met hierdie verwronge geestessamestelling en psigopatiese lewensbenadering die nywerheidskool verlaat en met 'n basiese persoonlike en sosiale minderwaardigheid die beroepslewe betree. Dit is slegs logies dat hy nie met bogenoemde toerusting in staat was om die spanning, konflik en krisissituasies van 'n volwasse lewe, rasioneel en positief te verwerk nie. As ontvlugtingsmeganisme het hy hom met sy maats aan die drank vergryp om dan in sy besope toestand onbesonne dade te pleeg.

Om te kompenseer vir sy tekortkominge het hy 'n hoë lewensstandaard probeer handhaaf wat met sy inkomste net nie moontlik was nie.

<u>INDRUKKE.</u>

B. kom stil, teruggetrokke, besadig en baie vriendelik voor. Hy het 'n stil manier en baie gou word 'n kontakverhouding gevorm. Hy gesels vol selfvertroue en baie oortuigend, dog dit is gou duidelik dat hy die rolspeeltegniek goed bemeester het. Tydens die onderhoud het sy psigopatiese tendense sterk na vore gekom en is dit duidelik dat hy 'n slim taktikus is. Dat hy wel dissiplineprobleme sal oplewer, word nie betwyfel nie en daar bestaan 'n sterk moontlikheid dat hy sal ontvlug indien die geleentheid hom sou voordoen.

<u>UIT DIE BOGENOEMDE BLYK DIE VOLGENDE FEITGEGEWENS</u> -

Die betrokkene is die tweede oudste van 'n gesin van tien kinders waarvan <u>beide die moeder en vader dranksugtig was.</u>

<u>Gesin was baie armoedig.</u>

Op 'n jeugdige ouderdom reeds sorgbehoewend bevind en na 'n kinderhuis verwys en die grootste gedeelte van sy vormingsjare daar deurgebring.

Van die kinderhuis is hy oorgeplaas na 'n nywerheidskool waar hy alle kontak met sy gesinslede verloor het.

Hy het 'n ernstige drankprobleem ontwikkel en in 'n besope toestand misdade gepleeg.

Wanneer op vrye voet, het hy 'n lewensstandaard bo sy ekonomiese vermoë gevoer.

MENINGS VAN DIE BETROKKE OBSERVATEUR -

Die betrokkene is op 'n onrype ouderdom blootgestel aan spanning en konflik wat hy nie in staat was om in hierdie stadium te verwerk nie en dit het aanleiding gegee tot 'n ongebalanseerde persoonlikheidsamestelling.

Hy het sy verwydering uit gesinsverband en sy ouers se drankmisbruik en die haglike ekonomiese omstandighede as uiterse verwerping beleef en hy het gou geleer om te neem en in te palm dit waarop hy sy hande kon lê.

Hy openbaar psigopatiese neigings en het met 'n ontoereikende persoonlikheidsamestelling die volwasse beroepslewe betree.

Hy het drankmisbruik as 'n ontvlugtingsmetode om spanning en konflik te verwerk, gebruik.

Hy maak op die oog af 'n stil, teruggetrokke, besadigde en vriendelike indruk. Hy maak oppervlakkig en maklik kontak.

Dit is duidelik dat hy 'n meester is van die rolspeeltegniek en word beskryf as 'n slim en uitgeslape "taktikus". Die observateur is dan ook van mening dat hy 'n potensiële ontvlugter is.

EVALUASIE:

Betrokkene was sedert sy kinder- en jeugjare aan uiters haglike ekonomiese sowel as sosiale omstandighede blootgestel. Beide sy ouers het ernstig drank misbruik en die ontberings en sosiale gevolge wat hieruit voortgevloei het, staan hom nog helder voor die gees. Dit was duidelik dat daar onder hierdieomstandighede en as gevolg van die feit dat hy een van tien kinders was, weinig sprake van warm emosionele kontak tussen hom en sy ouers kon gewees het. Sy ouers as patalogie en die gevolglike verwy-

dering uit gesinsverband het hy as uiterste verwerping beleef. Dit is ook duidelik dat die feit dat hy feitlik deur sy familie "verlaat" is tydens sy aanhouding in 'n nywerheidskool, swaar by betrokkene weeg.

Hy maak die indruk van 'n netjiese stil soort en kan oppervlakkig gesien, as introvert beskou word. Dit is egter gou duidelik dat hy 'n meester van die kuns is om te verbaliseer en 'n mens kom gou onder die indruk van sy onvermoë om werklik warm emosionele kontak te maak. Hy gesels gemaklik en geredelik oor algemene onderwerpe en om na sy verbalisering te luister, sou 'n mens aanneem dat hy buitengewoon intelligent is. Hy is 'n residivis met 'n lang kriminele rekord en leer duidelik nie uit vorige ervaring nie. Ten spyte hiervan rasionaliseer hy steeds sy huidige posisie en die gevolge van sy daad en die gevangenissetting beleef hy nie emosioneel nie.

Die toekoms beteken skynbaar weinig en hy kom tans self "gelukkig" in die gevangenissetting voor. Ten spyte van sy I.K. (volgens die OTIS-toets 111), is hy skolasties swak gekwalifiseer (standaard 8), en word sy beroepslewe gekenmerk deur gedurige verwisseling en rondswerf.

OPSOMMENDE KENMERKE.

Ernstige drankmisbruik by albei ouers - uiters swak ekonomiese gesinsagtergrond;

Gebroke gesinsagtergrond - vroeë verwydering na kinderhuis;

Swak emosionele kontak met beide ouers;

Verwydering as ernstige verwerping beleef;

Skolasties onderpresteer;

Besondere vermoë tot verbalisasie;

Emosioneel afgestomp;

Gebrek aan insig in huidige probleemsituasie;

Onvermoë om betekenisvolle emosionele kontak te maak ; en

Op onrype ouderdom op homself aangewese om selfstandig te fungeer.

/78...

GEVALLEWERKSTUDIE 'C'

OBSERVATEURSVERSLAG

INTELLIGENSIE.

OTIS-toets - I.K. van 94 - gemiddeld.

PREDISPONERENDE TENDENSE

Gevangene is die oudste seun van n gesin van twee kinders wat onder baie weelderige omstandighede grootgeword het. Vanaf sy vroegste kinderdae was die gevangene deur beide sy moeder en vader uitermate bederf. Omdat sy vader baie ryk was, kon die gevangene alles kry wat sy hart begeer het. Deurdat daar in alle opsigte aan sy behoeftes voorsien is, het die gevangene n oorafhanklike gevoel teenoor sy ouers ontwikkel. Hy het gevolglik, omdat hy alles maklik in die hande kon kry, emosioneel verhard. Niks, behalwe geld, was belangrik nie. Alles kan bereik word deur middel van geld. Tot en met sy vader se dood het alles baie goed gegaan. Na sy vader se dood was geld baie minder en waar die gevangene eers n oorvloed gehad het, moes hy nou na sy sak begin kyk. Die gemak van n weelderige lewe was reeds so diep ingewortel dat die gevangene nie daarvan kon afsien nie. In sy gedagtes het hy vir hom n wêreldjie opgebou vol geld en weelde. In sy volwassenheid (gekenmerk deur oorafhanklikheid) het hy n misdaad begaan om in sy wêreld van weelde voort te leef. Bogenoemde dui daarop dat die gevangene n saak nie selfstandig kon oplos nie en verward raak wanneer onbesonne en onbeplande dade gevolg het. n Faktor wat ook hier as bydraend genoem kan word, is die feit dat sy moeder nie sy vrou aanvaar het nie. Sy moeder van wie hy baie afhanklik was, het van hom verwyderd geraak. Beide sy vader en moeder wat vir hom bronne van sekuriteit was, was nie meer daar nie. Die gevoel van beangstheid en verwardheid kon hy nie hanteer nie. Die weelde wat nou nie meer daar was nie, was die enigste bron van handhawing en sekuriteit. Omdat hy nou vanself die weelde moes voorsien, kon hy dit nie doen nie, en het in sy verwarde toestand misdade gepleeg.

ALGEMENE INDRUKKE.

Die gevangene is duidelik volgens gesonde norme opgevoed. Die goeie opvoeding wat hy gehad het, kom sterk op die voorgrond. Die gevangene is gewillig om sy probleem te begryp en te aanvaar.

PROGNOSE.

Die kans op herstel is redelik tot goed, omdat die gevangene besef dat die lewe nie so gemaklik en weelderig is nie. Hierdeur het hy 'n morele oorwinning oor homself behaal.

UIT BOGENOEMDE BLYK DIE VOLGENDE FEITLIKE GEGEWENS.

Betrokkene is die oudste uit 'n oorspronklike huwelik waar daar twee kinders gebore is. Toe hy 4 jaar oud was, is sy ouers geskei en 7 kinders is uit sy vader se tweede huwelik gebore.

Daar het 'n uiters negatiewe verhouding tussen hom en sy stiefmoeder ontstaan.

Sy vader het hom ernstig aan drankmisbruik skuldig gemaak, en sy dissipline het soms aan mishandeling gegrens.

Die betrokkene het herhaalde male na sy moeder weggeloop.

Reeds van jongs af, het hy hom skuldig gemaak aan onbeheerbaarheid en geringe misdade.

Hy word op 'n jeugdige ouderdom na 'n nywerheidskool, en daarna 'n verbeteringskool verwys.

Na sy ontslag uit die verbeteringskool wend hy 'n poging aan om by sy moeder te gaan woon maar kom ook hier in botsing met sy stiefvader.

OBSERVATEUR SE MENING:

Sy psigopatiese persoonlikheid het reeds op 'n vroeë ouderdom gemanifesteer en hy maak hom op 'n vroeë ouderdom reeds aan wangedrag skuldig. Hy koester 'n sterk aggressie teenoor die gemeenskap en plaas die blaam vir sy probleme op sy familielede. Sy misdade word gesien as 'n uiting van hierdie aggressie en word hoofsaaklik teen familielede gemik.

Daar bestaan 'n sterk behoefte aan sekuriteit en dit word as kompensasie vir sy sekuriteitlose jeug gesien.

Hy maak 'n goeie indruk, is besonder beleefd, dog sy ontwrigte jeugjare het 'n duidelike stempel gelaat. Hy is rigtingloos, sonder toekomsperspektief, en het geen emosionele ankers in die lewe nie. Sy prognose word op redelik gestel indien hy kan kompenseer vir sy sekuriteitsbehoeftes.

/80...

EVALUASIE.

Dit is duidelik dat die betrokkene se kliniese geskiedenis een van ernstige en openlike verwerping is. Hy beleef sy ouers se skeiding, sy vader se drankmisbruik en mishandeling, sy moeder se onvermoë om hom onder haar vleuels te neem en sy verwydering na 'n inrigting as 'n ernstige vorm van verwerping. Sy poging om terug te keer na sy moeder se sorg na sy ontslag uit die verbeteringskool, het ook misluk en betrokkene het dit moeilik gevind om dit te verwerk. Dit is duidelik dat hy mank gaan aan emosionele sekuriteit en sy uiters swak insig in sy probleem is skreiend.

Hy openbaar 'n openlike aggressie teenoor die vaderfiguur en daar het duidelik geen emosionele verbintenisse tussen hom en sy moeder bestaan nie.

Tydens die eerste onderhoud maak hy 'n redelike goeie indruk, is beleefd en selfs onderdanig en stem met elke stelling saam. Dit is egter gou duidelik dat, hoewel hy redelik goed verbaliseer en sy ondergemiddelde I.K. (volgens die OTIS-toets 95) nie besonder opvallend is nie, is dit tog duidelik dat hy ingestel is op onmiddellike behoeftebevrediging en dat daar weinig sprake van enige doelgerigte langtermynbeplanning is. Hy vertoon weinig emosie in verband met sy eie ongelukkige toestand en is werklik oortuig dat hy alreeds al sy probleme oorkom het en dat 'n soortgelyke ding hom nie weer in die toekoms sal oorval nie.

Volgens betrokkene het hy standaard 8 geslaag, maar dit is duidelik dat hy nog nooit enige konstruktiewe arbeid verrig het nie en dat hy reeds op hierdie betreklik jeugdige ouderdom rondgeswerf en baie van beroep verander het.

OPSOMMENDE KENMERKE -

Gebroke gesinsverband as gevolg van egskeiding;
Gedragsprobleme op vroeë ouderdom;
Wanverhouding met dranksugtige vader;
Openlike verwerping deur beide ouers - geen betekenisvolle emosionele kontak;
Skolasties onderpresteer;
Openlike aggressie gemik teen vaderfiguur en gemeenskap in die algemeen;
Swak insig in sy huidige probleemsituasie;
Besondere vermoë tot verbalisasie;
Swak emosionele verhouding met beide ouers; en
Emosioneel afgestomp met oppervlakkige verhoudings.

/81...

GEVALLEWERKSTUDIE 'D'

OBSERVATEURSVERSLAG

INTELLIGENSIE

OTIS-toets - I.K. van 95 - gemiddeld.

PREDISPONERENDE TENDENSE.

Gevangene is die oudste van 'n gesin van 6 kinders wat onder gemiddelde omstandighede grootgeword het. Van sy kinderjare af is die gevangene beskerm en bederf deur sy moeder. Op laerskool het hy baie goed gevorder. Met die aanvaarding van sy hoërskoolloopbaan het sy moeilikhede begin. Slegte maats het hom baie beïnvloed en onbesonne dade het gevolg. Aan die begin het die gevangene slegs klein misstappe begaan, maar met verloop van tyd het hy totaal tot die misdaad verval. Moontlike oorsake vir sy misstappe kan wees -

Die feit dat sy moeder hom oorbeskerm en bederf het. Gevangene erken self dat hy algemeen bekend was by die familielede as die gesin se witbroodjie. Hierdie oorbeskerming het voortgeduur namate hy ouer geword het. Sy moeder wou beslis vir hom besluit watter meisies hy moet uitneem. 'n Rebelse reaksie teenoor sy moeder het ingetree en hy het hom nie die minste aan haar gesteur nie.

Die feit dat gevangene se vader 'n baie streng, godsdienstige man was en die kinders baie streng opgevoed het. Sy vader het sekere vaste beginsels waarvolgens hy sy kinders opvoed. Aan rondlopery en bioskoop het hy gladnie geglo nie. Gevangene het gevoel dat sy vader onregverdig was en alles gedoen wat sy vader hom belet het om te doen.

Die feit dat gevangene se moeder hom oorbeskerm het, het die vader uiters streng teenoor hom laat optree. Hy het hom aan niks begin steur nie en as iets goed met hom gebeur het, het dit geen invloed op hom gehad nie.

Die groot rol wat vriende veral vanaf sy hoërskooldae, in sy lewe gespeel het is duidelik. Hul invloed het grootliks daartoe bygedra dat sy ouers niks meer vir hom beteken het nie. Gevangene het sy plesier gesoek by ander mense omrede sy ouers dit nie by die huis aan hom gebied het nie. Die invloed van slegte maats het 'n baie groter invloed op hom gehad as sy vader se opvoeding en dissipline.

ALGEMENE INDRUKKE.

Gevangene skep 'n goeie indruk. Sy voorkoms en taalgebruik is goed.

/82...

Hy redeneer intelligent oor sy probleme en erken die foute wat hy begaan het.

PROGNOSE.

Die kans op herstel is redelik. Alhoewel die gevangene erken dat sy vriende 'n groot invloed op hom gehad het, ken hy tog al die skuld vir sy misdade aan homself toe. Hy sien dus dat die fout grootliks by homself lê en dit blyk dat hy sal poog om homself te verbeter.

UIT BOGENOEMDE BLYK DIE VOLGENDE FEITE -

Betrokkene was die oudste van 'n gesin van 6 kinders en deur veral sy moeder oorbeskerm en bederf.

Hy het reeds aan die begin van sy hoërskoolloopbaan gedragsprobleme openbaar.

Familielede het hom as die gesin se witbroodjie bestempel.

Sy vader was 'n streng godsdienstige man wat skynbaar vooropgesette idees van opvoeding gehad het.

Reeds van 'n vroeë ouderdom met negatiewe invloede geassosieer.

DIE OBSERVATEUR SE MENINGS -

Negatiewe invloed van vriende het 'n groot bydrae tot sy verval in die misdaad en aanvanklike misstappe gehad.

Sy ouers en veral sy moeder het hom tot 'n groot mate oorbeskerm en aan haar verknog.

Daar was 'n gevoel van veronregting en onderliggende aggressie by die betrokkene teen die vaderfiguur aanwesig.

Die gevangene se psigopatiese neigings word dan ook daaraan toegeskryf dat hy oorbeskerm was deur die moeder, en 'n streng, koue outoritêre vaderfiguur gehad het.

Tuis het betrokkene skynbaar mank gegaan aan die nodige afleiding en plesier en het daarvoor tussen ongewensde vriende op negatiewe wyse gekompenseer.

Betrokkene maak 'n gunstige indruk, sy voorkoms en taalgebruik is goed, hy redeneer intelligent en het skynbaar insig in sy probleme.

Die prognose word op redelik gestel en hy aanvaar verantwoordelikheid vir al sy wandade. Hy is van voorneme om homself te verbeter.

/83...

EVALUASIE:

Dit blyk dat die betrokkene in 'n groot mate oorbeskermd en deur sy moeder gedomineer is. Dit wil voorkom asof ook sy vader, alhoewel streng godsdienstig en 'n skynbare voorstander van streng dissipline, in 'n groot mate deur die moeder oorheers is. Daar is 'n duidelike onderliggende opstand teen die vaderfiguur en die vader-seun-verhouding het erg mank gegaan aan vertroue en warm emosionele aanvaarding en kontak. As oudste van 'n gesin van 6 kinders is hy van jongs af as die witbroodjie van die gesin beskou en is hy veral deur sy moeder oorbeskerm. Hy het gou geleer om sy vader te manipuleer deur middel van die guns van sy moeder. Dit is duidelik dat hy reeds in 'n vroeë stadium kant teen die vader gekies het omdat hy gou geleer het wie eintlik die gesaghebbende in die huis is.

Gedurende sy hoërskoolloopbaan het hy totaal onbeheerbaar geraak en openlik in opstand gekom teen die dissipline van beide sy ouers. Fisiese tugtiging deur sy vader is deur sy moeder teëgestaan en deur middel van mooipraat en oorreding het sy steeds gepoog om hom van sienswyse te laat verander. Hy het vroeg reeds gekom en gegaan soos hy wou en almal moes hulle na sy behoeftes skik. Nadat hy slegs standaard 7 voltooi het, het hy teen die wense van sy ouers skool verlaat om tot die beroepslewe toe te tree.

Oppervlakkig beskou skep hierdie gevangene beslis 'n baie goeie indruk. Sy voorkoms en taalgebruik spreek van 'n goeie agtergrond en opvoeding en hy is beslis bewus van goed en sleg en beter en minder goeie lewensnorme. Hy kom baie intelligenter voor as wat die OTIS-toets van 95 aandui en neem alle blaam op homself en beweer dat hy baie goeie insig in die veroorsaking van sy probleem het. Op verdere navraag blyk dit dat hierdie insig bestaan uit die feit dat hy hom nie weer so maklik sal laat verlei deur sy vriende nie.

Op verdere vrae is dit duidelik dat die feit dat die verantwoordelikheid wat hy aanvaar vir die moeilikheid waarin hy hom bevind, weinig inhoud en betekenis het. Hy rasionaliseer en dra steeds op 'n onregstreekse wyse die skuld oor op al die mense in sy onmiddellike omgewing. Hy verbaliseer uitstekend en dit is duidelik dat hy in die vrye samelewing afhanklik is van hierdie vermoë.

Wat toekomsperspektief betref, is hy vol ideale met byvoorbeeld verdere studies, toekomstige beroepskeuses en veral keuse van vriende word dikwels beklemtoon. 'n Mens word getref deur die werklike gebrek aan

/84...

insig in die feit dat sy huidige gevangenissetting slegs 'n tydelike terugslag is en dat hy dit sonder meer die hoof sal kan bied. 'n Mens kry die indruk dat hy al die frases en uitdrukkings ken, maar dat hulle weinig ware emosionele betekenis vir hom inhou. Sy beroepsgeskiedenis is wisselvallig en dit is duidelik dat hy op weinig terreine in die lewe enigsins presteer het.

OPSOMMENDE KENMERKE -

Gedragsprobleme op vroeë ouderdom gelewer;

Swak emosionele kontak tussen vader en seun - onderliggende aggressie teenwoordig;

Oorbeskerm en bederf deur dominerende moeder;

Vader gemanipuleer om die guns van die moeder en sy sin en wil op gesin afgedwing - swak dissipline;

Skolasties onderpresteer;

Ontoereikende dissipline en beheer;

Swak insig in oorsaak en gevolg en huidige probleemsituasie;

Besondere vermoë tot verbalisasie en rolspeeltegniek;

Ontkenning van blaam; en

Onbestendige beroepsgeskiedenis.

GEVALLEWERKSTUDIE 'E'

OBSERVATEURSVERSLAG

INTELLIGENSIE.

Volgens die OTIS-toets het die gevangene 'n I.K. van 97 wat hom in die gemiddelde groep plaas.

PREDISPONERENDE TENDENSE

Gevangene, die jongste seun van 7 kinders, was op die ouderdom van ongeveer 2 jaar tot 'n kinderhuis toegelaat. Sy moeder is daarna weer getroud en hy is toe in hierdie nuwe gesinsverband opgeneem. Hy kon egter nie met sy stiefvader klaarkom nie. Volgens vasgestel kan word, is die stiefvader baie onredelik en die tug wat hy van sy moeder ontvang het, het ook veel te wense oorgelaat. Dit was dus 'n voortsetting van die ongelukkige lewe in die kinderhuis waar daar ongelukkig 'n onsimpatieke houding was en 'n persoon met min insig aan die hoof daarvan gestaan het. Uit gesprekke blyk dit dat gevangene 'n heimlike vrees vir gesag en outoriteit koester. Dit kan baie moontlik setel in hierdie ongelukkige jare.

Alhoewel daar soms voldoende aan die stoflike van die gesinslewe was, is hierdie persoon psigies ernstig verwaarloos.

Nadat gevangene in die huwelik getree het, het hy 'n motor aangeskaf wat hy nie eintlik kon bekostig nie. Op soek na onderdele wat hy ook nie kon bekostig nie, kom hy in aanraking met 'n bende wat motors steel en onderdele baie goedkoop verkoop. Met sy kennis van motors is hy gou deur hulle genader om te help met die aftakel van gesteelde motors. So was hy dan as medepligtige beskou. Hy beweer dat hyself nooit motors gesteel het nie.

ALGEMENE INDRUKKE:

Dat gevangene se ongelukkige jeugjare wel 'n rol gespeel het in sy misdaad kan nie betwis word nie. Nogtans het huidige omstandighede in 'n groter mate daartoe bygedra dat die gevangene tot misdaad verval het.

Die swak persoonlikheidstruktuur wat setel in sy kinderjare was 'n vrugbare teelaarde vir hierdie persoon se swak ekonomiese omstandighede. Hy was nie voldoende toegerus (psigies sowel as opvoedkundig) om hierdie omstan-

dighede op 'n eerlike wyse die hoof te bied nie.

Dit blyk uit gesprekke dat die gevangene se eggenote nie genoegsaam wou deel in sy vrye tydbesteding nie. Die onderlinge verhouding is besonder goed, maar sy voel nooit geneë om saam met hom sy vriende te besoek of partytjies by te woon nie. Die vermoë om hierdie remmende faktor wat sy eggenote op sy vrye tydbesteding gehad het, te verwerk was nie by gevangene aanwesig nie.

DIE VOLGENDE FEITEGEGEWENS BLYK UIT BOGENOEMDE -

Betrokkene is op die ouderdom van ongeveer 2 jaar reeds in 'n kinderhuis opgeneem;

Nadat sy moeder egter weer in die huwelik getree het, is hy weer in gesinsverband opgeneem dog bots ernstig met sy stiefvader;

Die stiefvader was uiters streng terwyl die tug wat sy moeder toegepas het veel te wense oorgelaat het.

Dit wil voorkom asof uiters ongunstige emosionele omstandighede in die kinderhuis geheers het en dat daar weinig geleentheid was vir emosionele kontak en warm menslike verhoudings.

Swak ekonomiese toestande was skynbaar aanwesig binne gesinsverband.

Gevangene is getroud.

Gevangene was betrokke in die handel van gesteelde motoronderdele.

OBSERVATEUR SE MENINGS -

Betrokkene koester 'n vrees vir gesag en outoriteit wat moontlik spruit uit die ongelukkige ervarings in sy jeugjare;

Vriende het skynbaar 'n rol gespeel in sy negatiewe beïnvloeding;

Hy was psigies nie in staat om die konfliksituasies wat uit sy jeug spruit positief te verwerk nie; en

Die feit dat sy vrou geen belang in sy vrye tydsbesteding gehad het nie, word ook gesien as 'n bydraende faktor tot hierdie gevangene se misdaad.

EVALUASIE:

Hoewel die betrokkene redelik kommunikeer en hy by uitstek goed kan ver-

baliseer is dit tog duidelik dat hy emosioneel heeltemal onverskillig ten opsigte van sy omgewing staan. Ondersoeker kry selfs die indruk dat hierdie persoon ander mense slegs as voorwerpe sien en dit is duidelik dat afgesien van noodwendige oppervlakkige verhoudings, hy werklike geen blywende verhoudings met ander mense kan aanknoop nie. Afgesien van sy negatiewe drinkbroers, is hy in 'n groot mate sosiaal geïsoleer en is dit duidelik dat daar weinig betekenisvolle kommunikasie tussen hom en sy vrou bestaan het. Hy het male sonder tal van beroep verwissel en voor sy gevangenissetting skynbaar van misdaad geleef. Ekonomies het hulle 'n sukkelbestaan gevoer en dit is opvallend dat hy selfs op hierdie ouderdom nog in werklikheid niks in die lewe besit nie.

Daar bestaan weinig skuldgevoel ten opsigte van sy huidige misdaad en hy plaas die blaam op sy negatiewe vriende wat hom so dikwels onder 'n wanindruk bring. Drankmisbruik het skynbaar 'n groot rol in sy lewe gespeel en hy het dikwels onder die invloed van drank onbesonne dade gepleeg. So byvoorbeeld was hy betrokke by verskeie promiskue verhoudings en was hy ook betrokke by misdaad waarvoor hy nooit tot verantwoording geroep is nie. Sy huidige gevangenissetting beleef hy beslis nie emosioneel nie en 'n mens kry die indruk dat hy homself reeds "gemaklik" in die besondere situasie aangepas het.

Hy is vriendelik en oënskynlik bedagsaam, kommunikeer geredelik en dit is duidelik dat hy hom bykans in enige geselskap kan aanpas. Hy hou van breë algemene kommunikasie en sodra daar op 'n meer persoonlike vlak beweeg word, verander hy die onderwerp of gebruik een of ander ontwykingsmetode. Godsdiens hou vir hom weinig betekenis in en gedurende die onderhoud het hy nie een enkele keer melding van sy kinders gemaak nie.

<u>OPSOMMENDE KENMERKE</u> -

<u>Vroeë verwydering uit gesinsverband</u>;

<u>Afwesigheid van vaderfiguur</u> - ontwrigte stiefvader verhouding - swak dissipline;

<u>Swak ekonomiese gesinsagtergrond</u>;

<u>Op onrype ouderdom reeds op homself aangewese</u> om sy ontwrigte omgewing te hanteer;

<u>Emosioneel afgestomp</u> en oppervlakkig in sy verhoudings;

Besondere <u>vermoë tot verbalisasie</u>;

Onbestendige beroepsgeskiedenis;

Swak insig in sy huidige probleemsituasie;

Vorm 'n ekonomiese sukkelbestaan - het geen noemenswaardige materiële bates nie; en

Drankmisbruik en promiskue verhoudings is kenmerkend.

GEVALLEWERKSTUDIE 'F'

OBSERVATEURSVERSLAG

INTELLIGENSIE.

OTIS-toets - I.K. 123 - Superieure groep.

PREDISPONERENDE TENDENSE.

Gevangene is die oudste in 'n gesin van 3 kinders wat uit 'n ekonomies baie goedversorgde huis afkomstig is. Sy moeder as besigheidsvrou het op materiële gebied altyd baie goed na die gesin omgesien. Gevangene self beskik oor 'n hoë intelligensie dog het slegs standaard 6 geslaag voordat hy die huis verlaat het.

Sy moeder was Engels en sy vader Afrikaans, en die gesin kerkloos. Gevolglik het gevangene skynbaar op 'n wyse grootgeword wat meegebring het dat sy begrippe van Godsdiens en Godsdiensnorme power is en hy die gevolglike bindende krag van bogenoemde nooit geken het nie.

Gevangene is as oudste seun op materiële gebied gewoonlik bederf en het sy sin en wil van kleinsaf op almal afgedwing. Omdat sy moeder deur al die jare baie besigheid moes behartig, het gevangene feitlik onder die sorg van 'n Bantoebediende grootgeword. Hierdeur kon hy nog beter daarin slaag om sy sin in alles te kry.

ALGEMENE INDRUKKE.

Gevangene kom goed opgevoed dog emosioneel afgestomp voor. Dit is duidelik dat sy sosiale en persoonlike norme en sy hele emosionele lewe verwronge en wanaangepas is.

PROGNOSE.

Swak - sy besondere geestessamestelling maak kanse op rehabilitasie in hierdie stadium uiters gering.

FEITLIKE GEGEWENS UIT BOGENOEMDE BLYK DIE VOLGENDE TE WEES.

Betrokkene is die oudste van 'n gesin van 3 kinders wat uit 'n ekonomies welvarende gesin is.

Moeder het beroepsarbeid verrig en materieël goed na die gesin omgesien.

/90...

Gevangene het ten spyte van sy superieure I.K. van 123 (volgens die OTIS-toets) slegs standaard 6 geslaag.

Betrokkene is afkomstig uit 'n dubbelkultuurhuis waar godsdiens weinig rol gespeel het.

Gevangene het feitlik onder die sorg van 'n Bantoebediende grootgeword.

Betrokkene is skynbaar van kleinsaf oorbeskerm en bederf.

OBSERVATEUR SE MENINGS -

Kultuurloosheid het gespruit uit die feit dat die moeder Engels en die vader Afrikaans was en daar geen bindende norme soos byvoorbeeld godsdiens, binne gesinsverband was nie.

Op materiële gebied is hy van kleinsaf bederf en het sy sin en wil op almal afgedwing. As gevolg van die moeder se beroepsarbeid het sy weinig tyd gehad om in sy emosionele behoeftes te voorsien.

Sy swak skolastiese kwalifikasies het meegebring dat hy op swak beroepe te midde van swak geselskap aangewese was. Werkloosheid, bandeloosheid en misdaad het hieruit voortgevloei. Gevangene kom goed opgevoed dog emosioneel dood voor.

Sy prognose op hierdie stadium moet as uiters swak gesien word.

EVALUASIE:

Dit is duidelik dat betrokkene uit 'n sogenaamde "gunstige gesinsagtergrond" kom. Sy algemene taalgebruik, maniere en algemene gedrag dui op 'n gunstige materiële agtergrond en dit is duidelik dat die gevangene hom in die beste geselskap sal kan aanpas. Hy is geneig om dikwels op subtiele en soms nie so subtiele wyse nie met sy ondervindinge en eksploitasies te spog en 'n mens moet jouself kort-kort daaraan herinner dat hy slegs standaard 6 geslaag het. Dit is egter ook duidelik dat hy basies erg minderwaardig ten opsigte van sy omgewing voel, en veral die feit dat hy nog in werklikheid weinig in sy lewe presteer het, is 'n faktor wat hy behendig vermy. Hy het reeds talle beroepe beoefen, dikwels rondgeswerf en skynbaar nêrens blywende emosionele bande of betekenisvolle verhoudings aangeknoop nie. Dog is dit duidelik dat hy deur middel van sy besondere gawe om te verbaliseer en mense te manipuleer baie mense bedrieg, en talle misdade gepleeg het waarvoor hy nooit aan die man gebring is nie. Sy seksuele lewe word gekenmerk deur pro-

miskue en los verhoudings en die moontlikheid van homoseksuele ervarings is nie uitgesluit nie.

Uit die onderhoud is dit duidelik dat betrokkene op materiële gebied oorbeskermd en bederf is, en abnormaal aan sy moeder verknog is. Dit is egter ook duidelik dat daar werklik min betekenisvolle emosionele kontak en kommunikasie tussen moeder en seun bestaan en 'n mens het die indruk dat hy slegs materieel aan sy moeder gebind is. Die vaderbeeld speel 'n uiters geringe en betekenislose rol in sy lewe. Daar is feitlik ontkenning van die vaderfiguur en dit wil voorkom asof die moeder die huislike situasie totaal oorheers en gedomineer het.

Uit die onderhoud is dit ook duidelik dat hy dikwels van sy sogenaamde onbeteulbare humeur gebruik gemaak het om mense te manipuleer en sy sin en wil op die omgewing af te dwing. Die betrokkene openbaar 'n besondere fyn vermoë om 'n spesifieke emosionele klimaat of tendens in 'n sosiale situasie waar te neem en om hom onmiddellik by hierdie klimaat aan te pas. Hy praat van morele waardes soos gesonde norme en toekomstige rehabilitasie en noem selfs verskeie toekomsmoontlikhede, tog is dit duidelik dat hierdie begrippe vir hom almal ontdaan is van enige werklike betekenis.

'n Mens word getref deur die absolute gebrek aan insig in sy eie toestand en probleem, veral as sy superieure intelligensie in ag geneem word. Die feit dat die betrokkene slegs standaard 6 geslaag het en op 'n jeugdige ouderdom skool verlaat het, is 'n goeie aanduiding van die mate van beheer wat werklik in hierdie gesin bestaan het.

Die absolute gebrek aan egte emosionele respons, sy vermyding van enige noue persoonlike kontak en opsigtelike gebrek aan empatie en skuldgevoel ten opsigte van sy daad wat hy gepleeg het, is nie moeilik om waar te neem nie. Dit is duidelik dat hy op materiële gebied totaal oorbeskermd en bederf is, en sy sin en wil op sy medemens reeds van kleinsaf afgedwing het, en dat hy egter op emosionele gebied totaal verwaarloos en verwerp is.

<u>OPSOMMENDE KENMERKE</u> -

<u>Ekonomies welvarende gesinsagtergrond.</u>

<u>Skolasties onderpresteer.</u>

<u>Oorbeskerm en bederf deur moeder</u> - hoofsaaklik in sorg van Bantoebediende grootgeword.

Afrikaanse vader en Engelse moeder.

Emosioneel afgestomp met oppervlakkige verhoudings.

Besondere vermoë tot verbalisasie.

Onbestendige beroepsgeskiedenis.

Afgetakelde vaderbeeld met dominerende moederfiguur.

Swak emosionele bande met beide ouers.

Swak dissipline en beheer.

Opvallende gebrek van skuldgevoel.

Geen insig in erns van huidige probleemsituasie.

/93...

GEVALLEWERKSTUDIE 'G'

OBSERVATEURSVERSLAG

INTELLIGENSIE.

OTIS-toets - I.K. 106 - gemiddeld.

PREDISPONERENDE TENDENSE.

Gevangene het grootgeword as die vierde kind in ŉ gesin van drie seuns en drie dogters met ŉ Afrikaanse vader en ŉ Engelse moeder. Die inkomste van die gesin was voldoende en die gesin het in gemiddelde woonbuurtes gewoon.

Gevangene voel hom verwerp deur beide ouers - omdat hy van mening is dat sy broer, net jonger as hy, gebreklik is en noodwendig meer aandag van sy ouers moes ontvang - aandag wat hy self as jongste seun verwag het. Gevangene resorteer in die pikniese liggaamsgroep, is ŉ joviale persoon wat op skool ŉ gunsteling was onder medeskoliere en onderwysers. As goeie sportman en skolier het hy almal se aandag geniet. Tuis het hy nie daardie aandag geniet nie, en hy het sy broer as indringer beskou. Hierdeur het die verhouding tussen sy vader en hom, baie verswak.

Met gevangene se hoërskooljare het die verhouding ŉ klimaks bereik en het hy sy ouers en veral sy vader se onverdeelde aandag probeer bekom deur roekeloos met sy trapfiets te ry en nie meer te leer nie.

Na ŉ rukkie in standaard 7 verlaat hy dan ook die skool en word ŉ leerlingsmesselaar - ŉ ambag wat hy sedertdien voltooi het. Hy het voortgegaan met sy roekelose jaery maar nou met motorfietse en motors. ŉ Ernstige ongeluk waardeur sy linkerbeen nou gebreklik is en wat homself altesaam 4 jaar in hospitale gekos het, was onder andere een van sy metodes om sy ouers se aandag op homself te vestig.

Wanneer hy nie finansieël daartoe in staat was om ŉ motor te bekom nie, het hy dit gesteel en is nou reeds tweekeer daarvoor gevang en gevonnis.

Kenmerkend van persone wat die pikniese liggaamsbou het, het gevangene ook van jongsaf gewoond geraak aan die aandag en vertroeteling van die teenoorgestelde geslag. Verwerping - soos hy dit gesien het - deur sy moeder, het hom meer na meisies laat wend. Van hulle het hy afhanklik geraak en hy moes hulle ten alle koste behou. Sodoende het ŉ onderliggende sielkundige probleem ontstaan. Dit het tot gevolg gehad dat

/94...

hy reeds op 18-jarige ouderdom weens strafregtelike injuria skuldig bevind is. Nog 'n skuldigbevinding weens 'n seksoortreding het gevolg.

ALGEMENE INDRUKKE.

Gevangene is 'n vriendelike persoon, netjies op sy persoon en hoflik in sy optrede.

Hy openbaar 'n sterk ongebalanseerde persoonlikheids-samestelling wat duidelik na vore kom wanneer hy van sy jeug vertel, die onregte wat hom aangedoen is en sy wil en metodes van weerwraak, ongeag die gevolge.

PROGNOSE.

Redelik swak - gevangene beskik net nie oor die nodige persoonlikheids-samestelling om probleme positief te verwerk nie.

GENOEMDE GEVALLESTUDIE BLYK DIE VOLGENDE FEITE -

Die betrokkene is afkomstig van 'n dubbelkultuurhuis en die vierde oudste van 6 kinders.

Hy is klein van liggaamsbou, was gewild op skool en 'n goeie sportman.

Sy broer, net jonger as hy, was skynbaar gebreklik en het baie aandag geverg.

Verlaat skool na standaard 7 en bring ongeveer 4 jaar in hospitale deur as gevolg van beserings. Op 18-jarige leeftyd reeds vir seksoortreding gevonnis en skynbaar betrokke in baie promiskue verhoudings. Maak 'n vriendelike, netjies en hoflike indruk maar sy prognose skyn baie swak te wees.

MENING VAN DIE OBSERVATEUR -

Betrokkene voel hom totaal verwerp deur beide ouers, het skynbaar min aandag ontvang as gevolg van die gebreklike jonger broer. Beskou sy broer as "indringer". Om veral die aandag van sy vader te verkry raak hy reeds in sy hoërskooljare onbeheerbaar en het geweier om te leer. Hierdie tendens plaas hy later dan oor op motordiefstal.

Hy ontwikkel 'n sterk behoefte aan vertroeteling deur vrouens as gevolg van die feit dat sy moeder hom verwerp het. Hulle aandag moes hy ten alle koste behou en van sy kriminele gedrag kan regstreeks hieraan toegeskryf word. Ten spyte van sy vriendelike, netjiese en hoflike indruk openbaar hy 'n sterk ongebalanseerde persoonlikheidssamestelling wat duidelik

na vore kom wanneer hy van sy jeug vertel, die onreg wat hom aangedoen is en sy metodes van weerwraak.

EVALUASIE:

Betrokkene is vriendelik en selfs joviaal en gesels geredelik oor ŉ breë verskeidenheid onderwerpe. Hy beskik oor ŉ uitstaande vermoë om te verbaliseer, maar dis opvallend dat hy persoonlike emosionele kontak vermy en op meesterlike wyse die onderwerp verander of persoonlike vrae ontduik. Gevangene was reeds betrokke in ŉ hele aantal misdade en is in hierdie opsig reeds ŉ geharde residivis. Hy maak meestal gebruik van projeksie om sy misdade te verklaar en het ŉ lang verduideliking vir elk van sy vorige veroordelings. Hy neem aan dat hierdie verduidelikings sonder meer aanvaar word en gaan onmiddellik voort van een onderwerp na die ander.

ŉ Mens kry nie die indruk dat hy sy huidige gevangenissetting enigsins dramaties beleef nie en ondersoeker word getref deur die amper argelose wyse waarmee hy na sy huidige vonnis verwys. Die hele gesprek is uiters egosentries georiënteerd en hy begin bykans elke sin met "ek". Sodra sy huislike omstandighede en kinder- en jeugjare ter sprake kom, beklemtoon hy die feit dat hy totaal in die huis verwerp is as gevolg van die aandag wat daar aan sy jonger gebreklike broer geskenk is. Die indruk word egter verkry dat hy hierdie aspek oorbeklemtoon en slegs as ŉ rasionele oorsaak sien en dat daar in werklikheid min emosie by betrokke is.

Dit is duidelik uit die onderhoud dat hy ŉ totaal afgetakelde vaderbeeld het en dat daar weinig kommunikasie en emosionele begrip tussen hom en sy vader bestaan het. Hy praat sonder veel erg van die "ou kêrel" en dit is gou duidelik dat hy hom slegs as ŉ voorwerp van manipulasie beskou. Dit is duidelik dat hy sy posisie in die huis gehandhaaf en verstewig het, deur middel van sy moeder. Sy was skynbaar die dominerende invloed in die huis en hy het van kleinsaf daarin geslaag om deur middel van manipulasietegnieke en verbalisasie haar na sy sin en wil te manipuleer. Fisiese tugtiging is feitlik aan hom onbekend en sy moeder het op onbeholpe wyse deur middel van mooipraat en materiële beloftes sy samewerking probeer kry. Die uiters swak mate van beheer wat binne gesinsverband bestaan het, word goed geïllustreer daardeur dat hy met ŉ gemiddelde I.K. van 106 (volgens die OTIS-toets) slegs standaard 7 op skool geslaag het. Hierna wou hy gaan werk en het weer daarin geslaag om sy wil op sy ouers af te dwing. Skynbaar het daar groot onenigheid en rusie

/96...

tussen sy moeder en vader bestaan ten opsigte van sy opvoeding en dissiplinering. As gevolg van die oorbeskermende houding van die moeder het die vader sy aandag en belangstelling meer op die jonger en gebreklike broer toegespits. Dit is egter ook duidelik dat daar selfs sprake van n onderliggende aggressie ten opsigte van die moederfiguur is, en die verhouding skyn ontdaan te wees van alle emosie. Hy praat slegs in terme van materiële aspekte as hy van sy moeder praat en beweer dat sy nooit n mens was wat enige emosionele toenadering getoon het nie.

Sy verhouding met die teenoorgestelde geslag beskryf hy as uiters bevredigend en teken n prentjie van vele promiskue verhoudings en beskrywe homself as te slim "om deur een van hulle gevang te word." Hy is op 18-jarige ouderdom reeds vir n strafregtelike injuria skuldig bevind en gevonnis. Sy vele seksuele eksploitasies word met smaak herhaal. Dit is egter opvallend dat die verhoudings almal skynbaar kortstondig en ontdoen is van alle emosionele waarde. Hy beweer dat hy nog nooit betrokke was in enige homoseksuele verhouding nie en godsdiens het skynbaar geen rigtinggewende doel in sy lewe gehad nie.

OPSOMMENDE KENMERKE:

Afkomstig uit dubbelkultuurhuis.

Verwydering uit gesinsverband as gevolg van hospitalisasie.

Promiskueverhoudings opvallend.

Sterk emosionele verwerping deur beide ouers.

Op vroeë ouderdom gedragsprobleme gelewer.

Besondere vermoë tot verbalisasie.

Oppervlakkige emosionele verhoudings.

Ontkenning van blaam.

Afgetakelde vaderbeeld met sterk dominerende moederfiguur.

Skolasties onderpresteer.

Swak emosionele verhouding met beide ouers.

Swak dissipline en beheer.

SAMEVATTENDE KENMERKE VAN GROEP UIT GEVANGENISSITUASIE.

ŉ Ontleding en samevatting van die kenmerkende eienskappe van hierdie sewe psigopatiese persone het die volgende aan die lig gebring -

Vyf van die gevalle is afkomstig uit ŉ onvolledige gesinsverband as gevolg van egskeiding, verlating of verwydering.

Swak emosionele verhoudings met moeder en/of vader is kenbaar in al die situasies.

Ontoereikende dissipline en beheer is opvallend in vyf van die situasies.

In vier van die situasies het die persone reeds op jeugdige ouderdom gedragsprobleme gelewer.

Die vermoë tot verbalisasie en gebruik van toneelspel en manipulasietegnieke is by al die gevalle kenbaar.

Deur die betrokkene se I.K. met sy skoolstandaard in verband te bring, is dit duidelik dat al sewe persone onder hul vermoë presteer het.

Ses persone het uiters swak insig in hul huidige probleemsituasie getoon en was nie in staat om oorsaak en gevolg te koppel nie.

In ses van die situasies was die persone emosioneel kenmerkend afgestomp en nie in staat om betekenisvolle emosionele kontak met ander aan te knoop nie en gaan op oppervlakkige wyse met hul medemens om.

Swak ekonomiese gesinsomstandighede was op twee van die situasies van toepassing en was gekoppel aan die drankmisbruik van een of beide ouers.

ŉ Swak afgetakelde vaderbeeld met ŉ sterk dominerende moederfiguur was in drie situasies kenbaar.

Openlike verwerping was in vier van die situasies identifiseerbaar.

In twee situasies was die betrokkenes duidelik op ŉ onryp ouderdom op hulself aangewese om hul besondere omgewings te hanteer.

Promiskue verhoudings het in vier van die situasies algemeen voorgekom.

GROEP UIT DIE MAATSKAPLIKE VELD.

Die sewe situasies in die maatskaplike werkveld is persone wat gedurende een of ander tyd tydens die behandelingsproses as psigopaties deur ŉ

/98...

psigiater of gekwalifiseerde sielkundige as sodanig gesertifiseer. Slegs in die geval van situasie L was hy reeds deur 'n psigiater as psigopaties gediagnoseer voordat maatskaplike werkaandag verleen is. Drie van die gevalle is vroue waarvan twee jeugdiges is. Die jeugdiges het oorspronklik onder maatskaplike werkaandag gekom as gevolg van onbeheerbaarheid en misbruik van dwelmmiddels. Die ander vyf is hoofsaaklik aangemeld weens kinderverwaarlosing, misbruik van alkohol en werksskuheid.

Hoewel soms omslagtig, het die ondersoeker dit tog nuttig gevind om die gevalle so getrou moontlik, aan die hand van die maatskaplike werkster se werklike kontak met die psigopatiese kliënt, te illustreer. Hierdeur word die probleme wat die maatskaplike werkster met hierdie soort kliënt ondervind, prakties weergegee en kom die aard, handelswyse en tiperende denkwyse van hierdie kliënte op 'n toepaslike wyse na vore.

GEVALLEWERKSTUDIE 'H'

Hierdie geval word geïllustreer aan die hand van maatskaplike werkaandag wat daar sedert 23 Februarie 1966 gegee is. Op hierdie datum het die moeder van betrokkene haar by die kantoor aangemeld en beweer dat sy reeds die afgelope 5 jaar na betrokkene se oudste dogter omsien. Hy was in Rhodesië en het in hierdie tydperk geen belang in die dogter gestel nie en ook geen onderhoud betaal nie. Sy wou graag die dogter wettiglik in haar sorg geplaas hê aangesien die vader weer in die stad opgedaag het.

23 Februarie 1966 -

Die betrokkene se vrou meld haar by die kantoor aan en beweer dat B. reeds 7 maande werkloos is, gereeld drank misbruik, sy gesin ernstig aanrand en skeltaal gebruik. Sy beweer egter dat hy in n nabygeleë dorp werk bekom het en van voorneme is om n nuwe begin te maak. Sy vra om maatskaplike noodhulp.

13 Julie 1966 -

Mevrou beweer dat B. na Springs getrek het om daar by haar broer te gaan werk. Sy woon tans met die kinders by haar skoonmoeder en het niks om van te leef nie. Sy doen weer aansoek om maatskaplike noodhulp wat hierdie keer geweier word.

Op 5 Augustus 1966 besoek die maatskaplike werkster Mevrou B. by haar skoonmoeder. Haar man werk nou by n plaaslike firma en alles gaan baie goed. Hy drink niks. Maatskaplike werkster is ingenome met vordering en moedig aan.

25 Augustus 1966 -

Die ouma skakel. Haar seun is onder die invloed van drank, maar amok en bedreig die hele gesin.

12 September 1966 -

n Buurvrou skakel. B. het n huis vir die gesin bekom in een van die gemiddelde voorstede, dog het sy vrou en kinders uit die huis gejaag en leef tans saam met n ander vrou in die huis. Die vrou en kinders bevind hulle weer by die ouma en die man het in n besope toestand opgedaag om die kinders in sy motor terug te neem huistoe. Hy weier egter dat sy vrou saamkom en leef steeds saam met die ander vrou. Die S.A. Polisie het skynbaar reeds die oggend al n hewige huismoles daar opgeklaar.

/100...

Tydens 'n daaropvolgende kantooronderhoud met Mevrou B. verkry die maatskaplike werkster gegewens, skynbaar met die oog op moontlike kommitering van mnr.B. Hieruit blyk dit dat hulle al ongeveer 14 jaar getroud is en in daardie tydperk het hy al seker 20 beroepe beoefen en het die gesin reeds die hele land deurswerf - van Oos-Londen na Johannesburg, daarvandaan na Rhodesië, Durban, Suidwes-Afrika en weer terug na Oos-Londen.

13 September 1966 -

Ouma skakel weer en beweer dat die egpaar versoen is. Haar seun beweer dit hy onbewus was van die dinge wat hy gedoen het, dat hy om verskoning gevra het en alles weer goed gaan. Maatskaplike werkster reël 'n afspraak met beide mnr. en mev. B. om hulle op 16 September 1966 te besoek.

16 September 1966 -

Net mev. B. tuis, vol verskonings. B. het vanmôre sy moeder gaan besoek. Mev. is in hierdie stadium oorreed om 'n beëdigde verklaring ingevolge Wet nr. 86 teen haar man af te lê.

8 November 1966 -

Mnr. B. is gearresteer omdat hy 'n motor sonder lisensie bestuur het. Die vorige maand het hy ook voorgekom op 'n klag van dronkbestuur, waartydens sy lisensie ingetrek is. Mev. B. beweer hy het weer werk verloor, baie skuld gemaak ten opsigte van meubels en klere, en die paaiement op die huis is ook agterstallig.

Die maatskaplike werkster wend 'n onsuksesvolle poging aan om die kriminele klag te omskep in 'n ondersoek ingevolge Wet. nr. 86.

11 November 1966 -

Maatskaplike werkster besoek mev. B. weer tuis, maar betrokkene is egter weer nie daar nie; soek, na verneem word, werk. Maatskaplike werkster versoek die vrou om B. van die voorgenome ondersoek ingevolge Wet Nr. 86 te vertel en reël 'n kantoorafspraak vir B.

14 November 1966 -

B. daag nie op vir afspraak nie; Mev. beweer hy het werk gekry.

18 November 1966 -

Mev. skakel en deel mee dat alles baie goed gaan; haar man verklaar

/101...

dat hy geen alkoholis is nie en ook geen hulp nodig het nie en dat hy kan ophou drink net wanneer hy wil. Die vrou bevestig dit en beweer dat haar man eerder gevangenisstraf sal uitdien as om na 'n toevlugsoord te gaan. Sy beweer sy gaan die beëdigde verklaring terugtrek.

<u>27 November 1966</u> -

Hy het 40 dae of R40-00 vir die oortreding gekry, en werk by 'n plaaslike tekstielfabriek.

<u>22 Desember 1966</u> -

Maatskaplike werkster maak die eerste keer kontak met B. Hy sit tussen 'n klomp meubels in die straat en dit is duidelik dat die hele gesin met meubels en al uit die huis gesit is. Die maatskaplike werkster val rond om verblyf te kry vir die gesin en hy sit by die meubels in die straat. Hy weier om die kinders vir die nag in 'n kinderhuis te laat bly, is aggressief, onbeskof en spog dat hy die rykste en slimste is en spog met sy familie wat nie armblankes is nie en wat Godvresende mense is. Beskuldig verkeerspolisie en die balju vir al sy moeilikhede en beweer hy is sonder kennisgewing uit die huis gesit. Hy is egter baie optimisties dat hy gou verblyfplek sal kry vir almal en dreig met geweld as sy kinders verwyder word. Hy skel op sy ma wat intussen geweier het om vir die gesin verblyf te verskaf.

<u>22 Februarie 1967</u> -

Die ouma weer op kantoor, die gesin woon tans in 'n ondergemiddelde woonbuurt in die stad. Die vader is egter weer werkloos, drink, en het die twee oudste dogters uit die huis gejaag. Niemand weet waar hulle hul tans bevind nie.

<u>23 Februarie 1967</u> -

Kinders daag by die ouma op nadat hulle 'n nag in 'n park deurgebring het en besluit om daar te bly. Die vrou beweer dat dit die laaste strooi is en dat sy nou finaal van die man gaan skei. Op 22 Maart 1967 word die kinders by die ouma as plek van veiligheid geplaas.

<u>7 Maart 1967</u> -

Die vrou beweer dat die man nog altyd werkloos is, drink steeds en het haar die vorige nag in die kombuis toegesluit waar sy die hele nag moes deurbring.

/102...

<u>9 Maart 1967</u> -

Die vrou beweer dat die man haar met ŉ mes gedreig en uit die huis gesluit het en sy moes in die badkamer slaap. Vasbeslote om te skei en onmiddellik die man te verlaat.

<u>14 Maart 1967</u> -

Mevrou skakel. Dinge gaan weer baie goed, die man het opgehou drink en hy het by die vloot aansoek gedoen om werk. Sy gaan nou maar die egskeiding ŉ bietjie agterweë hou.

<u>15 Maart 1967</u> -

Die ouma op kantoor. Maak mev. B. sleg vir alles wat op die aarde loop en beweer dat sy die oorsaak is van haar seun se drankmisbruik. Sy kan nie insien waarom daar nie optrede ingevolge Wet nr. 86 teenoor hom oorweeg moet word nie.

<u>29 Maart 1967</u> -

Die ouma beweer die kinders raak onbeheerbaar en vra dat daar planne gemaak word met hulle.

<u>17 April 1967</u> -

B. trek nou werkloosheidsversekering, sit by die huis maar drink nie. Hy wag steeds op antwoord van die vloot.

<u>27 April 1967</u> -

B. drink weer, daar is nog steeds geen antwoord van die vloot nie.

<u>2 Mei 1967</u> -

B. is nog steeds by die huis, werkloos en drink aanmekaar. Geen vloot nie.

<u>10 Mei 1967</u> -

Vlootaansoek, as daar een was, afgekeur.

<u>22 Mei 1967</u> -

Hy het werk gekry en dinge gaan goed.

<u>6 Junie 1967</u> -

Maatskaplike werkster besoek huis en tref B. saam met ŉ klomp ongure

/103...

karakters aan, besig met ŉ bottel wyn. B. is nugter maar vol bravade en verklaar dat hy sy hande was ten opsigte van sy kinders en sê prontuit dat hy hulle nie sal onderhou nie. Hy gee ook nie om waarheen hulle gaan nie. Hy dink egter dat dit die heel beste vir hulle sal wees as hulle in ŉ inrigting opgeneem word.

3 November 1967 -

Mev. B. verklaar dat B. voor die hof was, dat hy haar en die kinders met ŉ mes gedreig en uit die huis gejaag het. Die Polisie het hom gearresteer. Sy verklaring aan die Landdros was dat hy nie geweet het wat hy doen nie, maar het plegtig belowe om behandeling by die plaaslike hospitaalkliniek te ondergaan en nooit weer so iets te doen nie. Hy drink steeds en het lankal reeds sy werk verloor. Maatskaplike werkster rig ŉ inroepsbrief vir 7 November 1967 aan B. en hy reageer hierop. Op kantoor beweer hy dat hy ernstige beenmoeilikheid ondervind en maar mank-mank loop van plek tot plek om werk te soek. Erken dat hy weer drank gebruik het maar ontken die bewerings ten opsigte van sy vrou en kinders. Hy het wel kliniek toe gegaan, maar dit was op die verkeerde aand, sal egter beslis môreaand gaan. Hy verklaar hom heeltemal bereid om behandeling te ondergaan en beweer dat hy nou dadelik weer sal werk soek. Die maatskaplike werkster is ingenome met die feit dat hy nou sy drankprobleem begin erken en bemerk vordering.

20 November 1967 -

Mnr B. skakel en dreig met die minister as sy kinders nie dadelik verwyder word nie, beweer sy skoonma het geen beheer oor hulle nie en het slegs ŉ slegte invloed op die kinders.

20 November 1967 -

Mev. skakel. Mnr. B. drink steeds. ŉ Uitgestelde bevel ingevolge Wet nr. 86 word intussen teen B. verkry, en op 28 Desember 1967 is hy weer op kantoor maar baie aggressief. Waarom is daar ŉ inroepbrief aan hom gerig en nogal "dringend" gemerk ook. Hy werk skynbaar weer as ŉ leerling verkoopsman.

11 Januarie 1968 -

Mnr. B. weer op kantoor en beweer dat hy na Komani Hospitaal wil gaan vir behandeling. Ontken egter steeds dat hy enige drankprobleem het en beweer hy is nie ŉ alkoholis nie en kan vanself ophou drink. Besluit dan weer dat hy die plaaslike kliniek bywoon. As dit nie beter gaan nie sal hy self kom vra om na ŉ toevlugsoord gestuur te word.

/104...

<u>18 Januarie 1968</u> -

Die oudste dogter verwag 'n buite-egtelike baba en maatskaplike werkster tref reëlings vir 'n tehuis vir ongehude moeders.

<u>23 Januarie 1968</u> -

Maatskaplike werkster tref B. onder die invloed van drank by die huis aan. Hy is weer werkloos en weier om die mediese vorms ten opsigte van sy oudste dogter te teken.

<u>2 Februarie 1968</u> -

B. weer op kantoor - hy wil nou graag na 'n rehabilitasiesentrum gaan.

<u>12 Februarie 1968</u> -

B. op kantoor met die versoek dat sy vrou na die plaaslike psigiatriese-hospitaal gekommitteer moet word. Sy is geestelik nie in staat om sy kinders groot te maak nie. Hy verpand sy klere al vir drank en bedel 50c by maatskaplike werkster. Op 13 Februarie 1968 word hy gearresteer as gevolg van bedreiging wat hy inhou vir sy vrou en kinders. Hierna is B. vanuit die gevangenis na 'n rehabilitasiesentrum oorgeplaas, maar is 'n paar maande later van die bepalings van die Wet onthef en uit die rehabilitasiesentrum ontslaan as gevolg van sy psigopatiese persoonlikheidsamestelling.

Tydens die ondersoek ingevolge Wet nr. 86, het B. ure van die hof se tyd in beslag geneem met sy volstrekte ontkenning dat hy enige alkohol misbruik of dat hy enigsins ingevolge die Wet na 'n toevlugsoord gekommitteer kan word. Hy het dan ook sy moeder en verskeie van sy werkgewers gedagvaar as getuies en hulle lank onder kruisverhoor geneem. Sy vorige werkgewers het egter deur die bank getuig dat hy alkohol gedurende werksure gebruik het, onbetroubaar is en dat hulle hom verskeie kanse in die werksituasie gebied het.

Dit is ook opvallend dat elke keer wat hy in die hof verskyn het in verband met een of ander kriminele oortreding of ingevolge Wet nr. 86 hy onmiddellik 'n werk bekom het en altyd werksaam was gedurende die hofsaak.

Tydens sy aanhouding in die rehabilitasiesentrum skryf hy die volgende brief aan die betrokke maatskaplike werkster -

"Considering the fact that you and the Social Welfare decided to take over my family and responsibilities and also try to rule my life, I hereby wish to draw the following facts to your notice -

The statement you read out to the Magistrate, Mr. X., on the 14th February, 1968, was false according to my wife who visited me in the East London jail where I was held prisoner for not committing a crime.

She stated in the presence of my brother, Mr. A. and another warden, that she never mentioned she wanted me jailed. I wish to advise you ofthese facts, as I intend asking for an entire review of my case and sue for defamation of character, and also being jailed wrongly. I also would be pleased if you would kindly forward me copies of all reports which you have on my file. I also wish to advise that you have broken up my marriage and made my children fatherless.

I, therefore, want you to, through your Department of Social Welfare, to grant me a welfare divorce as I never ever wish to see my wife again as I have no time or respect for a woman who always runs to the Police or the Welfare.

Also, I will be pushing my full time here of three years which I was sentenced to.

So I don't have any worries as regards support also now that I have had a taste of jail, I am prepared to even push a life term in jail. Yours faithfully, B."

Na sy ontslag uit die rehabilitasiesentrum n paar maande later skryf hy weer die volgende brief aan maatskaplike werkster -

"It has been drawn to my attention that my wife has applied for a pension or grant. I hereby wish to oppose such a move on the grounds that my wife is physically fit and only mentally disturbed.

It was proved over the past 7 months that she spent the money granted to her on liquor and entertaining different men in my home - the state of the house you saw yourself. She also openly admitted that she was drinking and entertaining men. Last month she received money from the Social Welfare and she has used it for trainfare for herself and her sister-in-law to go on holiday to Cape Town. I feel that money could be used in a much more constructive way by assisting people who are really in need.

I would deem it a favour if you could perhaps kindly call at the above address as there are some matters of importance which I have to discuss with you. I anticipate commencing work.

I have not touched liquor since I have left my wife and I am in the pink of health. I wish to apologise for my rudeness towards you owing to the circumstances at that time I was more intoxicated than sober.

I am quite happy now and wish to thank you heartily for all you have done for me in the past. Regards my wife's mental state, I suggest having her committed to an institution where she could also then do studies and obtain a standard 6 certificate which would make things easier for her to find employment as at present she is really going to the dogs by drinking wine and carrying on with a man who is also mentally retarded and works as a cleaner at the court house.

Now that I am a hundred per cent fit and sober, I wish to thank the Social Welfare for committing me to Magaliesoord as at long last I have the opportunity to obtain a divorce from a woman who ruined me.

/106 ...

Should you not be able to call at my mother's home, then kindly advise me and then perhaps I can call at your office.

I remain, Yours faithfully, B."

B. was hierna betrokke in 'n verhouding met 'n getroude vrou wat saam met hom na 'n naburige dorp weggeloop het. Hy het steeds van een betrekking na die ander rondgeval en drank misbruik en ook in verskeie voorvalle van misdaad betrokke geraak. Mev. B. het tydens sy afwesigheid in die rehabilitasiesentrum 'n egskeiding gekry en is getroud en dit skyn asof sy 'n heel bestendige lewe voer. Al B. se kinders is sorgbehoewend bevind en tot inrigtings gekommitteer behalwe sy jongste seun wat in die sorg van sy moeder geplaas is. Nadat hy vir 'n lang tydperk verdwyn het, het hy na 'n gevangesetting vir rusverstoring weer die volgende brief in verband met sy seun aan die Hoofvolkswelsynbeampte gerig -

"With regards to my son residing at P. Street, I hereby wish to make the following arrangements. As my son is living in a very bad area also foul and bad language is used in the house, the girl there has a child the age of 14 years and has recently given birth to a child from a married man and she is now carrying on with another married man. I would therefore want my son removed to the School in King William's Town in the New Year. I will make application for his admittance to the school and I will pay all costs. I feel that I must take this step as No. X, P. Street is always visited by the South African Police. I think that in the interests of my son, it would be better if he was in a school where he would mix with decent boys and participate in various sports.

Kindly reply advising me as I must make application next month for his entry. I could just go and take him by force but it is well below my dignity to have trouble with the W's who are drawing a false grant on my sons behalf.

I remain, Yours faithfully, B."

B. verkeer tans in 'n psigiatriese hospitaal nadat hy ernstige breinbeserings in 'n motorongeluk opgedoen het.

AGTERGRONDGESKIEDENIS:

Die betrokkene verklaar die volgende in verband met sy kinder- en jeugjare.

"Ever since my childhood, I have been the black sheep in the family. According to my deceased father, the complainant is not my mother and that is why my late sister and I were ill-treated. We had one meal a day of stamped mealies. I was sent around to go and collect scrap metals to get money for her. I left school in standard 6 at the age of 14 years. I spoke to the principal and he said he would try to arrange for me to carry on my studies. My mother came there and had me removed from there. She forced me to work in a boot factory at 17s 6d a week. I was not allowed to open my pay envelope she gave me 25c of the money and kept the rest. Out of the 25c I used to pay 20c to Herbie Luck who had a shop and then after a few months I could buy a shirt or a pair of shoes."

/107...

KINDER- EN JEUGJARE:

B. was die derde oudste in 'n gesin van 12 kinders. Prakties gesproke het hy egter as oudste kind en enigste seun grootgeword aangesien sy oudste broer op die ouderdom van $1\frac{1}{2}$ jaar in 'n brandongeluk oorlede is, en sy oudste suster kort na geboorte. Sy vader was in die diens van die Provinsiale Administrasie, afdeling Paaie. Ekonomies was die gesin swak daaraan toe. Die gesin was in 'n groot mate deur die moeder gedomineer alhoewel sy beweer dat B. veral deur sy vader tot 'n groot mate oorbeskerm en bederf was. Na die dood van sy oudste broertjie was hy die enigste seun in die gesin en ook sy vader het skynbaar vir die verlies van die oudste seun gekompenseer deur B. sy sin en wil in meeste dinge te gee en het hy so gou geleer om agter sy vader te skuil teen die soms aggressiewe oorheersing van die moeder. As gevolg van die uiters haglike ekonomiese omstandighede was hy vroeg reeds op homself aangewese vir sy eie materiële versorging en uit die aard van sy werk was sy vader selde tuis. Daar was, ten spyte van die feit dat hy sy sin in meeste dinge gekry het, nooit werklik enige warme kontak en kommunikasie tussen hom en vader nie. Die moeder is 'n harde, dominerende en onsimpatieke mens. Die bevrediging van sy normale behoeftes aan aanvaarding, liefde en sekuriteit moes hy reeds op 'n baie vroeë ouderdom na negatiewe maats in 'n bepaalde subkultuur omsien. As een van 'n gesin van 10 het hy reeds vroeg manipulasietegnieke gebruik om sy posisie in die gesin te handhaaf en het dieselfde tegnieke gebruik om homself op 'n onrype ouderdom ook in 'n mededingende gemeenskap te handhaaf. Betrokkene het slegs standaard 6 geslaag.

OPSOMMENDE KENMERKE:

Uit bogenoemde gevallesituasie val die volgende kenmerke steeds op -

B. se emosionele afgestomptheid is opvallend. Sy inkonsekwente optrede ten opsigte van sy kinders, die argeloosheid waarmee hy sy verantwoordelikheid ten opsigte van hulle ontduik, die totale gebrek aan empatie, die fisiese aanrandings en die openlike verwerping val sterk op. Die liefdelose optrede ten opsigte van sy vrou, asook teenoor sy moeder, word telkens geïllustreer en sy promiskue verhoudings word sonder meer as "normaal" aanvaar. Mense in sy onmiddellike omgewing word as voorwerpe behandel en nie as individue nie.

Sy geskiedenis word gekenmerk deur 'n totale onvermoë om 'n vooropgesette doel na te streef en dit ontbreek aan 'n vaste lewensplan. 'n Lewensideaal en langtermynbeplanning bestaan nie.

/108...

Sy skreiende gebrek aan insig in sy eie verknorsing word duidelik geïllustreer in sy houding ten opsigte van sy drankmisbruik en die inhoud van die briewe aan die maatskaplike werkster laat 'n mens soms dink aan iemand wat aan 'n ernstige psigose ly.

Sy ongeïnhibeerde aggressie veral ten opsigte van sy eie gesinslede word telkemale geïllustreer. Ook in sy skrywes en optrede ten opsigte van die maatskaplike werkster is hierdie manier van hantering van sy buitewêreld duidelik sigbaar.

'n Ongeordende lewensbestaan blyk ook duidelik. Die gesin se swerwersbestaan van een stad na die ander, en sy swerftog van een werk na die ander, het meegebring dat hierdie mense na 14 jaar van huwelik nog niks besit of nog niks bymekaar gemaak het nie. Sy hele lewensverhaal word gekenmerk deur botsings met gesag.

Sy fantastiese en onvoorspelbare optrede, veral onder die invloed van drank, is opvallend. Sy onnadenkende en impulsiewe optrede het hom dikwels in groot verknorsings laat beland. Hier word byvoorbeeld gedink aan die hofinsident waar hy sonder om na te dink getuies laat dagvaar het wat direk teen hom getuig het.

Sy besondere vermoë om te verbaliseer, te manipuleer en deur middel van allerhande tegnieke onder andere die gebruik van leuentaal sy sin en wil af te dwing is opvallend. Die wyse waarop hy telkens met mooi beloftes en nuwe voornemens selfs die maatskaplike werkster nuwe hoop vir die toekoms laat kry het, is kenmerkend. So het hy byvoorbeeld daarin geslaag om te midde van sy vrou en kinders en meubels wat op die straat uitgegooi is, die maatskaplike werkster nog te oortuig dat sy kinders nie sorgbehoewend is en dat hulle in geen omstandighede verwyder moet word nie. Ook die manier waarop hy skielik sy samewerking gebied het en selfs op 'n inroepbrief van die maatskaplike werkster gereageer het toe hy in die uiterste nood verkeer het, is tiperend. Skielik het hy sy drankprobleem erken, sy benarde posisie begryp en met oulike manipulasie van "ek wil gerehabiliteer word, stuur my asseblief weg" tot: "ek gaan nou werk soek en myself by die plaaslike kliniek aanmeld", eintlik berge versit. Die uitgebreide en soms bekwame wyse waarop hy die getuies onder kruisverhoor geneem het, is ook 'n sprekende voorbeeld van sy verbalisasievermoë. 'n Ander opvallende kenmerk is die feit dat die aangeleentheid op 23 Februarie 1966 aangemeld is en die maatskaplike werkster (deur geen beplanning van haar eie nie) eers op 22 Desember 1966 met die betrokkene kennis gemaak het. Hierna is daar slegs toevallig met hom kontak gemaak of wanneer hy die dienste van die welsynsbeampte nodig

gehad het. Andersins het hy deur middel van ontvlugtingstegnieke nog altyd konfrontasie vermy.

'n Skynbare onvermoë om te leer uit vorige ondervinding spreek ook duidelik. Hy vind skynbaar geen baat by straf nie; is gedurig in botsing met al wat gesag is en die gevolge van werkloosheid, drankmisbruik en immorele optrede beteken duidelik weinig.

Sy totale gebrek aan skuldgevoelens, jammerte of spyt spreek nie net uit sy optrede ten opsigte van sy gesin en veral sy moeder nie, maar kom ook duidelik na vore in die skrywes wat hy gerig het en wat slegs neerkom op projeksie en blamering van ander. Die woorde "spyt" en "jammer" gebruik hy net nadat hy kniediep in die verknorsing beland het en net om die spanning van die oomblik te verlig.

In aansluiting hierby is sy tegniek of lewensingesteldheid om alle blaam op ander te projekteer, duidelik sigbaar. Sy vrou het sy lewe geruïneer. Die Departement van Volkswelsyn het hom sy kinders ontneem en sy huis "opgebreek", die maatskaplike werkster is verantwoordelik vir die verknorsing waarin hy hom in die rehabilitasiesentrum bevind en in die hofverrigtings het hy dit onomwonde gestel dat tot die Kommissaris van Kindersorg besig was om teen hom te knoei.

GEVALLEWERKSTUDIE 'I'

Hierdie situasie kan bes moontlik geïllustreer word aan die hand van uittreksels uit 'n verslag wat die ondersoeker aan die plaaslike psigiatriese hospitaal verstrek het.

Mev. I. is op 14 Junie 1940 gebore en het standaard 8 geslaag. Hierna het sy haar diploma in pleegkunde verwerf. Sy het vir 'n geruime tyd vir 'n plaaslike geneesheer as ontvangsdame gewerk. Mnr. en Mev. I. is reeds 13 jaar getroud en daar is twee seuns uit die huwelik gebore. Die een in 1962 en die ander in 1965. Die gesin is sedert 1969 aan hierdie kantoor bekend. Mev. I. het haar twee jonger susters by haar in pleegsorg geneem na haar vader se dood. Haar moeder het ook by haar ingewoon. Uit die lêerinhoud blyk dit dat daar reeds sedert die eerste kontak probleme met hierdie gesin ondervind is.

Uit hoofde van die feit dat haar susters by hulle in pleegsorg was, moes hierdie departement noodwendig toesigdienste daar lewer. Mev. I. het gou 'n veeleisende kliënt blyk te wees. Sy het ernstig beswaar gemaak teen die besoeke van die volkswelsynbeampte. Dit sou dan 'n skande wees dat die staatsmotor voor haar deur staan. Daar is later gereël dat hierdie persone slegs met die seniorvakkundigebeampte kontak sou maak deur middel van kantoorafsprake.

Gedurende die loop van jare is daar van verskeie oorde ernstige klagtes van beweerde mishandeling van twee dogters ontvang. Daar is onder meer beweer dat I. onbillik streng en uiters aggressief teenoor hierdie dogters opgetree het. As gevolg van onbeheerbare woedeuitbarstings het sy soms so amok gemaak dat die bure nie anders kon as om te hoor nie. Dit was ook duidelik dat sy 'n geweldige sterk emosionele houvas op die kinders gehad het. Hierdie klagtes kon egter destyds nooit bevestig word nie. Deels as gevolg van Mev. I. se gebrek aan samewerking en buitengewone aggressiewe houding is hierdie ondersoeke maar halfhartig gedoen.

Die gesin self bewoon 'n moderne woning in 'n goed-gemiddelde woonbuurt en dit is duidelik dat daar min ekonomiese probleme binne die gesin bestaan. Mnr. I. het 'n bestendige betrekking en 'n goeie inkomste.

Hierdie departement was ook gemoeid met die opname van Mev. I. se moeder in 'n ouetehuis vir kronies ongestelde bejaardes. Die maatskaplike werkster wat die betrokke ondersoek gedoen het, was vir

twee dae ontsteld oor die verwaarloosde toestand waarin sy hierdie vrou aangetref het. Skynbaar was die ou dame fisies verwaarloos en dit was duidelik dat sy ṅ vrees vir haar eie dogter gekoester het. Sy was hulpeloos en bedlêend as gevolg van ṅ beroerte-aanval en sy kon glad nie praat nie. Hulp is verleen met haar opname in ṅ ouetehuis en daar was ook ondersoek ingestel na ṅ bewering dat toelaaggeld van die ou dame deur die I's misbruik is.

Waarskynlik as gevolg van die betreklike armmoedige omstandighede waarin Mev. I. grootgeword het, het sy tans ṅ oordrewe sin vir die materiële waardes en is geweldig gesteld op uiterlike vertoon en haar materiële beeld na buite. Tans tree sy skynbaar baie minder aggressief teenoor haar jonger susters en haar kinders op aangesien hulle alreeds totaal aan haar wil onderwerp is. Dit wil voorkom asof hierdie vrou op ṅ baie geslaagde wyse gebruik gemaak het van n sogenaamde onbeteuelbare humeur.

Daardeur het sy haar sin en haar wil op haar gesinsgenote afgedwing en hulle tans skynbaar volkome aan haar wil onderwerp. Die huidige twis tussen haar en haar man spruit regstreeks uit ṅ opstand van Mnr. I. teen hierdie onderworpenheid. By Mev. I. is daar ṅ ambivulente situasie gevind. Aan die een kant het sy ṅ aggressie teenoor haar man en aan die anderkant ṅ skynbare afhanklikheid van hom. Die ondersoeker het egter gewonder of sy emosioneel van hom afhanklik is of meer afhanklik is van die materiële sekuriteit wat hy aan haar bied. Mnr. I. beweer tans dat die destydse ondersoeke na die mishandeling van die jonger kinders heeltemal gegrond was en dat hulle na die beste van hulle vermoë die werklike feite verdoesel het. Hy beweer ook dat Mev. I. se aggressiewe optrede teenoor haar moeder werklik ernstige afmetings aangeneem het. Mnr. I. beweer dat sy vrou heeltemal behep is met die materiële gewin en haar dikwels geskaam het vir haar eie ouers se soms eenvoudige en armoedige voorkoms. Hierdie feite hou sy gedurig die dogters voor oë en het reeds haar gesinslede ingestel op die indruk wat hul na buite moet skep. Dit wil voorkom asof sy nie in staat is om langdurige en betekenisvolle verhoudings met mense na buite aan te knoop nie. Die huisgesin het min of werklik geen gereelde huisvriende nie en sy beweer self dat daar niemand is wat sy werklik vertrou nie. Sy is gedurig suspisieus teenoor nie alleen haar man nie, maar ook teenoor haar jonger susters se doen en late, tree irrasioneel en soms heeltemal onbillik op om haar suspisieuse vermoedens te bevestig.

Op seksuele gebied vind Mnr. I. sy vrou uiters egoïsties en seksueel veeleisend. Hy beweer dat sy drie tot vier keer ŉ week seksuele omgang verwag en dat hy dit uiters moeilik vind om in haar behoeftes te voldoen, veral in die lig van haar aggressie, antagonisme en onbillike uitbarstings. Hy beweer dat sy seksuele omgang soek selfs nadat sy hom fisies te lyf gegaan het. Na hewige argumente en fisiese uitputtende struwelings, vind hy dit soms onmoontlik om haar behoeftes te bevredig.

Gedurende die opstel van hierdie verslag het betrokkene in die plaaslike psigiatriese hospitaal verkeer nadat haar man haar op indirekte wyse tot hierdie stap gedwing het. Sy het naamlik op egoïstiese wyse haar sin en haar wil op haar gesin afgedwing en deur middel van woedeuitbarstings en openlike aggressie haar man se lewe totaal oorheers. Na een van hul talle rusies en fisiese aanranding waartydens sy hom met ŉ harde voorwerp toegetakel het, het Mnr. I. besluit om haar permanent te verlaat. Nadat hulle ongeveer 2 weke uitmekaar was, het sy deur middel van onafgebroke telefoonoproepe, boodskappe, en selfs inmenging by sy werk, daarop aangedring dat hy terugkeer huistoe. Mnr. I. het voet by stuk gehou en sou slegs kopgee indien sy bereid was om vir psigiatriese behandeling na die hospitaal te gaan. Na nog ŉ week van afwesigheid het sy hiertoe ingestem.

Uit verdere onderhoude met Mnr. I. en die betrokke kinders, is dit duidelik dat hierdie vrou vir jare ŉ houvas op hierdie gesin gehad het en haar sin en wil op uiters egoïstiese wyse op al die gesinslede afgedruk het. Om haarself te handhaaf het sy deur middel van aggressie of dreigemente van aggressie hulle hele bestaan oorheers.

Tydens Mev. I. se verblyf in die psigiatriese hospitaal het die psigiater berig dat sy haar uiters goed aanpas, as ŉ modelpasiënt beskou kan word en meegedeel dat afgesien van haar paranoïdale neigings, Mev. I. ook as psigopaties gediagnoseer is.

<u>VROEë KINDER- EN JEUGJARE:</u>

Dit wil voorkom asof Mev. I. van jongsaf veral deur haar vader oorbeskerm en bederf is. Tot en met haar 12de jaar was sy die enigste kind. Sy het reeds van laerskooldae af ŉ kosskool bygewoon en slegs naweke huistoe gekom. Dit blyk dat haar vader 25 jaar ouer was as haar moeder en van Duitse afkoms was. Hy het skynbaar ernstig van drank misbruik gemaak, was ŉ uiters dominerende persoon en was bekend vir sy kort humeur. Hy het skynbaar sy gesin op patriargale wyse met ŉ yster hand geregeer.

Dit wil voorkom asof die huweliksverhouding tussen haar vader en haar moeder veral as gevolg van die ou man se dominerende houding en drankmisbruik uiters onstabiel was. Hy het skynbaar sy vrou tot so'n mate oorheers dat sy as 'n verslae en amper willose figuur beskou is. Mev. I. self het dus haar ma van kleinsaf gedomineer en gemanipuleer soos sy wou. As oogappel van haar vader was sy in staat om haar sin en haar wil op haar huisgenote af te dwing. Toe sy ouer word, het sy en haar vader skynbaar ernstig begin bots en 'n wilstryd het ontstaan. By geleentheid het sy en haar vader in sulke hewige argumente betrokke geraak dat sy hom met 'n kierie gedreig het met die gevolg dat hy haar die huis belet het. Daar het 'n sterk antagonisme tussen haar en haar vader ontstaan en veral toe hy verlam geraak het, het sy byna op sadistiese wyse teen hom begin optree. Sy het skynbaar op die mees onrespekvolle wyse teen hom uitgevaar en 'n openlike aggressie jeens hom openbaar. Na haar vader se dood het haar moeder by die gesin gaan woon en het sy soms op brutale wyse hierdie ou dame gedomineer.

Mev. I. het die verantwoordelikheid van haar twee jonger susters se opvoeding aanvaar en het hulle ook streng gedomineer. Hierdie kinders het 'n diepgewortelde vrees vir hul suster en word so totaal deur haar oorheers dat hulle min eie inisiatief aan die dag lê.

Haar moeder het 'n ernstige beroerteaanval gehad en is totaal verlam en hulpeloos gelaat. Sy kon haarself slegs deur te skryf uitdruk en was vir 'n lang tydperk volkome aan haar dogter se genade oorgelaat. Die toestand waarin hierdie ou vrou later deur die proefbeampte aangetref was, is veelseggend van die verhouding wat daar tussen moeder en dogter bestaan het. In haar dikwels onbeheersde woedeuitbarstings, het sy selfs haar ou moeder te lyf gegaan en die dogters op dieselfde wyse behandel. Daar bestaan skynbaar 'n hewige aggressie by hierdie vrou teenoor haar moeder.

<u>BESPREKING</u>:

Uit bogenoemde gevallestudie kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word -

Haar besonders kliniese geskiedenis van ontwrigte kinder- en jeugjare, van oorbeskerming en verwerping en die sekuriteitloosheid wat gevloei het uit die feit dat sy van jongsaf haar ouers en haar onmiddellike omgewing so goed kon manipuleer, is nie vreemd aan die psigopatiese persoonlikheid nie. Dit blyk dat sy skynbaar die guns van haar vader gebruik het om haar moeder totaal te oorheers en ook gou geleer het om haar sin en wil op haar vader af te dwing.

/114...

OPSOMMENDE KENMERKE:

Aggressie is skynbaar 'n uitstaande kenmerk by hierdie kliënt. Sy het volgens alle getuienis by uitstek van aggressie gebruik gemaak om haar sin en wil op haar gesin af te dwing. Dit het sy nie alleen gedoen deur giftige, verbale uitbarstings nie, maar het dikwels ook tot fisiese geweld oorgegaan. Haar man beweer byvoorbeeld dat sy selfs sover gegaan het om hom in sy slaap aan te rand en dat hy menige nag verplig was om sy goed te neem en uit die huis te vlug. Sy het hierdie metode van hantering van haar buitewêreld op haar moeder, haar susters, haar kinders en veral haar man toegepas. Hierdie aggressiewe, negatiewe houding van haar was ook kenbaar in haar eerste kontak met die maatskaplike werksters en selfs by geleentheid teenoor die hoofvolkswelsynbeampte. Ondersoeker het haar egter altyd beleefd, nederig en beskaafd gevind.

'n Ander aspek wat opval is haar besondere vermoë om 'n indruk na buite te maak, mense te manipuleer en haar besonder geslaagde frontveranderings. Sy slaag goed daarin om deur middel van 'n aangename, spontane maar tog ietwat ingetoë omgang met mense 'n baie gunstige en beskaafde indruk te skep. So het die psigiatriese hospitaal ook melding gemaak van hierdie eienskappe van haar en die feit dat sy daar feitlik as modelpasiënt beskou is. Sou 'n mens egter haar skielike verandering van front ken, word die egtheid van hierdie benadering baie gou bevraagteken. Haar optrede teenoor haar man, susters en eie moeder weerspreek hierdie kenmerke. In haar werksituasie as ontvangsdame by 'n plaaslike geneesheer het sy skynbaar goed daarin geslaag om op oppervlakkige wyse met mense om te gaan en het sy gunstig beïndruk. Haar beheptheid met materiële gewin, die front na buite en die korrekte manier van doen, was egter opvallend in alle kontak met haar gesinslede.

Haar man en ook haar ou moeder het haar egosentrisiteit en haar behoefte aan onmiddellike behoeftebevrediging sterk beklemtoon en dit is veral opvallend dat die oomblik wat een van haar gesinsgenote haar in enige van hierdie opsigte teë sou gaan, sy onmiddellik tot verbale of fisiese aggressie oorgaan. Dit is juis teen hierdie egosentrisiteit en narcissistiese neigings wat haar man in opstand gekom het. Die hele huishouding moes hulle skik na haar wense en begeertes en haar behoeftes is voorop in alle sake gestel. So byvoorbeeld het sy slegs op 'n bepaalde tyd in die middag gebad. Haar man moes sorg dat hy betyds by die huis sou wees om haar in hierdie taak behulpsaam te wees. Indien hy laat opdaag, het die argumente wat dikwels hieruit voortgevloei het dikwels tot fisiese geweld gelei.

/115...

Haar <u>algemene emosionele afgestomptheid</u> word goed geïllustreer deur haar kil, hartelose en soms wrede optrede ten opsigte van haar susters, haar man en veral haar eie ouers. Die fisiese mishandeling van haar susters is by verskeie geleenthede by die Departement aanhangig gemaak en haar behandeling van haar moeder was dikwels skokkend. Haar algehele sosiale geïsoleerdheid, is goed geïllustreer deur die feit dat sy geen blywende emosionele kontak met ander kon ophou nie en dus ook geen vaste vriendekring gehad het nie. Sosiaal het die gesin 'n geïsoleerde en vereensaamde bestaan gevoer en dit wil voorkom asof die betrokkene <u>alle emosionele kontak met mense na buite vermy</u> het. Volgens haar huisgenote is sy onvoorspelbaar, 'n vrou met min empatie, iemand wat sonder inagneming van die gevolge dikwels aggressief en irrasioneel optree.

In kontak met die betrokkene was haar <u>gebrek aan insig in haar eie probleme</u> opvallend. Sy het byvoorbeeld dikwels na 'n sinnelose humeuruitbarsting teenoor haar man erken dat dinge nie so kon voortduur nie, maar het dit skynbaar slegs gedoen om weer sy guns te bekom. Hy het dikwels die huis verlaat en dreigemente geuiter van psigiatriese hulp ensovoorts, en dan het sy deur middel van mooipraat en beloftes skynbaar baie insig in haar probleem openbaar. Haar besoek aan 'n plaaslike psigiater en haar daaropvolgende opname in 'n psigiatriese hospitaal, het slegs gebeur nadat haar man haar op onregstreekse wyse daartoe gedwing het. Teenoor ondersoeker het sy altyd deur middel van rasionalisasie en die verplasing van blaam, enige vorm van aggressie of abnormale optrede totaal ontken en die psigiater berig dan ook dat sy skynbaar geen motivering of werklike insig in haar probleemgedrag het nie.

/116...

GEVALLEWERKSTUDIE 'J'

Hierdie geval word geïllustreer aan die hand van 'n verslag wat die ondersoeker verstrek het tydens hierdie 16-jarige dogter se kommittering!

J. se vader het hom op 21 April 1972 by hierdie kantoor aangemeld en beweer dat sy dogter tuis onbeheerbaar is en dat hy oortuig is daarvan dat sy verslaafd is aan dwelmmiddels. Hy het beweer dat sy weereens op die punt staan om die huis te verlaat en die land te deurkruis en rig 'n versoek dat daar dringend opgetree word.

Alhoewel daar voorheen geen kontak met hierdie mense gemaak is nie, was hierdie kantoor bewus van J. se doen en late. Die dwelmmiddelsafdeling van die Polisie het dikwels haar naam gemeld en dit was bekend dat sy in 'n stadium van die huis af verdwyn het, gevolg deur pogings van hierdie kantoor om haar op te spoor. Sy is uiteindelik in Windhoek gearresteer en is saam met maats vir bedrog en die besit van dagga aangekla maar is onskuldig bevind en ontslaan. Sy het die betrokke instansies bedrieg deur haar ouderdom as 18 jaar aan te pas. Sy het later weer sonder dat hierdie kantoor bewus was daarvan op eie houtjie na die stad teruggekeer.

Na onderhoude met die ouers en met haar is daar op haar eie versoek kinderhofverrigtinge geopen en is sy na 'n tehuis gestuur as plek van veiligheid.

Sy het reeds op vroeë ouderdom begin eksperimenteer met die gebruik van dwelmmiddels. Sy het aanvanklik slegs dagga gerook en kan tans beskou word as 'n gewoontedaggaroker. Sy het haar deeglik ingeskakel by die werklose, negatiewe elemente van jeugdiges in die stad en haarself geïdentifiseer met hierdie subkultuurgroep. Daar bestaan ook sterk vermoedens dat sy deel vorm van 'n eksklusiewe groep in die stad wie se bedrywighede tans, onder andere, deur die veiligheidspolisie ondersoek word. Of hierdie groep slegs met die verspreiding van dwelmmiddels besig is, kan in hierdie stadium nie bevestig word nie. Daar is egter sonder twyfel vasgestel dat die dogter tans L.S.D. gebruik. Sy is tans 'n gewoontegebruiker van hierdie middel en 'n beampte was ooggetuie van 'n transaksie wat op die stasie by haar vertrek plaasgevind het. Sy het van een van haar vriende 'n "klein gelukbringertjie in die vorm van 'n worsrolletjie" ontvang waarvoor sy betaal het.

Volgens haar moeder se getuienis het sy hierdie gelukbringertjie gesuig gedurende die rit na Bloemfontein en was beslis onder die invloed van dwelmmiddels. Daar is ook gehoor dat 'n vriend van haar op die stasie

/117...

dit duidelik aan haar gestel het dat sy moet volhou dat sy slegs aan dagga verslaaf is en geen ander inligting moet verstrek nie. Daar bestaan geen twyfel dat hierdie meisie ook ander middels as dagga gebruik nie.

J. maak 'n aangename, intelligente indruk en sy kan beskou word as iemand met 'n sterk dominerende persoonlikheid. Hierdie dogter het die hantering en manipulering van mense tot 'n fyn kuns ontwikkel. Sy het herhaaldelik bewys dat sy in staat is om haar uit bykans enige situasie los te praat, en deur 'n berekende, minsame, en samewerkende houding in te neem, mense om haar vinger te draai. J. se moeder beskryf haar as 'n patologiese leuenaar en hierdie tendens word deur skoolverslae bevestig.

Sy is die jongste kind in 'n gesin wat 'n goeie, gemiddelde lewensstandaard handhaaf. Beide haar ouers werk reeds vir baie jare en die gesin is woonagtig in 'n gemiddelde woonbuurt. Daar is te min van haar omstandighede en huislike agtergrond bekend om 'n akkurate aanduiding te gee, dog daar is 'n paar uitstaande feite.

J. is van kleinsaf deur beide haar ouers, maar veral deur haar moeder, oorbeskerm en bederf. As jongste kind het sy op materiële gebied alles ontvang wat haar hart begeer het en het gou geleer om haar wil en haar sin op almal af te dwing. Swak dissipline is gehandhaaf en veral die moeder het alle konflik met haar probeer vermy en het dikwels sonder die medewete van die vader opgetree. As gevolg van die ontoereikende dissipline en die feit dat sy in staat was om haar sin en wil op haar ouers af te dwing, het daar 'n gevoel van sekuriteitsloosheid by hierdie dogter ontstaan. Haar ouers was vir haar reeds van haar vroegste kinder- en jeugjare af nie meer 'n onfeilbare bron van hulp, raad, leiding en sekuriteit nie.

Haar ouers het skynbaar hierdie jongste kind gebruik om sekere frustrasies en konflik in hulle huwelik te hanteer. Dit skyn asof die vader die dogter gesien het as 'n konkurrent vir die liefde en aanvaarding van die moeder. Die moeder het skynbaar weer die liefde van die dogter gebruik om te kompenseer vir sekere leemtes in die verhouding met haar man.

Die dogter het weer op haar beurt die situasie uitgebuit deur die twee partye teen mekaar af te speel en sodoende haar behoeftes te bevredig. Toe sy ouer word, het sy haar openlik aan die kant van die moeder geskaar en die verwerping wat as gevolg hiervan van haar vader se kant gekom het, het sy sterk aangevoel. Haar openlike aggressie teen die vader het

/118...

duidelik tydens die onderhoude na vore gekom. Die feit dat hierdie dogter se bron van sekuriteit van kleinsaf in twee gedeel is, het haar sekuriteitloosheid verder ingeskerp en gebrekkige identifikasie, met veral die vader, in die hand gewerk.

Die algemene gebrek aan dissipline en die feit dat sy in staat is om haar ouers te manipuleer, het verder meegebring dat sy oor weinig selfdissipline beskik het. Die feit dat sy dus ver onder haar vermoë op skool presteer het, en slegs standaard 4 geslaag het, kan dus verstaan word.

In die lig van haar broers en susters se akademiese prestasies het dit haar posisie in die gesin bedreig. Sy het nooit die nodige erkenning en emosionele aanvaarding ervaar wat prestasie meebring nie.

As gevolg van die verdeeldheid tussen haar ouers en die verwerping deur haar vader, en die sekuriteitlose posisie waarin sy haar bevind het, moes hierdie dogter op onrype ouderdom, spanning en konflik hanteer waartoe sy nie in staat was nie. By wyse van manipulasie en toneelspel moes sy haarself handhaaf en het sy gou ingestel geraak op egosentriese onmiddellike behoeftebevrediging.

Emosioneel het sy geleer om haarself te distansieer, en haar gebrek aan langtermynbeplanning, manipulasietegnieke en emosionele afgestomptheid het sy op die volwasse lewe oorgedra.

Uit bogenoemde faktore is dit duidelik dat hierdie dogter die volwasse lewe met ŉ behoefte aan sekuriteit, aanvaarding en erkenning betree het. Sy was nie opgewasse om hierdie behoeftes van haar in ŉ mededingende samelewing te bevredig nie. Hierdie behoeftes het sy wel bevredig tussen ongedissiplineerde tienderjariges in ŉ groep met negatiewe norme. Misbruik van dwelmmiddels is deel van die aanvaarde norm van die groep. Die feit dat sy onlangs begin werk het kan slegs gesien word as ŉ manier om die groep te help onderhou en ŉ manier om haar in staat te stel om dwelmmiddels te bekom.

Uit verdere kontak met hierdie persone het dit geblyk dat die vader ŉ afgewaterde rol in die gesin speel en sy posisie as outoritêre vaderfiguur in die huis heeltemal kwytgeraak het. Hy maak ŉ stil teruggetrokke indruk en dit is duidelik dat hy hom in alle aspekte deur sy meer dominerende en senuweeagtige vrou laat lei. Die jarelange konflik wat daar tussen hom en sy vrou omtrent die opvoeding van die betrokkene bestaan, is duidelik waarneembaar en vlam dikwels nog op. Die ouers

beweer self dat die kind selde of ooit gedissiplineer was en dat sy meestal daarin geslaag het om haar wil en sin in alles te kry. Haar moeder self beskryf haar as 'n patologiese leuenaar, maar sê ook - "At times she can be quite irresistible."

Tydens onderhoude met betrokkene het dit duidelik geblyk dat sy 'n openlike gevoel van aggressie teenoor haar vader koester en hom beskou as 'n ruggraatlose swakkeling. Haar moeder vind sy "neurotic, quite irritating, and not my type." Die geweldige emosionele kloof en gebrek aan kommunikasie wat tussen betrokkene en haar ouers bestaan, is belangrik. Sy erken dan ook dat sy net met haar moeder kommunikeer wanneer sy haar sin en wil in iets wil hê en sy praat met byna veragting van haar moeder se onvermoë om haar te beheer of te dissiplineer. Wat haar probleem ten opsigte van verslawing betref, openbaar sy weinig insig. Die gevoel is gekry dat die dogter self versoek het om in 'n rehabilitasiesentrum opgeneem te word om van een of ander gevaarlike situasie binne haar subkultuurgroep te ontsnap.

Reeds in die eerste vorderingsverslag vanaf die rehabilitasiesentrum, gedateer 18 April 1972 word daar melding gemaak dat J. by opname swak gemotiveerd is ten opsigte van behandeling: "Haar daggarokery, het sy beweer, was hoegenaamd nie vir haar 'n probleem nie, net vir ander mense. Sy het net hiernatoe gekom om haar ouers tevrede te stel. Kortom, rasionalisasie en swak insig het in hierdie stadium sterk op die voorgrond getree."

Die verdere verloop van die verslag is uiters gunstig en haar algemene aanpassing word as goed beskryf en sy word as 'n geskikte kandidaat beskou om by behandeling in die rehabilitasiesentrum te baat.

In 'n daaropvolgende verslag gedateer 21 Oktober 1972 berig die rehabilitasiesentrum as volg -

"J. het op 5 Junie 1972 gedros en is eers na 23 Junie weer na die rehabilitasiesentrum teruggebring. Sy verklaar egter dat die Benzidrien en dagga wat sy in Johannesburg gebruik het, haar gladnie aangestaan het nie. Hulle berig ook dat haar humeuruitbarstings klaarblyklik in 'n groot mate die resultaat is van haar daggaverslaafdheid. Sy het 'n paar insidente verhaal om te illustreer hoe power die ouerlike dissipline en beheer tuis is. Sy en haar vriende is byvoorbeeld een oggend om 2-uur op 'n golfbaan gevang en moes boete betaal vir betreding. Die ouers het sonder meer haar verduideliking aanvaar en dit ontstel haar. Volgens haar moes haar ouers besef het dat sy verkeerde dinge aangevang het."

Die rehabilitasiesentrum berig verder dat sy nie na katagorie A bevorder

/120...

is nie omdat sy haar ingemeng het met die personeel se dissiplinering van ander inwoners. "Alhoewel J. uitstekende insig in haar probleme vertoon, hinder dit nog enigsins dat hierdie insig blykbaar hoofsaaklik intellektueel van aard is. Sy het nog nie haar probleem werklik emosioneel verwerk nie. Die feit dat haar positiewe uitspraak beperk is tot die onderhoudsituasie en nie teenoor die personeel en inwoners in die algemeen geld nie, getuig hiervan."

In ŉ verslag van 8 Desember 1972 vervolg die rehabilitasiesentrum dat sy deur ŉ personeellid beskryf is as "aanstootlik" en "afjakkerig". Sy het skynbaar ŉ klomp leuens aan haar ouers in verband met die rehabilitasiesentrum vertel en ook beweer dat sy swanger is. "Van die begin van September tot ŉ paar dae gelede was haar verhouding met ŉ ander seun (nadat die vorige kêrel gedros het) werklik ŉ probleem. Sy het onbeskaamd voor Blank en Nie-Blank gesit en vry. As die personeel daaroor durf praat was die wêreld heeltemal onderstebo."

Hierna het J. deur ŉ fase van sogenaamde godsdienstige bekering gegaan en op 21 September dros sy saam met ŉ vriend na sy ouerhuis aan die Rand. Gedurende Oktober was klagtes oor parmantigheid en opstandigheid aan die orde van die dag. ŉ T.A.T.-toets wat gedurende Mei 1972 afgeneem is, het volgens die psigiater die volgende vertoon.

Voel dat <u>ouers nie werklik in haar geïnteresseerd is nie</u>, maar meer in hulle eie sake. Reageer daarteen deur wraak en vernietiging.

Die <u>moeder-dogterverhouding is sterk op die voorgrond</u> maar toegeneentheid jeens mekaar ontbreek.

Sterk <u>impulsiwiteit in optrede</u> aanwesig.

<u>Voel dat die omgewing soms buite haar bereik raak</u>. Sy reageer dan met impulsiewe optrede.

<u>Oppervlakkige interpersoonlike verhoudings</u>. Betwyfel ook die egtheid van ander se bedoelings omrede sy wantrouig daarteenoor staan.

In groot mate <u>behep met die inperking van haar vryheid</u> deur gesagspersone, in die besonder haar ouers.

<u>Oppervlakkige emosionele meelewing</u>.

<u>Min dankbaarheid jeens ander</u> aanwesig.

Opstandigheid is buite verhouding met die oorsaak wat daartoe aanleiding kon gee. Sy voel dat veral haar moeder nie werklik in haar geïnteresseerd is nie en die ander kinders voortrek. Sy ervaar ook 'n ernstige kommunikasieprobleem met die moeder.

Die rehabilitasiesentrum sluit hierdie verslag af met die volgende -

"Dit is teen hierdie tyd duidelik dat J. aanvanklik 'n skynaanpassing in die inrigting bewerkstellig het. Mettertyd het haar ware persoonlikheid en karakter na vore gekom. Negatiewe eienskappe is die volgende - 'Promiskuïteit, geen volgehoue belangstelling in enigiets nie, 'n apatiese houding teenoor alles en almal, subversiteit, gebrek aan godsdienssin, onvermoë om haar uitstekende insig prakties aan te wend, geen weerstand teen negatiewe invloede nie, gebrek aan ware selfvertroue en 'n wêreldse verskil tussen die persoonlikheid wat sy vertoon en werklik is'."

Hierna is betrokkene oorgeplaas na die Rehabilitasiesentrum vir Vrouens en het weereens met die intrapslag 'n goeie indruk gemaak en gunstige verslae ontlok. Hier het sy egter weer gedros en met probleemgedrag vorendag gekom. Voor haar ontslag het die ondersoeker die volgende brief ontvang -

"The board sat today and I was put on release all they are waiting for now is a report about my coming home. They also said that they sent a report down to you approximately two weeks ago, maybe it got lost in the post. Please send a report up as soon as possible.

I said I would write to you although it is a bit late, it is better late than never. It is boiling hot here, I am hoping for a swim this evening.

I suppose that my mother told you she came up and visited me a fortnight ago. It was lovely to see her, I cannot wait to go back with my mom and dad again. I have changed my opinion a lot since the first time you met me, then I was telling you how much I hated staying at home. These kind of places make one appreciate what one has and not wish for things one has not got.

Mr. X. will be ending this letter now try hurrying with my report. Regards to the rest of the staff."

Betrokkene was pas tuis toe sy weer in die gebruik van dwelmmiddels verval het tussen haar negatiewe vriende en het weer op die ou trant voortgegaan. Haar ouers was totaal onbevoeg om haar te beheer. Sy het vir 'n paar maande by hippiegroepe op 'n plaas gewoon en aan die begin van 1974 werk by die munisipaliteit aanvaar. Sy het kort hierna swanger geraak en was verplig om in die huwelik te tree. Sy is onthef ingevolge die Wet en kontak is met haar verloor.

Haar algemene gedrag was gekenmerk deur talle kortstondige verhoudings met seuns en 'n amper openlike vyandigheid teenoor die vroulike geslag. Sy was in 'n groot mate sosiaal geïsoleerd dog het 'n opgewekte front na buite gehandhaaf en 'n mens was absoluut verbaas oor haar skitterende

vermoë om te verbaliseer. Met slegs standaard 4 as skolastiese kwalifikasie is sy sonder twyfel in staat om haarself in die meeste geselskappe te handhaaf en het sy ŉ skitterende tegniek ontwikkel om met mense om te gaan. Sy is in staat om bykans oor enige onderwerp te gesels sonder om diep daarby betrokke te raak. Sodra die gesprek te vertroulik of persoonlik raak, verander sy die onderwerp op meesterlike wyse en bly gedurig aan die lag en gesels. Sy het die tegniek ontwikkel om met ŉ oop, eerlike benadering en manier van gesels meeste mense aanvanklik gunstig te beïndruk.

KINDER- EN JEUGJARE:

J. is die jongste in ŉ gesin van 4 kinders. Haar oudste suster is reeds 20 jaar oud en is getroud. Haar broer is tans werksaam as ŉ skeepsklerk en haar suster werk by die munisipaliteit. Hierdie kinders is gematrikuleerd en pas skynbaar baie goed aan in die samelewing.

J. het reeds sedert haar negende jaar ernstige gedragsprobleme gelewer. Sy het standaard 1 gedruip en net standaard 4 geslaag. Sy het standaard 5 gedruip en moes die betrokke skool verlaat as gevolg van haar onbeheerbaarheid. Hierna is sy oorgeplaas na ŉ ander skool waar sy in standaard 6 geplaas is maar weer nie geslaag het nie. Hierna het sy in ŉ plaaslike diskoteek gewerk vir een maand maar het op 19 Januarie 1972 huis verlaat en saam met ŉ klomp maats deur die land rondgeswerf.

Op 16 Februarie 1972 het sy teruggekeer na Oos-Londen en werk aanvaar by ŉ plaaslike bakkery. Sy was steeds hier in diens toe die kinderhofverrigtinge geopen is.

J. se vroeër kinder- en jeugjare was gekenmerk deur probleemgedrag. Reeds in standaard 2 het sy geld in die klaskamer van die onderwyseres gesteel en haar moeder getuig dat J. ŉ gewoonte daarvan gemaak het om goed uit die huis en haar persoonlike besittings te neem. Sy het uiters swak gevaar op skool en klagtes is gedurig ontvang dat sy ver onder haar vermoë presteer en hoegenaamd geen belangstelling in skoolwerk toon nie. Sy domineer die klas, lag en gesels en onderwerp haar aan geen dissipline nie. Sy het reeds op jeugdige ouderdom diefstal in ŉ apteek gepleeg en ook in ŉ stadium ŉ duur ring van haar suster gesteel wat in haar besit gevind is.

Op 12-jarige ouderdom het sy reeds ŉ diskoteek vir jongmense bygewoon. Toe haar ouers die negatiewe invloed hiervan besef, het hulle haar belet, dog het sy saans nogtans deur die venster geklim en tot in die vroeë oggendure uitgebly. Die ouers was skynbaar nie in staat om iets hieraan

te doen nie.

Uit bogenoemde kort agtergrondsgeskiedenis is dit duidelik dat hierdie dogter op jeugdige ouderdom reeds ernstige probleme gelewer het. Die moeder het grotendeels die versorging van J. op haar geneem en haar gereeld beskerm teen alle moontlike dissiplinêre maatreëls en het selfs so ver gegaan om haar probleemgedrag vir die vader te verberg.

Mevrou J. beweer dat sy 'n geweldige moeilike geboorte met die dogter beleef het en dat sy by die randjie van die dood omgedraai het. Dit is nie onmoontlik dat die emosionele verwerping deur die moeder reeds op hierdie stadium beslag gekry het nie. As gevolg van die skuldgevoel wat daarna ontstaan het, het sy hierdie dogter op materiële wyse oorbeskerm en bederf.

Skynbaar het J. se grootouers ook by hulle ingewoon toe sy klein was en sy was 'n besondere mooi kind gewees. Volgens haar eie erkenning en beskrywing van haar ouers is sy ook geweldig deur haar grootouers bederf. Sy was nog nooit in haar lewe fisies getugtig nie en die moeder het slegs van mooipraattegnieke, beloftes en materiële kompensasie gebruik gemaak om hierdie kind te beheer. Mev. J. noem dan ook 'n insident waarin sy feitlik deur haar man verplig was om J. te tugtig. Hiervan het sy slegs 'n klug gemaak en voorgegee dat sy die kind tugtig net om die vader tevrede te stel.

<u>OPSOMMENDE KENMERKE:</u>

Uit die kliniese geskiedenis blyk dit dat daar <u>inkonsekwente en verdeelde dissipline</u> in die huis teenwoordig was. Die ouers het skynbaar albei die kind gebruik om sekere behoeftes en tekortkominge in hul huwelik aan te vul.

Daar is sprake van 'n <u>sterk dominerende maar ietwat neurotiese moederfiguur</u> en 'n afgetakelde, swak vaderbeeld.

Die kind is skynbaar <u>op materiële gebied totaal oorbeskerm en bederf</u> en veral deur die moeder teen alle konflik en spanning beskerm. Op <u>emosionele vlak was daar egter swak kommunikasie</u>, geen warm emosionele kontak of aanvaarding nie en emosioneel voel sy haarself verwerp. 'n Sterk openlike <u>aggressie teen veral die vaderfiguur is teenwoordig</u> en die moederfiguur word slegs beleef as voorwerp om te manipuleer om haar

/124...

eie egoïstiese behoeftes te bevredig.

'n Algemene emosionele afgestomptheid en vlak emosionele lewe is kenbaar. Ook in die kliniese toetse by die rehabilitasiesentrum is hierdie vlak emosionele belewenis waargeneem.

'n Besondere vermoë tot verbalisasie en manipulasie is waarneembaar. Sy beskik oor die vermoë om 'n geweldige goeie eerste indruk te skep en het daarin geslaag om by haar opname in die verskillende rehabilitasiesentrums hiermee sukses te behaal. In die rehabilitasiesentrum se verslag is haar vermoë tot manipulasie ook dan gemeld. Haar skrywe aan die navorser, na 'n afwesigheid van byna 'n jaar toe sy skielik dringend 'n verslag vir haar ontslag nodig gehad het, is 'n verdere voorbeeld hiervan.

Haar onvoorspelbare woedeuitbarstings en die gebruik van aggressie om haar sin en wil te kry was goed in die rehabilitasiesentrum gedemonstreer. Haar moeder maak ook melding van haar onbeteulde woedeuitbarstings as sy nie haar sin kon kry nie.

Sosiaal is sy skynbaar ook in 'n groot mate geïsoleer. Haar verhoudings met ander mense word deur oppervlakkigheid gekenmerk en haar verhoudings met die teenoorgestelde geslag is almal fisies en kortstondig van aard. 'n Houding wat grens aan aggressie word egter ten opsigte van vrouefigure waargeneem.

Haar uiters swak insig in haar eie probleme is kenmerkend. In hierdie opsig meld die rehabilitasiesentrum dan ook dat haar insig net tot die intellektuele strek, maar dat dit nooit emosioneel haar eie word nie. Verstandelik begryp sy, maar emosioneel beleef sy skynbaar nie.

Haar moeder beskryf haar as 'n patologiese leuenaar van kleinsaf. Van hierdie tegniek het sy ook in die rehabilitasiesentrums gebruik gemaak om haar weg te vind.

Ook op seksuele gebied wil dit voorkom asof sy wanaangepas is. Haar talle promiskue verhoudings het reeds op 12-jarige ouderdom begin en is sonder meer in die rehabilitasiesentrums voortgesit. Hierdie verhoudings gaan skynbaar slegs om die fisiese en min blywende emosionele belewenis is hierby betrokke.

Die betrokkene is uiters impulsief en haar hele kliniese geskiedenis is deurspek met irrasionele en impulsiewe optrede. So byvoorbeeld is twee van haar ontvlugtings uit die rehabilitasiesentrum onbeplan en sommer op

/125...

die ingewing van die oomblik gedoen. Haar besluit om hoegenaamd in ŉ rehabilitasiesentrum opgeneem te word is ook binne minute geneem. Haar impulsiwiteit is dan ook gewoonlik ingestel op onmiddellike behoeftebevrediging.

ŉ Opvallende gebrek aan enige rigting, doel of langtermynbeplanning in haar lewe is aanwesig en sy skep die indruk dat dit wat sy van die toekoms sê slegs rasioneel en nie deel van haar is nie. Daar is ŉ algehele gebrek aan enige vorm van werklike prestasie en dit wil voorkom asof sy nog nooit geleer het om vir enigiets moeite te doen nie. Sy volg slegs die weg van die minste weerstand sonder ŉ gedagte aan die dag van môre.

Dit val ook op dat sy reeds van ŉ baie vroeë ouderdom af ernstige probleemgedrag begin openbaar het.

/126...

GEVALLEWERKSTUDIE 'K'

Betrokkene was 34 jaar oud toe hierdie geval op 13 November 1967 aangemeld is. Sy vrou het beweer dat hy so pas behandeling in 'n psigiatriese hospitaal ontvang het vir sy drankprobleem maar slegs twee weke daar gebly het. Hy is weke lank reeds werkloos en drink oormatig. Sy het twee klein kindertjies en vra dat die aangeleentheid ondersoek moet word met die oog op sy behandeling.

Op 16 November 1967 -

meld sy haar weer aan en beweer dat haar man haar die vorige aand ernstig aangerand het in sy dronkenskap.

Op 11 Januarie 1968 -

besoek die maatskaplike werkster haar en tref K. nog in die bed aan onder die invloed van drank. Hy beweer sy vrou het 'n groot aandeel in sy drankmisbruik en hy beoog om na Rhodesië te gaan om weer 'n nuwe begin te maak.

Op 12 Februarie 1968 -

'n maand later, deel Mev. K. mee dat dinge beslis beter gaan. Hy werk nog nie maar hulle het besluit om die einde van daardie maand na Rhodesië te gaan om daar 'n nuwe begin te maak.

Op 18 Februarie 1968 -

skakel K. Sy vrou en kinders het hom verlaat. Hy woon tans by sy vader en moeder en weet nie waar sy gesin hul bevind nie. Hy verneem of maatskaplike werkster nie moontlik kennis dra nie want hy kommer oor sy vrou en kinders.

Op 18 Februarie 1968 -

meld Mev. K. haar aan by die kantoor en beweer dat K. so gedrink en amok gemaak het, dat sy en haar kinders hom verlaat het. Sy is ook van plan om nie na hom terug te keer nie. Die maatskaplike werkster reël 'n gesamentlike onderhoud en K. belowe hand en mond dat hy nie weer sy "lippe aan drank" sal sit nie. Mev. weier egter om terug te gaan, en K. kuier die naweek by die huis waar sy vrou bly maar arriveer weer daar onder die invloed van drank en maak ernstige amok. Maatskaplike werkster beweer egter dat dit wil voorkom asof K. sy kop hard gestamp het. Mev. het 'n plan om na Durban te verhuis. Na 'n tydelike verblyf in 'n

/127...

karavaanpark en twee dringende inroepbriewe, meld mev. K. haar weer op 21 Maart 1968 aan en deel mee dat K. tans werksaam is by die Afdelingsraad se kantoor, glad nie meer drink nie en dinge sommer baie beter gaan.

Op 16 April 1968 -

deel Mev. K. mee dat K. weer begin drink het en dreig om sy werk te bedank en haar versoek het om 'n prokureur te spreek in verband met 'n egskeiding. Sy is nou vas van plan om na Durban te gaan. Hy beweer dat sy die oorsaak van sy probleem is en sê - "She can't keep her big mouth shut."

Op 21 Mei 1968 -

meld Mev. K. haar aan en sê dinge gaan weer baie goed. K. drink glad nie en sy verwag nog 'n baba. Die hele gesin woon egter in een kamer en die omstandighede is haglik.

25 November 1968 -

Hulle woonomstandighede het verbeter. Dinge gaan goed en mnr. K. drink glad nie.

12 Februarie 1969 -

Mev. beweer haar man drink weer, het sy werk verloor en lê by die huis.

14 Februarie 1969 -

Mev. deel mee dat die Afdelingsraad weer vir K. aangeneem het en dat dinge weer beter gaan.

2 Mei 1969 -

Maatskaplike noodhulp word uitgereik aangesien K. medies ongesteld is en slegs die helfte van sy salaris ontvang het.

Op 18 Desember 1970 -

meld K. en sy gade hulle by die kantoor aan. Hy werk steeds by die Afdelingsraad maar verdien slegs R180-00 per maand en die gesin verkeer in ernstige finansiële nood.

16 Februarie 1971 -

Mev. weer by die kantoor. Haar man het haar ernstig aangerand en gedreig, en dit alles in die teenwoordigheid van die kinders. Hierdie aanranding het blykbaar oor 'n lang tydperk gestrek en hy het haar met 'n mes in die kamer aangehou. Hy drink weer oormatig en sy en die

/128...

kinders het hom verlaat en is tans sonder heenkome.

1 Maart 1971 -

Mev. K. skynbaar weer terug by haar man maar hy het haar so ernstig aangerand dat sy dit nou net nie langer kan verduur nie.

1 Maart 1971 -

Maatskaplike werkster besoek K. tuis. Hy het reeds sy werk verloor, is onder die invloed van drank, en plaas alle blaam op sy vrou. Hy stel dit dat hy deur sy lewe alles vir haar gedoen het, gewerk het vir haar en die kinders, maar dat sy niks waardeer nie. Hy het sy werk bedank omdat hy nie meer bereid is om vir haar te werk nie sodat sy kan besef wat hy alles vir haar gedoen het. Sy grootste probleem is die feit dat sy vrou in God glo en nie in hom nie. K. beweer dat hy jare laas gedrink het en is woedend toe sy vrou twee bottels drank uit die kas tevoorskyn haal. Sy beweer sy gaan hom finaal verlaat en hy dreig met ɱ oordosis pille as sy dit weer doen. Die maatskaplike werkster merk op - "Die probleme spruit nie net uit die feit dat K. drink nie maar ook uit sy siening en sy houding teenoor die lewe en hoe dit hulle huwelikslewe beïnvloed." Mev. K. wil nou met alle geweld Durban toe gaan.

2 Maart 1971 -

K. het in die hospitaal beland as gevolg van ɱ sogenaamde oordosis pille. Die dokter beweer egter dat sy lewe nooit in gevaar was nie en dat hy sonder meer uit die hospitaal weggeloop het.

Op 3 Maart 1971 -

bring maatskaplike werkster ɱ besoek met die oog daarop om gegewens te verkry vir ɱ verslag ingevolge Wet nr. 86. Dit blyk dat hulle in Junie 1958 in die huwelik getree het en dat K. ten tye van sy huwelik werkloos was. Hulle het in ɱ karavaanpark gebly en K. het vir 6 maande nie gewerk nie. Van Januarie 1959 tot April 1959 het hy by drie verskillende plekke gewerk en daarna is hulle na Rhodesië. Hulle was in Februarie 1960 weer terug in Oos-Londen, en bly weer in die karavaanpark en K. is steeds werkloos. Hy het skynbaar aan sy moeder in Oos-Londen geskryf en gesê dat hy kanker het. Op haar versoek het hulle teruggekom en sy het dit gefinansier.

In Maart 1960 -

is hulle weer na Noord-Rhodesië.

/129...

In November 1963 -

terug in Oos-Londen en K. werk weer by vier verskillende plekke. Hy knoop ernstige promiskue verhoudings met ander vrouens aan en drink en rand haar gereeld aan. Die vrou deel mee dat die kinders vreesbevange vir hul vader is.

3 Maart 1971 -

K. skakel en sê dat hy glad nie meer drink nie; dat hy in werklikheid nooit sy werk bedank het nie, maar siekverlof gehad het en dat hy nou weer terugkeer werk toe.

3 Maart 1971 -

Maatskaplike werkster besoek K. op sy versoek. Hy roep die bediende as getuie en stel vrae soos "Wie skree altyd op die kinders in die huis?" en "Hoe kan die maatskaplike werkster die kinders aan som vrou soos myne toevertrou?" Maatskaplike werkster beweer sy is nie bereid om bediende se woord te aanvaar nie, waarop K. baie kwaad word, dog net so omswaai en die volgende oomblik verklaar dat hy wel te veel drink en dit is waarom sy vrou hom verlaat het. Hy is egter baie lief vir sy vrou en kinders en vra dat maatskaplike werkster hom moet help om hulle weer terug te kry. Hy het nou heeltemal opgehou drink en gee sy woord dat hy nie weer n druppel sal drink nie. Toe die maatskaplike werkster sy woord in twyfel trek, vererg K. hom weer en vra of sy woord nie goed genoeg is nie. Maatskaplike werkster probeer hom motiveer vir vrywillige behandeling maar hy beweer dat hy slegs sal gaan as sy vrou onmiddellik, voor Vrydag, na hom toe terugkeer.

4 Maart 1971 -

Mev. deel mee dat sy geld gekry het en nou definitief na Durban vertrek.

5 Maart 1971 -

Mnr. K. beweer dat hy speurders aangestel het om sy vrou te soek en dat hy nou vir vrywillige behandeling na n psigiatriese hospitaal sal gaan maar nie vir n drankprobleem nie; slegs vir sy senuwees. Hy sal dit egter slegs doen as maatskaplike werkster sê waar sy vrou en kinders hulle bevind en waar hy hulle kan besoek.

8 Maart 1971 -

K. is nou bereid om te gaan vir behandeling.

<u>9 Maart 1971</u> -

Bure deel mee dat hulle K. op sy versoek per motor na 'n psigiatriese hospitaal geneem het, maar toe hy daar arriveer, het hy geweier om in te gaan en hulle moes hom weer al die pad terugneem.

<u>15 Maart 1971</u> -

Sy moeder deel mee dat hulle K. opgeneem het in die psigiatriese hospitaal en dat hy tans daar verkeer.

<u>16 Maart 1971</u> -

K. terug, werk skynbaar by 'n plaaslike firma en sy moeder deel mee dat alles goed gaan en hy nugter is.

<u>17 Maart 1971</u> -

K. se vader en sy moeder weier om 'n beëdigde verklaring ingevolge Wet nr. 86 te teken en beweer dat hulle seun se probleme deur sy vrou veroorsaak word. Sy en die kinders het hom dan verlaat en niemand kan hom kwalik neem dat hy nou na die bottel gryp nie.

<u>17 Maart 1971</u> -

Maatskaplike werkster lê besoek af by K. Hy is heeltemal nugter - bieg en bely al sy skuld en sê dat hy verskriklik jammer is oor die mishandeling van sy vrou en sy drankmisbruik, maar dat dit nou iets van die verlede is. Praat maatskaplike werkster om en sy verstrek sy vrou se adres in Durban aan hom. Die maatskaplike werkster merk dan ook op: "K. het werklik berou oor wat alles gebeur het en wil graag weer begin om 'n gelukkige lewe saam met sy vrou te voer."

<u>Op 18 Maart 1971</u> -

tree hy in verbinding met sy vrou, maar sy weier om na hom terug te keer. Hy het intussen sy werk verloor, het weer werk gekry en deel op 7 April 1971 mee dat sy vrou moontlik die naweek huistoe kom. Hy is nugter en alles gaan goed.

<u>14 April 1971</u> -

Mev. terug by haar man. Maatskaplike werkster deel mee dat K. 'n ander man is. Alles gaan goed maar daar is geweldig baie skuld wat hulle moet afbetaal. Hulle is sonder enige heenkome en soek huisvesting.

<u>Op 21 April 1971</u> -

word maatskaplike noodhulp uitgereik. Hulle soek steeds huis.

/131...

28 Junie 1971 -

Mev. skakel en deel mee dat haar man al weer nie werk nie en by die huis sit en maatskaplike werkster moet asseblief kom.

29 Junie 1971 -

K. weier om maatskaplike werkster te sien en sy vrou beweer dat hy siek is. Hy het egter nie weer gedrink nie maar het weer gedreig om haar aan te rand en die kind het hom gekeer. Hy sê hy is baie ongelukkig in sy huidige werksituasie.

13 Julie 1971 -

Haar man weier steeds om te gaan werk en is weer terug dokter toe.

15 Julie 1971 -

Mev. skakel en sê hy het weer begin drink en werk nie. Maatskaplike werkster oorweeg nou kommittering.

6 Augustus 1971 -

K. drink steeds, rand sy vrou aan en is werkloos.

10 Augustus 1971 -

Sy moeder bel die Polisie en hulle arresteer hom vir rusverstoring en aanranding op sy vrou. Hy word opgesluit. Maatskaplike werkster poog om die kriminele klag in 'n ondersoek ingevolge Wet nr. 86 te omskep.

10 Augustus 1971 -

K. word op borg uitgelaat en is verbied om sy vrou te sien.

13 Augustus 1971 -

K. daag nie op vir die hofsaak nie. Sy ma deel mee dat hy onder die invloed van drank is. Maatskaplike werkster gaan haal hom by die huis en die saak word vir 'n week uitgestel. K. word weer gearresteer en die saak word tot 20 Augustus uitgestel. Intussen ontvang Mev. en die kinders maatskaplike noodhulp. K. word as gevolg van 'n maagseer na die hospitaal oorgeplaas en sy vrou wil die aanrandingsaak teen hom terugtrek.

24 Augustus 1971 -

Die psigiater deel mee dat K. se mediese probleem slegs gering van aard is, maar dat hy na sy mening sterk psigopaties is.

/132...

31 Augustus 1971 -

Die aanbeveling dat hy na ŉ rehabilitasiesentrum moet gaan, word aanvaar, en K. word in die gevangenis aangehou. Mev. is verlig en stel dit dat die kinders vreesbevange is vir hom en dat hy in die laaste tyd aggressief en selfs wreed teenoor hulle begin optree het. Vir sy moeder en vader het hy weinig respek en gebruik hulle net wanneer hy hulle nodig het. Hy vloek, skel en het selfs sy moeder al aangerand.

Op 12 Desember 1971 -

deel die rehabilitasiesentrum mee dat K. reeds in die gevangenis ŉ emosionele ervaring deurgegaan het wat sy hele persoonlikheid verander het. Hy pas hom baie goed in die rehabilitasiesentrum aan en is baie goed gemotiveer om sy probleem te oorkom.

Die vorderingsverslag van 25 Januarie 1972 van die rehabilitasiesentrum meld dat K. sy probleem totaal te bowe gekom het, AA-vergaderings bywoon en diep belangstelling in kerklike sake toon. Hy is voorsitter van die inwonerskomitee en het selfs ander tot ŉ positiewe sienswyse help verander.

2 Maart 1972 -

K. blakend gesond en terug by die huis.

Op 13 Maart 1972 -

is hy op kantoor en beweer hy soek ernstig werk.

10 April 1972 -

Hy ondervind steeds moeite om ŉ betrekking te bekom.

20 April 1972 -

Maatskaplike werkster besoek K.; hy het nog nie ŉ betrekking bekom nie en hy ontwyk haar op alle maniere. Sy vrou is uiters depressief en is van mening dat K. weer skelm drink.

2 Mei 1972 -

K. het uiteindelik werk gevind.

27 September 1972 -

Maatskaplike werkster berig dat hy weer ernstig begin drink het, toe weer opgehou het na ŉ godsdienstige ervaring, en tans weer vir ŉ ander firma werk.

/133 ...

<u>Op 27 September 1972</u> -

beveel die maatskaplike werkster aan dat die lêer gesluit word as gevolg van K. se psigopatiese gedrag.

Na bogenoemde gebeure het betrokkene steeds voortgegaan om van een betrekking na die ander te swerf, sporadies te drink, sy vrou en sy kinders ernstig aan te rand en ꞌn oplossing moes vir die probleem gevind word. Hy was in ꞌn stadium by die plaaslike groepsbyeenkoms vir alkoholiste, deur die kantoor gereël, betrek. Hy het egter die groepsbesprekings op ꞌn bombastiese wyse so oorheers dat dit dikwels in chaos geëindig het. Hy was beterweterig, uiters aggressief en ongeskik en het soms lang preke tydens die vergadering afgesteek. Nadat sy vrou weer vir die hoeveelste keer kom kla het in verband met sy aanrandings, drankmisbruik en uiters negatiewe invloed op die kinders, is daar drasties ingegryp en is K. met geweld uit sy eie huis verwyder. Hy het weer sy intrek by sy moeder geneem. Dit is duidelik aan Mev. gestel dat, indien sy weer toelaat dat K. by haar kom inwoon, die kinders onmiddellik uit haar sorg geneem sou word, aangesien hulle reeds lank genoeg onder sorgbehoewende omstandighede verkeer het. Hierdie reëlings het K. dwars in die krop gesteek en hy het vir maande allerhande pogings aangewend om hierdie bepaling te omseil, dog sonder sukses. Mev. het intussen aansoek gedoen om ꞌn egskeiding en die huisgesin het stilweg weer begin fungeer met K. uit die pad. Net voordat die egskeiding gefinaliseer is, na ongeveer ꞌn jaar van skeiding, is K. aan ꞌn hartaanval in sy moeder se huis oorlede.

<u>KINDER- EN JEUGJARE:</u>

K. is die jongste van ꞌn gesin van 2 seuns. Sy broer is ongeveer 6 jaar ouer as hy, het ꞌn vaste betrekking en skyn redelik suksesvol aangepas te wees binne die gemeenskap. Tydens K. se geboorte het sy moeder en vader by die grootouers aan moederskant ingewoon.

Hy het dan ook die grootste gedeelte van sy vormingsjare in sy ouma se huis deurgebring en sy ouers het eers na die grootouers se dood, dit wil sê, nadat betrokkene reeds die huis verlaat en selfstandig fungeer het, hul eie huis bekom. Mev. K. se swangerskap was skynbaar onbeplan en het op ꞌn tydstip gekom toe die gesin skynbaar ekonomies nie daarop voorbereid was nie. Aangesien sy reeds voor die geboorte daarvan bewus was dat dit haar laaste swangerskap sou wees, het sy skynbaar baie uitgesien na die koms van ꞌn dogter.

Die grootmoeder het skynbaar ꞌn oorheersende en dominerende rol in die huis

vertolk en haar dogter was aangewese op haar vir belangrike besluite, ondersteuning en goedgunstige verblyfreëling. 'n Paar maande na K. se geboorte, is sy bedjie reeds na die slaapkamer van sy grootmoeder verskuif en van daardie stadium af het sy skynbaar alle verantwoordelikheid vir sy opvoeding aanvaar. Die grootmoeder het hom skynbaar as haar seun wat sy nooit gehad het nie, aanvaar, en feitlik alle seggenskap en verantwoordelikheid oorgeneem. Betrokkene is in 'n groot mate deur sy grootmoeder oorbeskerm en bederf en staan by die familie bekend as haar witbroodjie.

Hy het dan ook sy grootmoeder as "Moeder" aangespreek en sy eie ouers op hul voorname. Die kind se dissiplinering is aan die ouma oorgelaat en sy het hom skynbaar teen alle konflik en probleme beskerm. Dus is hy selde of ooit getugtig en was hy beheer deur middel van mooipraat en dreigemente van straf. Hy het reeds op jeugdige ouderdom ernstige gedragsprobleme openbaar en deur middel van humeuruitbarstings en dreigemente van geweld sy sin en sy wil op die gesin afgedwing.

"He has had these temper tantrums since he was very small."

Betrokkene het ook skynbaar gou geleer om deur middel van fisiese ongesteldheid sy sin in meeste dinge te verkry. So byvoorbeeld het hy dikwels gekla van vae maagpyn, rugpyn, griep, ensovoorts, en sy skoolbywoning, veral in standaards 4, 5 en 6, was uiters ongereeld. Betrokkene het op een of ander onverklaarbare wyse daarin geslaag om willekeurig bloed uit sy mond te laat loop en het op baie dramatiese wyse en met onbeheerde hoesbuie dikwels hierdie metode as manipulasiemeganisme gebruik. Kliniese ondersoeke kon geen bekende siektetoestand aandui nie en daar word aanvaar dat hy skynbaar die binnekant van sy mond stukkend gebyt het om die effek te verkry. Hierdie tegniek het hy later op sy getroude lewe oorgedra en Mev. dikwels met hierdie sogenaamde ongesteldheid gemanipuleer. Nadat sy egter in latere jare nie meer op hierdie simptome gereageer het nie, het hy dit skynbaar laat vaar.

Betrokkene het op 'n baie vroeë ouderdom skool verlaat en het ten spyte van bogemiddelde intellektuele vermoë slegs standaard 7 geslaag. Op skool het hy hom skuldig gemaak aan onbeheerbare gedrag deur stokkiesdraai, aggressiewe optrede en diefstal. Die swak beheer wat daar oor hom uitgeoefen was, word duidelik weerspieël deur sy vroeë skoolverlating. Nadat hy die skool verlaat het, het hy vir ongeveer 2 jaar by die poskantoor gewerk en daarna met eentonige reëlmaat van werk verwissel. Daar is weinig sprake van enige werklike kommunikasie tussen hom en sy

/135...

eie moeder en sy vaderbeeld is feitlik totaal deur sy oupa vervul. Hy verklaar dan ook onomwonde dat hy weinig respek vir sy eie ouers het en dat hulle nooit werklik vir hom ouerfigure was nie. Hy het dan ook by geleentheid uiters aggressief teenoor hulle opgetree en selfs sy moeder aangerand.

Betrokkene het skynbaar baie van sy manipulasietegnieke na die volwasse lewe oorgedra. So byvoorbeeld het hy menige dag uit die werk gebly as gevolg van sy sogenaamde fisiese ongesteldheid en by die dokters geboer en sy gesin en sy ouers in later jare steeds met hierdie tegniek gemanipuleer. Sy onbeteuelde humeuruitbarstings, sy leuentaal en bedrog het hy skynbaar ook uit sy kinder- en jeugjare deurgedra.

OPSOMMENDE KENMERKE:

Betrokkene het met sy gesin rondgeswerf en 'n uiters onbestendige huwelikslewe gehad. Hy het tallose beroepe beoefen en telkemale weer daarin geslaag om by dieselfde firma werk te bekom. Die gesin het in al die jare nooit daarin geslaag om enigiets bymekaar te maak nie en het eintlik in uiterste armoede en ellende gelewe.

Betrokkene beskik by uitstek oor die vermoë om te beïndruk as 'n persoon van outoriteit met 'n besondere intelligensie, uiters netjies geklee en die houding van 'n ervare besigheidsman. As in aanmerking geneem word dat hy skolasties slegs standaard 7 geslaag het, is sy vermoë tot verbalisering verbasend. Hy het deur middel van sy welsprekenheid en manipulasietegnieke dikwels daarin geslaag om die maatskaplike werkster 'n rat voor die oë te draai. Ook sy sogenaamde mediese ongesteldheid was dikwels deur sy verbalisasie vermoë oorgedra. Die wyse waarop hy letterlik die hele rehabilitasiesentrum se organisasie oorgeneem het, is treffend. Op hierdie selfde manier het hy ook voortgegaan om die plaaslike groepsbyeenkomste te oordonder en telkens sy werkgewers 'n rat voor die oë te draai.

Sy lewenshouding word verder gekenmerk deur die skreiende gebrek aan enige vorm van toekomsbeplanning. Hy was slegs ingestel op die huidige en kon dikwels die maatskaplike werkster en sy vrou se besorgdheid oor môre nie begryp nie. Hy het sonder lewensplan of ideaal van dag tot dag voortgeleef en die feit dat hy telkens weer van onder af moes begin in sy beroepsloopbaan het min probleme vir hom ingehou.

Op seksuele gebied was hy ook wanaangepas en het probleme openbaar. Hy het gedurig sy vrou beskuldig, beledig, en het selfs promiskue verhoudings aangeknoop en het sy vrou van ontrouheid en seksuele koudheid beskuldig.

/136...

Dog volgens haar was hy seksueel ontoereikend en dikwels impotent.

Sy besondere emosionele afgestomptheid kom ook duidelik na vore, nie net in wanverhouding tussen hom en sy vrou en later ook in sy mishandeling van sy eie kinders nie, maar ook in die feit dat hy weinig emosie ten opsigte van sy moeder of vader openbaar het. Hy was gedurig in botsing met hulle, het nie gehuiwer om hulle te beledig en uit te skel en te vloek nie en het by geleentheid selfs sy ma aangerand. Dit word verder uitgebeeld deur die feit dat die huisgesin totaal geïsoleerd gelewe het en dat K. geen blywende emosionele bande met enige persoon kon aanknoop nie. Die gesin het geen vriende hoegenaamd nie en op emosionele vlak was hy aan niemand verbonde nie. Hy het ook ŉ koudheid en onverskilligheid teenoor die godsdiens openbaar, behalwe waar hy dit as manipulasietegniek gebruik het. Gedurende die onderhoudsituasie het hy enige persoonlike kontak of poging om emosioneel nader aan hom te beweeg, deur middel van onderwerpverandering of ontvlugting, ontwyk.

Veral onder die invloed van drank, maar ook wanneer hy nugter was, het K. se onvoorspelbare aggressie en humeur dikwels na vore gekom. Hy het trouens in ŉ groot mate sy gesin beheer deur middel van vrees vir sy sogenaamde humeur en onvoorspelbare aggressie. Hierdie neiging het dikwels na vore gekom tydens onderhoudsituasies en hy het by meer as een geleentheid gedreig om ondersoeker met geweld uit sy huis te smyt of te skiet en dan sy gesin om die lewe te bring en laastens homself uit die weg te ruim. Die skielike frontverandering as hy dan sondermeer uitgedaag word om dit te doen, is ongelooflik. Hy verander in ŉ oogwenk van ŉ woedende geweldenaar na ŉ patetiese figuur wat smeek om hulp, raad en leiding.

Betrokkene was ook in ŉ groot mate ingestel op onmiddellike behoeftebevrediging en impulsiewe handeling. So byvoorbeeld moes sy vrou en ook sy hele gesin hul daagliks skik na sy egosentriese behoeftes. Hy het by meer as een geleentheid tuis gekom, sy vrou sonder seremonie meegedeel dat hy reeds sy werk bedank het en dat alle reëlings gefinaliseer is vir hul vertrek na ŉ ander dorp die volgende dag. As hy die môre weens die weersomstandighede of enige ander motief, nie lus voel om te gaan werk nie, het hy sonder meer tuis gebly vir dae aaneen. By die huis het hy dan rondgelê, gedrink, gekom en gegaan soos hy wil en dan met een of ander denkbeeldige klag by die dokter opgedaag om ŉ mediese sertifikaat te verkry. Indien hy dit nie kon bekom nie, het hy sonder meer na die volgende werk gegaan.

Hy toon ook ŉ opvallende gebrek aan insig in sy eie probleme. By meer as

/137...

een geleentheid het hy onder die invloed van drank by die plaaslike groepsbyeenkoms opgedaag. By hierdie geleenthede het hy net botweg ontken dat hy aan 'n druppel drank geraak het en dwarsdeur sy loopbaan was sy alkoholprobleem nooit 'n werklikheid vir hom nie. Hy is dan ook uiters verontreg en het geen probleem hoegenaamd nie en is deur "konkelry" tussen die Landdros en die proefbeampte na 'n rehabilitasiesentrum verwys. Die proefbeampte se besorgdheid oor die toekoms, die huidige omstandighede waarin sy vrou en kinders verkeer en die langtermynuitwerking wat sy onbeheerbare gedrag op die toekoms van sy kinders, huwelik en sy eie gesondheid ingehou het, was nooit vir hom van betekenis nie. Hy werk nou mos en alles gaan goed en waarom al die besorgdheid. Die enigste tyd wanneer hy oënskynlik rasionele denke openbaar het, was vir 'n kort tydperk in die rehabilitasiesentrum, toe hy daarop uit was om sy ontslag so gou as moontlik te bewerk.

GEVALLEWERKSTUDIE 'L'

Hierdie geval het op 12 Desember 1969 onder maatskaplike werk gekom nadat die plaaslike psigiatriese hospitaal versoek het dat daar nasorgdienste by Mnr. L. gelewer word. Hy is opgeneem vir 'n probleem van alkoholisme, woon skynbaar by sy moeder in en was drie keer getroud en geskei, dog geen kinders is uit hierdie huwelike gebore nie. Hy is toe reeds deur die psigiatriese hospitaal as 'n "psigopatiese persoonlikheid met alkoholisme en verdowingsmiddels" gediagnoseer. Daar is gemeld dat hy 'n uiters swak insig in sy eie probleem openbaar en dat hy vas oortuig daarvan is dat hy geen werklike drankprobleem het nie en wel sosiaal aanvaarbaar kan drink. Hy het ook 'n besondere antagonisme teenoor alle welsynsorganisasies.

Die eerste vorderingsverslag dui dan ook daarop dat betrokkene 'n gunstige aanpassing in die samelewing gemaak het en as voorman by 'n konstruksiefirma werksaam is. Hy drink nog so nou en dan 'n drankie, dog is onder doktersbehandeling en die volkswelsynbeampte het baie hoop vir sy toekoms. Minder as twee maande na die vorderingsverslag, skakel hy die proefbeampte en vra dat hy asseblief onmiddellik na 'n rehabilitasiesentrum gestuur moet word aangesien hy nie langer sy probleem kan beheer nie. 'n Afspraak word vir hom gereël op kantoor maar hy kom dit nie na nie. Familielede nader ook die proefbeampte in verband met L. se probleem.

Tydens die daaropvolgende tuisbesoek, deel sy moeder mee dat hy weer onder doktersbehandeling is en dat daar met die proefbeampte in verbinding getree sal word indien hy weer handuit ruk. By 'n volgende besoek word Mnr. L. tuis aangetref en beweer alles gaan goed en wil nie nou vir behandeling gaan nie maar eers kyk of die dokter nie miskien daarin slaag om hom oor sy probleem te help nie.

Intussen sit hy werkloos tuis. Veertien dae later skakel sy moeder weer die kantoor en deel mee dat L. weer van vooraf drink en dat sy bereid is om 'n verklaring ingevolge Wet nr. 41 af te lê. Tydens 'n besoek blyk dit dan ook dat die betrokkene gewillig is om vir behandeling te gaan. Verrigtinge word geopen. Kort voor die hofsaak verskyn betrokkene egter weer op kantoor en beweer dat hy nou nie meer wil weggaan nie. Hy is seker hy kan sy probleem hanteer. Sy moeder is glo in so'n fisiese toestand dat hy haar moet versorg en nie nou kan weggaan nie. Sy kan buitendien nie in die hof verskyn nie. Nadat die vakkundige beampte die moeder geskakel het, verseker sy dat sy fisies heeltemal in staat is om die

/139...

hofverrigtinge by te woon en na haarself om te sien.

Na die hofsaak kom spreek Mnr. L. die senior vakkundige beampte en toon 'n mediese sertifikaat dat hy nie in staat is om weg te gaan nie. Hy beweer ook dat hy nou so goed vorder met sy behandeling by die plaaslike kliniek vir alkoholiste dat hy beslis nie meer langtermynbehandeling nodig het nie. Hy versoek die senior vakkundige beampte om sy invloed te gebruik en met die vakkundige beampte te praat. Tien dae later is betrokkene nog nie weg nie maar vertel dat hy medies ongeskik is en 'n sertifikaat sal inlewer. Op versoek van die hof word hy dringend aangemaan om die sertifikaat in te lewer en belowe om dit die volgende dag te bring. Daarvan kom ook niks. Sy moeder beweer dat hy steeds drink, geen behandeling ondergaan nie en net weier om weg te gaan.

Nadat die vakkundige beampte self die mediese sertifikaat van die dokter verkry het, vertrek L. dan na die rehabilitasiesentrum, aangesien hy medies skynbaar heeltemal geskik is om te gaan.

Skaars drie maande later ontvang die hoofvolkswelsynbeampte die volgende skrywe van L. uit die rehabilitasiesentrum -

"As you are aware in order to be sent here for treatment under Act 15 I was obliged to ask my mother to complete my forms for my committal. She was loath to do so and only conceded to do so after protracted insistence on my part.

Mr. P my probation officer will colaborate this fact. Mr. P. informed me that I would be here for three months although Mr. F. told me that I would be here for six months after the date of my committal.

My mother who is suffering from defectable eyesight is unable to work and is largely dependant on me for support although my mother has managed to-date she is experiencing increasingly difficulty in making ends meet in running the home and has requested that I return home as soon as possible.

I have already agreed to the six months period imposed by Mr. F. which I complete on the 27th November this year in view of the fact that it is still two months more I feel that my mother will be able to manage on her own for that period. But will greatly appreciate it if I could be released then in order to take employment on the completion of that period.

I feel that by then I will have recovered both mentally and physically to return to work. My health is improving rapidly and my arm injury will not handicap me in performing a day's work. I experience no difficulty in performing all the duties allocated to me on the farm.

While I know that one cannot say for sure I will not drink again I have resolved to abstain utilizing every means available to insure that I do so, such as resorting to anti-booze and continue to be a AA member. I am very grateful for the opportunity afforded me in coming here to the farm, an opportunity of being able to find myself again, to get back on

/140...

my feet as it were.

It is my intention to apply to the board here next month for my release and I shall be pleased if you will carry out whatever investigation you deem necessary and remit your report back to this office in order that it be available to the board.

Yours sincerely, Mr. L."

Intussen kla hy by die rehabilitasiesentrum dat hy slegs vir ses maande deur die Landdros gekommitteer is en dat sy moeder nie langer sonder sy onderskraging tuis kan voortgaan nie. Die teenstrydighede en leuens in die brief is duidelik. Hy beweer dat hy sy moeder omgepraat het om hom te laat kommitteer. Die volkswelsynbeampte het hom glo verseker dat hy net vir drie maande weggaan alhoewel die Landdros gesê het dat hy vir ses maande gaan. Op navraag by sy moeder blyk dit dat sy heel goed sonder sy sogenaamde "onderskraging" kan klaarkom. Ten spyte daarvan dat sy uiterse ongemotiveerdheid om werklik te baat by die behandeling duidelik waarneembaar is en sy ongeduld om sy ontslag uit die rehabilitasiesentrum te bewerk duidelik is, bely hy nogtans dat hy tot nuwe insig gekom het, dat hy van voorneme is om by die AA aan te sluit en bedank hy die Departement hartlik vir die feit dat hulle hom wel na die rehabilitasiesentrum kommitteer het. Dit alles ten spyte daarvan dat hy genoeg insig behoort te hê om te weet dat al die feite wat hy noem kontroleerbaar is.

Die einde van Maart (die volgende jaar) word hy met vergunning vrygelaat in die sorg van sy moeder. By sy terugkeer uit die rehabilitasiesentrum meld betrokkene by die hoofvolkswelsynbeampte aan en neem die kans waar om met groot ontevredenheid te vertel dat hy as vrywillige na die rehabilitasiesentrum gegaan het maar dat die proefbeampte sonder sy medewete hom eintlik gekommitteer het. Die gevolg was dat hy meer as 'n jaar in die rehabilitasiesentrum moes deurbring.

Hy oortuig die hoofvolkswelsynbeampte in so'n mate van die onreg wat hom aangedoen is dat eersgenoemde die senior beampte opdrag gee om tog in die vervolg seker te maak dat vrywillige opnames onder die regte artikel gekommitteer word. L. stel dit dan ook duidelik aan die hoofvolkswelsynbeampte dat hy nie 'n alkoholis is nie en heeltemal in staat is om wel sosiaal te drink.

Kort hierna skakel hy weer die beampte en deel mee dat hy ongelukkig nie kantoor toe kan kom nie aangesien hy 'n betrekking as bestuurder van 'n firma aanvaar het. Dit blyk dat hierdie pos slegs in 'n eenmansbesigheid bestaan. Skaars twee maande later skakel betrokkene se moeder en beweer

dat hy weer by die huis sit en aanhoudend drink, en die hoofvolkswelsynbeampte vra dat hy hom op kantoor moet kom spreek. L. deel mee dat hy die hulp van die dokter by die kliniek ingeroep het en weer met hom in verbinding sal tree indien hy probleme het. Hy wil in geen omstandighede terug na die rehabilitasiesentrum gaan nie. Op 'n daaropvolgende besoek van die volkswelsynbeampte deel sy moeder mee dat hy tans aktief by die AA ingeskakel is en dat sy saam met hom die vergaderings bywoon. Dit gaan goed, hy drink niks en werk gereeld.

Sy moeder skakel weer kort hierna en deel mee dat die maatskaplike werkster asseblief moet besoek aflê aangesien L. weer drink. Daar aangekom is dit duidelik dat hy homself weer te buite gegaan het, maar hy deel nogtans mee dat hy nie 'n alkoholis is nie en maklik sy drankprobleem kan beheer.

Die volkswelsynbeampte merk by hierdie geleentheid dat daar 'n wanverhouding tussen hom en sy moeder bestaan en is getref deur sy totale gebrek aan insig in sy drankprobleem. In 'n daaropvolgende vorderingsverslag maak sy melding van sy sekuriteitloosheid, sy gebrek aan insig en sy totale ontkenning van 'n drankprobleem. Kort hierna deel L. mee dat hy en sy werkgewer 'n uitval gehad het en dat hy sy werk bedank het. Die vakkundige beampte is egter van mening dat hy gevra is om te bedank. Kort hierna verkry hy egter weer 'n betrekking by die Munisipaliteit en sy moeder deel mee dat dit baie goed met hom gaan.

Hy skakel dan ook en deel mee dat hy sy nuwe werk baie geniet en alles gaan goed. In die volgende vorderingsverslag word dan ook vermeld dat L. vir ongeveer 5 maande nugter is, net sporadies drink maar dat weinig kontak met hierdie man bewerkstellig kan word. Die vakkundige beampte slaag eers 7 maande later weer daarin om met die kliënt kontak te maak. Intussen het sy moeder meegedeel dat hy redelik nugter is maar sosiaal vereensaam en geïsoleerd lewe en dat hulle probeer om hom by hulle sosiale aktiwiteite te betrek. Hy woon die eerste groepsbyeenkoms vir alkoholiste onder die invloed van drank by. Hy oorheers die hele groepsbespreking en is vol van sy nuwe betrekking by die Provinsiale Administrasie waar hy dan ook 'n groot en vername pos beklee. Hy bied ook aan om aan almal werk te voorsien. Hy belowe om die volgende byeenkoms by te woon maar daag nie op nie. Kort hierna skakel sy moeder en beweer dat hy weer by die huis sit en drank misbruik. Tydens 'n daaropvolgende besoek deel sy moeder mee dat sy hom beswaarlik in die môre by die werk kan kry as gevolg van sy drankmisbruik en terwyl

/142...

vakkundige beampte daar is, daag betrokkene dan ook op. Hy is erg onder die invloed van drank, belowe hand en mond dat hy die volgende aand die byeenkoms sal bywoon maar raak aggressief toe sy die moontlikheid noem dat sy vergunning ingetrek kan word. Vakkundige beampte merk op dat hy skynbaar promiskue verhoudings met ander vroue aan die gang het. Hy daag egter nie by die groepsbyeenkomste op nie en met die volgende kontak is hy vol verskonings en beweer dat hy nou behandeling deur middel van hipnose by 'n plaaslike geneesheer ontvang; alles gaan baie goed. In 'n laaste vorderingsverslag merk die vakkundige beampte dan op -

"Hierdie man is 'n tipiese psigopaat en alkoholis. Intensiewe dienslewering oor etlike jare het geen positiewe gevolge gehad nie. Ek voel werklik dat ons tyd mors en dat in die lig van die feit dat daar geen afhanklikes is nie ons die lêer maar kan sluit."

Hierna was daar nog verskeie kontakte gemaak met sowel sy moeder as sy broer. Hulle het versoeke gerig vir verdere dringende optrede aangesien L. steeds werkloos is, op sy moeder teer en onbeheerbaar en uiters aggressief optree. Sy moeder deel dan ook mee dat hy haar alreeds by verskeie geleenthede aangerand het en dat sy selfs die hulp van die Polisie moes inroep. Later was sy broer verplig om hom met geweld uit die huis te sit en die huis te belet. Sy moeder deel mee dat hy sporadies nog daar opdaag en 'n swerwersbestaan voer.

KINDER- EN JEUGJARE:

L. is die oudste van 'n gesin van 4 kinders. Hy is 5 jaar ouer as die tweede kind en volgens sy ouers was sy geboorte beplan en het hulle baie uitgesien na die koms van hul eerste kind. Sy vader het 'n bestendige beroepsgeskiedenis gehad en het as gesondheidsinspekteur vir die plaaslike Munisipaliteit gewerk. Dit is duidelik dat daar byna 'n abnormale band tussen betrokkene en sy moeder bestaan het. Aanvanklik as enigste seun en later as oudste kind, is hy in 'n groot mate oorbeskerm en bederf en het die moeder hom dikwels teen gevolge van sy dade beskerm. So byvoorbeeld is die seun selde gedissiplineer of getugtig deur die vader as gevolg van die oorbeskermende houding van die moeder. Die moeder is 'n sterk dominerende figuur wat hoofsaaklik die leidende rol in die gesin gespeel het en werklike kontak tussen vader en seun het skynbaar slegs bestaan met die moeder as tussenganger.

Op skool het hy hom vroeg reeds aan onbeheerbare wangedrag skuldig gemaak en dikwels stokkies gedraai. Dit is egter opvallend dat sy moeder hom in so'n mate oorbeskerm het dat hy selde of ooit vir sy wangedrag tot ver-

antwoording geroep was.

Fisiese tugtiging was tot die minimum beperk en die seun is beheer deur middel van beloftes, mooipraat en oorreding. Sy uiters oorafhanklikheid van sy moeder word verder weerspieël deur die feit dat hy vir 4 jaar lank nadat hy skool verlaat het, steeds by sy moeder ingewoon het en na die mislukking van sy eerste huwelik, weer na sy moeder terug is en vir ŉ hele aantal jare by haar ingewoon het. Tydens sy tweede mislukte huwelik, het hy ook by sy moeder ingewoon en slegs vir ŉ kort tydjie saam met sy tweede vrou in ŉ woonstel gebly. Na die ontbinding van hierdie huwelik, het hy weer sy intrek by sy moeder geneem en bly nog steeds na al die jare by haar. Sy moeder was in ŉ stadium slegs van ŉ toelaag afhanklik en moes deur arbeid haar inkomste aanvul. Ten spyte hiervan het hy vir jare lank ŉ parasitiese bestaan by haar gevoer. Deur die wyse waarop hy teen sy moeder optree en die misbruik wat hy van haar maak, is dit duidelik dat daar weinig wedersydse respek en agting bestaan en dat warm, begrypende kommunikasie geen rol in hierdie moeder-seunverhouding gespeel het nie. Selfs in hierdie stadium van haar lewe, beskerm sy hom nog steeds en ontken sy enige vorm van oorbeskerming en bederf en verklaar sy onomwonde dat al sy probleme toegeskryf kan word aan die twee nikswêrd vroue wat hom verlei het.

OPSOMMENDE KENMERKE:

ŉ Opvallende kenmerk van bogenoemde geval is die feit dat betrokkene skynbaar geen insig in sy persoonlike probleem het nie maar ook sy insig in hoe ander hom sien, is skynbaar uiters beperk. Hy vertel sonder meer flagrante leuens soos byvoorbeeld, in sy skrywe vanaf die rehabilitasiesentrum en onderhandelings met die verskeie volkswelsynbeamptes, wel wetende dat die feite deeglik gekontroleer kan word. Hy neem op ŉ naïewe wyse aan dat almal sal dink soos wat hy wil hê hulle moet dink. Sy ontkenning van enige drankprobleem voer hy tot ŉ punt van belaglikheid. Hy word telkemale betrap in sy dronkenskap, verloor sy betrekkings as gevolg daarvan, en word inteendeel gekonfronteer deur sy moeder en mense wat naby hom staan in die teenwoordigheid van die volkswelsynbeampte en ontken steeds dat hy enige drankprobleme het.

Kenmerkend is ook sy skynbare gebrek aan emosionele respons en meelewing. Tydens onderhoude was dit dan ook duidelik dat begrippe soos empatie, gewete en naasteliefde nie in sy woordeskat bestaan nie. Selfs sy optrede teenoor sy moeder is ontdaan van alle emosie. Hy misbruik haar moontlike empatie en skroom nie om ŉ parasitiese bestaan op haar karige inkomste

/144...

te voer nie. Hy het haar dan ook by verskeie geleenthede aangerand en sien mense in sy onmiddellike omgewing net as voorwerpe vir sy eie egoïstiese behoeftebevrediging. Sy onvermoë om emosionele kontak met mense te maak spreek dan duidelik uit die feit dat skynbaar nie een van die maatskaplike werksters daarin kon slaag om 'n ware vertrouïngsverhouding met hierdie kliënt op te bou nie.

Sy dikwels onvoorspelbare aggressie word veral deur sy moeder beklemtoon. Sy wys dan ook daarop dat hy sonder die geringste aanleiding sonder meer kan oorgaan tot aggressiewe en onsimpatieke gedrag. Ook in sy eerste optrede teenoor die hoofwelsynbeampte en die daaropvolgende optredes by verskeie geleenthede teenoor die maatskaplike werksters was dit duidelik dat hy dikwels van aggressie gebruik maak om sy omgewing te manipuleer. Hy het sy moeder al by geleenthede aangerand en het selfs die ondersoeker by twee geleenthede telefonies met geweld gedreig.

Kontak met betrokkene asook sy geskiedenis dui daarop dat hy skynbaar 'n totale gebrek aan motivering en langtermynbeplanning het. Hy lewe van dag tot dag net vir die oomblik en die dag van môre hou vir hom weinig betekenis in. Hy beskik wel oor die vermoë om te praat van 'n bestendige betrekking, van 'n woonstel wat hy weer wil verkry, van meubels wat hy wil koop, van verhoudings met vroumense en moontlik 'n ander huwelik, kinders en 'n gesinseenheid. 'n Mens kry egter die indruk dat, terwyl hy praat, sy eie woorde vir hom geen emosionele waarde inhou nie, en dat daar 'n totale gebrek aan motivering is om hierdie verbalisasie tot 'n werklikheid te bring. Sy swerftogte van een plek na die ander, van een vrou na 'n ander en van een werk na die ander, is 'n duidelike weerspieëling hiervan. Die betrokkene beskik oor 'n besondere vermoë om deur middel van manipulasietegnieke, leuentaal en bedrog, mense te beïnvloed en 'n oorheersende gunstige indruk te laat. Hy gesels feitlik oor enige onderwerp en sal homself in enige geselskap goed van sy taak kwyt. Sy besondere vermoë tot verbalisasie word veral geïllustreer deurdat hy selfs daarin geslaag het om die hoofwelsynbeampte 'n rat voor die oë te draai. Die manier waarop hy die maatskaplike werksters aan 'n lyntjie gehou het, nooit afsprake nagekom het nie, telkens gerasionaliseer het om homself uit 'n situasie los te wikkel, is opvallend.

Dit is ook duidelik dat betrokkene skynbaar totaal geïsoleerd gelewe het. Hy het geen deel aan enige vorm van verenigingslewe gehad nie, en geen blywende verhoudings met enigiemand aangeknoop nie. Dit wil voorkom asof hy selfs geïsoleerd gedrink het. Sy sosiale isolasie het ook kommer by sy moeder gewek en dit was opvallend dat hy nie eers vriende gehad het wat hom

tuis besoek het nie.

Dit wil voorkom asof sy seksuele lewe tot promiskue verhoudings beperk was. Die mislukking van sy twee vorige huwelike het skynbaar nou met sy seksuele wanaanpassing saamgehang.

/146...

GEVALLEWERKSTUDIE 'M'

Die geval is in Junie 1972 aangemeld toe Mnr. en Mev. M. (reeds geskei in daardie stadium) saam na die kantoor gekom het in verband met hul 15-jarige dogter. Na bewering was sy verslaaf aan dwelmmiddels, het reeds twee pogings tot selfmoord aangewend en was onbeheerbaar tuis. Dit blyk dat die dogter na die egskeiding aan die vader se sorg toevertrou is, dog net 'n klein rukkie by hom gebly het en toe weer by die moeder in haar woonstel ingetrek het. Sedertdien kom en gaan sy soos sy wil, meng met uiters negatiewe vriende en deel aktief in die hippiesubkultuur van die stad. Sy gaan nog skool maar vaar uiters swak. Reeds by aanmelding meld die beampte dat - "volgens Mev. M. was M. baie selfstandig en onafhanklik van kleinsaf". Dit skyn egter asof sy gedwing is om so te wees aangesien al die moeder se aandag aan die ouer, maar vertraagde, suster gegee is. Tans is die suster egter in 'n inrigting. Die beampte merk tydens die eerste onderhoud op dat die vrou skynbaar die dominerende persoon in die verhouding was. Die vader weer het die indruk gelaat dat hy hooggespanne en 'n emosioneel afhanklike mens is. Die beampte wys verder op die uiters onstabiele en verwarde kinder- en jeugjare van die dogter en sê -

"Die ouers is geskei, weer met mekaar getroud en weer geskei. Verdeel tyd deur by vader of moeder te woon, verdere gebrek aan emosionele sekuriteit deurdat alle aandag aan haar vertraagde suster gegee was, moontlik ook die spanning wat die teenwoordigheid van haar suster in die huis gebring het."

Nadat daar besluit is dat die dogter by behandeling in 'n rehabilitasiesentrum sal baat, berig Mev. M. dat M. egter heeltemal verander het, haar huiswerk gereeld doen, vroeg saans in die bed is en geen probleme hoegenaamd meer lewer nie.

'n Prosesverslag gedateer 9 Junie 1972 weerspieël egter die moeder se verhouding tot hierdie dogter.

"Suster X. skakel in verband met M., sy ken die gesin goed en werk saam met Mev. M.

Sy vertel dat die moeder die kind probeer beskerm en persoonlik aan haar gesê het dat sy bang is dat die kind haar sal verkwalik as sy na 'n rehabilitasiesentrum gestuur word. Sy gee steeds vir die kind soveel geld as wat sy wil hê. Die kêrel lê heeldag daar. Dit is nonsens dat M. haar huiswerk doen. Sy het al na besigheidsure daar aangekom en gesien dat die twee smiddae op die bed lê en dat die kêrels saam met haar dagga rook. Sy gebruik beslis verdowingsmiddels.

Mev. X. sê die kind is die grootste leuenaar wat daar is. Sê glo haar pa slaan haar ongenadiglik maar sy wil net by die moeder bly sodat sy nie gedissiplineer hoef te word nie. Sy is ook gedurig besig om moeilikheid tussen die ouers te veroorsaak."

Op 24 Julie 1972 berig Mev. X. egter dat M. haar te lyf gegaan en ernstig aangerand het. Sy was sterk onder die invloed van drank en dwelmmiddels en sy het twee uiters ongewenste mansvriende. Na ŉ paar maande van intensiewe maatskaplike werkaandag en ŉ poging om die dogter binne die gemeenskap te rehabiliteer, het dit egter gou ŉ onmoontlike saak blyk te wees. M. het totaal onbeheerbaar opgetree, gekom en gegaan soos sy wou, promiskue verhoudings met seuns gehad en telkens weer met mooi beloftes van vooraf begin. Sy het by geleenthede haar moeder aangerand en uiters aggressief teenoor die volkswelsynbeampte opgetree. Na drie maande som die beampte dan in ŉ vorderingsverslag die situasie so op -

"Die geval is sedert 5 Junie 1972 aan die kantoor bekend nadat M. se ouers om hulp gevra het in verband met dwelmmisbruik. Dienste is bemoeilik deur die oorbeskermende houding wat die moeder ingeneem het, waarskynlik om haar eie skuldgevoelens te stil. Sake het egter handuitgeruk en op 8 September 1972 is M. tot die rehabilitasiesentrum vir kinders in Bloemfontein gekommitteer."

In ŉ verslag gedateer 8 September 1972 aan die betrokkene Landdros, skets die beampte die aangeleentheid soos volg -

"M. is a highly intelligent child and although her scholastic progress is poor, she has never failed. At the end of standard 7 she had an average of 46%. She is now in standard 8. She failed her examinations last term. She is not interested in her schoolwork and her only ambition is to go to art school. She is talented in art.

According to a school spokesman she has never really displayed problematic behaviour at the school. She was, however, asked to leave the school hostel because of smoking. Dagga smoking was suspected but never proved. According to the school she has an I.Q. of 123.

Drug problem -

M. started experimenting with drugs at approximately the age of 12. She initially started off by smoking dagga and at present can be regarded as an habitual dagga-smoker.

M. also takes drugs of the amphitamine and hallucinogenic types when she can get hold of it, that is appetite suppressants, like Pondrax, respiratory stimulants like Benzedrine, Opium and L.S.D.

At this stage it is difficult to say with certainty whether she is addicted but her personality is of such a nature that the danger of physical dependency is acute. Phycologically she is addicted to cannabis.

M. is also a keen follower of the Eastern religion.

She has completely identified herself with the drug-taking sub-cultures, especially with one individual who is a known addict. She expected this man's baby but had a miscarriage after an abortion attempt. Consequently she has seldom attended school during the past two months.

M. has twice attempted suicide, first by taking an overdose of Pondrax slimming tablets and then by cutting her wrists approximately a month ago.

At present she is in a poor psychological state, she feels rejected by everybody and feels that there is nothing to live for."

/148...

Die moontlike oorsake van die dogter se probleme word as gevolg geskets -

"M's. problematic behaviour can probably be ascribed to a deep-rooted sense of insecurity. Up to the age of 4 years, she had to forego much of her parent's presence, her parent's necessary love, attention and acknowledgement because her elder sister's illness demanded their attention. Thus she was left to her own devices, learnt to fend for herself at an early age.

The feeling of insecurity was strengthened by her father's abuse of alcoholic liquor and the resulting marital conflict. Ever since her childhood her parents have never been a united source of help, advice and security and she soon doubted their infallibility.

The girl soon learnt to use the frustrations and inadequacies in her parent's marital relationship to play the one party off against the other and in doing so, to satisfy her own ego-sentric needs.

The general lack of discipline and the fact that she could manipulate her parents, resulted in a lack of self-discipline. Her poor scholastic progress can be understood because she has never received the so necessary recognition and emotional acceptance that go with achievement.

It is evident that the girl entered adolescence with a strong need of security and acknowledgement. She could not cope with the competitive society but was capable of satisfying these needs among a group with negative norms. Misuse of drugs is part of this sub-culture and the pre-requisite for acceptance."

Kort na haar opname in die rehabilitasiesentrum loop M. weg, maar word summier weer deur die Landdros teruggestuur. Die Superintendent by die rehabilitasiesentrum het meegedeel dat baie probleme met M. ondervind is, veral ten opsigte van haar uiters promiskue verhoudings met die seuns in die rehabilitasiesentrum. Hy beskryf haar as iemand met abnormale sterk seksuele neigings en uiters losse morele sedes. Sy is oorgeplaas na 'n Rehabilitasiesentrum vir Vrouens en voor haar ontslag berig die rehabilitasiesentrum soos volg -

"Aanpassing binne inrigtingsverband is met vele probleme meegemaak. Onderwerping aan gesag was moeilik, van hier ook haar eerste dros. Seksuele frustrasies is ook ondervind. Na haar oorplasing na hierdie inrigting het betrokkene by een geleentheid probeer dros. Briewe is gesmokkel na die mansafdeling, na 'n ene X. by wie sy buite-egtelik swanger was, aldus haar. (Besoeke en briewe is belet). Aanvanklik en selfs nou nog is dit 'n moeilike aanvaarbare feit dat sy aangetrokke tot hierdie seun voel ten spyte van die feit dat hulle op morele en sosiale vlak geensins aanpas nie. Dit is duidelik dat die verhouding bloot fisies van aard is.

M. sê dan ook verder dat sy die gevare verbonde aan die gebruik van verdowingsmiddels deeglik besef. Sy besef ook dat dit geensins 'n metode tot ontvlugting is nie, sy moet haarself binne die gemeenskap handhaaf te midde van probleme sonder die gebruik daarvan. Haar onsedelike gedrag wek by haar weinig skokgevoelens op maar sy besef die norme van die samelewing. Dit is te betwyfel of sy haar tot 'n verhouding sonder buite-egtelikheid kan leen."

Hulle gaan verder en beweer dat sy gemotiveerd is om suksesvol buite inrigtingsverband aan te pas, dog wys op die volgende, periodieke

/149...

emosionele uitbarstings is waargeneem en soms 'n absolute onvermoë om haarself te beheer. Hierdie aspek het intense aandag gekry ten einde haar te lei tot selfbeheersing. 'n Neiging om 'n situasie voortdurend in haar guns te laat draai en 'n emosionele afgestomptheid teenoor haar mede-inwoner spruit uit haar persoonlikheidsamestelling."

In 'n verslag aan die rehabilitasiesentrum waarin haar uitplasing na haar moeder met vergunning aanbeveel word, merk die volkswelsynbeampte op -

"Alhoewel die moeder gereeld kontak met die dogter behou het, die indruk tog verkry is dat sy geweldig onseker is van haar eie vermoë om die aangeleentheid in die toekoms te hanteer.

Die bres wat daar tussen moeder en dogter geslaan is kan weinig aan gedoen word in hierdie laat stadium en daar bestaan min rede om te glo dat die kommunikasiegaping en die moeder se onvermoë om die dogter in die verlede te begryp en te hanteer, nou soos mis voor die son verdwyn het. Sy het geen afsprake nagekom nie en inroepbriewe geïgnoreer."

Volkswelsynbeampte berig -

"N.dat sy haar intrek by haar moeder geneem het, het sy 'n paar maande deurgebring op die plaas van Mnr. R. Hier het sy verder terapie ondergaan en baie goeie vordering gemaak. Nadat hierdie instelling egter teen die einde van Januarie gesluit is, het sy weer na haar moeder teruggekeer. Sy het byna twee maande met vakansie saam met haar moeder in Mosambiek deurgebring. Vandat sy uitgeplaas is het sy nog geen beroepsarbeid verrig nie ten spyte van die feit dat sy 'n reeks aanlegtoetse by die Departement van Arbeid afgelê en aansoek om werk gedoen het by verskeie ondernemings. Dit wil egter voorkom asof meeste van hierdie werknemers bevooroordeeld teenoor haar gestaan het as gevolg van haar agtergrond. Teen die einde van Januasie het sy besluit om terug te keer skooltoe.

Hierna was die ondersoeker verplig om haar verskeie kere by die skool te gaan besoek en haar op te spoor waar sy gewoonlik in klein, goedkoop agterkamertjies aangetref is. Geen samewerking is van haar kant af verkry nie, alhoewel die algemene ontvangs altyd redelik goed was. Dit was gou duidelik dat sy in uiters haglike omstandighede saam met lede van 'n negatiewe subkultuurgroep van die een verblyf na die ander swerf en dit was verbasend dat sy wel nog skool bygewoon het.

Sporadies het daar egter dramatiese verandering in haar leefwyse gekom, dan het sy skielik ander verblyf gesoek, begin ag gee op haar persoon en vir maande aaneen weer skool bygewoon. Na haar ontheffing van die bepaling van die Wet Nr. 41 was daar egter weer 'n verbetering en het sy verklaar dat sy vasberade was om matriek te slaag. "

## KINDER- EN JEUGJARE:

Betrokkene is die tweede oudste in 'n gesin van drie kinders. Haar oudste suster is skynbaar ernstig verstandelik vertraagd en word tans in 'n inrigting verpleeg. Uit onderhoude het dit duidelik geblyk dat haar moeder en vader baie aandag en tyd gewy het aan hierdie verstandelik vertraagde kind en die noem van haar naam wek negatiewe reaksies by die betrokkene. Sy koester 'n onverbloemde aggressie teenoor haar oudste suster en is duidelik dankbaar dat sy in 'n inrigting verkeer.

/150...

Mnr. en Mev. M. was reeds twee keer getroud en twee keer geskei. Die eerste egskeiding van M. se ouers vind plaas toe sy 4 jaar oud was en in daardie stadium het haar vader skynbaar ernstig drank misbruik.

Volgens die moeder was daar hoegenaamd geen kontak tussen M. en haar vader nie en die betrokkene beskryf self haar vader as iemand wat nie veel sê in die huishouding gehad het nie en dat daar geen emosionele betrokkenheid tussen hulle bestaan het nie. Aan die moeder se kant het daar skynbaar van kleinsaf ook ŉ emosionele verwerping uitgegaan. Die moeder self beweer tans dat sy nooit nodig gehad het om die betrokkene te pamperlang nie aangesien sy reeds van kleinsaf uiters selfstandig was en haar eie weg gevolg het.

ŉ Mens kry die indruk dat die kind juis hiertoe gedwing was. Die feit dat die moeder na die egskeiding ook geredelik die toesig en beheer van M. aan haar man, wat reeds ernstige drankprobleme gehad het, afgestaan het, spreek ook boekdele. Na haar ouers se eerste egskeiding is sy na ŉ kosskool gestuur en volgens M. was dit ŉ uiters onaangename ondervinding en het sy dit as die finale daad van verwerping beleef. Die moeder is ŉ uiters sterk, dominerende persoonlikheid en beslis intelligent. Sy besit ook ŉ besondere vermoë om haarself baie goed uit te druk en haar optrede spreek dikwels van die feit dat sy ŉ geweldige skuldgevoel ten opsigte van haar dogter koester. So byvoorbeeld het sy haar verplig gevoel om aan M. huisvesting te bied na haar ontslag uit die rehabilitasiesentrum, maar sy was duidelik in ŉ geweldige tweestryd en het onseker van haarself voorgekom. Sy het moontlik getwyfel of sy wel die situasie sal kan hanteer en het dit duidelik haar plig geag om aan die kind huisvesting te bied, maar was deur weinig emosionele bande aan hierdie dogter gebind.

Die manier waarop sy dan ook vir M. sonder meer toegelaat het om weer haar ou lewenswyse tussen negatiewe vriende op te neem en voort te sit, en die feit dat sy dikwels nie eens meer geweet het waar M. haar bevind nie bewys dit. M. verklaar dan ook dat sy nooit kan onthou dat sy as jong kind deur haar ma op die skoot getel en geliefkoos was nie. Daar bestaan ŉ groot kommunikasiegaping en sy was nog nooit in staat om enigiets anders as net die voor-die-handliggende en oppervlakkige met haar moeder te bespreek of teenoor haar moeder te bieg nie. Dit is dan nog steeds opvallend dat sodra die dogter in die moeilikheid beland, sy haar tot haar vader wend.

Daar is geen emosionele toegeneentheid tussen haar en haar ouers nie. Sy het al by verskeie geleenthede haar moeder te lyf gegaan en die verhouding

/151...

met haar vader word gekenmerk deur oppervlakkige vertoon van toewyding maar sy gebruik hom net wanneer sy in finansiële of ander nood verkeer. Sy het trouens al by verskeie geleenthede afkeur en aggressie teenoor die ondersoeker uitgespreek.

KENMERKE:

M. beskou haar moeder as ᵑ emosioneelafsydige persoon wat slegs ᵑ bate op materiële gebied kan wees. Ook haar verhouding met ander mense getuig van emosionele afgestomptheid. Sy het nooit enige blywende emosionele verhoudings met enige iemand aangeknoop nie. Ook die vakkundiges in die rehabilitasiesentrum het hierdie tendens ten opsigte van haar medemens opgemerk.

Sy maak ook dikwels van aggressie gebruik en die rehabilitasiesentrum berig dan ook dat hierdie tipe van gedragswyse een van die grootste struikelblokke is en dat hulle baie aandag daaraan gewy het. Die oomblik wat sy teëgegaan word en nie haar sin en wil kry nie, maak sy van hierdie tegniek gebruik. Ook haar moeder maak melding van haar vinnige humeur en aggressiewe uitbarstings en dit is duidelik dat sy so reeds baie haar sin en wil op haar moeder afgedwing het. Sy skroom nie om haar moeder fisies te lyf te gaan nie en het al by verskeie geleenthede ernstige liggaamlike letsels veroorsaak.

Haar verwarde en byna ongeïnhibeerde seksuele lewe is met ᵑ skok deur die rehabilitasiesentrums beleef. Voor haar kommittering was dit reeds duidelik dat sy promiskue verhoudings met ᵑ hele aantal seuns gehad het en dat sy sonder meer haar seksuele behoeftes uitgelewe het. In die rehabilitasiesentrum het hierdie tendens ernstige probleme geskep en het sy ook saam met ᵑ hele aantal seuns gedros en by hierdie geleenthede, volgens die Superintendent van die rehabilitasiesentrum, omgang met meeste van hulle gehad.

Ten spyte van die feit dat sy ᵑ buitengewone verstandelike potensiaal het en volgens ᵑ verslag van die skool een van die mees belowendste leerlinge was, word haar geskiedenis gekenmerk deur ᵑ algehele gebrek aan prestasie en het sy slegs in standaard 7 geslaag. Ook haar huidige poging om haarself skolasties beter te bekwaam, gaan bitter swaar en baie terugslae word ondervind. Sy woon ongereeld skool by, kom ongemotiveerd voor en is gedurig betrokke by een of ander probleemsituasie. Haar hele lewe is reeds op hierdie vroeë ouderdom ontdoen van enige langtermynbeplanning of lewensideaal.

Ten spyte van haar swak skolastiese agtergrond is sy merkbaar in staat om bykans oor enige onderwerp intelligent en lank te gesels. Haar vermoë om te verbaliseer is uitstekend en sy maak gebruik van rasionalisasie om enige konfliksituasie te hanteer. So byvoorbeeld het skrywer op haar afgekom waar sy in haar kamer besig was om dagga te rook. Haar verskoning was eenvoudig dat sy besig was om 'n ou vriend van haar te help en ten einde sy vertroue te behou was sy genoodsaak om ook "'n paar skywe te trek." In die skoolsituasie is sy reeds bekend vir haar mees fantastiese stories en verskonings vir haar skoolafwesigheid. Sy is steeds besig om haar moeder en vader te manipuleer en teen mekaar af te speel ten voordele van haarself. Sy skroom nie om leuentaal te gebruik nie, haar woord beteken weinig en 'n belofte of afspraak word net nie nagekom nie.

Haar besondere onvermoë om insig in haar eie probleme te ontwikkel is ook opvallend. Haar misbruik van dwelmmiddels beskou sy as geen gevaar vir haarself of haar toekoms nie. Sy ken al die oorsake, gevolge en sosiale komplikasies; ken al die woorde en terme ten opsigte van rehabilitasie, maar niks is skynbaar haar eie nie. Sy skyn by herhaling van die een probleem na die ander te leef. Sy is telkens besig om dwelmmiddels te misbruik; sy is telkens in die geselskap van negatiewe elemente; sy is telkens sonder permanente verblyf of geld om haar huur te betaal en faal net so dikwels om haar eie skolastiese en sosiale posisie enigsins te verbeter.

Dit is opvallend dat betrokkene reeds van 'n baie vroeë ouderdom ernstige gedragsprobleme begin lewer het.

GEVALLEWERKSTUDIE 'N'

Hierdie geval het onder maatskaplikewerk-aandag gekom toe Mev. N. by die kantoor aangemeld het met die storie dat haar man haar ernstig mishandel, vir die soveelste keer sy werk verloor het en ernstig drank misbruik. Hulle is skaars drie jaar getroud en het een kind. Sy beweer dat hy in hierdie kort bestek van tyd al tien verskillende betrekkings gehad het en gewoonlik sy betrekking verloor as gevolg van sy drankmisbruik. Hy is skynbaar uiters aggressief en rand haar gereeld aan. Sy het juis so pas 'n klag van aanranding by die Polisie aanhangig gemaak. Gedurende hierdie periode was hulle reeds in Port Elizabeth, Kaapstad, Durban en is nou in Oos-Londen. Twee weke later meld Mev. N. dat haar man spoorloos verdwyn het en hom vermoedelik in Johannesburg bevind. Hy het haar en die kind sonder sorg agtergelaat. Hierdie mense word nou deur middel van Staatshulp aan die lewe gehou. Twee maande later bevind hy hom egter weer in Oos-Londen en pogings word aangewend om 'n onderhoud met hom te voer. Sy vrou is vreesbevange en beweer dat hy 'n onbeteuelde humeur het. Sy is bang dat hy haar weer gaan molesteer. Eerste kontak is in April 1967 met Mnr. N. gemaak en by hierdie geleentheid merk die maatskaplike werkster op -

"Hy skep 'n gunstige uiterlike indruk en is baie ordentlik en beleefd. Hy deel mee dat hy oormatig drink slegs wanneer sy vrou hom verlaat. Verder drink hy normaalweg en doen dit sedert sy 17de jaar."

Teen hierdie tyd was die egpaar egter weer versoek en het Mev. haar egskeidingprosedure gestaak. Mnr. N. het planne om na Vereniging te verhuis. Kort hierna het hy egter weer sy vrou verlaat en werk gaan soek in Grahamstad. Mev. N. is nou vasberade om van hom te skei en beweer dat hulle van een hotel na die ander geleef het en dikwels van verblyf moes verander omdat die huur nooit betaal is nie. Hierna is daar kontak met die gesin verloor en die eerste kontak is eers weer op 5 Mei 1970 gemaak. Dit blyk dat Mnr. N. en sy vrou intussen geskei is en hy tans op moedverloor se vlakte verkeer. Hy stel dit dat hy 'n ernstige drankprobleem het en dat hy dringend hulp nodig het. Die vakkundige merk tydens hierdie onderhoud op -

"Ten spyte van sy verwaarloosde toestand kom hy redelik intelligent voor en openbaar 'n verbasende insig in sy probleem. Hy besef dat hy tot die stadium gekom het waar hy dringend hulp nodig het en is gewillig om homself vir behandeling by 'n inrigting aan te meld."

Die volgende dag is hy steeds nugter maar minder gewillig om vir behandeling te gaan en is oortuig dat hy homself binne die gemeenskap kan rehabili-

teer en hy word versoek om hom by die AA aan te meld. Aangesien hy nog die volgende dag nugter is maak die vakkundige beampte vir hom 'n afspraak om aansoek te doen om 'n betrekking. Mev. N. meld haar hierna by die kantoor aan en beweer dat sy drie jaar laas haar gewese man gesien het. In hierdie tydperk het hy nog nooit 'n sent onderhoud vir sy kind betaal nie. Die vrou doen aansoek vir 'n onderhoudstoelaag. Mnr. N. het intussen weer verdwyn en meld op 24 September weer by die kantoor aan. Hy is werkloos, het ernstige drankprobleme en het reeds al sy klere vir drank verkoop. Die maatskaplike werkster merk egter op -

"Dit is 'n intelligente man en hy besef dat hy dringend hulp nodig het. Hy is bereid om as vrywillige pasiënt by 'n psigiatriese hospitaal aan te meld. Daar word aanbeveel dat 'n spoorwegorder aan Mnr. N. uitgereik word."

Op 2 November 1970 -

word daar vasgestel dat Mnr. N. in die gevangenis verkeer weens die besit van dagga en dat hy onder die invloed van drank gearresteer is. Hy het skynbaar nooit by die psigiatriese hospitaal uitgekom nie. 'n Omskepping van die saak word beoog met die oog op 'n uigestelde bevel ingevolge Wet nr. 86.

Op 3 November 1970 -

besoek 'n ander maatskaplike werkster hom in die gevangenis en merk op -

"Hy beïndruk baie gunstig; is 'n groot, lang persoon met donker hare en vel; hy kan baie hard en brutaal wees. Bied volle samewerking en het geen bitterheid dat hy in die gevangenis is nie. Mnr. N. is eintlik dankbaar daaroor dat hy hier is want dit het hom die geleentheid gebied om sake weer in die regte perspektief te sien."

Intussen blyk dit dat Mnr. N. weer twee of drie keer by sy vrou gebly het vir kort periodes en dit wil voorkom asof sy ook nie wil leer nie. Daar word met Komanie in verbinding getree en verklaar hulle bereid om Mnr. N. daar op te neem.

Op 11 November 1970 -

word 'n uitgestelde bevel teen hom verkry op voorwaarde dat hy behandeling ondergaan.

Op 19 November 1970 -

berig maatskaplike werkster in die psigiatriese hospitaal dat daar beslis goeie kontak met Mnr. N. gemaak is en dat hy goed vorder.

Na sy ontslag aanvaar hy weer 'n betrekking as loodgieter en kom op

/155...

15 Januarie 1971 nie ꞌn afspraak met maatskaplike werkster na nie. Mnr. N. het sy samewerking belowe ten opsigte van die onderhoudsaak, maar kan nie by sy werk opgespoor word nie. Ook by sy sogenoemde verblyfadres is hy nie te vinde nie.

Op 9 Julie 1971 -

meld Mnr. N. hom weer in dieselfde toestand as tevore by die kantoor aan. Hy is werkloos, drink onophoudelik en vra dat hy asseblief na die psigiatriese hospitaal teruggestuur word. Maatskaplike werkster is egter van mening dat hy meer sal baat by behandeling in ꞌn ander hospitaal en gaan voort om reëlings te tref vir sy opname daar. Intussen meld hy hom feitlik daagliks aan om te verneem na die vordering met die reëlings. Maatskaplike werkster probeer ook vir hom verblyf by die Heilsleër kry maar slaag nie daarin nie. Na veel gesukkel word daar tog vir hom ꞌn vakature gekry in Fort Engeland-hospitaal in Grahamstad. Twee beamptes neem Mnr. N. met staatsvervoer na die hospitaal. Met Mev. N. is intussen weer kontak gemaak en sy is bereid om haar ondersteuning opnuut aan Mnr. N. toe te sê.

Op 13 Augustus 1971 -

word Mnr. N. uit die psigiatriese hospitaal ontslaan en die psigiater is van mening dat hy nie veel baat kan vind by behandeling in ꞌn soortgelyke hospitaal nie. Die dokter deel beampte mee dat hy van mening is dat Mnr. N. sterk psigopatiese neigings openbaar. Skaars 10 dae later meld hy hom weer by die kantoor aan onder die invloed van drank en smeek dat hy weggestuur word vir behandeling. Hy word tydelik in die gevangenis aangehou totdat sake gefinaliseer kan word. Op haar volgende besoek aan die gevangenis berig die maatskaplike werkster dan dat Mnr. N. soebat om vrygelaat te word. Hy sal onmiddellik werk soek en hy weet hy het sy drankprobleem oorkom. Hy word egter na die rehabilitasiesentrum gekommitteer.

Op 26 Junie 1972 -

meld Mnr. N. hom weer by die kantoor aan en smeek dat daar asseblief hulp verleen word. Hy is werkloos, weet nie meer waar sy brood vandaan gaan kom nie en vra dringend hulp. Hy weier egter botweg om terug te gaan na die rehabilitasiesentrum en vra dat daar vir sy opname in ꞌn psigiatriese hospitaal gereël moet word.

Tydens hierdie onderhoud merk die senior vakkundige beampte op -

/156...

"Hierdie persoon wil nie graag gehelp word nie en het weinig insig in sy probleem. Dit is twyfelagtig of hy enige baat sal vind by behandeling in ŉ rehabilitasiesentrum."

Op 22 Oktober 1973 -

word Mnr. N. op ŉ klag van leeglêery saam met twee vrouens gearresteer en as droster na die rehabilitasiesentrum teruggestuur. Hierna het hy egter weer ontsnap en verkeer tans op vrye voet.

KINDER- EN JEUGJARE:

Dit blyk dat betrokkene die oudste van ŉ gesin van 2 kinders is en die enigste seun is. Beide sy moeder en vader het ernstig misbruik van drank gemaak en die betrokkene was skynbaar sedert sy vroegste kinder- en jeugjare reeds aan die negatiewe gevolge hiervan blootgestel. Die verhouding tussen sy moeder en vader is deur onenigheid, fisiese geweld en dronkenskap vertroebel. Sy vader was ŉ arbeider en sy moeder het sporadies beroepsarbeid verrig. Ekonomies was die gesin geweldig swak daaraan toe en na sy ouers se egskeiding, toe hy slegs sewe jaar oud was, het sy moeder gereeld beroepsarbeid verrig. Dit wil voorkom asof betrokkene hoofsaaklik deur sy grootmoeder, wat by hulle ingewoon het, opgevoed en grootgemaak is. Hy was so verknog aan haar dat hy botweg geweier het om by sy ouers in die kamer te slaap, maar al sy kinder- en jeugjare het om sy ouma gewentel. Hy wou nêrens saam met sy ouers gaan sonder sy grootmoeder nie.

Sy grootmoeder het hom beskerm teen sy ouers en het in sy fisiese sowel as sy psigiese behoeftes voorsien. As gevolg van veral sy moeder se oormatige drankmisbruik, het sy ouma ŉ leidende en dominerende rol in die gesin gespeel. Deur sy ouma te manipuleer was hy dus in staat om sy sin en wil op die res van die huisgesin af te dwing. Hy is deur sy grootmoeder grootliks oorbeskerm en bederf en het sy sin en wil in meeste dinge gekry. Sy ouma se opvoeding het skynbaar slegs beteken in mooipraat en omkopery.

Tussen betrokkene en sy vader het daar skynbaar ŉ geweldige emosionele kloof bestaan. Hy onthou sy vader as ŉ harde, koue outoriteitsfiguur wat in werklikheid nie net alleen die skuld gedra het vir hulle swak ekonomiese posisie nie, maar ook die een wat verantwoordelik was vir sy ouers se uiteindelike egskeiding. Dit is duidelik dat hy hom reeds op jeugdige ouderdom aan die kant van die moeder teen die vader geskaar het. Die verhouding tussen hom en sy vader word duidelik weerspieël deur die feit dat die vader na die egskeiding feitlik totaal met hierdie gesin kontak verloor het. Skynbaar is betrokkene se moeder vir hom veelal ŉ vreemdeling. Veral as gevolg van haar drankmisbruik, uithuisigheid en die oor-

beskermde rol wat sy grootmoeder binne die huis gespeel het. Hy beweer dat daar min sprake van enige ware emosionele verhouding tussen hom en sy moeder was en uit onderhoude is dit duidelik dat sy vandag nog 'n groot skuldkompleks ten opsigte van betrokkene koester. Betrokkene maak dan tans ernstig misbruik van sy moeder en het reeds by talle geleenthede op een of ander manier geld by haar gebedel. Sodra hy werklik in finansiële nood verkeer, soos byvoorbeeld geld nodig het om dringende boete af te koop, nader hy onmiddellik sy moeder. Tydens periodes wat hy nugter is, werk en redelik goed fungeer, kom hy egter nooit met haar in aanraking nie. Sy beweer dat hy by tye eenvoudig geld van haar eis deur middel van dreigemente, skeltaal en verwyte. Hy het by twee geleenthede sy moeder fisies aangerand en speel by ander tye die rol van die nederige, afhanklike verlore seun.

Dit wil voorkom asof betrokkene reeds van jongsaf ernstige gedragsprobleme gelewer het. Hy het hom vroeg reeds skuldig gemaak aan diefstal by die skool en was iemand wat bekend was vir die gebruik van fisiese geweld. Hy was dan reeds op 9-jarige ouderdom in botsing met die gereg en na die aanbreek van sy puberteitsjare het hy skynbaar totaal onbeheerbaar geraak. Hy het met uiters negatiewe vriende uitgegaan; gekom en gaan soos hy wou en in ernstige diefstal betrokke geraak. Hy het reeds op 16-jarige ouderdom ernstig begin drank misbruik en is op die jeugdige ouderdom 18-jaar reeds gevangenisstraf opgelê. Met die loop van jare was hy verskeie kere in botsing met die gereg en op die oomblik is sy kriminele rekord van so'n aard dat hy kwalifiseer vir 'n vonnis van voorkoming van misdaad.

<u>OPSOMMENDE KENMERKE</u>:

Uit bogenoemde gevallesituasie val die volgende kenmerke sterk op.

'n Uitstaande kenmerk van betrokkene was sy <u>vermoë om te manipuleer, te verbaliseer en te oorreed</u>. Dié vermoë van hom is duidelik kenbaar veral in sy omgang met die vroulike geslag. Die wyse waarop hy by herhaling daarin geslaag het om na sy werkloosheid en ernstige aanranding van sy vrou daarin te slaag om deur middel van mooi beloftes en nuwe voornemens hierdie erkenning en aanvaarding van sy vrou te kry, is absoluut verbysterend. Nadat hy die gesin telkemale in ernstige finansiële nood verlaat het en vir drie jaar lank nie onderhoud betaal het nie, het sy vrou hom weer by drie geleenthede die huis toegelaat en as haar wettige man ontvang. Dit reeds nadat sy van hom geskei is op grond van verlating en die feit dat hy alkohol misbruik, gedurig werkloos is en sy vrou ernstig aanrand.

/158...

Ook by 5 verskillende maatskaplike werksters waarmee hy in aanraking was, is hierdie tendens duidelik. Hy openbaar sterk manlike kenmerke, is lenig, lank en breedgeskouerd en het 'n donker gelaatskleur met 'n harde manlike gesig. In teenstelling met hierdie sterk manlike uiterlike, gebruik hy die tegniek van hulpeloosheid en radeloosheid. Hy openbaar 'n skynbaar ernstige en eerlike soeke na hulp, aanvaarding en leiding, en streef altyd na groter en beter insig in sy alkoholprobleem. Dit skyn asof hy oor die besondere vermoë beskik om 'n aanslag te maak op die moeder in elke vrou. Sodra hy 'n ernstige moeilikheid verkeer met betrekking tot skuldeisers, die Polisie, verblyf ensovoorts, wend hy hom met groot sukses tot die maatskaplike werkster.

Dit blyk ook dat die betrokkene oor 'n <u>besondere onvermoë beskik om insig in sy eie probleme te ontwikkel</u> of uit enige vorige ondervinding te leer. Groot moeite is met betrokkene ten opsigte van insigontwikkeling gedoen. Nie net was die maatskaplike werkster hiertoe ingestel nie maar die periodes wat hy in psigiatriese hospitaal en rehabilitasiesentrums deurgebring het, het skynbaar geen bydrae gelewer nie. In die rehabilitasiesentrum het hy sonder meer by twee geleenthede gedros en na sy ontslag uit die psigiatriese hospitale het dit slegs twee weke geduur voordat hy weer op sy ou trant voortgegaan het.

Die gebruik van aggressie om sy omgewing te <u>hanteer</u> kom ook duidelik na vore. Sy vrou kon nooit waag om hom in enigiets teë te gaan nie uit vrees vir sy onbeheersde woedeuitbarstings en fisiese geweld. Reeds sedert sy skooldae het hy hierdie tegniek gebruik om sy sin en wil af te dwing. Sy gebreekte neus en die ander letsels aan sy gesig vertel 'n lang verhaal van fisiese geweld. In teenstelling met die feit dat hy selfs nie geskroom het om fisiese geweld ten opsigte van sy eie moeder te gebruik nie, is dit tog opvallend dat hy nooit by enige geleentheid enigsins aggressief teenoor een van die maatskaplike werksters opgetree het nie. Betrokkene se <u>emosionele onverskilligheid en afgestomptheid</u> ten opsigte van sy verhoudings met ander mense word ook duidelik geïllustreer. Die <u>gebrek aan skaamtegevoel en berou</u> by sy herhaalde terugkeer na sy vrou en kind nadat hy hulle sonder enige materiële versorging agtergelaat het na 'n tydperk van dronkenskap, aanranding en werkloosheid, is opvallend. Die feit dat hy sy eie gesinslede soveel leed kon aandoen en dan met 'n verbale vertoning van berou en 'n verdere houding asof hulle hom iets skuld, sy intrek in die huis kan neem, is verbysterend. Daar bestaan ook skynbaar weinig emosionele aangetrokkenheid of verbondenheid tussen hom en sy enigste kind. In 'n poging om weer 'n versoening tussen hom en sy vrou te bewerkstellig het

hy dikwels die kind gebruik as die groot oorwegende rede vir sy terugkeer na die gesin. Aan die ander kant het hy nie geskroom om die kind sonder enige finansiële versorging agter te laat nie en het hy by een geleentheid vir meer as drie jaar totaal kontak met haar verloor. Gedurende hierdie periode het hy ook geen finansiële voorsiening vir die kind se versorging gemaak nie. Die moeder beweer dan ook dat die kind vreesbevange vir hom is as gevolg van sy onvoorspelbare woedeuitbarstings en drankmisbruik. Dit is ook opvallend dat hy dwarsdeur sy loopbaan nooit daarin geslaag het om enige blywende emosionele verhoudings met enige persoon aan te knoop nie. Hy is sosiaal totaal geïsoleer en emosioneel aan niks of niemand verbonde nie. Hy is slegs aangewese op oppervlakkige verbygaande verhoudings met die misdaadwêreld, sy drinkbroers en vrouens van los sedes.

Hierdie geval word verder gekenmerk deur die feit dat sy hele lewensloop skynbaar ontdoen is van enige langtermyndoelstelling of lewensplan. Sy hele lewensgeskiedenis is dan ook een van gedurige ontwrigting; hy beweeg van een probleem na die ander en 'n bestaan waarin daar geen plan of doel identifiseerbaar is nie. Die gesin het aanvanklik geswerf van die een plek na die ander en betrokkene van een betrekking na die ander. Op materiële gebied besit betrokkene na 36 jaar absoluut niks en is volkome aangewese op ander vir sy bestaan. Sy parasitiese ingesteldheid het reeds 'n lewenswyse geword.

Betrokkene se geskiedenis word dan ook gekenmerk deur talle promiskue seksuele verhoudings met vrouens uit alle lae van die samelewing. Sy vrou meld dan ook dat sy soms openlike promiskue verhoudings een van die belangrikste verskilpunte binne haar huwelik was. Die ondersoeker was byvoorbeeld bewus van die feit dat na hul egskeiding, betrokkene weer 'n versoening tussen hom en sy vrou bewerkstellig het en hy vol berou en boetedoening weer by haar gaan inwoon het, hoewel hy nog steeds sy verhouding met 'n vrou van losse sedes in die stad voortgesit het.

Sy kliniese geskiedenis getuig van oorbeskerming en bederf deur veral sy grootmoeder terwyl daar 'n geweldige emosionele en kommunikasiekloof tussen hom en beide sy ouers bestaan het. As gevolg van die drankmisbruik van veral sy moeder, die haglike ekonomiese omstandighede waarin hy grootgeword het en sy moeder se skynbare emosionele onverskilligheid teenoor hom, is daar sprake van openlike verwerping. 'n Negatiewe, ongenaakbare, afgetakelde vaderbeeld is kenmerkend. Dit is ook opvallend dat betrokkene hom reeds sedert 'n baie jeugdige ouderdom aan onbeheerbare- en wangedrag skuldig gemaak het.

/160...

SAMEVATTENDE KENMERKE SOOS BLYK UIT DIE GEVALLEWERKSITUASIES:

By die bestudering en ontleding van bogenoemde gevallestudie is dit duidelik dat daar vir doeleindes van hierdie ondersoek sekere uitstaande kenmerke is, skynbaar eie aan die psigopaat en wat soos volg saamgevat kan word -

GEBREK AAN EMOSIONELE RESPONS EN MEELEWING -

ŉ Opvallende gebrek aan affektiewe respons en ŉ algehele emosionele afstomping is in die gevalle kenbaar. Hierdie kenmerk word veral in die volgende gedragsuitinge gemanifesteer -

Die emosielose en soms argelose optrede ten opsigte van hulle eie naasbestaandes. Fisiese geweld ten opsigte van hulle vrouens, kinders en selfs eie ouers, materiële verwaarlosing, onverantwoordelike verlating van die gesin, gebrek aan voorsiening vir hulle kinders se toekomstige materiële versorging, lang afwesigheid uit gesinsverband sonder enige poging tot kontak, ensovoorts, is sprekende voorbeelde hiervan.

Die skaamtelose en argelose wyse waarop hierdie mense sonder meer na hulle vrou of gesinne terugkeer na ernstige wangedrag of onverantwoordelike verlating van die gesin, is kenmerkend, terwyl die gebrek aan berou of enige skuldgevoel ook dikwels tot uiting kom in hulle houding en optrede teenoor die werkerof die manier waarop hulle die ernstige verbreking van hul woord of nie-nakoming van beloftes sommer met die geringste verskoning afmaak en dan die simpatie en hulp van die werker verwag.

ŉ Algemene gebrek aan betekenisvolle vaste emosionele verhoudings met ander persone is ook kenmerkend. ŉ Groot mate van sosiale isolasie is teenwoordig en daar bestaan geen kenbare bindende emosionele faktore in hul menseverhouding nie.

In aansluiting hierby word hierdie tendens verder goed geïllustreer deur die werkers se algemene onvermoë om ŉ ware vertrouensverhouding met hierdie kliënte op te bou. Die kliënt openbaar net insig en samewerking waar dit hom pas en waar hy voordeel daaruit kan trek. Daar is min sprake van ŉ betekenisvolle werker-kliëntverhouding wat later tot enige voordeel aangewend kan word.

Die feit dat die betrokkenes dikwels aangewese is op ŉ kunsmatige emosievertoon, soos duidelik uit die voorbeelde blyk en dikwels meesters op hierdie gebied is, is juis ŉ aanduiding van die totale gebrek wat hulle op hierdie gebied ondervind.

/161...

Die gevoellose en egosentriese wyse waarop hierdie mense soms situasies en mense uitbuit om hulself te bevoordeel, kom duidelik na vore. Hul huiwer byvoorbeeld nie om selfs 'n parasitiese bestaan te voer deur te leef op die karige inkomste van sy vrou of moeder of maatskaplike noodhulp van een of ander welsynsorganisasie nie. Blywende bewyse van dankbaarheid vir hierdie soort van opofferings bestaan nie by hulle nie.

Dit is dus duidelik dat daar weinig sprake van enige normale emosionele belewenis by hierdie mense kenbaar is.

DIE GEBRUIK VAN AGGRESSIE:

Hierdie tendens word veral geïllustreer deur die gevalle wat uit die maatskaplikewerk - veld getrek is. Hoewel kenbaar, is hierdie tendens minder opvallend in die gevangenissituasie. Moontlik omdat die gebruik van aggressie in hierdie beheerde toestande hom gewoonlik slegs tot nadeel kan strek en die gebruik van hierdie tegniek om homself te handhaaf, dus minder geslaagd is. Hierdie tendens word veral deur die volgende geïllustreer -

Die betrokkenes se openlike en soms ernstige gewelddadige optredes teenoor hul naasbestaandes en veral gewelddadige optrede tenoor die moeder is opvallend.

Die gebruik van aggressie as manipulasietegniek kom dikwels ook na vore in optrede ten opsigte van die maatskaplike werksters. Dreigemente van geweld en 'n houding van "raak net aan my of een van my kinders en dra self die gevolge" is 'n algemene verskynsel. Dikwels as betrokkenes in 'n situasie gedwing word waar hulle ontmasker of betrap word of wat hulle weet op moontlike konfrontasie kan uitloop, gaan hulle sonder meer oor tot 'n vertoon van aggressie. Die afwesigheid van werklike fisiese aggressie ten opsigte van mense van outoriteit is egter opvallend.

Dit is ook opvallend dat betrokkenes dikwels hulle sogenaamde onbeteulbare woedeuitbarstings en humeur gebruik om hul gesinne of naasbestaandes te beheer om hulle sin en wil af te dwing. Hierdie tegniek word goed geïllustreer deur die optredes van veral die jeugdiges teenoor hulle ouers en gedurende aanhouding in die rehabilitasiesentrums. Min werklike irritasie is skynbaar nodig om hierdie reaksie te ontlok en kom veral na vore waar die betrokkenes nie meer nodig het om 'n goeie indruk op die mense in die omgewing te maak nie.

/162...

Die gebruik van aggressie kan gesien word as 'n belangrike metode van die psigopatiese persoonlikheid om homself in die gemeenskap te probeer handhaaf.

VERMOË TOT VERBALISASIE EN MANIPULASIE:

Hierdie besondere vermoë was opvallend by al die gevalle en die feit dat hierdie persone skynbaar verbaal baie hoër as hul werklike verstandelike potensiaal presteer, word goed geïllustreer.

Omdat die I.K. volgens die OTIS-toets vir die gevangenisgroep beskikbaar was, word dit veral hier treffend geïllustreer. As die veldgroep se skolastiese prestasies ook egter met hul verbale vermoë vergelyk word, is daar ook 'n opvallende verskil.

Die vermoë word verder geïllustreer deur die betrokkenes se skyninsig in hulle probleme. Dikwels was die betrokkenes in staat om byvoorbeeld die probleem van alkoholisme en alles wat daarmee saamhang verbaal so goed oor te dra dat daar weinig by te voeg is. Die resultate van hierdie sogenaamde insig dui egter daarop dat dit self weinig betekenis vir die betrokkene het. Die afhanklike manier waarop hulle dikwels hulp en leiding kom soek het en selfs aangedring het op behandeling en die mooi beloftes en voornemens wat dikwels op 'n roerende wyse uitgespreek word, is kenmerkend van hierdie mense. Bogenoemde kan egter altyd teruggevoer word na een of ander egosentriese behoefte wat onderliggend aan hierdie toneelspel is.

Ook die manipulasie deur middel van leuens, bedrog en die nie-nakom van afsprake en die verskonings en projektering van blaam op ander, kom duidelik na vore en is skynbaar 'n inherente deel van die psigopaat se persoonlikheidsamestelling. Dit is veral opvallend dat vrouens skynbaar op hierdie wyse gemanipuleer word. So byvoorbeeld is baie psigopate na 'n lang, stormagtige huwelik, waarin hulle nie eers in staat was om die ekonomiese funksie van die gesin te vervul nie, telkens weer deur hulle vrouens, na lang periodes van verlating en uiters onverantwoordelike optrede in die huis terug ontvang. Die maatskaplike werksters staan dikwels uiters simpatiek teenoor hierdie persone en dit wil voorkom asof hulle 'n suksesvolle aanslag op die vrou se ingebore moedersdrang maak.

GEBREK AAN INSIG:

Betrokkenes openbaar skynbaar 'n totale onvermoë om hulself te sien soos ander hulle sien. Lang ure word gemors om hierdie persoon tot insigontwikkeling te lei.

/163...

Hul openbaar ꞥ gebrek aan insig in hulle eie patologie alhoewel hul opsigtelik daartoe in staat is om die hele probleem van alkoholisme met oorsaak en gevolg, in te sien en op te som.

Hierdie tegniek is egter skynbaar een van verbalisasie eerder as insigontwikkeling. Hul eie onvermoë om hulself in die daaglikse lewe op ꞥ aanvaarde wyse te gedra en te handhaaf, kan hul skynbaar nie insien nie.

Die psigopaat vertoon ook ꞥ sonderlinge onvermoë om oorsaak en gevolg aan mekaar te koppel, en as gevolg van hierdie defek leer nie uit vorige ervaring nie. Hy sal dieselfde fout in sy maatskaplike funksionering herhaaldelik begaan met die soms ongelooflike aanvaarding dat hy sonder meer in staat sal wees om alle betrokkenes keer op keer van sy onskuld te oortuig. Hy maak ook by uitstek gebruik van projeksie en rasionalisasie om alle blaam op te plaas en om geen of weinig verantwoordelikheid of skuld te aanvaar nie. Dit doen hy slegs as hy persoonlike voordeel daaruit kan trek of een of ander onderliggende motief daarvoor het, maar skynbaar nooit omdat hy werklik die nodige insig openbaar nie. Hy beskik net nie oor die vermoë om sy eie aandeel aan die gevolge van sy optrede te evalueer nie.

ONVERMOË OM SY LEWE TE ORDEN EN VOLGENS ꞥ AANVAARDE LEWENSPATROON TE LEWE:

Hierdie tendens word duidelik geïllustreer in sy onverantwoordelikheid ten opsigte van sy gesin en gesinsverpligtinge, sy werk, sy drankmisbruik ensovoorts.

Die betrokkene se uiters onbestendige beroepsgeskiedenis en swerwersbestaan waaraan hy ook dikwels sy gesin onderwerp, is kenmerkend. Behalwe in die fantastiese stories wat hy opdis, vertoon hy in werklikheid ꞥ gebrek aan prestasie en ꞥ ware skepping van iets blywends en konstruktief.

In aansluiting by bogenoemde, het betrokkenes ook ꞥ onvermoë om op gevorderde leeftyd enige werklike ekonomiese sekuriteit aan sy gesin te bied. Dit is dus kenmerkend dat hierdie mense weinig of niks op materiële gebied besit nie.

Soos verwag kan word is hierdie mense se huwelikslewe dan ook gekenmerk deur onbestendigheid, oppervlakkige verhoudings en dikwels ontdoen van die meeste aanvaarde gesinsfunksies. Hierdie mense se gesinsgeskiedenis is dus dikwels ꞥ storie van sekuriteitloosheid, onbestendigheid en ver-

/164...

warring.

GEBREK AAN INTERGRASIE VAN SEKSUELE LEWE:

Promiskue verhoudings wat ontdoen is van betekenisvolle en blywende verhoudings en wat skynbaar slegs op die fisiese ingestel is, is kenmerkend.

Ontoereikende en onbevredigende seksuele verhouding binne die huwelik is dikwels kenmerkend en dit wil voorkom asof seksuele omgang buite huweliksverband sonder veel diskriminasie voorkom.

IMPULSIEWE EN EGOSENTRIESE GEDRAGSMANIFESTASIES:

Dit is duidelik dat die betrokkenes hoofsaaklik ingestel is op onmiddellike behoeftebevrediging. Dit wil voorkom asof betrokkenes 'n neiging openbaar om hul behoeftes sonder inagneming van ander persone of die gevolge daarvan sonder meer te bevredig. Hierdie neiging word veral deur die volgende geïllustreer -

Hulle het skynbaar dikwels ongeïnhibeerde seksuele verhoudings.

Hulle dikwelse verandering van woonplek, werk en verbreking van betekenisvolle ekonomiese of maatskaplike verbintenisse. Veral hul redes vir wisseling van werk is dikwels skynbaar ontdoen van enige werklike motivering en grens aan die belaglike.

Hulle skielike frontverandering en verandering van voorneme, gedrag en beloftes word ook duidelik geïllustreer. Hul uiters dringende aansoek om hulp en moontlike behandeling, byvoorbeeld vir 'n drankprobleem vandag het môre soos 'n handomkeer verander in 'n nuwe voorneme om homself binne die gemeenskap te rehabiliteer. Hul versoek vir opname in die gevangenis vandag, word môre omskep in 'n hartroerende pleidooi om vrylating.

AGTERGRONDSGESKIEDENIS VAN VERWERPING EN OORBESKERMING:

Dit wil voorkom asof daar in die agtergrondgeskiedenis van al die betrokkenes die volgende elemente vervat is -

Oorbeskermende dominerende moeder;

'n Ongenaakbare outoritêre vader;

'n Onbeduidende of afgetakelde vaderbeeld;

'n Gebrek aan betekenisvolle emosionele kontak en aanvaarding en kommunika-

sie tussen ouers en kind;

ŉ Oorbeskermende grootouer wat skynbaar deur middel van mooipraat- en omkooptegnieke dissipline handhaaf;

Inkonsekwente en ontoereikende dissipline;

Inrigtingsopvoeding of afwesigheid van een of beide ouerfigure;

Nypende ekonomiese omstandighede met ernstige patogolieë binne die gesin teenwoordig.

Bogenoemde is die uitstaande kenmerke soos blyk uit die gevallewerk-ondersoek.

GEVOLGTREKKING:

Dit mag betekenisvol wees om sommige van die eienskappe soos blyk uit die gevallewerkstudie te bevestig aan die hand van bevindinge van ander navorsers. Sekere eienskappe wat algemeen deur navorsers beklemtoon word en wat weereens teruggevind is in die gevallewerkstudie, het na die mening van die navorsers, dikwels ŉ groter betekenis in terme van veroorsaking as wat algemeen aanvaar word.

Uit voorgaande gevallestudies is dit duidelik dat die emosionele afgestomptheid of gebrek aan normale emosionele respons by die psigopatiese persoonlikheid ŉ uitstaande kenmerk by al die gevalle was. Soos blyk uit die literatuurstudie, het talle navorsers op hierdie aspek van die psigopatiese persoonlikheid gewys en Cleckley sê dan ook -

"The emotional poverty and complete lack of strong or touched feeling universally found in all the psychopaths I personally observed has caused me considerable bewilderment in connection with frequent references in die literature to the powerful instinctual drives and passions that seem to be manifested in such people." (7 Pagina 382).

En McCord en McCord beklemtoon dan ook wat hulle noem die psigopaat se "lovelessness" as een van die belangrikste eienskappe, en praat ook van sy "affectional shallowness". (24 Pagina 52). Die ondersoeker kom dan ook tot die gevolgtrekking dat meeste van die psigopaat se gedragsmanifestasies uit hoofde van hierdie emosionele afgestomptheid verklaar kan word.

Alvorens daartoe oorgegaan word om bogenoemde te motiveer is dit egter belangrik om daarop te let dat daar skynbaar ŉ direkte verband bestaan tussen hierdie basiese kenmerk van die psigopatiese persoonlikheid en sy besondere kliniese geskiedenis van verwerping in sy kinder- en jeugjare.

/166...

In al die gevalle van die ondersoekgroep is daar bevind dat al die betrokkenes ontwrigte kinder- en jeugjare het met verwerping as uitstaande kenmerk. ŉ Algemene gebrek aan warm emosionele kontak en aanvaarding en kommunikasie met die ouerfigure is kenbaar. Navorsers soos die McCords (1956), Goldfard, Spitz, Bender en Karpman (1940), vestig die aandag op verwerping as ŉ belangrike faktor by die vorming van die psigopatiese persoonlikheid. Die skynbare oorbeskerming wat daar vanaf die ouers van die betrokke gevalle af uitgegaan het, sonder die nodige emosionele aanvaarding en betekenisvolle emosionele kontak en kommunikasie, gepaard met die gebrekkige en inkonsekwente dissipline, kan gesien word as slegs ŉ meer subtiele vorm van verwerping en kan net so traumaties as openlike psigiese en fisiese verwerping beleef word. Schlebusch (1966) herinner daaraan dat moeders, om uitlopende redes, op onbewuste vlak ŉ kind op emosionele vlak kan verwerp terwyl hy op materiële vlak oorbeskerm en te dikwels aan sy eie wense oorgelaat word. Die tipe van verwerping kan byvoorbeeld plaasvind waar ŉ kind met ŉ gebrek gebore word of wanneer die kind nie geslag is wat die moeder graag wou hê nie, of hoë verwagtings van die kind gekoester is, waaraan hy nie kon voldoen nie. Daar is byvoorbeeld van die kind se geboorte verwag dat dit ŉ wankelende huwelik sou red of onenigheid tussen man en vrou op magiese wyse uit die weg sou ruim en die moeder is dan teleurgesteld dat dit nie gebeur nie. Die verwerping wat dan van soŉ moeder uitgaan, is op onbewuste vlak en kom op ŉ baie subtiele manier na vore. Die gevoel van verwerping by die moeder lei tot ernstige skuldgevoelens en spanning waarvoor sy dan kompenseer deur die kind oor te beskerm. ŉ Kringloop van verwerping, skuldgevoelens, spanning en oorbeskerming volg en die situasie ontstaan waar die behoeftes van die kind verwerp word en die moeder se eie behoefte, naamlik om haar angs te hanteer, in die plek daarvan gestel word. Om vir die gebrek aan die nodige emosionele aanvaarding en erkenning te kompenseer, oorbeskerm en bederf die moeder nou veral op materiële vlak. (47 Pagina 3).

ŉ Beeld van soŉ moeder word tekenend deur Aichhorn geskets.

"Mothers of this kind are well known to you and are not difficult to characterize. Since such a mother is ready to do anything to keep her darling from suffering the slightest discomfort she is unable to subject him to any denials. Punishments upset her more than it does the child. Weighted down by cares for him she worries continually about his welfare and cannot demand from him any postponement or renunciation of pleasure. She clears out of his way all disappointments and obstacles which the child must learn to face and overcome in later life and thus she robs the child of initiative. His moods are endured with inexhaustible patience and his naughtiness is admired as an indication of unusual individuality. Any critisism of him is as painful as a personal insult. The child's playmates are very severely critisized especially if they offer resistence to his having his own way." (1 Pagina 201).

/167...

Aangesien hy sonder enige remminge grootgeword en dat daar slegs aan sy wense voldoen word, bestaan die werklikheid nie vir hom nie aangesien sy moeder dit van hom weer. Liggaamlik word hy beskerm teen koue, seerkry en selfs teen kopseer en die kind kom op n natuurlike wyse in opstand teen hierdie ingeperktheid. Die moeder probeer die guns van die kind deur middel van omkopery, toegewings en vertonings van affeksie behou. Die oomblik wanneer hierdie kind met die werklikheid kennis maak is hy onvoorbereid daarvoor en dit lei dikwels tot opstand wat buite die beheer van die ouer raak. (1 Pagina 202).

David en Levy (1943) in hul studie oor oorbeskermende moeders skets hierdie kinders so -

"The child refuses to come to meals. Finally coaxed to the table he refuses to remain until the meal is over or to eat what is placed before him. He refused to come when called, to answer when spoken to. He keeps his own bedtime, comes home late, stays up late, refuses to wear what is required, throws his clothes everywhere refusing to comply with numerous injunctions from either parent concerning neatness or routine. He is impudent, tells his mother to shut up or go to hell. Critisizes her freely, her manner or appearance, and is generally disrespectful." (19 Pagina 161).

Aichhorn wys daarop dat hierdie soort agtergrond nie net lei tot eksplosiewe opstand nie maar dikwels ook aanleiding gee tot onredelike eise, aan almal in hul maatskaplike omgewing. (21 Pagina 162). Hy beweer voorts dat hierdie tipe van opvoeding verreikende gevolge kan hê en dat die oorbeskermde kind se neiging tot humeuruitbarstings op die volwasse lewe oorgedra word en gekenmerk word deur vinnige verandering van buie. (21 Pagina 164).

Die hele proses word begin deur die ontneming van die ouer van sy ouerlike gesag en eindig met die kind in beheer van die hele situasie. Levy bring hierdie onvermoë om vriendskapsbande met ander kinders te sluit in verband met hulle gevolglike sosiale isolasie en karakteriseer hulle as aggressief, afwesig en egoïsties. (19 Pagina 172).

Ook Stafford-Clark (1970) verwys na navorsings deur persone soos Gesell en Bowlby met betrekking tot die gevolge van emosionele verwerping en die afwesigheid van n moederfiguur op babas van die ouderdom 8 tot 15 maande. Bowlby se bevinding dat emosioneel verwerpte kinders simptome van rusteloosheid openbaar, baie vriendelik maar oppervlakkig is in hulle verhoudings met ander mense en heeltemal ontoereikend is wat betref hulle emosionele lewe, is veral van waarde. (31 Pagina 244).

Aichhorn (1951) maak voorsiening vir twee vorms van verwerping naamlik, openlike fisiese en psigiese verwerping deur die ouers maar ook ten opsigte van die kind, wat, om leemtes en teleurstelling van die ouers in mekaar te oorkom oorlaai word met liefde en op hierdie wyse oorbeskerm word. Hy sê dan dat die kind aanvoel dat liefde nie terwille van liefde self gegee word nie en reageer dan anti-sosiaal. (1 Pagina 164). Hy wys daarop dat, as die ouer onvoorwaardelike liefde aan die kind gee sonder om enige teenprestasie te verwag, die kind nooit nodig het om homself vir enigiets in te span nie. Daar bestaan nooit 'n motivering by die kind om die liefde van sy ouer te behou nie. Verseker van hierdie liefde bly hy in gebreke om af te sien van die genotsbeginsel en eie behoeftebevrediging ten gunste van die realiteit. Hy ontvang dus nou die genot van behoeftebevrediging sowel as die onvoorwaardelike liefde van sy ouers. Die kind ontwikkel fisies maar bly steeds gebonde aan die genotsbeginsel net soos in sy vroeë kinderjare. (1 Pagina 186).

Uit bogenoemde is dit dus duidelik dat swak beheer en dissipline wat hand aan hand gaan met oorbeskerming en bederf, tesame met emosionele verwerping, vroeg reeds die kenmerkende psigopatiese persoonlikheid ten grondslag lê. Die navorser is van mening dat albei bogenoemde vorms van verwerping emosionele afstomping in die hand werk en dat die proses van identifikasie hier 'n belangrike rol speel. Tappan (1960) sê dan in hierdie verband -

"The child's learning to give up what he wants has been described as a process of physic bribery in which the mother's love and its threatened withdrawal by way of an apparent or partial rejection induces him to deny his immediate wants in order to gain approval. Lacking the reward of maternal love there is no motive for self-denial."

Om 'n geïntegreerde superego te ontwikkel, het die kind 'n positiewe ouerbeeld nodig waarmee hy hom kan identifiseer. Die kind gaan as't ware 'n ongeskrewe en 'n onbewuste kontrak met sy ouers aan, naamlik dat hy met sekere norme sal konformeer in ruil vir hulle liefde. Elke keer as die kind nie konformeer nie, volg ouerlike afkeur. Gaandeweg leer die kind dus dat om nie te konformeer nie onaangename gevolge het en maak hierdie beginsel sy eie. (7 Pagina 85). Sonder die emosionele aanvaarding en liefde van die ouer leer hy nooit om te identifiseer of te simpatiseer met ander nie maar leer slegs om sy eie behoeftes te bevredig deur ander uit te buit. Die slotsom waartoe gekom word is dat -

"The psychopath lacks the guilt feeling and anxiety expressed by the normal person as a result of defiance or misconduct in the face of parental disapproval." (35 Pagina 143).

As gevolg van die gebrek aan ware emosionele aanvaarding, kommunikasie en emosionele kontak is die identifikasie van die kind met sy ouer gebrekkig, en is hy op 'n vroeë onrype ouderdom op homself aangewese om meganismes te ontwikkel om in die groot wêreld daarbuite mee te ding. As gevolg van sy negatiewe ervaring op die gebied van aanvaarding en erkenning is hy huiwerig om hom op hierdie terrein te waag en vermy hy alle verdere emosionele kontak met mense en gaan die ondervinding van ware emosionele kontak vir hom verby. Aichhorn werp verder lig hierop in sy stelling dat die kind te vroeg blootgestel word aan die volle realiteit en dat hy op hierdie vroeë stadium van ontwikkeling nie in staat is om 'n suksesvolle aanpassing te maak nie. (1 Pagina 204). Daar vind 'n stagnering van die emosionele ontwikkeling plaas en slegs die genotsbeginsel en onmiddellike behoeftebevrediging bly dominerend in die persoonlikheid. Hy word beheer deur sy onvolwasse ego en die werklikheid met sy latere gevolge bestaan vir die huidige, nie vir hom nie. (1 Pagina 205).

Die ondersoeker is van mening dat vir die ontwikkeling van die emosionele lewe van die kind, vanaf die selfgesentreerde tipiese psigopatiese stadium, tot normale volwassenheid (waar begrippe soos empatie, spyt, berou, gewete, liefde, naasteliefde 'n realiteit geword het), die kind afhanklik is van verdere emosionele kontak en identifikasie by wyse van voorbeeld (veral aan die hand van rolmodelle) en ervaring. Vir hierdie nodige ervaring en voorbeeld is hy in die eerste plek aangewese om sy ouers se voorbeeld deur middel van positiewe identifikasie te volg. In die tweede plek is hy afhanklik vir sy emosionele ontwikkeling van kontak met sy medemens. As gevolg van die afwesigheid van emosionele kontak, aanvaarding en begrip aan die kant van die ouer, is die kind nie instaat om werklik met die ouer te identifiseer nie. Sy negatiewe ervaring ten opsigte van verwerping verhoed dat hy enige verder kontak in hierdie verband met sy medemens soek uit 'n onbewuste vrees van verdere verwerping. Die kind se emosionele lewe stagneer dus. Dit is dan ook opvallend hoeveel navorsers reeds daarop wys dat basiese kenmerke van die psigopatiese persoonlikheid ooreenstem met dié van die jong kind.

In verband met hierdie so belangrike identifikasieproses met die ouers, sê McCord en McCord en Zola (1959) dan -

"The nature of the parental model determines the child's conscience. The larger social environment, the values of the greater society are filtered through the child's parents since the child sees his parent's actions as appropriate objects for imitation. It tends to make their attitude his own." (23 Pagina 198).

/170...

Die verwerpte kind is dus op ŉ vroeë en onrype ouderdom op homself aangewese om kunsmatige meganismes te ontwikkel om hom in ŉ "vyandige wêreld" te handhaaf. Gedurende sy eerste ervaring met ware sosiale kontak na buite, dit wil sê gedurende sy eerste skooljare, bevind hy hom dus feitlik in ŉ vreemde omgewing waar mense op emosionele vlak kommunikeer en omgaan en waar daar as't ware nuwe norme en ŉ nuwe lewenspatroon geld. Sy amper tragiese onvoorbereidheid word goed deur Levy (1943) gedemonstreer -

"In terms of social adjustment to children he is years behind. His efforts to dominate are met with a rebuff. When he fights his opponents he is licked. Instances of this pattern are seen both in the indulgent and dominated over-protected groups. The result may be avoidance of the group because of fear, refusal to join in because the dominating tendencies are frequently thwarted." (19 Pagina 173).

Dit is duidelik dat hierdie kind so gou as moontlik aanpassingsmeganismes moet aanleer ten einde sosiaal te oorleef. In werklikheid begin die psigopaat se sosialiseringsproses nou weer van vooraf. Die mate waarin hy deur middel van die rolspeeltegniek die kuns bemeester om al die emosionele reaksies aanvaarbaar en reg te reproduseer sal sy uiteindelike aanpassing en aanvaarding binne die sosiale gemeenskap bepaal. Juis omdat dit ŉ kwessie van oorlewing is, daarom ook dat die psigopaat die rolspeeltegniek tot soŉ verstommende fyn kuns ontwikkel het.

Om saam te vat - die ondersoeker kom tot die gevolgtrekking dat emosionele afgestomptheid die psigopaat se persoonlikheid ten grondslag lê. Hierdie emosionele disfunksie kom neer op die stagnering van die kind se normale emosionele ontwikkeling in sy vroeë kinder- en jeugjare. Hierdie probleem kan ontstaan as gevolg van die feit dat die kind, juis omdat hy by wyse van emosionele verwerping, (hetsy deur oorbeskerming en bederf of deur openlike verwerping), nie in staat is om hom emosioneel met sy ouers te identifiseer nie. Verdere ontwikkeling van sy emosionele lewe word gevolglik ook geblokkeer omdat hy alle emosionele kontak met sy medemens vermy het.

Ander faktore in die maatskaplike omgewing soos dissipline en die toepassing en aard daarvan speel ook ŉ belangrike rol om die graad van gebrekkige identifikasie te bepaal.

"We might, therefore, hypothesize that psychopathy is particularly the result of punishment that is considerably delayed and perhaps administered inconsistently." (15 Pagina 104).

Die tipiese psigopatiese kenmerke kan nou in terme van emosionele afgestomptheid verklaar word: die gebruik van aggressie deur middel van fisiese geweld of onvoorspelbare woedeuitbarstings is ŉ tipiese reaksie van die emosioneel onvolwasse kind. Die verstommende wreedheid en gevoelloosheid

waarmee die psigopaat soms geweld kan gebruik is ʼn gevolg van die feit dat sy daad geen emosionele aanklank by hom vind nie en sy onvermoë om enige empatie met sy slagoffer te hê. Die ondersoeker het egter ervaar dat dreigemente van geweld en woedeuitbarstings by die psigopaat dikwels slegs as manipulasietegniek gebruik word, eie aan die emosioneel-onvolwasse kind. Sy vermoë tot verbalisasie is reeds bespreek en is uit die aard van die saak slegs ʼn geval van sosiale oorlewing. Sy gebrek aan insig in sy eie probleme, projektering van blaam en onvermoë om sy eie aandeel in interpersoonlike verhoudings en sy eie gedrag te evalueer en oorsaak en gevolg te koppel, is tipies van die emosioneel-onontwikkelde kind. Sy onvermoë om uit vorige ondervinding te leer, sy beheptheid met die hede en sy totale onverskilligheid wat betref die toekoms is nou gekoppel aan die feit dat die emosionele faktore wat ʼn normale mens wel hiertoe motiveer, geen aanklank by die psigopaat vind nie. Die normale mens beplan vir die toekoms omdat sy toekomstige welsyn en dié van sy naas bestaandes, emosionele spanning by hom wek omdat hy reeds die gevolge van ʼn onbeplande toekoms emosioneel ervaar het en juis uit ervaring weet dat sy handelinge van vandag grootliks sy emosionele sekuriteit van môre gaan bepaal.

# HOOFSTUK IV.

## BEVINDINGE EN AANBEVELINGS MET BETREKKING TOT DIE PSIGOPAAT AS KLIëNT IN DIE MAATSKAPLIKE WERK.

### INLEIDING:

Dit blyk uit die ondersoek dat maatskaplike werksters telkens volgens konvensionele maatskaplike werkmetodes gepoog het om hulp aan hul psigopatiese kliënte te verleen. Uit die aard van die psigopaat se gedrag en kenmerkende wyse van die hantering van mense is haar hulpaksie dikwels gereduseer tot noodleniging en is sy misbruik om in die egoïstiese behoeftes van die kliënt te voorsien. Deur gebruik te maak van verskillende ontvlugtingstegnieke het die kliënt maatskaplike werkkontak vermy en was die maatskaplike werkster se aandag grootliks in beslag geneem deur die resultate van sy onverantwoordelike optrede terwyl werklike handeling met die kliënt slegs beperk is tot toevallige ontmoetings en die psigopaat se onmiddellike behoeftebevrediging. Die aard en gang van die behandelingsproses is dikwels deur die manipulasie tegnieke en gedrag van die kliënt voorgeskryf en daar is weinig sprake van beplande optrede en doelgerigte maatskaplike optrede. In een geval J. is die kliënt juis deur ɱ psigiatriese hospitaal onder maatskaplikewerk-aandag gebring en by die aanvang van die behandelingsproses reeds as psigopaat gediagnoseer. Hierdie feit het skynbaar min invloed op die verdere beplanning en optrede van die vyf onderskeie maatskaplike werksters gehad wat daarna die lêerinhoud hanteer het.

Dit is egter duidelik uit die huidige ondersoekgroep dat dit nie alleen die omvang van die probleem is wat probleme skep nie, maar juis die feit dat die psigopaat weens sy besondere gedrag ɱ persoonlikheidsamestelling binne die raamwerk van die huidige gevallewerkmetode, ɱ tydrowende kliënt is wat dikwels maatskaplike werk-aandag oor ɱ tydperk van baie jare afdwing.

In die huidige ondersoek het dit geblyk dat daar slegs in een geval, geval K., ɱ diagnose van psigopatie gemaak is en dat daar in die ander ses gevalle oor ɱ periode van ɱ hele aantal jare vrugtelose maatskaplikewerk-aandag gegee is sonder dat die werksters bewus was dat hulle met psigopate handel. Nadat hierdie persone in die loop van die behandelingsproses as psigopaties gediagnoseer is, is maatskaplike werkaandag eers so gewysig om die probleem onder oë te sien en te hanteer.

Die ondersoeker is getref deur die idealistiese dog vrugtelose beplannings en onvakkundige menings wat telkens in die verloop van die sogenaamde behandelingsproses deur die maatskaplike werksters gestel is. Begrippe

soos insigontwikkeling, vertroueverhouding, gemotiveerdheid, verbetering, rehabilitasie en vordering in die behandelingsproses word by herhaling gebruik. Die vrugteloosheid hiervan word egter eers na jare deur 'n sonderlinge sameloop van omstandighede duidelik. Intussen het die psigopaat se vernietigende invloed op die welsyn van sy vrou en die toekomstige ontwikkeling van sy kinders feitlik onverstoord voortgegaan en het hy die maatskaplike beroep, soos alle ander dinge in sy lewe, slegs tot sy voordeel aangewend en misbruik.

PROBLEEM VAN PROFESSIONELE OPTREDE TEN OPSIGTE VAN DIE PSIGOPATIESE KLIËNT:

Uit die ondersoek blyk dit dat die maatskaplike werker se onvermoë om teenoor die psigopaat as kliënt op te tree hoofsaaklik aan die volgende gewyt kan word -

GEVALLELADINGS:

'n Algemene probleem wat die hantering van die psigopaat as kliënt in die maatskaplike werk bemoeilik is die dikwels onrealistiese gevalleladings wat maatskaplike werker moet hanteer. Ondersoeker het gevind dat in 'n plaaslike streekkantoor van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene die gemiddelde gevallelading per beampte vir die afgelope jaar geëindig op 31 Mei 1976 op 90 gevalle per beampte te staan kom, terwyl hierdie syfer met betrekking tot twee plaaslike gesinsorganisasies 100 gevalle per beampte oorskry. Omdat hierdie gemiddelde gevallelading in die ontwikkeling van die beroep skynbaar in Suid-Afrika nooit laer was nie, word dit aanvaar dat 'n gevallevrag van ± 75 gevalle per beampte steeds maklik hanteerbaar is. Hier moet egter in gedagte gehou word dat die maatskaplike werker binne die huidige werkopset uitsluitlik verantwoordelik is vir 'n groot deel van die implementering van die Kinderwet 1963 en Wet 41 van 1971 en ook belangrike funksie vervul ten opsigte van die Wet op Geestesgesondheid die strafproseswet en toenemend in die Hooggeregshof optree. Veral in die geval van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene het daar in die afgelope jaar 'n belangrike klemverskuiwing plaasgevind en word by voorkeur aandag aan statutêre dienslewering geskenk. Optrede van die maatskaplike werker in die howe verg deeglike en dikwels tydrowende ondersoeke, professionele verslagskrywing, dikwels gespesialiseerde kennis en lang ure van verslagskrywing. In 'n beperkte tydsbestek moet die vertroue van kliënte gewen word en word daar verwag dat die werker ook so'n deeglike kennis van sy kliënt sal beskik dat hy in staat sal wees om 'n wetenskaplik gemotiveerde aanbeveling ten opsigte van die toekoms

/174...

van hierdie kliënt te maak. So byvoorbeeld, is dit nie ongewoon dat ɱ ondersoek vir die Hooggeregshof dikwels weke in beslag neem nie. Benewens hierdie taak word daar ook nog ɱ diens gelewer aan familie en belanghebbendes in die vorm van voorligting, insigontwikkeling en materiële hulpverlening.

Verder is die maatskaplike werker nog gemoeid met die lewering van voorkomingsdienste, rekonstruksie en nasorgdienste en neem die ondersoek met die oog op die evaluering van nuwe gevalle ook tyd in beslag. Om met byvoorbeeld ɱ gevallevrag van 90 kliënte bogenoemde take te verrig en reg te laat geskied aan die individuele gevallewerkmetode is, na die mening van die ondersoeker, werklik onrealisties. Die maatskaplike werker beskik oor weinig of geen diagnostiese hulpmiddels (byvoorbeeld sielkundige toetse) om hom in sy evaluasie behulpsaam te wees nie. Al sou hy ook oor ɱ redelike praktiese en teoretiese kennis beskik ten opsigte van die probleem van psigopatie, sal hy in die lig van bogenoemde omstandighede, ɱ lang periode nodig hê om sy kliënt se probleem bo redelike twyfel te diagnoseer. Die maatskaplike werkers se skynbaar onbeholpe en vrugtelose pogings om die psigopatiese kliënt te hanteer, soos uit die ondersoek geblyk het, kan in die lig van die onrealistiese gevallevragte beter begryp word.

GEBREK AAN KENNIS:

Dit het verder uit die ondersoek duidelik geword dat ɱ gebrek aan kennis met betrekking tot die aard en gedragsmanifestasies van die psigopatiese kliënt dikwels ɱ belangrike struikelblok was by die hantering van hierdie gevalle. So byvoorbeeld het die observateur in gevangenissituasie D. die prognose van die kliënt as belowend gesien en was hy beïndruk deur die gevangene se ingesteldheid en die algemene indruk wat hy gelaat het. In die maatskaplike-veldsituasies was die maatskaplike werkers dikwels oor ɱ periode van jare duidelik onbewus van die betekenis van die aard van hul kliënte se gedrag en is die gevallewerksituasie deur die kliënt uitgebuit en tot sy eie voordeel aangewend. Dit is voor-die-handliggend dat die oorsaak van hierdie algemene onkunde in verband met psigopatie en in die onderbeklemtoning van die probleem in die akademiese- en indiensopleiding van die maatskaplike werker in hierdie verband gemeld moet word. Dit is veral ook die praktiese opleiding en die gebrek aan leiding op supervisievlak wat die grootste leemte toon. Anders as byvoorbeeld in die geval van die alkoholis, dwelmverslaafde, of sorgbehoewende kind is die kennis van die maatskaplike werker met betrekking tot psigopatie, indien enige, slegs tot die teoretiese beperk. Praktiese kennismaking met en die noodsaaklike leiding in die hantering van die probleem ontbreek. In die lig van die groot omvang van die werk en die algemene gebruik van die duur en tydrowende

/175...

individuele gevallewerkmetode is hierdie onkunde 'n luuksheid wat die beroep nouliks kan bekostig.

PROBLEME IN VERBAND MET IDENTIFISERING:

Daar is reeds op gewys dat die psigopaat by uitstek geïdentifiseer kan word by wyse van sy besondere gedragsmanifestasies wat voortvloei uit sy besondere persoonlikheidsamestelling. Om egter sonder meer die besondere kenmerke wat uit die literatuur blyk, en die beeld wat daar deur hierdie ondersoek van die psigopaat geskets is, te gebruik as identifikasiekriteria, sou onprakties wees. In die teorie blyk dit moontlik te wees om hierdie kenmerke op die kliënt toe te pas om hom daarvolgens te diagnoseer. Die probleem van identifisering in die praktyk word egter aansienlik bemoeilik deur die kenmerkende eienskap van die psigopaat om te kan verbaliseer, te manipuleer en die rolspeeltegniek baie goed te kan aanwend.

McCord en McCord bevestig die waarnemings van die observateur en verklaar -

"He cannot depend as with many other disorders on the overt behaviour symptoms, or complaints of the subject at the time of contact." (24 Pagina 44).

En in aansluiting hierby beklemtoon Cleckley ook die feit dat -

"The surface of the psychopath however, that is all of him, that can be reached by verbal exploration and direct examination, shows up to or better than normal, and gives no hint at all of disorder within; nothing about him suggests oddness, inadequacy, moral frailty and his mask is that of robust mental health." (7 Pagina 419).

Roux (1970) wys ook op die besondere vermoë van die psigopaat om sy omgewing te manipuleer en beweer dat dit kenmerkend van die psigopaat in die gevangenissituasie is dat hulle alle moontlike metodes aanwend om die maklikste werk te bekom, die gerieflikste sel te kry en dat hulle oor 'n geniale vermoë beskik om persone wat nie met hul afwykings bekend is nie, om die bos te lei en vir hulle eie egoïstiese doeleindes te manipuleer en te bedrieg. (46 Pagina 20). Nie alleen kom die psigopaat vry van patologie en goed gebalanseerd voor nie, maar sy denkvermoë is vry van delusies en veral sy emosionele lewe kom normaal voor. Sy ideale en ambisies blyk gesond te wees en daar skeel weinig met sy entoesiasme en hy reageer met affeksie teenoor dié wat in hom geïnteresseerd blyk te wees en hy sal oor die algemeen beskryf kan word as iemand wat in staat is om warm betekenisvolle verhoudings met mense aan te knoop. Sy sosiale norme en persoonlike waardes blyk gesond te wees. Hy beïndruk met sy vermoë tot logiese redenering. (7 Pagina 366). Om nou hierdie persoon sonder meer byvoorbeeld aan die norm van emosionele afgestomptheid te gaan meet, sal geen waarde inhou nie.

Cleckley beweer dat ŉ psigopaat dikwels daarin slaag om vir langer periodes gereeld te werk, om sy finansiële verpligtinge na te kom en om die geleentheid om te steel, laat verbygaan. Dit kan selfs gebeur dat hy met sy besondere vermoëns uitstyg in sy besondere werkkring deur byvoorbeeld as verkoopsman van die jaar bekroon te word. Al die tjeks wat ŉ psigopaat uitskryf word nie noodwendig onteer nie en hy kan sy hele lewe deurgaan sonder dat daar ŉ kriminele klag op sy rekord verskyn. Hy kan dus ook nie sonder meer aan sy beroepsonbestendigheid of kriminele dade geëien word nie. (7 Pagina 368).

Die feit dat die psigopaat by uitstek ŉ gebrek toon aan skuldgevoel, spyt en emosionele respons is dikwels ook uiters moeilik waarneembaar. Dit wil voorkom asof hy soms opgewonde raak, skreeu van woede, uitbundig is van entoesiasme, trane van bitter berou stort, met spyt en berou kan praat van sy mislukkings en dwaashede.

"The vexation, spite, quick and labile, flashes of quasi affection, peevish resentments, shallow moods of self-pity, puerile attitudes of vanity and absurd and showy poses of indignation are all within his emotional scale and are all freely sounded when circumstances of life play upon him." (7 Pagina 380).

Cleckley waarsku dat die werker dikwels onder die indruk gebring kan word dat hy ŉ betekenisvolle vertroueverhouding met sy kliënt daargestel het. Alhoewel die psigopaat uiteraard geneig daartoe is om die blaam vir al sy probleme op ander te projekteer, gebeur dit tog dat as die geleentheid hom voordoen, hy verbasende insig in sy probleem kan openbaar en "often he will go through an idle ritual of saying that much of his trouble is his own fault." (7 Pagina 373). Alhoewel hierdie soort van houding later wel deur sy handelinge as vals bewys word, is dit moeilik waarneembaar in sy algemene gedrag.

"This is exceedingly deceptive and is very likely to promote confidence and deep trust." (7 Pagina 373).

Harrington (1973) haal ŉ mooi voorbeeld aan van ŉ beskrywing wat ŉ geregsdienaar van ŉ bekende psigopaat gegee het -

"He may be wild, uneducated son of a b' but when he want to be, this guy is very, very intelligent. He's got a smooth speech and a pleasing voice when he is selling you something. He can put on a sincere act better than anyone I have ever met in my life. And do you know what? When he is not giving us trouble, I even like him. I can't explain it". (17 Pagina 167).

Om van die maatskaplike werker te verwag om binne die bestek van ŉ onderhoud of twee hierdie dikwels foutlose masker van die psigopaat as sulks te erken, en haar benadering en beplanning dienooreenkomstig te wysig, is onbillik.

/177...

Selfs die mees ervare beampte wat uit hoofde van sy jarelange kontak en ondervinding van psigopate goed vertroud is met die simptome en die gedragswyse van die psigopaat, word dikwels nog deur sy toneelspeltegniek bedreig en deur sy besondere vermoë tot verbalisasie om die bos gelei.

Selfs ’n ervare navorser Cleckley meld dat dit ’n algemene grap onder sy personeel is dat indien een van die pasiënte daarin slaag om geld van hom te leen of hom te oorreed om ’n tjek te wissel, daardie pasiënt sonder meer as psigopaties gediagnoseer kan word. En hy voeg by -

"I might add that no such loan has ever been repaid and all the cheques have bounced." (7 Pagina 371).

Die ondersoeker is van mening dat die grootste probleem hieraan verbonde die feit is dat die terapeut of maatskaplike werker onwillekeurig, en dikwels op onbewuste vlak, hom met die posisie van kliënt of pasiënt identifiseer. Hierdeur word hy nie alleen in staat gestel om emosioneel die probleem van die ander persoon te beleef en die persoon met die nodige empatie en begrip te benader nie, maar soos Pitzer en Denzim dit stel -

"Roleplay or putting oneself in the other's position enables a person to project the other's behaviour." (25 Pagina 65).

Juis omdat die front van die psigopaat totaal vals en ontdoen is van alle realiteit, dink die werker hom in ’n situasie in wat werklik nooit bestaan nie en sy gevolglike optrede en ingesteldheid hou dan geen verband met die werklikheid nie. Op hierdie wyse lei die psigopaat die werker aan sy neus na nêrens.

Die maatskaplike werker het in hierdie verband nog ’n verdere struikelblok. Dit wil voorkom asof die psigopaat die moederinstink by die vrou ontlok en dat sy instinktief aanvoel dat êrens onder die skyn van volwassenheid daar ’n baba skuil. ’n Hulpelose, huilende klein mensie.

"She longs to take this defenceless creature, hold him to her breast, guard him and shape him and let him grow up under her protection. Her feminine intuition which so accurately defines the presence of the spiritual baby, fails, alas, to understand that it is a baby who will never grow up." (7 Pagina 207).

Daar bestaan ’n verdere aspek wat skynbaar groot verwarring skep in die maatskaplike werker se pogings om die psigopatiese kliënt te identifiseer. Dikwels word die gedragsmanifestasie van die psigopaat met dié van ’n tipiese alkoholis verwar. Dit het dan ook duidelik uit die ondersoek geblyk dat die maatskaplike werkers van mening was dat in hul behandeling met die psigopatiese persoonlikheid, hulle slegs te doen gehad het met die manifestasies van die alkoholis. En dit is waar dat die gereelde werksverwisseling,

rondswerf, verwaarlosing van die gesin, gebruik van aggressie ten opsigte van die gesinslede, en die herhaalde gevolg van die misbruik van alkohol, dikwels tiperend is van die alkoholis, en dit is juis omdat die misbruik van alkohol dikwels kenmerkend van die psigopaat se persoonlikheid is, dat hulle so dikwels onder maatskaplikewerk-aandag kom. Cleckley sê -

"Although some psychopaths do not drink at all and others drink rarely, indulgence in alcohol is often prominent in their lives." (7 Pagina 385).

Die gewone alkoholis is gewoonlik tydens periodes van nugterheid uiters bekommerd oor sy toestand en in staat om 'n werklike ernstige poging aan te wend om hulp te bekom en openbaar nie die diepliggende persoonlikheidsversteurings van die psigopaat nie en Cleckley sê dan ook -

"A major point about the psychopath and his relation to alcohol can be found in the shocking, fantastic, uninviting, relatively inexplicable behaviour, emerges when he drinks, sometimes when he drinks only a little." (7 Pagina 385).

Die verskil tussen die drinkpatroon van die psigopaat en die van die gewone alkoholis is veral waarneembaar aan die gevolge wat dieselfde hoeveelheid alkohol op elkeen het, die misbruik van alkohol by die psigopaat het gewoonlik tot gevolg "a peculiar sort of vulgarity, domineering rudeness, petty bickering or the foolish quasi-maulings of wives, mistresses or children, and quick shifts even in the first stages of the spree, perhaps only after taking only 2 or 3 highballs, he may show signs of petty truculence, sullenness, but seldom of real gaiety or conviviality." (7 Pagina 385).

Hy drink dikwels alleen en drink baie en hou gewoonlik nie op voordat hy heeltemal kontak met die werklikheid verloor het nie. Aanduidings dat hy, soos in die geval van die gewone alkoholis, ontvlugting soek van spanning, angs, verantwoordelikheid, ensovoorts, is afwesig.

"For whatever reason the psychopath may drink, it is true that in contrast with others, he uses alcohol to excess, he hits upon conduct and creates situations so bizzarre, so unkindly and so preposterous that the motivation appears inscrutable." (7 Pagina 386).

GEBREK AAN DIAGNOSTIESE KRITERIA:

Dit het uit die ondersoek duidelik geword dat die gebrek aan kennis van psigopatie en die probleme in verband met identifisering die maatskaplike werker onbekwaam laat om doeltreffend op te tree. Die afwesigheid van kriteria waarvolgens psigopatie gediagnoseer kan word, vergemaklik beslis nie die posisie nie. As handleiding vir sy professionele optrede in alle ander maatskaplike patologieë word die maatskaplike werker geredelik voorsien in 'n diagnostiese raamwerk. Die afwesigheid van so'n raamwerk by

die hantering van die psigopatiese kliënt is deur die ondersoeker as ꞑ gebrek aangetref.

GEBREKKIGE FASILITEITE:

ꞑ Verdere probleem word veroorsaak deur die feit dat tans geen fasiliteite bestaan om die psigopaat te diagnoseer en binne inrigtingsverband te behandel nie. Sou die maatskaplike werker dus bewus wees van die feit dat hy wel met ꞑ psigopaat handel, beteken dit dat hy omslagtige metodes moet aanwend om die gesin te beskerm en nie in staat is om enigiets blywends en betekenisvol aan die probleem self te doen nie. Die hulpaksie bly steeds een van nood hulpverlening sonder doelgerigte beplanning en wat dikteer word deur die wispelturigheid van die kliënt.

Dit het uit die ondersoek geblyk dat omstandighede in inrigtings, soos kinderhuise, ꞑ gunstige klimaat kan skep vir emosionele afstomping en dikwels die emosioneel gestagneerde kind huisves. (34 Pagina 28). Kinders in kinderhuise is ook noodwendig afkomstig uit sorgbehoewende omstandighede en was dikwels aan omgewingsfaktore blootgestel wat emosionele afstomping bevorder. Die maatskaplike werker verbonde aan hierdie inrigtings kom voor dieselfde probleem van identifikasie en optrede te staan as sy medewerker in die veldsituasie. Navorsing dui daarop dat die vroeë identifikasie en behandeling van hierdie kinders veel beloftes inhou en dat dit as voorkomingsmaatreël ꞑ belangrike rol kan vervul.

AANBEVELINGS:

Indien die maatskaplike werker nie in staat is om die psigopaat as kliënt op vroeë stadium te identifiseer nie en hy sou voortgaan om die kliënt deur middel van die aanvaarde maatskaplikewerk-beginsel te benader en te hanteer, sal sy pogings beslis uitloop op teleurstelling en frustrasie by herhaling. Indien daar gedink word aan die professionele aandag, tyd en koste van die onderskeie instansies en persone wat gemoeid is by die kommittering en rehabilitasieprogram van byvoorbeeld ꞑ persoon met ꞑ drankprobleem, en die dikwels omvattende rekonstruksie- en nasorgpogings wat hiermee saamhang, kom ꞑ mens werklik eers onder die indruk van die vermorsing van tyd, mannekrag en geld wat wel kan plaasvind as gevolg van die maatskaplike werker se onvermoë om die oorspronklike probleem korrek te evalueer.

Ten einde hierdie probleem van identifikasie te verhelp wil die ondersoeker aanbeveel dat -

/180...

Alle instansies wat gemoeid is met die opleiding van maatskaplike werksters 'n bewuste poging sal aanwend om die aard, omvang en implikasie van die probleem van psigopatie pertinent onder die aandag van studente te bring deur die probleem op dieselfde wyse te behandel as die ander maatskaplike patologieë.

Ervaring in verband met psigopatie behoort deel uit te maak van die student se praktiese opleiding en 'n integrerende deel te wees van die diensopleidingsprogram van instansies wat maatskaplike werkers in diens neem.

Kennis van die probleem behoort na indiensneming geprikkel te word en die gebruik en nalees van beskikbare literatuur moet gestimuleer word.

'n Diagnostiese skaal waarvolgens psigopatie geïdentifiseer kan word, moet in gebruik geneem word. 'n Skaal vir hierdie doel is deur die ondersoeker ontwerp en so 'n skaal word uiteengesit in Aanhangsel 1 van die studie.

Die ondersoeker is van mening dat die voorgestelde diagnostiese skaal met vrug gebruik kan word by die voorlopige identifisering van die psigopaat. Die inligting wat benodig word vir die voltooiing van die tabelle behoort weinig ekstra werk mee te bring aangesien die inligting wat benodig word in die normale loop van 'n ondersoek verkry kan word. Indien dit geredelik beskikbaar is, is die voltooiing en puntetelling daarvan eenvoudig en vinnig. Die diagnostiese skaal behoort nie net nuttig te wees vir vakkundige beamptes wat met statutêr-georïenteerde ondersoeke besig is nie, maar kan ook deur gesinsorganisasies, werkers in gevangenisse en psigiatriese hospitale benut word.

Die ondersoeker beveel voorts aan dat die Departement van Volkswelsyn en Pensioene aandag aan die moontlikheid skenk om gegradueerde toetsbeamptes in elke streekskantoor van die Departement aan te stel. Die doel van hierdie beamptes sal dan wees om sekere geskikte kliënte in die maatskaplike werk aan kliniese toetse te onderwerp en hierdie toetsresultate dan tot die beskikking van die maatskaplike werker te stel. Die diens kan ook tot die beskikking van al die ander private organisasies gestel word. Hierdie beamptes moet dan gebruik maak van 'n voorafbeplande toetsbattery wat hoofsaaklik op die behoeftes van die maatskaplike werker ingestel is.

Dat die maatskaplike werk-beroep nou die sielkunde as wetenskap tot sy voordeel aanwend, sou beslis nie so vreemd wees nie. Veral as die voordele verbonde aan so'n stap deeglik onder die oë gesien word, word dit baie meer aanvaarbaar. Om die huidige bestaande hulpbronne in die ge-

/181...

meenskap vir hierdie doel aan te wend, is onpракties. So byvoorbeeld word die probleem in die praktyk ondervind dat toetsresultate wat byvoorbeeld deur ṇ private psigiater verkry is, nie altyd geredelik aan die maatskaplike werker beskikbaar gestel kan word nie en dat toetsresultate wat verkry word van skoolklinieke, geestesgesondheids- of psigiatriese hospitale, gewoonlik nie op die behoeftes van die maatskaplike werk ingestel is nie en dus dikwels van weinig praktiese nut en betekenis is. So byvoorbeeld sal die psigopaat wat weens sy drankprobleem in ṇ psigiatriese hospitaal opgeneem word, selde of ooit as sulks gediagnoseer word, veral as sy verblyf soos gewoonlik van korte duur is of as die hospitaalpersoneel aan groot werksdrukte onderwerp is. Tensy sy gedragsmanifestasies hulle aandag gaande maak, is dit onwaarskynlik dat hierdie instellings spesifiek op hierdie afwyking of die uitwys van hierdie afwyking, ingestel sal wees. Hierbenewens is die beskikbaarheid van fasiliteite en die moeilik bekombaarheid van afsprake dikwels ṇ ernstige praktiese struikelblok. Die ingesteldheid van die kliënt is dikwels ook ṇ groot struikelblok in die gebruik maak van hulpbronne in die gemeenskap. Die onwilligheid om afsprake na te kom en die onbetroubaarheid van die psigopaat asook die stigma wat so dikwels daaraan kleef om ṇ besoek te bring aan die psigiater, ṇ geestesgesondheidskliniek of ṇ psigiatriese hospitaal, maak die benutting van hierdie hulpbronne dikwels onmoontlik. Die voordie-hand-liggende voordele wat uit soṇ stelsel van eie toetsbeamptes voortvloei is hoofsaaklik soos volg -

ṇ <u>Goeie toetsbattery</u> wat hoofsaaklik ingestel is op die behoeftes van die maatskaplike werk, sou die volgende voordele inhou -

die maatskaplike werk sal reeds by die aanvang van die behandelingsproses belangrike gegewens, soos byvoorbeeld verstandelike potensiaal, sekere neurotiese en psigopatiese afwykings, algemene sosiale aanpassing, ouerkindverhoudings, ingesteldheid ten opsigte van outoriteit ensovoorts, geredelik tot beskikking hê.

Hiervolgens kan daar dan baie meer wetenskaplik en doelgerig beplan en verseker word dat maatskaplikewerk-handelings tred hou met die realiteit. So byvoorbeeld sal die identifisering van die psigopaat baie vereenvoudig word.

Die beskikbaarheid van hierdie toetsresultate sal ook die maatskaplike werker se bevindings en aanbevelings in instansies, soos byvoorbeeld, die howe, op <u>ṇ baie meer wetenskaplike en aanvaarbare grondslag plaas en sal skakelwerk met hulpbronne in die gemeenskap, soos byvoorbeeld, psigiatriese hospitale, psigiaters, medici, ensovoorts, meer vergemaklik</u> en waarskynlik

baie groter waardering uitlok.

Die maatskaplike werker sal ook in staat wees om kliënte baie meer wetenskaplik en noukeuriger te keur vir byvoorbeeld opname in rehabilitasiesentrums of klinieke, en die skakeling met hierdie instansies sou baie verbeter omdat die inligting wat verstrek kan word ook vir hierdie mense van baie nut en waarde kan wees en, soos vir die maatskaplike werker, sal hierdie prosedure ook vir hierdie instansies baie tyd en moeite bespaar.

Belangrike inligting wat op hierdie wyse verkry kan word, kan ook met groot nut gebruik word deur ander welsynorganisasies by verwysing van gevalle by hul toekomstige behandelingsprogram en beplanning deur kennis van hierdie resultate te neem. Ook by die oorplasing van lêers van een gebied na n ander, sou hierdie inligting uiters waardevol wees. Uit bogenoemde is dit dan duidelik dat die grootste waarde van hierdie stelsel moontlik daarin geleë is, dat dit by wyse van identifikasie selfs jarelange moeitevolle maatskaplikewerk-aandag sal bespaar, en dit sou meebring dat die maatskaplike werker meer realisties en wetenskaplik sal kan beplan en dit alleen sal die beeld van die beroep na buite slegs bevoordeel. Daar moet beklemtoon word dat die doel van sielkundige toetsing nie gesien moet word as die alfa en die omega, die finale uitspraak oor die toekoms en aard van die kliënt se persoonlikheidsamestelling nie, maar dit word slegs voorgestel dat dit as n nuttige hulpmiddel in die maatskaplike werk aangewend kan word.

Uit die literatuur is dit duidelik dat die navorsing in verband met die behandeling van die psigopaat op hierdie stadium nie as baie bemoedigend beskryf kan word nie.

Alhoewel psigoterapie skynbaar suksesmoontlikhede inhou is hierdie metode duur en tydrowend en nie sonder probleme nie. Besondere vorm van Milneterapie vir die behandeling van volwasse psigopate skyn ook belofte in te hou. n Projek deur die Departement van Gevangenis by Zonderwater Gevangenis vir die rehabilitasie van psigopatiese oortreders, is reeds in werking, dog die ondersoeker voel dat die belangrikste terrein veral in Suid-Afrika - naamlik die voorkomingsaspek, nog braak lê. Volgens die beskikbare literatuur is dit juis die behandeling van die emosioneelgestagneerde kind of kind met sterk psigopatiese neigings wat met die meeste sukses behandel is. Milne-terapie soos toegepas deur die Wiltwyckskool in New York is skynbaar merkwaardig suksesvol. Ondersoeker is van mening dat fasiliteite van hierdie aard wel deeglik in Suid-Afrika benut kan word. Emosioneel gestagneerde of probleemkinders in kinderhuise, plekke van veiligheid,

/183...

nywerheidskole of uit die gemeenskap kan met sukses by so'n projek betrek word en daar kan op hierdie wyse veel gedoen word om die uiteindelike las wat die psigopaat op die gemeenskap sal lê aansienlik te verlig. Verdere navorsing is egter noodsaaklik om 'n geldige behoeftebepaling te doen, 'n wyse van vroeë identifikasie te vind en die bestaande Wiltwyck-stelsel by Suid-Afrikaanse omstandighede aan te pas.

Om alle gekomiteerde sorgbehoewende kinders eers in 'n waarnemingssentrum op te neem, sal talle praktiese probleme oplewer, dog die afsonderlike inrigtings kan wel deur die opleiding van personeel en met behulp van maatskaplike werkers en sielkundiges so ingestel word om kinders met sterk psigopatiese kenmerke te identifiseer en by bogenoemde projek te laat betrek.

Die ondersoeker beveel aan dat daar van owerheidsweë ernstig besin word oor die probleem van onrealistiese gevalleladings en dat geen vakkundigebeampte met 'n gevallelading van meer as 20 gevalle, belas word nie waar daar van die gevallewerkmetode gebruik gemaak word. Die groot koste wat hierdie normverandering impliseer kan grootliks in die huidige werkopset verhelp word indien die huidige klem op die gevallewerkmetode na 'n groepsbenadering verskuif word. In 'n plaaslike streekskantoor van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene word voorkomings - toesig - en nasorgdienste ten opsigte van alkoholiste wat ingevolge Wet 41 van 1971 behandel is, reeds vir die afgelope 3 jaar suksesvol op 'n groepsbasis gelewer, terwyl individuele onderhoude slegs gevoer word waar dit, soos blyk uit die groepssituasie, nodig skyn te wees. Op dieselfde wyse kan rekonstruksiedienste ten opsigte van Wet 41 van 1971, toesig - en rekonstruksiedienste in terme van die kinderwet en toesig en rekonstruksiedienste in terme van die Strafproseswet met vrug op 'n groepsgrondslag verrig word. Dit sou nie alleen 'n beter en meer betekenisvolle diens aan hierdie kliënte verseker nie maar sal die werker wat met die gevallewerkmetode gemoeid is in staat stel om die metode na behore te benut.

Die ondersoeker wil verder aanbeveel dat 'n afsonderlike inrigting vir psigopate ingerig word en dat hul komitering na hierdie inrigting deur middel van Wet 41 van 1971 moontlik gemaak word. Ten spyte van die skynbaar swak prognose wat die behandeling van psigopate tans impliseer, sal hierdie nodige fasiliteite nie alleen sy gesin en die gemeenskap beskerm nie, maar ook 'n geleentheid bied vir verdere navorsing en om metodes te implimenteer en uit te bou wat reeds met beperkte sukses toegepas is. In hierdie verband word daar veral gedink aan milue-terapie

/184...

binne 'n gekontroleerde kleiner "gemeenskap."

Die ondersoeker wil aanbeveel dat aandag aan die moontlikheid gegee word van die instelling van 'n nagraadse kursus vir maatskaplike werkers in kinderinrigtings. 'n Kursus van hierdie aard sal nie alleen die algemene onkundige verhelp nie maar kan veral toegespits wees op die identifisering en hantering van die emosioneel gestagneerde kind. Dit is egter ook duidelik dat baie navorsing op hierdie gebied nog nodig is.

AANHANGSEL 'A'

DIAGNOSTIESE SKAAL.

Die ondersoeker is van mening dat deur gebruik te maak van die besondere kenmerke van die psigopaat soos blyk uit die literatuur en die gevallewerkstudies dit wel moontlik vir die maatskaplike werkster kan wees om 'n voorlopige diagnose op 'n vroeë stadium van die behandelingsproses te maak. Dit is egter noodsaaklik om hierdie besondere kenmerke so te selekteer en te verwerk dat hulle van toepassing sal wees op die praktiese maatskaplikewerk-situasie en dat hulle sonder veel moeite geïdentifiseer kan word. Om aan hierdie vereiste te voldoen, het die ondersoeker die toepaslike kenmerke in vyf hoofgroepe verdeel. Elk van hierdie hoofgroepe bestaan uit vyf van die mees kenmerkende eienskappe wat uit die studie aan die lig gekom het.

KENMERKE WAT VERBAND HOU MET DIE KLIËNT SE VROEë KINDER- EN JEUGJARE.

'n Redelike beeld hiervan kan wel verkry word deur die tegniek van onderhoudvoering met die betrokkene self, wat juis so beplan en daarop ingestel is om op regstreekse en onregstreekse wyse gegewens in hierdie verband te verkry.

'n Waardevolle bron van inligting in hierdie verband is egter gewoonlik die betrokkene se vrou, naaste familie (veral broers en susters) en natuurlik die ouers van die betrokkene. Ondersoeker het uit ervaring geleer dat veral die broers en susters van so'n kliënt dikwels 'n verbasende objektiewe prentjie in hierdie verband kan skets. Indien die naasbestaandes van die kliënt in 'n ander gebied woonagtig is, kan daar op aanvraag van 'n volledige agtergrondverslag oor die kliënt spesifiek melding gemaak word dat klem op hierdie aspek in die verslag gelê moet word. Dikwels kan waardevolle inligting ook verkry word van kennisse en vriende van die familie.

Uit navorsing en die huidige ondersoek is dit duidelik dat daar gewoonlik onderliggend aan die psigopaat se probleem 'n kenmerkende patroon van verwerping aanwesig is. Dit is openlike psigiese of fisiese verwerping of verwerping in die vorm van oorbeskerming en bederf. Hier kan aspekte van 'n sterk dominerende moederfiguur met 'n koue, afsydige, outoritêre vaderfiguur, of 'n totaal afgetakelde vaderbeeld verwag word. Afwesigheid van

/186...

een of beide ouers, die grootmaak van die betrokkene deur grootouers, uiterste armoede en ellende en ernstige patologieë wat binne gesinsverband teenwoordig is, is dikwels kenmerkend. Die tipiese beeld van materiële oorbeskerming en bederwery wat hand aan hand gaan met swak of inkonsekwente dissipline, gebrekkige beheer en 'n gebrek aan warm emosionele kontak en 'n normale vertrouensverhouding tussen ouer en kind, is tiperend.

Dit is waar dat om 'n werklik wetenskaplik geldige ondersoek te doen na gebeurtenisse wat enigiets van 15 tot 30 jaar gelede plaasgevind het, veral in hierdie verband, seker nie moontlik is nie. Veral die ingesteldheid, emosies en gesindhede wat mense so lank gelede gehuldig het, is moeilik na te vors. Slegs die uiterlike omstandigheidsgetuienis kan 'n waardevolle aanduiding wees en 'n voldoende en redelik betroubare beeld in die breë, kan wel op hierdie manier verkry word. Om die kliënt slegs op grond van gegewens wat op hierdie manier ingewin is as psigopaties te identifiseer, sou dwaasheid wees, maar waar die maatskaplike werkster wel 'n tipiese beeld sou kon verkry, sou dit beslis van waarde wees om dit steeds in gedagte te hou en die waarde daarvan kan nouliks oorskat word.

Die volgende uitstaande kenmerke is hier van belang -

<u>Fisiese verwaarlosing</u>;
<u>Drankmisbruik van vader en/of moeder</u>;
<u>Oorbeskerming en bederf</u>;
<u>Wanverhouding tussen vermoë en prestasie</u>; en
<u>Afwesigheid van een of albei ouers</u>.

<u>KENMERKE WAT VERBAND HOU MET DIE KLIëNT SE MENSEVERHOUDINGS EN GESINDHEDE SOOS BLYK UIT DIE HUIDIGE MAATSKAPLIKEWERK-KONTAK EN LêERINHOUD</u>:

Die volgende belangrike identifikasiemoontlikheid is geleë in die <u>noukeurige bestudering en nagaan van beskikbare gegewens, dit wil sê, gegewens wat daar moontlik beskikbaar is in enige dokumentêre vorm, veral die noukeurige bestudering van die bestaande lêerinhoud</u>. Dit sal beslis die moeite loon om ten spyte van inligting wat deur die kliënt verstrek word, soos byvoorbeeld dat hy nie tevore in aanraking met enige welsynorganisasie was nie, navraag te doen of daar nie miskien 'n lêer gehou word of inligting in ander gebiede bestaan nie. Die bestudering van die lêerinhoud mag as voor-die-handliggend en as staande prosedure beskou word, maar dit het veral opgeval dat hierdie aspek skynbaar dikwels nagelaat word, of op 'n wyse gedoen word dat dit eintlik tot 'n groot mate

aan sy doel ontneem word. Daar kan uit die lêerinhoud nie alleen belangrike brokkies inligting in verband met die vroeëre kinder- en jeugjare van die kliënt verkry word nie, maar daar kan ook 'n goeie deurlopende beeld verkry word van die kliënt se lewenshouding, gesindhede, manipulasietegnieke, betroubaarheid, gestanddoening van sy woord, ensovoorts. Met ander woorde dit sou dus uit die lêerinhoud blyk dat die kliënt uiters onbetroubaar is en oor 'n periode gebruik gemaak het van allerhande manipulasietegnieke soos bedrog, leuentaal, mooi beloftes wat hy nie nakom nie, ensovoorts, en sou dit blyk dat daar geen of weinig vordering gemaak is in die behandelingsproses nie, dan sou die maatskaplike werkster geregverdig wees om te begin soek na ander gedragsmanifestasies van die psigopatiese persoonlikheid om haar vermoede te staaf.

Die volgende uitstaande kenmerke is hier van belang -

Manipulerende gedrag;
Leuentaal en bedrog;
Nie-nakom van afsprake en beloftes;
Oppervlakkige werker/kliënt verhouding; en
Oortreding by herhaling.

KENMERKE WAT VERBAND HOU MET DIE KLIËNT SE ALGEMENE LEWENSGESKIEDENIS.

In noue aansluiting by bogenoemde twee faktore is die feit dat die psigopaat se algemene lewensgeskiedenis wat gekenmerk word deur 'n onvermoë om sy lewe te orden en volgens aanvaarde norme te reël en te leef, van uitstaande belang vir die maatskaplike werkster sal wees.

In hierdie verband sê Cleckley dan ook -
"Considering a longitudinal section of his life, his behaviour gives such an impression of gratuitious folly and nonsensical activity in such massive accumulation, that it is hard to avoid the conclusion that there is true madness; madness in excelcis, quite as vivid as that conveyed to the imaginations of layman by the terrible word lunatic." (7 Pagina 395).

Met ander woorde deur die lewensloop van die kliënt noukeurig na te gaan en te let op die wyse waarop hy sy lewe gereguleer en georden het; die manier waarop hy sy probleme hanteer het en die wyse waarop hy vir sy gesin se toekoms voorsiening gemaak het, kan daar reeds 'n betekenisvolle bydrae tot identifisering gemaak word.

"We must let it never be forgotten: judge a man by his actions rather than by his words." (7 Pagina 379).

Hier is dit veral van belang om te let op aspekte soos verwisseling van werk, rondtrek van die een plek na die ander, die mate van materiële sekuriteit wat die kliënt gedurende sy lewensloop aan sy gesin kon bied, ensovoorts. Uit die ondersoek het dit duidelik geblyk dat nie in een van die gevalle die betrokkenes daarin geslaag het om selfs na jarelange huwelikslewe enigiets op materiële gebied bymekaar te maak nie. Die onvermoë van die psigopaat om n langtermyndoel na te streef of n volgehoue energieke poging aan te wend om n einddoel te bereik, het n ingrypende en dramatiese invloed op sy vermoë om sy lewe te orden. Sy totale gebrek aan langtermynbeplanning en die onvermoë om te leer uit die verlede lewer n groot bydrae tot hierdie onbestendige patroon.

As bron van inligting is veral die kliënt se man of vrou in hierdie verband van groot belang. As slagoffers van sy onbestendige lewenswyse is dit juis sy naaste bloedverwante, ouers en familie wat n taamlike getroue weergawe van sy stormagtige, onbestendige lewenswyse kan gee. Navrae in hierdie verband kan bloot as roetinevrae gestel word en hoef nie noodwendig enige agterdog of weerstand te wek nie. Die werkster moet egter daarop ingestel wees om haar nie te laat lei deur gegewens soos verkry van die kliënt nie. As die werkster uit onderhoude met n psigopaat vasstel dat hy byvoorbeeld 5 keer in die afgelope jaar van werk verwissel het, dan kan sy met veiligheid aanneem dat die werklike aantal beroepsmisslukkings verdubbel kan word.

As die lewenspatroon van die kliënt enigsins ooreenstem met die kenmerkende patroon soos uiteengesit in die vorige hoofstuk, het die maatskaplike werkster reeds rede om te vermoed dat die kliënt in meer as een opsig psigopatiese kenmerke openbaar en sal dit beslis die moeite loon om verdere kenmerke na te spoor en te bevestig.

Die volgende uitstaande kenmerke is hier van belang -

Beroeps- en/of skoolverwisseling;
Swerf;
Afwesigheid van langtermyndoelstellings;
Materiële sekuriteitloosheid; en
Gesinsverlating.

KENMERKE WAT VERBAND HOU MET HUIDIGE GEDRAGSMANIFESTASIES:

Die aard van die werkers-kliëntverhouding in hierdie verband is veral van belang. Hier moet die maatskaplike werkster haar nie laat lei deur faktore soos fisiese uiterlike, die aard van die vertrouingsverhouding en die

jammerte, spyt, egtheid, gemotiveerdheid en vordering in die behandelingsproses nie, maar moet slegs ingestel wees om te let op die gedragspatroon van die kliënt oor 'n tydperk. Slegs feite moet hier in aanmerking geneem word, byvoorbeeld, die aantal kere wat hy nie afsprake nakom nie en die hoeveelheid leuens waarop hy reeds betrap is. Nie soseer op die verskonings wat hy vir hierdie misstappe gee nie maar op die feit dat 'n misstap wel begaan is. Verskillende manipulasietegnieke, wat hy gebruik; sy vermoë tot verbalisering; met ander woorde, nie wat hy sê nie maar hoe hy dit sê, sy huidige algemene optrede binne sosiale verband, is van belang; dit wil sê, die manier waarop hy in die behoeftes van sy gesin voorsien, die bestendigheid van sy huweliksverhouding, sy betrokkenheid by promiskue verhoudings, sy onverantwoordelike aangaan van skuld, die feit dat die gesin weereens in finansiële nood verkeer; hul huur wat op die mees onverantwoordelike wyse nie betaal is nie, en so meer.

In verband met sy algemene sosiale aanpassing is dit ook belangrik om in hierdie verband te onthou dat die psigopaat by uitstek iemand is wat sosiaal 'n geïsoleerde bestaan voer en 'n besondere onvermoë openbaar om warm emosionele verhoudings met ander mense aan te knoop. Sy verhoudings is dan altyd tydelik en vlugtig van aard en sy werklike vriende slegs beperk tot drinkbroers en kollegas met 'n soortgelyke negatiewe aanpassing.

Die psigopatiese persoonlikheid, soos blyk uit die ondersoek, is ook dikwels geneig om sy omgewing te hanteer deur middel van aggressie, wat dikwels as manipulasietegniek aangewend word. Dit geld veral ten opsigte van sy naasbestaandes en manifesteer geweld ten opsigte van sy vrou en/of ouers. Hy staan dikwels bekend as iemand met 'n sogenaamde onbeteuelbare humeur (veral as hy onder die invloed van drank is) en in hierdie verband is dit dan ook gewoonlik sy vrou, sy naaste bloedverwante, sy kennisse en sy vorige werkgewers wat die prentjie van sy impulsiewe, irrasionele en uiters onverantwoordelike manier van lewe goed kan inkleur.

Die volgende uitstaande kenmerke is hier van belang -

Ontkenning van blaam;
Promiskue verhoudings;
Aggressie;
Verbalisasie; en
Onverantwoordelikheid.

KENMERKE WAT VERBAND HOU MET BESTENDIGHEID OOR 'n LANG PERIODE.

Juis as gevolg van die vermoë van die psigopaat om te beïndruk, te mani-

puleer en te verbaliseer maak hy dikwels van sy kontak met die maatskaplike werkster gebruik om hierdie tegnieke na die beste van sy vermoë aan te wend, aangesien hy dikwels ꞌn bedreiging in hierdie kontak sien of omdat hy uit die kontak een of ander egoïstiese voordeel kan haal. Maar dit is juis ook die psigopaat se kenmerkende onvermoë om ꞌn langtermyndoel na te streef en te volhard in sy onvermoë om oor ꞌn lang periode sy lewe aanvaarbaar te orden wat hom dikwels verraai. Sy "getroue" kerkbywoning, aanstelling as "voorman" in die nuwe betrekking en die ongekende huweliksvrede tussen hom en sy vrou waarmee hy vandag probeer beïndruk, lê waarskynlik oor ses maande in sak en as. Die ongeërgdheid waarmee hy daarna verwys na hierdie mislukking deur sy oorborrellende entoesiasme oor sy huidige projek of op die saaklike wyse waarmee hy van die onderwerp afstap, is kenmerkend.

Om ꞌn werklike tydsduur in hierdie verband te bepaal is onmoontlik, maar die maatskaplike werkster moet in gedagte hou dat sekere persone met sterk psigopatiese kenmerke tog daarin slaag om ꞌn bestendige beroepsgeskiedenis te hê. Daar moet egter nie blind gestaar word op hierdie een enkele bestendige faktor in sy lewe nie, maar sy onbestendigheid byvoorbeeld, met betrekking tot sy huwelikslewe, sosiale verhoudings, ensovoorts, moet ook hier in ag geneem word.

Die volgende uitstaande kenmerke is hier van belang -

Ongereelde werk- en/of skoolbywoning;
Onbestendige menseverhoudings;
Onbestendige liefdes- of huweliksverhoudings;
Botsing met outoriteit; en
Ondoeltreffende toekomsvoorsiening.

Met die bestudering van die behandelingsproses wat daar ten opsigte van die psigopaat in hierdie huidige ondersoek toegepas is, kom die ondersoeker tot die gevolgtrekking dat een van die grootste struikelblokke ten opsigte van die identifisering van die psigopatiese kliënt in die onkunde van die maatskaplike werkster geleë is. Selfs al sou bogenoemde kriteria noukeurig toegepas word en die werkster onkundig staan ten opsigte van die algemene probleem van psigopatie en tipiese gedragsmanifestasies van die psigopaat, sal dit weinig inhoud of betekenis hê. As in ag geneem word dat die psigopaat en sy probleme beslis ꞌn belangrike deel van bykans elke maatskaplike werker se gevallevrag uitmaak, dat hy volgens tyd, moeite en inspanning (soos uit die ondersoek blyk) uiters veeleisend kan wees, is dit ooglopend van belang dat die maatskaplike werkster haar deeglik sal vergewis van die aard van die probleem. Nie net om haar beplanning en

optrede daarvolgens in te stel nie, maar om haar in die eerste plek in staat te stel om hierdie tipe kliënt te identifiseer.

KLINIESE TOETSE:

ŉ Verdere faktor wat met groot vrug aangewend kan word by die identifisering van die psigopaat is kliniese toetsing. Hier moet byvoorbeeld gedink word aan kliniese toetse soos die Minnesota Multiphasic Personality Inventory. Hierdie toets is reeds in ŉ vorige hoofstuk bespreek en dui veral op die ooraktiewe, impulsiewe, onverantwoordelike en onbetroubare persoon wat net in staat is om oppervlakkige en nie-blywende verhoudings met sy medemens aan te knoop nie. Hulle word gekenmerk deur losse morele norme, gebrekkige gewetes en veranderende etiese kodes. (16 Pagina 16).

Ook die T.A.T.-toets kan met groot vrug in hierdie verband aangewend word. So byvoorbeeld het Silwer (1963) die toets op psigopatiese en nie-psigopatiese jeugoortreders toegepas en die resultate vergelyk.

"Compared to the other subjects, psychopaths express their sexual needs more openly and showed less achievement, striving, guilt feelings and need for recognition. In addition their stories tend to be short and indicative of limited fantasy resources. A find that is consistent with Karpman's (1961) statement that the psychopath's fantasy life is a dull one." (15 Pagina 23).

Dit is moontlik dat juis omdat die psigopaat nie in staat is tot fantasering; hy ook nie oor die vermoë beskik om vooruit die gevolge en oorsake van sy dade aanmekaar te koppel nie. Dit kan ook moontlik vir hul swak oordeel verantwoordelik wees. Dit is ook moontlik dat die vermoë tot fantasering wat hulle wel het, slegs ingestel is op "exciting things" in plaas van ingesteldheid op beplanning in die geheel. (15 Pagina 23).

Ook Roux (1970) het in sy studie bevind dat die Vexler Bellevue-toets nie net intelligensie meet nie maar ook ŉ goeie kliniese instrument is vir die diagnose van psigopatie. (46 Pagina 145).

Hierdie toetsresultate kan met vrug gebruik word om die vermoede van die maatskaplike werkster te bevestig of die maatskaplike werkster kan juis as gevolg van die toetsresultate daarop ingestel wees om noukeurig te let op ander simptome van hierdie afwyking. Dit moet duidelik gestel word dat hierdie toetse slegs as hulpmiddel gebruik moet word en nie om ŉ finale diagnose van psigopatie te maak nie.

Bogenoemde is dan die kriteria wat volgens die ondersoeker se mening met vrug in die maatskaplike werk gebruik kan word om ŉ kliënt met moontlike sterk psigopatiese neigings te identifiseer. Indien die maatskaplike werkster op grond van bogenoemde vermoed dat die kliënt wel hierdie besondere afwyking openbaar, moet sy gebruik maak van hulpbronne in die ge-

meenskap om hierdie vermoede te laat bevestig. Indien die inligting wat sy reeds ingewin het in 'n verslagvorm aan die betrokke psigiater verstrek kan word, sal dit reeds 'n groot hulp wees.

Die maatskaplike werkster beskik oor verskeie hulpmiddels waarvan sy gebruik kan maak om die kliënt aan hierdie soort toets te onderwerp. So byvoorbeeld kan sy in haar optrede in die kriminele hof aansoek doen by die hof dat die betrokkene vir 'n tydperk van 28 dae na 'n psigiatriese hospitaal vir observasie gestuur word en kan sy deur middel van 'n verslag hierdie aansoek goed motiveer. Ook maak Wet nr. 41 van 1971 daarvoor voorsiening dat die Landdros wel 'n bevel kan uitreik dat die betrokkene hom aan 'n psigiatriese ondersoek moet onderwerp op staatskoste.

Ook kan daar ingevolge dieselfde Wet deur middel van 'n uitgestelde bevel 'n voorwaarde gestel word dat die betrokkene hom wel aan psigiatriese ondersoek moet onderwerp; Die aard van die probleme wat gewoonlik in die maatskaplikewerk-beroep met betrekking tot die psigopaat ondervind word, val gewoonlik goed binne die bestek van die betrokke Wet en kan die Wet met vrug toegepas word.

In gevalle waar optrede ingevolge Wet nr. 41 in hierdie verband nie moontlik of aangewese is nie, bly daar nog altyd die maatskaplike werkster se vermoë tot oorreding oor en selfs 'n bietjie manipulasie van haar kant om die kliënt wel by die psigiater te kry.

Dit moet beklemtoon word dat bogenoemde kriteria slegs moet dien as aanduiding vir die maatskaplike werkster dat psigopatiese neigings moontlik teenwoordig is en dat die bevestiging van hierdie vermoedens uiters noodsaaklik is voordat daar tot enige spesifieke beplanning of handeling oorgegaan word.

## SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS:

Indien die besondere kenmerke soos hierbo gegroepeer, saamgevat word is dit moontlik om 'n vyfpunt diagnostiese skaal saam te stel om 'n voorlopige diagnose te maak. Aanvullend tot die skaal is daar 'n begripsomskrywing van elk van die kenmerke om leiding te verskaf ten opsigte van die betekenis daarvan. (Sien Aanhangsel 'B').

## VYFPUNT DIAGNOSTIESE SKAAL.

### TABEL I.

| VERWERPING GEDURENDE KINDER- EN JEUGJARE. | Geen | Selde | Soms | Dikwels | Voortdurend. |
|---|---|---|---|---|---|
| Fisiese verwaarlosing | | | | | |
| Drank misbruik van vader en/of moeder | | | | | |
| Oorbeskerming en bederf | | | | | |
| Wanverhouding tussen prestasie en vermoë | | | | | |
| Gedragsprobleme op vroeë ouderdom | | | | | |
| | 0 | 1 | 2 | 3 | 4 |

Totaal -

### TABEL II.

| VERHOUDINGS. | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Manipulerend | | | | | |
| Leuentaal en bedrog | | | | | |
| Gebrekkige insig | | | | | |
| Oppervlakkige werker/kliënt verhouding | | | | | |
| Oortreding by herhaling | | | | | |
| | 0 | 1 | 2 | 3 | 4 |

Totaal -

### TABEL III.

| LEWENSGESKIEDENIS. | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Beroeps- of skoolverwissiling | | | | | |
| Swerf | | | | | |
| Afwesigheid van langtermyndoelstelling | | | | | |
| Materiële sekuriteitloosheid | | | | | |
| Gesinsverlating | | | | | |
| | 0 | 1 | 2 | 3 | 4 |

Totaal -

### TABEL IV.

| HUIDIGE GEDRAGSMANIFESTASIES. | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Ontkenning van blaam | | | | | |
| Promiskue verhoudings | | | | | |
| Aggressie | | | | | |
| Verbalisasie | | | | | |
| Onverantwoordelikheid | | | | | |
| | 0 | 1 | 2 | 3 | 4 |

Totaal -

### TABEL V.

| ONBESTENDIGHEID. | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Ongereelde werk en/of skoolbywoning | | | | | |
| Onbestendige menseverhoudings | | | | | |
| Onbestendige huweliks of liefdesverhouding | | | | | |
| Botsing met outoriteit | | | | | |
| Ondoeltreffende voorsiening | | | | | |
| | 0 | 1 | 2 | 3 | 4 |

Totaal -

/194...

Die skaal is voorsien van 'n horisontale indeling van geen, selde, soms, dikwels en voortdurend. Aan elkeen van hierdie begrippe is 'n numeriese waarde van 0 tot 4 toegeken. Deur 'n juiste kruisie in die toepaslike blokkie teenoor 'n besondere kenmerk te maak, kan 'n numeriese totaal vir elk van die tabelle bereken word. Die maksimum totaal vir 'n enkele tabel kan dus van 0 - 20 wissel terwyl die totaal vir die vyf tabelle van 0 - 100 kan wees. Aangesien al die kenmerke wat gebruik word eie is aan die psigopaat sal dit 'n aanvaarbare hipotese wees dat kliënte wat puntetellings van meer as 50 op die skaal behaal, as moontlike psigopaties gediagnoseer kan word. Sou die maatskaplike werkster dus 'n puntetelling van 50 of meer ten opsigte van 'n kliënt op die skaal verkry, sou sy geregverdig wees om haar voorlopige diagnose deur beskikbare hulpbronne in die gemeenskap te laat bevestig.

Die bestaande skaal is toegepas op die sewe gevallewerkstudies uit die veld en ondersoeker het bevind dat hul onderskeie puntetellings gewissel het van 65 in die geval van situasie 1 tot 90 in die geval van situasie 'H'. Die norm van 50 is dus geldig in die geval van hierdie sewe kliënte.

Die vraag kan nou met reg gestel word dat, indien die voorlopige diagnose van die maatskaplike werkster wel bevestig is, watter plan van optrede en behandeling ten opsigte van hierdie kliënte in die toekoms gevolg moet word.

Die ondersoeker is daarvan oortuig en uit die literatuurstudie blyk dit duidelik dat die behandeling van hierdie probleem nie binne die werksvermoë en bestek van die maatskaplike werksberoep val nie. Tot tyd en wyl daar fasiliteite vir die behandeling van hierdie mense geskep word en die maatskaplike werkster in staat is om van hierdie bronne gebruik te maak, dit duidelik is, dat die verdere toespits van maatskaplike werkaandag op hierdie tipe kliënt 'n mors van tyd is. Die maatskaplike werkster het volgens mening van die ondersoeker slegs 'n morele verpligting teenoor die gesin en moet die verdere uitbuiting, misbruik en negatiewe invloed van die psigopaat waaronder hierdie gesinne gewoonlik gebuk gaan, na die beste van haar vermoë verhoed. Die ondersoeker weet vir die huidige van geen ander wyse as om daadwerklik te werk en te beplan in die rigting van 'n totale verwydering tussen die psigopaat en sy gesin nie.

Die werk verbonde aan die toepassing van bogenoemde kriteria en die ondersoeke wat daarby gemoeid is, behoort standaardprosedure by enige deeglike maatskaplike ondersoek te wees.

/195...

AANHANGSEL 'B'

BEGRIPSBEPALING.

TABEL I.

FISIESE VERWAARLOSING:

Hierdie aspek word gekoppel aan ernstige ekonomiese gesinsnood en hang gewoonlik saam met swak skolastiese kwalifikasies, verstandelike vertraagdheid en/of ernstige sosiale patologieë by een of beide ouers. Die gesin maak gewoonlik deel uit van 'n swak ekonomiese sub-kultuur en is afhanklik van een of ander vorm van hulpverlening.

DRANKMISBRUIK VAN VADER EN/OF MOEDER:

Hier word gedink aan die gevalle waar drankmisbruik 'n uiters negatiewe ingrypende invloed op die lewens van die kinders gehad het, soos na hul verwydering uit gesinsverband na alternatiewe sorg. Ekonomiese nood, blootstelling aan emosioneel ontwrigtende insidente, egskeiding en vervreemding en alle ander gevolge wat tot ernstige ontwrigting van die ouerkindverhouding kan lei.

OORBESKERMING EN BEDERF:

Hiermee word bedoel oorbeskerming en bederf wat in werklikheid neerkom op emosionele verwerping. Hierdie oorbeskerming is gewoonlik op die fisiese en materiële ingestel en die kind slaag daarin om deur middel van verskeie manipulasietegnieke sy sin en wil af te dwing. Fisiese tugtiging vind selde of ooit plaas of is totaal ontoereikend en inkonsekwent. Daar word gepoog om die kind te beheer deur middel van mooipraat, dreigemente, kweek van skuldgevoelens, omkopery of vermaak.

Hierdie verskynsel kan verwag word by die afwesigheid van 'n moeder- of vaderfiguur, 'n swak afgetakelde vader- of moedersbeeld, oudste, jongste of enigste kinders, of in gevalle waar kinders grootgemaak is deur grootouers, of in gevalle van aangenome kinders. Oënskynlik bestaan daar dan gewoonlik ook 'n goeie verhouding tussen byvoorbeeld moeder en seun maar by nadere ondersoek blyk dit gewoonlik dat die verhouding ontdoen is van werklike begrip, betekenisvolle kommunikasie, ware emosionele kontak en werklike wedersydse respek met egoïstiese behoefte bevrediging sterk op die voorgrond.

WANVERHOUDING TUSSEN PRESTASIE EN VERMOË:

Hier word gedink aan 'n geval waar die kliënt swak skolastiese of vakkundige prestasies gelewer het in verhouding tot sy verstandelike vermoë. Waar die

werklike I.K. syfer nie bekend is nie kan die maatskaplike werkster deur haar kontak met die kliënt tog 'n breë onderskeiding tref tussen vertraagd, gemiddeld of bo-gemiddeld. Hierdie neiging tot onderprestasie is nie net tot die skolastiese beperk nie maar geld ook vir beroepsprestasies.

GEDRAGSPROBLEME OP VROEË OUDERDOM:

Hier word nie noodwendig net gedink aan botsings met die gereg nie maar ook aan onbeheerbaarheid, stokkiesdraaiery, gedragsprobleme by die skool, botsing met outoriteit en algemene sosiale wanaanpassing gedurende die kliënt se kinder- en jeugjare.

TABEL II.

MANIPULEREND:

Hiermee word verwys na die betrokkene se vermoë om sy sin en wil deur middel van verskillende tegnieke, op mense af te dwing. Hierdie tegnieke sluit in die wek van simpatie, vinnige verandering van front om by 'n gegewe situasie aan te pas, 'n besondere vermoë tot verbalisasie, uitbuiting van ander se emosies, fyn leuentaal en bedrog, rolspeeltegniek, gebruik van verbale aggressie, gebruik van siekte simptome en die vermoë om vrylik van een stemming na die ander oor te skakel na gelang van omstandighede.

LEUENTAAL EN BEDROG:

Hier word verwys na die vermoë om nie net die leuen te gebruik om uit 'n verknorsing te ontkom nie maar waar die kenmerk as gewoontegebruik voorkom en by die geringste aanleiding sondermeer aangewend word. Dit word gewoonlik gekenmerk deur 'n algehele gebrek aan angs en spanning, kom spontaan en is gewoonlik blatant en so natuurlik dat die waarheid daarvan selde betwyfel word. Indien betrokkene wel op 'n leuen of bedrog betrap sou word is daar 'n opvallende gebrek aan skaamte of berou, word dit sonder meer doodgepraat of 'n absurde verklaring voor gegee wat net so oortuigend klink. Grootpraat en spog met individuele prestasies, die uitoorlê van ander en sy belangrikheid in sy werksituasie en is gewoonlik deurspek van halfwaarhede en bedrog.

GEBREKKIGE INSIG:

Hier word verwys na skynbare totale onvermoë van die betrokkene om werklik betekenisvolle insig te toon of te ontwikkel in sy eie probleemsituasie. Hier speel verplasing van blaam gewoonlik 'n belangrike rol. Die kliënt mag buitegewone insig hê in die oorsake, aard en behandeling van byvoorbeeld 'n bepaalde patologie maar openbaar 'n opvallende onvermoë om hierdie insig

/197...

op sy eie situasie toe te pas of dit in enige praktiese opsigte te benut. Die indruk word verkry dat hy intellektueel begryp maar dat hy dit emosioneel nooit sy eie maak nie.

OPPERVLAKKIGE WERKER/KLIËNT VERHOUDING:

Hier word verwys na die skynbare onvermoë van die werker om selfs oor 'n lang periode 'n werklike betekenisvolle werker/kliënt verhouding op te bou. Gewoonlik toon hierdie verhouding in terme van vordering en beweging in die behandelingsproses, weinig positiewe resultate ten spyte van 'n moontlike, aanvanklik gemaklike en vloeiende kontak. Dit word gewoonlik gekenmerk deur 'n gebrek aan warm, persoonlike kontak en 'n gevoel van onvermoë om werklik emosioneel tot die kliënt deur te dring en kommunikasie is gewoonlik oppervlakkig en sonder betekenisvolle diepte.

OORTREDING BY HERHALING:

Hier word nie net gedink aan kriminele skuldigbevindings nie, maar ook byvoorbeeld aan die misbruik van drank en dwelmmiddels, dobbelary, herhaalde betrokkenheid by anti-sosiale of onwettige praktyke, of die herhaalde gebruik van manipulasie-tegniese soos afpersing, verbale aggressie en dwang.

TABEL III.

BEROEPS- OF SKOOLVERWISSELING:

Hier word verwys na skoolverwisseling as gevolg van onaanpasbaarheid, rondtrekkery, wangedrag en onbeheerbaarheid en in die geval van volwassenes, na die verwisseling van een beroep aan die ander.

SWERF:

Hier word gedink aan die swerf van 'n persoon (met of sonder gesin) van die een dorp of stad na die ander of een verblyfplek na die ander. Hierdie nomadiese bestaan is gewoonlik nou gekoppel aan materiële nood en 'n lae lewensstandaard.

AFWESIGHEID VAN LANGTERMYNDOELSTELLINGS EN BLYWENDE PRESTASIES:

Hier word verwys na die afwesigheid van 'n doelgerigte lewensideaal of strewe en onvermoë om die nodige deursettingsvermoë en volharding aan die dag te lê om so 'n strewe te verwesenlik. Hierdie kenmerk hang nou saam met 'n gebrek aan langtermynbeplanning, lewe op 'n van dag-tot-dag basis met 'n opvallende afwesigheid van bekommernis oor gemoeidheid met die dag van môre.

MATERIëLE SEKURITEITLOOSHEID:

Hier word verwys na 'n gebrek aan materiële bates soos byvoorbeeld 'n eie woning, meubels, spaargeld en beleggings.

GESINSVERLATING:

Hier word gedink aan die verlating van die kliënt van sy gesin, gewoonlik as gevolg van botsing met ouers, huweliksonenigheid, buite-egtelike verhoudings, ontduiking van verpligtinge en beroepsverwisseling.

TABEL IV.

ONTKENNING VAN BLAAM:

Hier word verwys na die projektering van skuld en blaam op omstandighede of ander persone en die onwilligheid om verantwoordelikheid te aanvaar vir dade en besluite deur gebruik te maak van leuens, bedrog, rasionalisasie, projeksie en ontkenning.

PROMISKUE VERHOUDINGS:

Hier word nie alleen na heteroseksuele verhoudings verwys nie maar sluit ook homoseksuele verhoudings in. Hierdie verhoudings word gewoonlik gekenmerk deur 'n gebrek aan enige diepte, is ingestel op die erotiese en is gewoonlik oppervlakkig en kort van duur.

AGGRESSIE:

Hier word nie net verwys na verbale aggressie soos byvoorbeeld die gebruik van skeltaal, humeuruitbarstings en dreigemente nie maar ook na die gebruik van fisiese geweld ten opsigte van vrou, kinders, ouers en grootouers. Hierdie aanrandings hang dikwels saam met drankmisbruik of word aangewend as tegniek van die betrokkene om sy sin en wil af te dwing.

VERBALISASIE:

Hier word verwys na die kliënt se besondere vermoë om goed deur middel van die gesproke woord sy saak te stel, omstandighede te skets, situasies te verdraai, mense te beïndruk en bykans enige saak in sy guns te plooi. Hierdie vermoë hou dan ook gewoonlik min verband met sy werklike prestasies, skolastiese of opvoedkundige ontwikkeling en word uitsluitlik as manipulasietegniek aangewend.

ONVERANTWOORDELIKHEID:

Hier word veral aan die kliënt se onverantwoordelikheid ten opsigte van

sy gesin en naasbestaandes gedink, byvoorbeeld onverantwoordelike verkwisting van geld, versuim van onderhoud, uitbuiting en parasitiese leefwyse, wanbetaling van huur en skuld, werkloosheid en minagting van morele verpligtinge.

TABEL V.

ONGEREELDE WERK EN/OF SKOOLBYWONING:

Hier word verwys na afwesigheid as gevolg van sogenaamde siektetoestande, stokkiesdraaiery, drankmisbruik en leeglêery. Hierdie versuim gaan gewoonlik gepaard met baie goeie verbale verskonings en is dikwels gekoppel aan drank- of dwelmmiddelmisbruik.

ONBESTENDIGE MENSEVERHOUDINGS:

Hierdie aspek dui op ṉ onvermoë om betekenisvolle blywende verhoudings met mense aan te knoop. Die voer van ṉ sosiaal geïsoleerde lewe word geïmpliseer met kortstondige oppervlakkige verhoudings na buite. ṉ Werklike bestendige emosionele verhouding met selfs sy kinders en eggenoot bestaan gewoonlik slegs in naam.

ONBESTENDIGE HUWELIKS- EN LIEFDESVERHOUDING:

Huwelik word gekenmerk deur gedurige twis, onenigheid, verlating en ṉ gebrek aan betekenisvolle kommunikasie en ṉ algemene onbestendigheid. Liefdesverhoudings is gewoonlik kortstondig en op die erotiese ingestel, is oppervlakkig en wisselend.

BOTSING MET OUTORITEIT:

Hierdie botsings kom gewoonlik reeds op jeugdige ouderdom voor en sluit in konfrontasie met skooloutoriteite, ouers, welsynorganisasies, plaaslike owerhede en die polisie. Hierdie oortredings gaan gewoonlik gepaard met verbale aggressie, minagting en onverskilligheid ten opsigte van reëls, wette en regulasies en word by herhaling gepleeg.

ONDOELTREFFENDE VOORSIENING:

Hier word verwys na die kliënt se versuim om in belang van homself of sy afhanklikes, voorsiening vir die toekoms te maak.

BIBLIOGRAFIE

1. Aichorn, A. (1951). Wayward Youth. Imago Publishing, London.

2. Berncroft, J. and Donovan, M. (1968). Psychopathic Offenders. Papers presented to the Cropwood Round Table Institute of Criminology, Cambridge.

3. Bromberg, W. (1948). Crime and the Mind. Lippencot Co.

4. Buss, A.H. (1966). Psychopathology. John Wiley and Son Incorporated, New York, London, Sydney.

5. Boyd, S. and Candless, R.M. (1969). Children - Behaviour and Development. Holt, Reinhardt and Winston.

6. Carp, E. (1948). De Psychopathieën. Scheltema en Holmans Boekhandel en Uitgewers Maatskappy, Amsterdam.

7. Cleckley, H. (1955). The Mask of Sanity. The C.V. Mozby Co., St. Louis.

8. Craft, T.M. (1969). Psychopathic Disorders. Pergamom Press, London.

9. Craft, M. (1969). The Moral Responsibility for Welsh Psychopaths. Edited by A.H.S. de Reuck and R. Porter. J.L.A. Churchill Ltd., London.

10. Capote, T. (1966). In cold Blood. Hamish Hamilton, London.

11. Eysenck, A.J. (1964). Crime and Personality. Rautledge and Kegam Paul, London.

12. Gibbons, T.C.N., Biscoe and Dell, S. (1969). Psychopathic and Neurotic Offenders in Mental Hospitals. Edited by A.V.S. de Reuck and R. Porter. J.L.A. Churchill Ltd., London.

13. Glover, E. (1960). The Roots of Crime. Imago Publishing Co., Ltd., London.

14. Henderson, D., and Gillespie, R.D. (1956). A Textbook of Psychiatry, Geoffrey Cumberlege, Oxford University Press.

15. Hare, R.D. (1970). Psychopathy, Theory and Research, John Wiley and Son Incorporated, New York.

16. Harris, T.A. (1975). I'm O.K., You'rs O.K. Pan Books Ltd., London.

17. Harrington, A. (1974). Psychopaths. Granada Publishing Press.

18. Kisker, G.W. (1964). The Disorganized Personality. McGraw-Hill Book Company, New York.

19. Levy, D.M. (1950). Maternal Overprotection. Columbia University Press, New York.

20. Lindsay, W. (1953). Psychological Disorders and Crime. Neusthater and Christopher Johnson, London.

21. Lindner, R.M. (1944). Rebel Without Cause. Grove Press Incorporated, New York.

22. Loyed, R. and Williamson S. (1968). Born to Trouble. Portrait of a Psychopath. The Bowering Press, Plymouth.

23. McCord, W. and McCord, J. and Zola, I.K. (1957). Origins of Crime. Columbia University Press, New York and London.

/2...

24. McCord, W. and McCord, J. (1964). The Psychopath. D. van Nostrand Company Incorporated, New York.

25. Pitzer, S. and Denzim, N.K. (1968). The Mental Patient - Studies in the Sociology of Defiance. McGraw-Hill Book Co., New York.

26. Pennington, L.A. (1966). An Introduction to Clinical Psychology. Edited by J.A. Berg and L.A. Pennington. The Roland Press Company, New York.

27. Redl, F. and Wineman, D. (1952). Controls from Within. The Free Press, Glencoe, Illinois.

28. Roux, J.P. (1975). Die Psigopaat - Academica, Pretoria en Kaapstad.

29. Sax and Cowen, E. (1972). Abnormal Psychology. Holt Reinhardt and Winston Incorporated, New York.

30. Sutherland, E.M. and Cressey, D.R. (1955). Principles of Criminology. J.B. Lippencott Co.

31. Stafford-Clark, D. (1970). Psychiatry for Students. George Allen and Unwin Ltd., London.

33. Schneider, K. (1950). Psychopathic Personalities. Cassel and Co., London.

34. Strydom, J.T. (1973). Die Maatskaplike Versorging van die Kind in die Inrigting. Academica, Pretoria en Kaapstad.

35. Tappan, P.W. (1960). Crime, Justice and Correction. McGraw-Hill Book Co. Incorporated, New York, Toronto, London.

36. Walker, N. (1968). Crime and Punishment in Britain. University Press, Edinburg.

37. White, R.W. (1964). The Abnormal Personality. The Roland Press Company, New York.

38. Chornyak, J. (1940-1941). Some Remarks on the Diagnosis of the Psychopathic Delinquent. American Journal of Psychiatry, Volume 97.

39. Francisco La Grange, F.H. (1975). Omskrywing voorgelêaan die Komitee van ondersoek na afsonderlike Wetgewing vir die Maatskaplike Werk.

40. Gough, H.J. (july, 1947 - May, 1948). A Sociological Theory of Psychopathy. The American Journal of Sociology, Volume 53.

41. Gourwitz, J. (1952-1953). Development in the concept of Psychopathic Personality. The British Journal of Delinquency, Volume 2.

42. Henderson, D. (1951 - 1952). Psychopathic States. British Journal of Delinquency, Volume 2.

43. Kennedy, A. (October, 1954). Psychopathic Personality and Social Responsibility. The Journal of Mental Science, Volume 100.

44. Lipton, H.R. (1950). The Psychopath. Criminal Law, Journal of Criminology and Police Science, Volume 40, No. 5., January.

45. Radzinowitz, L. and Turner, J.W.C. (1949). Mental Abnormality and Crime. English Studies in Criminal Science, Volume 2.

46. Roux, J.P. (1970). ŉ Psigo-dinamiese studie van ŉ groep misdadigers met psigopatiese neigings. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Pretoria.

47. Schlebush, B.J. (Mei 1967). Verwerpingsambivalensie. Die Suid-Afrikaanse Sielkundige, nr. 59.

48. Stafford-Clark, D., Pond, D. and Boust, J.W.L. (1951-1952). The Psychopath in Prison. British Journal of Delinquency, Volume 2.

49. Smykal, A., Thorn, F.C. (1951). Ethiological Studies of Psychopathic Personality. Journal of Clinical Psychology.

50. Thornton, N. (August, 1951). The Relation between Crime and Psychopathic Personality. Journal of Criminal Law, Volume, 42, No. 2.